

KONFLIKSITUASIES IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE EIETydSE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT IN ELDORADO PARK

DEUR

JOHANNES GERT LODEWYK GIBSON

BA (UNISA); B.ED (VISTA)

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD


MAGISTER EDUCATIONIS

in die

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VISTA



STUDIELEIER: DR. B. J. J. MEINTJES

OKTOBER 1995

PRETORIA

30 MAY 1996

**OUR DEEPEST NEED IS FOR EMOTIONAL
SECURITY, FOR SURVIVAL OF OUR
SENSE OF PERSONAL WORTH IN
AN IMPERSONAL WORLD.**

DAVIDSON & MOORE

**MVIST
155.509682 GIBS**

MVIST

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my opregte dank betuig teenoor:

- My **Hemelse Vader** vir die vermoë om hierdie studie te voltooi. Aan **Hom** kom toe, al die dank, die lof en eer.
- My studieleier, **Dr. B.J.J. Meintjes** vir sy besielende leiding, inspirasie, onbaatsugtige hulp, vriendelikheid en doelgerigte bystand deur sy vormende kritiek, helder insig en breë visie. Baie dankie vir u opoffering, aanspooring en welwillendheid. Ek was besonder bevoorreg om so baie by u te kon leer.
- My predikant, **Ds. T. WESSELS** vir die gebruik van sy laserdrukker.
- My **vriende** wie my altyd aangemoedig het.
- Die **leerlinge** en **ouers** vir hul lojale samewerking by die invul van vraelyste en gesprekke met hulle gevoer.

Dié werk word in liefde opgedra aan:

My vrou, **Beauty**, en ons kinders **Stanford**, **Chenaaz** en **Beaugary** vir al hul verbeurde (voor-)regte, opofferinge, liefde en geduld ter wille van my studies.

(ii)

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat **konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park** in opset sowel as uitvoering my eie werk is, en dat alle aangehaalde bronne deur middel van volledige verwysing aangedui en erken is.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'J. G. L. Gibson', written over a horizontal dotted line.

J. G. L. Gibson

(iii)

SUMMARY

CONFLICT SITUATIONS IN THE LIFEWORLD OF THE MILIEU-DEPRIVED ADOLESCENT IN ELDORADO PARK

by

Johannes Gert Lodewyk Gibson

SUPERVISOR : DR. B. J. J. MEINTJES
DEPARTMENT : EDUCATION
DEGREE : MAGISTER EDUCATIONIS

The aim of this study is to investigate ways in which conflict situations, within the pattern of contemporary society, contribute to the unhappiness and discontent of youth.

Consequently the following aspects are investigated and discussed:

Relevant problems with due regard to the role of the family and those situations that cause conflict and tension in the lifeworld of the adolescent.

Personality images of five milieu-deprived adolescents in order to illustrate certain moments of the problematic educational situation, in terms of socio-pedagogic essentials.

Various conclusions emerge from the research

Wherever there is an absence of a warm relationship between milieu-deprived parents and children, the child experiences fear, tension and conflict.

Ineffective educational accompaniment underrates the educational needs and the unique living conditions the milieu-deprived adolescent experiences in his total surroundings.

Various recommendations emerge from the research with regard to the improvement of the educational situation of milieu-deprived adolescent by means of instructional programmes aimed at guiding and educating milieu-deprived parents.

INHOUDSOPGAWE

KONFLIKSITUASIES IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE EIETDSE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT IN ELDORADO PARK

HOOFSTUK 1: KONSEPTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1.	INLEIDENDE ORIËNTERING	5
1.2.	KONSEPTUALISERING	5
1.2.1.	Konfliksituasie.....	5
1.2.2.	Milieu.....	8
1.2.3.	Die konsep " <i>milieu-gestremdheid</i> ".....	9
1.2.4.	Die milieu-gestremde gesin.....	13
1.2.4.1.	Die konsep " <i>gesin</i> ".....	13
1.2.4.2.	Die milieu-gestremde gesin.....	17
1.2.5.	Die konsep " <i>adolessent</i> ".....	18
1.2.6.	'n Sosiopedagogiese perspektief.....	19
1.2.6.1.	Sosiopedagogiek as selfstandige deelperspektief van die Pedagogiek.....	19
1.2.6.2.	Die funksie van die Sosiopedagogiek.....	21
1.2.6.3.	Sosiopedagogiese begrippe.....	23
1.3.	NAVORSINGSPROBLEEM	52

1.4.	SENTRALE TEORETIESE STELLING	53
1.5.	METODOLOGIESE VERANTWOORDING	53
1.5.1.	'n Beskrywende studie.....	53
1.5.2.	Verklarende studie.....	54
1.6.	NAVORSINGSDOEL	54
1.7.	PROGRAM VAN ONDERSOEK	55
 HOOFSTUK 2: SOSIO-KULTURELE EN FISIES-PSIGIESE VERKLARINGS OOR DIE OORSAKE VAN ADOLESENSIEPROBLEME		
2.1.	INLEIDING	83
2.2.	TEORIEë OMTRENT ADOLESSENSIE	58
2.2.1.	Sosio-kulturele verklarings van adolessensieprobleme.....	61
2.2.1.1.	Emansipasie van die ouerhuis.....	71
2.2.1.2.	Verkryging van primêre status.....	72
2.2.1.3.	Die verkryging van groter onafhanklikheid in sy wilshandeling.....	73
2.2.2.	Fisiese-psigiese verklarings van adolessensieprobleme.....	74

2.3.	PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING.....	77
2.3.1.	Adolesensie en selfkonsepvorming.....	78
2.3.2.	Die adolessent in sy medemenslike verhoudinge.....	80
2.3.2.1.	Die verhouding tot gesinslede.....	80
2.3.2.1.	Verhoudinge met die portuurgroep.....	82
2.4.	KENMERKE VAN DIE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT IN DIE EIETYDSE MAATSKAPLIKE SITUASIE.....	83
2.4.1.	Inleiding.....	83
2.4.2.	Kwesbare gesteldhede van die milieu-gestremde adolessent.....	84
2.4.3.	Kontakinflasie.....	88
2.4.4.	Vryetydsbestediging.....	90
2.4.5.	Verkeerde tuguitoefening.....	91
2.4.6.	Veranderende lewensopvattinge.....	92
2.5.	SAMEVATTING.....	93

**HOOFSTUK 3: DIE EIETYDSE SAMELEWINGSPATROON EN
DIE INVLOED DAARVAN OP DIE PSIGIESE
HUNKERINGE EN HOUDINGE VAN ADOLES-
SENTE IN ELDORADO PARK**

3.1.	INLEIDING.....	95
-------------	-----------------------	-----------

3.2.	WESENLIKE MOMENTE IN DIE EIETDSE GESIN AS PRIMêRE OPVOEDINGSITUASIE.....	98
3.2.1.	Die beginsel van emansipasie.....	98
3.2.2.	Gesinsontwrigting en die effek van steurende faktore op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling.....	98
3.2.3.	Die gesin en sy invloed op die adolessent se affektiewe lewe.....	103
3.2.3.1.	Die disfunksionerende gesin.....	103
3.2.3.2.	Enkelouergesinne.....	104
3.2.3.3.	Hersaamgestelde gesinne.....	107
3.2.3.4.	Die permissiewe gesin.....	108
3.2.3.5.	Die outokratiese gesin.....	110
3.3.	SPESIFIEKE AFFEKTIEWE PROBLEME EN SPANNINGSVOLLE SITUASIES.....	113
3.3.1.	Gesinsontwrigting en die invloed daarvan op die adolessent se affektiewe lewe	113
3.3.2.	Die ontwrigte gesin as 'n eksponent van ouer- en sosiale verwaarlosing.....	115
3.3.3.	Affektiewe spanninge voortspruitend uit oueroptrede en- houdinge.....	120
3.3.4.	Uiting van die affektiewe lewe.....	122
3.3.5.	Emosionele spanning voortspruitend uit die geslagtelike ontwikkeling.....	124
3.3.6.	Vryetydsbestediging en die vlug na allerlei patologiese gebruike.....	129
3.3.6.1.	Alkohol- en dwelmmisbruik.....	130

3.2.7.	Emosionele spanning wat gepaard gaan met die skool-situasie.....	133
--------	--	-----

3.4. VERSTEURING IN DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT139

3.4.1.	Gesinskonflik	140
3.4.2.	Die probleem van dubbele standaarde.....	144
3.4.3.	Probleme met die verwerwing van 'n eie identiteit.....	145
3.4.4.	Die portuurgroep.....	147
3.4.5.	Jeugmisdaad.....	150
3.4.6.	Die mishandelde kind.....	153
3.4.7.	Musiek.....	159
3.4.8.	Massamedia.....	161
3.4.9.	Sekularisme.....	164

3.5. SAMEVATTING.....165

HOOFSTUK 4: DIE OPVOEDINGSGEDRAGSTYLE VAN MILIEU-GESTREMDE OUERS AS FAKTOR TOT KONFLIKSITUASIES IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT IN ELDO-RADO PARK

4.1.	INLEIDING.....	168
4.2.	METODE VAN ONDERSOEK.....	169

4.3.	MEDIA WAARMEE DIE BELEWENISWêRELD VAN DIE ADOLESSENT WAT IN KONFLIKSITUASIE VERKEER, ONDERSOEK WORD.....	172
4.3.1.	Motivering en betekenis van die onderhoud.....	173
4.3.2.	Rotter se onvoltooide sinne.....	174
4.4.	EKSEMPLARIESE PERSOONBEELE.....	175
4.4.1.	Inleidende opmerkings.....	175
4.4.2.	Persoonsbeeld van Buksie.....	176
4.4.2.1.	Identifikasiedata.....	176
4.4.2.2.	Gesinsituasie.....	177
4.4.2.3.	Rotter se onvoltooide sinne.....	178
4.4.2.4.	Samevattende persoonsbeeld.....	179
4.4.3.	Persoonsbeeld van Gary.....	183
4.4.3.1.	Identifikasiedata.....	183
4.4.3.2.	Gesinsituasie.....	184
4.4.3.3.	Rotter se onvoltooide sinne.....	185
4.4.3.4.	Samevattende persoonsbeeld.....	187
4.4.4.	Persoonsbeeld van Lily.....	190
4.4.4.1.	Identifikasiedata.....	190
4.4.4.2.	Gesinsituasie.....	190
4.4.4.3.	Rotter se onvoltooide sinne.....	193
4.4.4.4.	Samevattende persoonsbeeld.....	195

4.4.5.	Persoonsbeeld van Cay.....	200
4.4.5.1.	Identifikasiedata.....	200
4.4.5.2.	Gesinsituasie.....	200
4.4.5.3.	Rotter se onvoltooide sinne.....	205
4.4.5.4.	Samevattende persoonsbeeld.....	207
4.4.6.	Persoonsbeeld van Bambi.....	211
4.4.6.1.	Identifikasiedata.....	211
4.4.6.2.	Gesinsituasie.....	211
4.4.6.3.	Rotter se onvoltooide sinne.....	214
4.4.6.4.	Samevattende persoonsbeeld.....	217
4.5.	SAMEVATTING.....	221
 HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS		
5.1.	INLEIDING.....	224
5.2.	SAMEVATTING.....	227
5.2.1.	Hoofstuk 1.....	227
5.2.2.	Hoofstuk 2.....	228
5.2.3.	Hoofstuk 3.....	229
5.2.4.	Hoofstuk 4.....	231
5.3.	GEVOLGTREKKINGS.....	237

5.4.	AANBEVELINGS	239
5.4.1.	Aanbevelings ten opsigte van die ouer.....	240
5.4.2.	Aanbevelings ten opsigte van kinders.....	242
5.4.3.	Aanbevelings ten opsigte van die skool.....	243
5.4.1.	Aanbevelings ten opsigte van die samelewing.....	246
5.5.	LEEMTES VAN EN KRITIEK TEEN DIE NAVORSING	247
5.6.	VERDERE TERREIN VAN ONDERSOEK	249
5.7.	SINTESE	249
	BYLAAG A	251
	BIBLIOGRAFIE	262



HOOFSTUK 1

KONSEPTUALISERING

EN

PROBLEEMOPLOSSING

HOOFSTUK 1

KONSEPTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1. INLEIDENDE ORIËNTERING

Eldorado Park, vroeër bekend as Nancefield, is 15 kilometer suidwes van Johannesburg geleë, en beteken "paradys". Ongeag die mooi naam is dit egter nie 'n werklike paradys nie. In 'n studie deur Unisa's Sielkundige Gesondheidsdiens gedoen, is bevind dat Eldorado Park

"...contributes more violence to the Johannesburg total than any other suburb except Hillbrow" (Eldo's Bekgeskiedenis 1993:3).

Eldorado Park bestaan uit gegoede en minder gegoede woonbuurtes. Die gegoede woonbuurtes is die gebiede wat doelbewus beplan is as woonbuurtes en wat daardie aspek beklemtoon. Dié woonbuurtes en besigheidspersoneel is duidelik geskei. Strate is behoorlik gemaak en riolering is aan huise voorsien. Die minder gegoede woonbuurtes word gekenmerk deur subekonomiese huise, woonstelle en drie plakkerskampe (informele behuising). Meestal laat dit geen ruimte vir tuinmaak nie. Weinig, indien enige speelruimte is vir kinders voorsien. Die subekonomiese huise en woonstelle vertoon geen tekens van individuele boustyle nie maar wel die van massaproduksie. Gevolglik laat die minder gegoede woonbuurtes veel te wense oor en moet as milieu-gestremd beskou word. Die populasie vir die ondersoek was

geselekteerde ouers en hoërskoolleerlinge uit die minder goeie woonbuurtes. Waar daar van milieu-gestremde gesinne melding gemaak word, word gevolglik na die populasie uit die minder goeie woonbuurtes verwys.

Die dinamiek van die eietydse samelewingspatroon, die snel veranderende lewenspatrone en ontwikkeling op tegnologiese gebied, toenemende industrialisasie en materialisme, huwelikspanning, egskeiding, werkloosheid en armoede stel egter daadwerklike eise aan veral die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park (vgl. Kindersorg 1994:4). Sodanige knelpunte verhoog gevolglik die milieu-gestremde gesin se kwesbaarheid en gee aanleiding tot konfliktsituasies in sodanige gesin.

In die eietydse samelewing beïnvloed bogenoemde omstandighede die aard en kwaliteit van gesinsverhoudinge. Talle ouers in Eldorado Park se opvoedingsgedrag is nie bevordelik vir die optimale persoonlikheidsontwikkeling van hul kinders nie. Ouers is dikwels té besig of afwesig om toereikend aandag aan hul kinders te skenk. Dié gesinne se gesinslewe word gekenmerk deur liefdeloosheid, onstabiliteit, konflik en ambivalente gevoelens tussen ouers en kinders (vgl. Berner 1992:6). Daar is selfs sprake van 'n kind-vyandige kultuur in die moderne Westerse samelewing te bespeur (Le Roux 1992:79-118). Dit blyk dat emosionele verwaarlosing meer geredelik in die milieu-gestremde gesin voorkom. Emosionele onstabiliteit en konflik in dié gesinne, word gekenmerk deur driftigheid, uittarting van gesag en wispelturigheid. Weens die ouer se outoritêre houding teenoor sy kind, voel laasgenoemde onveilig en in talle opsigte vyandiggesind teenoor die ouer (Meintjes 1990:89). Toereikende kommunikasie in dié gesinne ontbreek aan egtheid, intimiteit en emosionele toesegging (Rutter & Madge 1981:210-212). Voorafgaande stelling dui op 'n bemoeilikte opvoedingsopgawe, wat nog meer problematies manifesteer ten opsigte van

die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park. Dit het weinig sin om met opvoeding besig te wees, sonder om terselfdertyd 'n stryd te voer vir 'n beter en menswaardiger samelewing

Adolessente kan slegs hul toekoms verseker as ouers ernstig besin oor hul saamleef en opvoeding in 'n tegnokratiese bestel van môre (vgl. Engelbrecht 1989:461). Adolessente ervaar dikwels die gesinsituasie en die samelewing as plekke waar daar nie vir hul plek ingeruim word nie (Le Roux & Smit 1992:90-91); sodat hul bestaan en grootwording bepaal en beïnvloed (bevorder en/of belemmer) word deur hulle lewe in opvoeding-situasies en saamleefsituasies (Pretorius 1990:33). Dié toedrag van sake skep verwarring en vertwyfeling. Gevolglik distansieer die eietydse adolessent homself dikwels en soek antwoorde op lewensvrae elders. Sodanige veranderende milieu veroorsaak nie net probleemvelde vir die adolessent nie, maar gee ook aanleiding tot weerloosheid (vgl. Griessel et al. 1986:204-205). Ouers faal dikwels in hul pogings om hul kinders toereikend en ooreenkomstig die eise van die tyd op te voed.

Dikwels is die ouers ongeneë om aan die kinders die nodige leiding te bied, "...so often the children are left to follow their own whims and inclinations" (Barlow & Ferdinand 1992:155). Gevolglik word die kinders se moontlikhede nie ooreenkomstig hul lewensroeping ten volle verwerklik nie (Van Rooyen 1989:204; Kandel & Davies 1992:216). Die uiteinde is dat dit 'n al hoe moeiliker opgawe word om die huidige geslag adolessente tuis te maak in die wêreld van môre in die mate wat dit as toekoms moontlikhede vooruit voorspelbaar is (Van Zyl 1977:296). Bovermelde knelpunte word onhanteerbare en moeilike uitdagings, wat uitloop op lukrake uitsprake, wat nadelig inwerk op ouers en hul kinders. "I'd like to bury them at 14 and dig them up at 20" (Conrad & Hedin 1982:5).

Indien dié kort teenstelling niks anders illustreer nie, dan blyk een ding wel duidelik, naamlik dat die eietydse samelewing waarin adolessente grootword, baie gekompliseerd is. Dit is met die volle wete van dié kompleksiteit dat die onderhawige studie aangepak is. Die doel is om die probleem van toenemende ondraaglikheid tussen ouer en kind te ontbloot teen maatskaplike agtergronde en konfliktsituasies wat toereikende kommunikasie tussen ouer en kind negatief beïnvloed en belemmer. Gevolglik kom toereikende opvoedingskommunikasie nie tot sy volle reg nie. In die eietydse moderne samelewing is gesinsopvoeding toenemend onder maatskaplike druk. Vir die sosiopedagogieker is dit 'n betekenisvolle feit dat weens faktore wat eie is aan die eietydse maatskaplike situasie, die milieu-gestremde adolessent kwesbaar raak.

Dié tendense word deur sosiopedagoë deurskou ten einde 'n antwoord te vind op die vraag waarom die eietydse samelewing vir milieu-gestremde individue onleefbaar geword het, asook faktore wat in die eietydse samelewing werksaam is en aanleiding tot konfliktsituasies in die leefwêreld van individue gee. Om die menslikheid van die mens as die outentieke moontlikheid van menswees te laat gedy, soek sosiopedagoë ook na opvoedingstrategieë in 'n veranderende wêreld.

In dié onderhawige studie gaan dit daarom dat konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse adolessent in Eldorado Park sy optimale persoonlikheidsontwikkeling rem en gevolglik hom kwesbaar maak. Die eietydse maatskaplike situasie het 'n algehele verskraling van menslikheid tot gevolg. Vir die sosiopedagogieker is dit 'n betekenisvolle feit dat weens faktore in die eietydse samelewing opvoeding in die milieu-gestremde gesin moontlik nie toereikend verwerklik word nie en aanleiding tot konfliktsituasie in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent gee.

1.2. KONSEPTUALISERING

1.2.1. Konfliktsituasie

Die konsep "*situasie*" spruit uit die Latynse werkwoord *situare* (Griessel 1985:22); en dui 'n geheel van omstandighede aan, ten opsigte waarvan die mens gekonfronteer word (Van Vuuren et al. 1976:48); om besluite daarvolgens te neem (Harmse & Kirstein 1979:14; Van Rensburg et al. 1981:150, asook Van Zyl 1977:338). Die mens, as 'n *wese-in-die-wêreld*, is betrokke by die wêreld waarvan hy sinvolle betekenis moet gee. In sy gesitueerdheid lewe hy sy wêreld, om sodoende betekenis aan dinge in sy leefwêreld te gee (Viljoen & Pienaar 1983:61).

'n Situasië het 'n uitlokkings-, stimulerings-, of appèlkarakter. Die situasië lok die persoon of verplig hom om op een of ander wyse ten opsigte daarvan te handel. 'n Situasië word opgebou en beleef as 'n betekenisstruktuur. In 'n situasië kry dinge eers 'n betekenis. Die konsep "*situasië*" dui gevolglik op totaliteit van die persoonlike wêreld wat deur 'n intensionele struktuur gestruktureer is. Die mens verkeer elke oomblik in 'n situasië waar hy 'n keuse moet maak tussen botsende strewinge en weerstande wat daardie strewinge van hom kan dwarsboom. Wanneer hy in sodanige situasië verkeer, ontstaan daar frustrasie. Frustrasie is daardie gevoel wat intree wanneer teleurstelling, onbevoegdheid, angs en hulploosheid intree, wat die gevolg is van inmenging in die strewing van die individu. Dit lei tot spanning wat weer op sy beurt lei tot 'n respons wat weer lei tot heroriëntering. Frustrasies vorm die kern van konflik. Gevolglik is dit duidelik dat hoe sterker 'n persoon se strewe is, hoe intenser is die frustrasie wat uit die dwarsboming daarvan voortvloei (vgl. Nel et al. 1970:134).

Tydens konflik gaan dit by uitstek om waarheidsmomente in intermenslike kommunikasie en om die toets van interpersoonlike verhoudinge. Konflikte kan leer bevorder, insig meebring, lei tot hoë-kwaliteit probleemoplossing, konstruktiewe verandering bewerkstellig en interpersoonlike verhoudinge verbeter. Dit kan ook wrewel, vyandigheid, trauma of geslotenheid as uitkoms hê. Konflik kan gevolglik 'n konstruktiewe of destruktiewe faktor wees, afhangende van hoe dit hanteer word (Pretorius 1982:20).

Sodra 'n "situasie" die mens konfronteer om 'n keuse te maak tussen botsende strewinge, ontstaan 'n "konfliksituasie" waar die individu dit haas onmoontlik vind om twee of meer onverenigbare behoeftes terselfdertyd te bevredig (Louw 1986:518; Pottas & Nieuwmeijer 1991:15; Steenkamp & Steenkamp 1979:22). Sodanige teenstellings van optredes, doelstellings, idees of begeertes bring die individu in aanraking met kragte in die milieu wat lei tot ontoereikende behoeftevervulling (Du Plooy 1991:121; Barnard 1971:197-198, asook Dreikurs & Grey 1970:32).

Gevolglik kan die konsep "konflik" beskou word as 'n "situasie" waar twee of meer partye betrokke, besef dat hulle waardes of behoeftes onverenigbaar is, en hul aspirasies nie gesamentlik bereik kan word nie (Rycroft 1986:22; Tillet 1991:7; Anstey 1991:4, asook Behr 1980:11).

Die konsep "konfliksituasie" dui vervolgens op die

"...presence of opposing or diverse objectives, interests or views amongst individuals or groups"
(Le Roux 1994:8).

Talle skrywers poog deurlopend om die konsep "konfliksituasie" te omskryf. Telkens lei dit tot die skepping van nuwe definisies. In dié verband word kortliks na die volgende betekenisvolle uitsprake verwys:

- "...the overt struggle between individuals ..." (Jary & Jary 1991:111);
- "...two or more opposing factions seek to resist and coerce each other to the point of destruction" (Perry & Seidler 1975:67);
- "...mutual interference of competing reactions..." (Hopke 1968:74);
- "...a disagreement over two or more options available..." Beebe & Masterson 1986:257);
- "Simultaneously instigation of two or more compatible responses (Wolman 1989:71);
- "...a struggle involving opposing ideas, values and/or limited resources" (Wilson & Micheals 1990:255);
- "...a clash between the self, people and/or ideas they represent" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:49).

By wyse van samevatting kan sonder meer verklaar word dat 'n konfliksituasie die skepping van 'n wedersydse antagonistiese spanningstoestand insluit. Laasgenoemde spruit uit gelyktydige inwerking van botsende begeertes en gaan meestal gepaard met ongelukkigheid of onsekerheid. Gevolglik is konflik die opwekking van twee of meer sterk motiewe wat nie albei gelyktydig bevredig kan word nie.

1.2.2. Milieu

Odendal et al. (1984:700) omskryf die konsep "milieu" as: "Sosiale kring; omgewing waarin iemand tuishoort, verkeer of opgroei; atmosfeer of agtergrond".

Die konsep "milieu" het betrekking op sosiale en fisiese faktore; sowel as die persoonlike beïnvloeding waarmee die individu opgroei en deurgaans in aanraking kom (De Beer 1976:63; Hopke 1968:129; Wolman 1989:9; asook Louw et al. 1978:48). Sodanige persoonlike beïnvloeding manifesteer homself op die volgende wyses:

- Die omgewing waarin die individu homself bevind en handel (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:147).
- Die huislike sfeer en die lewensomstandighede wat die gedurige interaksiegebeure tussen die ouers en kinders omsluit en insluit (Huebsch 1972:4).

Die konsep "milieu" het egter nie eksklusief betrekking op die individu alleenlik nie, maar beïnvloed hom ook in groepsverband. In wese speel die geheel van omgewingsinvloede wat menslike ontwikkeling beïnvloed 'n oorheersende rol op die mens (Le Roux 1992:12).

Die konsep "milieu" is gelykbetekenend met geografiese-fisiese wêreld, medemenslike wêreld en kultuur-historiese wêreld (vgl. Steenkamp 1979:76; Pretorius 1990:12).

Vir Bonekamp (1962:44-46) is die konsep "milieu" sinoniem met

"...de waarneembare wereld", "de belevingswereld"
"de personale wereld".

Kok (1970:11) definieer die konsep "milieu" as:

"...die dinamiese betekenisverhouding waarin die mens (respektiewelik die kind) staan tot sy betrokke geografiese-fisiese wêreld, waarop sy verhouding met die ander (medemens) sig afspeel, wat trouens deur 'n kultuur-historiese agtergrond gedra word en waardeur die stigting van 'n eie persoonlike wêreld in 'n hoë mate gerig word".

Vir doeleindes van onderhawige studie word die "milieu" soos volg omskryf: Die milieu is die mens se relasiegebied en dit is uniek aan elkeen, aangesien die mens 'n vrye skeppende wese is. Dit is die sosiokulturele omgewing wat menslike ontwikkeling beïnvloed. Die "milieu" stel die individu in staat om enersyds 'n dinamiese verhouding daar te stel met die reeds bestaande wêreld, en om andersyds sin aan sy lewe te gee ooreenkomstig die sosiale norme van sy tyd en gemeenskap.

1.2.3. Die konsep "milieu-gestremdheid"

In die literatuur bedien skrywers hulself van talle terme om die konsep "milieu-gestremdheid" te beskryf. Terme soos "schoolkinderen uit sociaalmazwakke" gesinne (Uildriks 1973: 143); "leftout" (Warden 1968:3); "slum dwellers"; "inner-city", or "rural", "isolated children" (White 1971:1); "culturally deprived"; "sosio-economically deprived"; "socially and culturally disadvantaged"; "the chronically poor"; "the poverty-stricken" sowel as "the culturally alienated" (Gordon & Wilkerson 1966:1-2), is aan die orde van die dag.

Die milieu-gestremde individu verkeer in 'n problematiese leefsituasie (Gildenhuys 1993:20-21). Sodanige gestremdheid hou verband met ontoereikende opvoedingsituasies sowel as

armoede en ongunstige milieu-faktore (Meintjes 1990:5-8; Botes 1980:16; Rutter & Madge 1981:1-2; Johnson 1970:74, 'asook Kok 1970:14). Armoede en milieu-faktore werk belemmerend in op individue en groepe, sodat hulle 'n kans-arm bestaan in die gesig staar (Gildenhuis & Le Roux 1993:35). Dit is omdat die omgewing nie kan voorsien in die gewone omvang en intensiteit van menslike kontak soos dit ervaar word deur kinders in die normale huislike en gesinsmilieu nie (Celliers 1968:1; Erasmus 1991:22).

Wilson (1987:8) toon aan dat milieu-gestremde individue

"...lack training and skills and either experience long-term unemployment or are not members of the labor force, individuals who are engaged in street crime and other forms of aberrant behavior, and families that experience long-term spells of poverty and/or welfare dependency".

Marans & Lourie (1967:21) kwalifiseer "milieu-gestremdheid" in terme van

"...children born into the poor families which produce a disproportionate incidence of academic failures and of lower socio-economic group memberships among their full-grown offspring".

Fantini & Weinstein (1968:5) sluit by bogenoemde aan deur te verklaar

"...all are left out of a process which purports to carry all humankind, regardless of background, towards the same basic goals: physical comfort and survival, and feelings of potency, self-worth, connection with others, and concern for the common good. Anyone deprived of the means to reach any of the human goals is disadvantaged".

Volgens Jensen (1968:48) staan die milieu-gestremde individue

"...on the environmental continuum in such that their hypothetical phenotype/genotype ratio is below the asymptotic level".

Milieu-gestremdes is individue wat voortdurend blootgestel is aan 'n

"...social environment in which adult behaviors are most visible and where the social ills and depravities of a community dominate the culture" (White 1971:34).

In ooreenstemming met Frankenstein (1979:3-4) verklaar Robinson (1976:33) dat milieu-gestremde individue se agterstande verwerklik word as gevolg van omstandighede wat hulle verhoed om te ontwikkel tot hul potensiaal soos

"...indicated in poverty, in emotional impoverishment, in personal disorder, in poor educational attainment, in depression and despair".

Milieu-gestremde individue sluit ook gemeenskaplike kenmerke in wat op verskeie wyses van mekaar verskil, maar tog gemeenskaplike algemene kenmerke soos swak behuising, 'n lae sosio-ekonomiese status, 'n lae onderwyspeil, die beoefening van minderwaardige beroepe, werkloosheid, beperkte gemeenskapsbetrokkeheid sowel as beperkte potensiaal vir opwaartse sosiale mobiliteit vertoon (Hetherington & Parke 1986:505; De Beer 1977:31; Pretorius 1987^b:96).

Sodanige individu se bereikte wordingsvlak, gedrag of leerprestasies bereik gevolglik nie dit waartoe hy intellektueel

werklik in staat is nie (Du Toit 1991:26; Conger & Petersen 1984:603).

Die nie-skoolgerigte omstandighede lei dikwels tot swak skool- en beroepsvordering. Gevolglik is hy 'n vroeë skoolverlatingsrisiko, en is dikwels by kriminele aktiwiteite betrokke (vgl. Conger & Petersen 1984:603; Ambert 1992:73; Garbers 1980:16, asook Cadoret 1992:104-105).

Voortspruitend uit bogenoemde blyk dit duidelik dat milieu-gestremdheid verband hou met die maatskaplike agterhoede en ongunstige geografiese gesitueerdheid. Dit gaan gepaard met problematiese nie-ondersteunende persoonsbelemmerende eksogene faktore in die *umwelt* van die individu. Die belemmerende milieu-gesteldhede kniehalter die individu in al sy dimensies.

Met Meintjes (1990:5) word mee akkoord gegaan wanneer hy die konsep "*milieu-gestremdheid*" beskryf in terme van 'n milieu-gestremde gesin wat hom in 'n leefomgewing bevind wat gekenmerk word deur:

- Geografiese-fisiese ontoereikendheid, veral in terme van fisiese omgewing, woonbuurt, behuising, kultuur- en materiële goedere.
- Gebrekkige medemenslike kommunikasie wat die kind nie in staat stel om sy persoonsmoontlikhede en veral sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede optimaal te verwerklik.

Vir doeleindes van onderhawige studie verwys die konsep "*milieu-gestremdheid*" gevolglik na daardie persone of groepe in die eietydse samelewing, wat in armoede verkeer met agterstande in onderwys en beroepe beoefen wat nie sosiaal hoog geag word deur draers van die kulturele hoofstroom nie. In die

milieu-gestremde adolessent se opvoedingsmilieu is daar spesifieke tekorte en agterstande identifiseerbaar wat sy optimale selfaktualisering strem en aanleiding tot konfliktsituasies in sy leefwêreld gee.

1.2.4. Die milieu-gestremde gesin

1.2.4.1. Die konsep "gesin"

Die gesin word uit verskillende wetenskaplike perspektiewe bestudeer en dienooreenkomstig gedefinieer deur die verskillende gesinstipes, funksies en gesteldhede in die eietydse maatskaplike situasie te identifiseer en te beskryf. Volgens Walsh (1991:107) is die gesin die

"...nursery of human nature".

Volgens Odendal *et al.* (1984:275) word die konsep "gesin" beskou as 'n groep persone bestaande uit ouers en kinders. Universeel beskou, bestaan die gesin uit twee belangrike elemente: die volwasse deel wat as ouers verantwoordelikheid neem, en die nie-volwasse deel wat as kinders aanvanklik afhanklik is van ouers (Kayongo-Male & Onyango 1984:11; Van Schalkwyk 1988:153-154).

As die basiese bio-sosiale kern in die gemeenskap, funksioneer die gesin as 'n maatskaplike- en subsisteem van die samelewing (Cilliers 1966:142; Louw *et al.* 1978:26, asook Glick *et al.* 1987:26), wat kinders veronderstel, wat uit hul hegte intieme en liefdevolle verbintenis gebore word (Le Roux 1992:9; Harmse 1982:177; De Villiers *et al.* 1979:166).

Die gesin bestaan volgens Duvall & Miller (1985:8) uit twee of meer persone wat bloedverwante is, getroud aangeneem is en saamwoon. Die laaste definiërende element hier, naamlik dat gesinslede saamwoon, is belangrik vir sensusdoeleindes, maar daar is talle situasies in die eietydse samelewing waar gesinslede dikwels nie in een huishouding aangetref word nie.

Die essensiële funksie van die gesin is vir Elkin & Handel (1989:32-36) om 'n basiese groep mense daar te stel waar kinders hul primêre versorging en sosialisering ontvang in 'n atmosfeer van emosionele sekuriteit. Uit Elkin en Handel se definisie spreek twee aspekte baie duidelik, naamlik:

- *handhawing van 'n atmosfeer van emosionele sekuriteit; en*
- *die versorging en sosialisering van kinders.*

Vir die kind se persoonlikheidsontwikkeling is gesinsvorming noodsaaklik, terwyl die kwaliteit van die kind se persoonlikheidsontwikkeling deur die kwaliteit van die gesinslewe bepaal word, aldus Bukatko & Daehler (1992:576-579).

Goodman (1992:173); Hebding & Glick (1992:303); Browne (1992:210); Jary & Jary (1991:219); Duvall & Miller (1985:8); Bigner (1983:73); O'Donnel (1985:29); Beebe & Masterson (1986:11); Gullota et al. (1986:6), asook Wolman (1989:128) se omskrywing van die konsep "gesin" kom in 'n groot mate ooreen met die van Thompson (1982:49) wat dit omskryf as:

"A social unit made up of people related to each other by blood, birth or marriage".

Persell (1990:294) sluit aan by Hebding & Glick (1987:172) wat die gesin definieer as

"...a socially sanctioned, relatively permanent grouping of people who are united by blood, marriage, or adoption and who generally live together and cooperate economically"

In ooreenstemming met Persell (1990:294) en Hebding & Glick (1987:172) definieer Le Roux (1992:6) die gesin as die kleinste mees basiese sosiale eenheid in die samelewing

"...verbind deur bloedverwantskap, huwelik of aanneming. Die samestelling van 'n gesin kan varieer vanaf 'n kinderlose egpaar, enkelouer gesin, tot 'n egpaar met verskeie eie en/of aangenome kinders. Wat die funksionele organisasie betref, kan die gesin varieer van 'n matrigale monogamie tot 'n patriargale poligamie".

Volgens Regoli & Hewitt (1991:185) is die gesin 'n kompleks van verhoudinge wat onderlinge verbande en invloede vertoon wat mekaar wederkerig beïnvloed.

Davidson & Moore (1992:17) se beskouing van die gesin is om te voorsien in die gesondheid en veiligheid van gesinslede

"...providing conditions for emotional growth, helping to shape a belief system from which goals and values are derived, and creating a place for recreation and recuperation from external stress".

Uit Davidson & Moore se definisie kom drie aspekte rakende gesinsfunksies duidelik na vore, naamlik:

- die daarstelling van 'n geloofsstelsel waarvolgens waardes en norme ontleen word;
- die handhawing van 'n atmosfeer van emosionele sekuriteit en groei; en

- *die skepping van 'n plek vir ontspanning en herstelling van eksterne spanning.*

Na aanleiding van verskillende uiteenlopende omskrywings, wil skrywer volstaan met onderstaande insiggewende beskrywing van die gesin. Die gesin sluit 'n sosiaal goedgekeurde verhouding tussen twee individue van die teenoorgestelde geslag in. Hulle deel belange en 'n gemeenskaplike woning met hulle kinders. Elke lid moet spesifieke verpligtinge teenoor die ander nakom. (Van der Westhuizen 1991:35; Sears et al. 1991:308; Wilson 1985:2, asook Bennet 1990:103).

Die volgende aspekte wat duidelik na vore tree, is onder andere:

- *Die gesin, as 'n ondersteunende sisteem, neem 'n prominente plek in met betrekking tot die kind se opvoedingservaringe (Chinkanda 1994:185; Lareau 1987:73; Pretorius 1990:38);*
- *Die gesin, as 'n lewensgemeenskap van die wyere samelewing, is 'n koesteringsinstituut met die sleutelfunksie van koesterende sosialisering (Meintjes 1990:12; Reiss 1971:26; Strydom & Engelbrecht 1991:69).*

Vir doeleindes van onderhawige studie word die konsep "gesin" beskryf as 'n hegte eenheid, bestaande uit sterk elementêre kragte van samehorigheid, gehoorsaamheid en gesag. Die gesin kan beskou word as die psigososiale milieu vir lewensgeborgenheid. Dit is 'n wisselwerkende netwerk van rolfunksies en verhoudings waardeur 'n wederkerige interaksie ontstaan wat daartoe bydra dat gesinslede die mees fundamentele ervarings (verbondenheid), samesyn (samehorigheid), toewyding en menswaardigheid (identiteit) verwerklik. As 'n liefdesgemeenskap dien die gesin as oefenskool waar die ouers en kinders in

staat gestel word om mekaar te verdra, reg te help en by te staan. As primêre en veelvermoënde sosialiseringsagent vorm die gesin die hoeksteen vir ordelike saamleef met die doel om die kind(-ers) tot toereikende maatskaplike beweeglikwording te sosialiseer (vgl. ook Meintjes 1994:31).

In die lig van bogenoemde omskrywing, ontstaan die vraag: ***Hoe dra die eietydse samelewingsfaktore by tot die konfliktsituasies van die huidige milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, veral as die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik word?***

Van belang is die aard van saamwees, saamleef en onderlinge gesinsverhoudinge wat bepalend is vir die soort leefruimte wat vir die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park geskep word.

1.2.4.2. Die milieu-gestremde gesin

Die milieu-gestremde gesin word vervolgens kortliks gekwalifiseer in terme van identifiseerbare kenmerke soos gemanifesteer in die eietydse moderne Westerse samelewingspatroon:

Die milieu-gestremde gesin bestaan uit 'n vader, moeder en kind(-ers) wat gekenmerk word deur:

- kultuuranderse opvoedkundige peil;
- onstabiele interpersoonlike verhoudinge;
- ontoereikende kognitiewe ontplooiing;
- verarmde en kansarme milieu (Booyse 1991:127).
- 'n geringe sosiale en ekonomiese status;
- draers van 'n subkultuur wat vreemd is aan die kultuur wat

algemeen beskou word as die oorheersende kultuur;

- onbevoeg is om aan die dominante kultuur deel te neem, weens hul kulturele andersoortigheid;
- vasgevang in 'n armoedespiraal wat gekenmerk word deur deprivasie en verwaarlosing;
- teruggehou word weens milieu-belemmeringe wat betref die verwerkliking van moontlikhede (Meintjes 1990:12-13).

1.2.5. Die konsep "adolescent"

Die konsep "adolessensie" kan teruggevoer word na die Latynse werkwoord, te wete: "ad" (op) "olere" (voed, soog) (Van Rensburg et al. 1981:4); oftewel "om op te groei" of "om in volwassenheid in te groei" (Hobberg 1993:16; Engelbrecht et al. 1982:72; Boshoff 1976:18, asook Papalia & Olds 1975:538); of "...to grow in a direction" (Van Vuuren et al. 1976:84).

In Duits word die woord *Erwachsen* gebruik wat afgelei is van *wahsen* of *asächs*. Dit beteken "uitgroei", "tot wasdom kom" (Griessel 1985:67).

Beyers Nel (1973:33) beskou sodanige periode as 'n beslis aanwysbare tydperk en verskyningswyse. Die begeleiding wat daarvoor benodig word, noem hy *efebagogies*, na aanleiding van die Grieks *ephebos* (jeugdige) gekombineer met die begrip *agogies*.

Gevolgtik is adolessensie 'n tussenstaat van kindskapaflegging tot die aanvaarding van volwaardige volwassenheid (Greyling 1976:31). Enersyds voldoen die adolescent nog nie aan die eise van volwassenheid soos verantwoordelikheid en selfstandigheid nie (Steenkamp & Steenkamp 1979:3). Andersyds is hy iemand wat nog "steeds die restante van volwassenheid met hom saamdra en

terselfdertyd onderweg is na hoogvolwassenheid" (Coetzee 1977: 4). Kortóm: Adolessensie is die oorgang van kinderjare na vroeë volwassenheid (Vorster 1990:5-6). Adolessensie is die menslike ontwikkelingsfase, sosiale status of oorgangsperiode tussen die algehele lewensiklus vanaf puberteit tot volwassenheid (Le Roux 1992:3; Louw & Edwards 1993:537; Devenish et al. 1992:4, asook Marsland 1987:10).

In die onderhawige geval impliseer die konsep "adolessensie" die vormingsfase tussen puberteit en volwassenheid, waartydens die vroegvolwassene geestelik voorberei word met die oog op 'n geslaagde toekomstige lewe in die gemeenskap. Dit betrek die modus van menswees waartydens die adolessent nie meer as 'n kind gereken kan word nie; maar ook nog nie as 'n sedelike-selfstandige volwassene beskou kan word nie.

1.2.6. 'n Sosiopedagogiese perspektief

1.2.6.1. Sosiopedagogiek as selfstandige deelperspektief van die Pedagogiek

Elke wetenskap baken 'n aanwysbare ondersoekgebied uit die ganse werklikheid vir teoretiese besinning af. As praktykgerigte wetenskap moet die Sosiopedagogiek ook voldoen aan die eis van wetenskaplikheid, waar die klem val op wetenskaplike arbeid, besinning of metodiek (Meintjes 1994:36). Veral word aandag geskenk aan die wetenskaplike openbaring van die sosio-kulturele teenwoordigheid van 'n kind en volwassene in 'n pedagogiese situasie (Van Rooyen 1973:4) sowel as die rol van huislike en maatskaplike toestande in die opvoeding, onderwys en volwassewording van die kind sodat die menslike milieu 'n

belangrike plek inneem in die besinning oor pedagogiese aangeleenthede' (Heubsch 1972:30-31; Steenkamp & Steenkamp 1979:119).

Die opvoedingsdoelstelling, vanuit, sosiopedagogiese perspektief beskou, is gevolglik die sosiaal-maatskaplike beweeglikheid van die kind in opvoeding, wat sinvolle deelgenootskap en sosiale toekomstgereedheid rakende die samelewing impliseer (vgl. Pretorius 1993:4).

Die konsep "*perspektief*" spruit uit die Latynse werkwoord *perspectare* en beteken om aan te hou kyk totdat die voorwerp van aanskouing duidelik, helder en deursigtig (*perspicuus*) word (Griessel 1985:2; Van Rensburg et al. 1981:135).

Volgens Klopper (Meintjes 1994:36) impliseer 'n sosiopedagogiese perspektief 'n gerigtheid op die sosiaal-maatskaplike lewe van die kind en 'n genuanseerde perspektief op die samelewing en sy probleme

"...waarsonder 'n toereikende deurskouing van die verband tussen opvoeding en samelewing nie moontlik sou wees nie"

Die begrip "*sosio*" is herleibaar tot drie Latynse woorde, te wete:

- *sociare*, wat beteken om te verenig, te verbind, om aandeel te hê in (Du Plooy & Kilian 1982:47; Du Plessis 1974:41-42);
- *socius*, wat deelnemer, deelgenoot, maat, lotsverbondene en metgesel impliseer (Louw 1981:22);
- *societas*, wat gemeenskap en maatskappy veronderstel (Du Plessis 1974:41-42).

Die begrip "pedagogiek" in "Sosiopedagogiek" word afgelei van die Griekse selfstandige naamwoorde "pais" (kind) en "agogein". (lei, begelei) (Khröhn 1982:15; Pretorius 1990:4). Die afleiding wat gewoonlik hieruit gemaak kan word, is dat Sosiopedagogiek 'n studie maak van kinderbegeleiding ten opsigte van die sosiale. *Met ander woorde Sosiopedagogiek bestudeer die sosiale lewe van die kind in opvoeding, asook sy totale sosiaal-maatskaplike situasie is in die Sosiopedagogiek ter sprake.*

Le Roux (1992:18-19) postuleer dat ofskoon die opvoedingsverskynsel steeds die vertrekpunt bly, die Sosiopedagogiek spesifiek op die verband tussen opvoeding en die samelewing fokus met ander woorde opvoeding in sosio-verband.

Uit die gedagtegang tot dusver hou die konsep "Sosiopedagogiek" 'n konnotasie in wat verwys na die totale maatskaplike konstellaties in 'n algehele geheelverband met verskeie groeperings, ordeninge, gewoontes, sedes, norms, saaklike en onpersoonlike gevormde stelsels en organisasies, institusies, organe ensovoorts (Gresse 1971:11).

1.2.6.2. Die funksie van die Sosiopedagogiek

Die mens is 'n sosiale wese wat opvoed en as sosiale wese kan hy nie bestaan sonder om aan 'n samelewing te behoort nie (Pretorius 1990:4). Die feit dat die mens 'n sosiale wese is, maak hom beïnvloedbaar en opvoedbaar. Die gebeure waardeur dit bereik word is sosialisering (Pretorius 1990:7). Dit gaan spesifiek om:

- Die sosiale lewe (*medemensbetrokkendheid*) van die opvoeding onder opvoedingsbegeleiding ten opsigte van sosio-ver-

houdings (Engelbrecht 1993:7; Hill 1974:140); en

- Opvoeding in sosio-verband (*die verband tussen opvoeding en samelewing*) (Le Roux 1992:19; Pretorius 1990:5).

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat in die Sosiopedagogiek spesifiek gaan dit om die mens/kind in sy totale verhoudinge. Hy word as deel van sy menslikheid bestudeer (Kruger & Whittle 1982:4).

Volgens Pretorius (1993:5) is Sosiopedagogiek 'n deurskouing van die verband tussen opvoeding en samelewing, om daardeur 'n meer gedifferensieerde, inhoudryker insig te verkry van:

- volwassenheid (*konstruktiewe deelgenootskap aan die samelewing as 'n minimum kenmerk van volwassenheid*);
- die weg daarheen (*volwassewording*); en
- die hulp met volwassewording (*opvoeding*).

Die volwaardige volwassewording van die kind is nie buite die samelewing te bedink nie. Die kind word in verskillende samelewingsvorme opgevoed om die intiemste en saaklikste sosiale verhoudinge en sosiale situasies te kan hanteer. Die voltrekking van die sosiale lewe van die kind in opvoeding vind tussen die pole van intimiteit en saaklikheid plaas (Botha 1977:40).

In die eietydse samelewing moet die kind se sosialisering (maatskaplike-beweeglikwording) uitloop op sosiaal-maatskaplike beweeglikheid (Pretorius 1993:6; Botes 1980:111).

Gevolgtik impliseer sosiaal-maatskaplike beweeglikwording as opvoedingsdoel:

- om 'n sinvolle deelgenoot aan die samelewing te word - dit wil sê om 'n eie staanplek in die samelewing te verower van waaruit arbeid en deelname aan veral intimiteitsgroeperinge, maar ook aan saaklike verbande sinvol beleef word;
- om die kind toenemend beweeglik te maak in die gevarieerde sosiale struktuur, sodat hy hom uiteindelik in alle sosiale verbande, ook die mees saaklike en vreemde, sal kan handhaaf;
- in die lig van snel veranderende samelewingsomstandighede en tendense, moet die kind vir sodanige veranderinge gereed, paraat en weerbaar gemaak word (vgl. Botha 1977:40).

Indien die problematiese opvoedingsgesitueerdheid van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park ter sprake kom, kan binne die funksie en terrein van die Sosiopedagogiek, as deelperspektief van die Pedagogiek, die volgende vraagstelling formuleer word:

- ***Watter effek vertoon konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park op sy persoonlikheidsontwikkeling?***
- ***Hoedanig word die sosiale lewe van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, in sy gesinsituasie verwerklik?***

1.2.6.3. Sosiopedagogiese begrippe

Die sosiopedagogieker benodig in die bedinking van die opvoedingsverskynsel fikseerpunte om doelgerigtheid te verseker en rigting aan te dui vir besinning daarvan. Bedinking van die opvoedingsverskynsel kan slegs vanuit 'n sosiopedagogiese deelperspektief belig en beskryf word in terme van sosiopedagogiese begrippe of kategorieë. Sodanige begrippe dien as be-

liggende denkmiddelle om die wesenskenmerke en die betekenis van die opvoedingsverskynsel bloot te lê (Du Plessis 1974:133; Botha 1977:12).

Die essensies van die sosiale lewe van die kind in opvoeding kan slegs verklaar en beskryf word in terme van sosiopedagogiese begrippe (essensies). Vervolgens is sosiopedagogiese essensies gebeure en gesteldhede waarsonder die sosiale lewe van die kind in opvoeding nie voltrek kan word nie (vgl. Pretorius 1990:8).

Die geïdentifiseerde sosiopedagogiese begrippe sal vervolgens kortliks toegelig word:

(i) *Ek-jy-verhouding*

'n Intiem persoonlike *ek-jy-verhouding* dien as basis en fondament van alle opvoeding wat gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike gerigtheid op 'n gemeenskaplike doelstelling, naamlik die volwassewording van die kind (Meintjes 1990:18; De Klerk 1990:52). Die *ek-jy-verhouding* is die basis van alle sosiale lewe en ook van alle opvoeding. Enersyds dien die ek as sentrum van al die belewinge en gedraginge van die kind (Pretorius 1990:9). Andersyds dien die ek as stutkrag en stuurkrag, want dit vorm verhoudinge met die self en die wêreld (vgl. Du Toit & Kruger 1991:29).

Met Van Zyl (1977: 178) en Botha (1977:19) word akkoord gegaan waar hulle verklaar dat toereikende begeleiding tot volwassenheid alleenlik geskied wanneer die volwassene-kind-verhouding gepaard gaan met koesterende liefde. Die ouer se koesterende

liefde wek medemenslike liefde by die kind en roep hom op tot
gemeenskaplikheid in 'n ek-jy-verhouding.

Gevolgtlik openbaar die ek kenmerke van

*"...intimate emotional commitment, person directed
dialogue, cherishing, the experience of security, the
manifestation of love and mutual affection" (Le Roux
1992:11).*

Die essensies van die ek-jy-verhouding is die volgende:

- gevoelsmatige kommunikasie, soos liefde, persoonswarmte en koestering;
- toereikende begeleiding tot volwassenheid wat gepaard gaan met koesterende opvoeding en koesterende sosialisering;
- die gevoel van veiligheid, wat primêr die belewing van die opvoeder is; sowel as
- liefde wat primêr die belewing van die opvoeder is (Pretorius 1990:9).

Dit gaan om saam-bestaan, saam-ervaar en met ander bemoeienis maak. In kommunikasie met ander individue in die kind se milieu, kom die ek tot ontplooiing en leer hy om dié onderskeid te tref. Merleau Ponty (Meintjes 1992:21) verduidelik dit soos volg:

"In de ervaring val de dialoog wordt tussen mij en de ander een gemeenschappelijk gebied gevormd, mijn gedachten en de zijne vormen een enkel weefsel, mijn plannen en de zijne worden opgeroepen door de discussie; zij voegen zich in een gemeenschappelijke operatie, waarvan geen van ons beide de schepper is. Er is een zijn-met-z'n-tweeën, wij zijn voor elkaar medewerkers in een volmaakte wederkerigheid".

Ek-jy-verhoudinge tussen ouer en kind word gekenmerk aan die feit dat die betrokkenes

- buigsaam is in terme van die stel van redelike eise en verwagtinge aan die ander;
- elkeen die ander vry laat om homself te wees;
- die een die ander se perspektief insien; en
- mekaar ken; mense leer mekaar alleen deur onderlinge selfonthulling ken (vgl. Pretorius 1993:9).

Dit blyk gevolglik duidelik dat die sosiale lewe van die kind in opvoeding nie sonder intieme *ek-jy-verhoudinge* voltrek kan word nie. Indien intieme *ek-jy-verhoudinge* nie verwerklik word nie, neurotiseer en dehumaniseer die mens. Volgens Pretorius (1990:10) is die strafste toets vir 'n individu se optimale persoonlikheidsontwikkeling en opvoeding juis sy vermoë om intieme *ek-jy-verhoudinge* te verwerklik. Wanneer ouers kinders liefde ontsê dra dit juis by tot *ontoereikende ek-jy-verhoudinge* tussen ouers en kinders (vgl. Bukatko & Daehler 1992: 568).

Die *ek-jy-verhouding* word vir onderhawige studie omskryf as *die konstituering van 'n intieme gevoelsmatige relasie tussen ouer en kind(-ers); met die doel om enersyds 'n wedersydse onvoorwaardelike aanvaarding daar te stel; en om elke ek tot 'n ons-in-die-verhouding-vir-mekaar te ontwikkel.*

(ii) *Opvoeding(styl)*

Indien die ouer hom ten doel stel om sy kind suksesvol op te voed, beteken dit dat die ouer doelbewus en planmatig met die kind sal omgaan met die doel om hom met sy volwassewording te help en te begelei (McCabe 1990:182; Prinsloo 1984:49). Hier-

uit blyk duidelik dat die ouer 'n klimaat moet skep wat die kind se persoonlikheidsontwikkeling moet bevorder (vgl. Snyman 1992:32).

Die konsep "styl" beteken vervolgens die wyse van handel of optrede sowel as die toepassing van dissipline wat ouers teenoor hulle kinders gebruik (vgl. Myers & Myers 1988:235; Plug et al. 1989:253; Odendal et al. 1984:1105). Die sosiopedagogiek beklemtoon die kommunikasiestyl (Gouws et al. 1986:253; De Klerk 1990:46), of die wyse van opvoeding (*opvoedingstyl*), wat die onderwyser, ouer en ander volwassenes in die begeleiding van die kind verwerklik (Pretorius 1990:11). Dit is ook daardie kommunikasievorme en inhoude waardeur 'n persoon ander beïnvloed (vgl. Guirdham 1990:363; Marais 1979:101, asook Meidan 1979:50).

Die konsep "*opvoedingstyl*" sluit vervolgens verskillende dimensies soos aanvaarding, affeksie, kontrole, koestering, warmte, permissiwiteit, beperkinge en veeleisendheid in (vgl. Hundeide 1991:86); wat 'n belangrike invloed op die selfstandigheidsontwikkeling van die adolessent uitoefen. Die verskil in *opvoedingstyl* kom tot uitdrukking in die mate van en soorte selfstandigheid wat van die adolessent verwag word. Die adolessent se ontwikkelingsvlak is medebepalend (vgl. Monteith et al. 1988:204).

Die kwaliteit van opvoeding wat in die gesin gehandhaaf word berus

- op geïnternaliseerde beheer, indirekte beheer sowel as die voorbeeld wat die ouer stel (Thornton & James 1982:187);
- op die gedragshouding, dissiplinêre benadering of kommunikasiewyse wat gebruik of demonstreeer word in verhouding tot kinders (Le Roux 1992:12); oftewel

"...the extent to which the family is inward focused (centripetal) or outward-focused (centrifugal)", aldus Noller & Callan (1991:3).

Vir doeleindes van onderhawige studie, word die volgende drie opvoedingstyle (ouertipes) wat in die gesinsituasie verwerklik kan word, kortliks onderskei:

- **Personale opvoedingstyl:** Die konsep "personaal" verwys na besondere andersheid tussen verskillende mense vanweë 'n unieke persoonstruktuur (Van Rensburg et al. 1981:133-134). Die kind vorm 'n positiewe selfkonsep omdat sy gedrag geskei word van sy persoonlikheid (Meintjes 1992:26).

Sodanige opvoedingstyl is persoonsgerig en demokraties van aard (Pretorius 1990:11). Mussen et al. (1984:481) verklaar in dié verband dat die kind

"...contributes freerly to the discussion of issues relevant to his behavior and may even make decisions but ultimate authority is retained by the parents".

Die individu word vervolgens as 'n belangrike gespreksgeenoot beskou (Monteith et al. 1988:204). Die ouer laat oor die algemeen keusevryheid toe binne die perke wat gestel word, aldus Steyn et al. (1987:339). Sodanige individue is nie net positief teenoor enige beperkinge ingestel nie, maar ook teenoor die persoon wat die beperkinge daarstel (Hurlock 1978:406).

- **Posisionele (outokratiese) opvoedingstyl:** Dié ouertipe vertoon byna 'n neurotiese verdedigingshouding teenoor die gemeenskap, die buurt en samelewing (Heubsch 1972:283). Hy is die outokratiese gesagsfiguur (*dit is my posisie*), ter-

wyl die kind moet stilbly en maak soos die ouer sê (afhanklikheidsposisie), aldus Pretorius (1990:58). Die ouer se gesag is gewoonlik gesetel in 'n misplaaste behoefte aan magsvertoon (Van Niekerk 1984:137).

Reëls wat geld is onskendbare reëls wat die kind onder geen omstandighede mag bevraagteken nie (Bigner 1983:232; Ripple et al. 1982:239). Die kind waag dit ook nie om sy behoeftes en begeertes aan die ouer te kommunikeer nie. Hy word sterk onder druk geplaas met ouerlike verwagtinge en versoeke te konformeer (Garbarino 1985:76).

Blootstelling aan sodanige opvoedingstyl maak die kind

"...acquiescent for the sake of self-preservation. Their own personalities have often been suppressed to such an extent that when they finally do assert themselves, they do so in an exaggerated and individualistic manner. This in turn leads to further conflict with parents and often creates permanent communication problems" (Lamprecht 1988:28).

- **Permissiewe opvoedingstyl:** Dit is 'n oortoegeeflike styl, want die ouer neem 'n nie-bestrafende aanvaardende houding teenoor die kind in (Ripple et al. 1982:239). Die ouertipe volg 'n laissez-faire opvoedingstyl, want die ouer laat algehele vryheid toe in die besluitnemingsproses (Le Roux 1992:30; Wicks-Nelson & Isreal 1984:32). In 'n sekere sin is die ouer die pion van sy kind se wense en begeertes (Steyn et al. 1987:338; Bester 1985:29), want hulle buig as't ware voor die kind se wil (Pretorius 1990: 61). Dié ouers stel gevolglik relatief min eise aan die kind (Seifert & Hoffnung 1987:405; Garbarino 1985:261).

Dié toeskietlike gesin omlin die kind se toekomsverwagtinge en -doelstellinge nie duidelik nie (Heusch 1972: 284). Dié houding skep nie net losbandigheid by die kind nie, maar bied ook geen geborgenheid aan die kind nie. Gebrek aan sekuriteit rem die kind se optimale persoonlikheidsontwikkeling (vgl. Bays 1990:881-904; Louw 1989:164).

Dit blyk duidelik dat die *opvoedingstyl van die ouer bepaal word deur die opvoedingsmetode wat hy implimenteer, wanneer hy besig is om sy kind op te voed, met die oog op die bereiking van die opvoedingsdoel.*

(iii) Opvoedingskommunikasie

Die konsep "*kommunikasie*" kan na die Latynse woorde *communicatio; communicare* teruggevoer word (Van Rensburg et al. 1981: 30). Dit dui op mededeling, op verbinding, verkeer, byvoorbeeld deur middel van taal (Odendal et al. 1984:593).

Kirstein (1977:69) beweer dat die mens nie kan opvoed sonder om te kommunikeer nie. Daar moet 'n gepreformeerde veld vir opvoeding geskep word. Kommunikasie is vervolgens 'n moontlikheidsvoorwaarde vir mensontwikkeling en menslike bestaan (vgl. Jourdan 1984:74). Dit vorm die sentrale begrip in die sosioopedagogiek (De Klerk 1990:46). Voorts dui dit op 'n dialogiese karakter, wat 'n gelukkige wedersydse dialoog tussen ouer en kind veronderstel. Dit is binne so 'n affektiewe geskiktheidsklimaat dat die kind baie toeganklik raak vir die ouers se gevoelens, gedagtes en waardes soos ingebed in hul opvoedingshandelinge (vgl. Kapp 1991^b:115).

Beebe & Masterson (1986:13) se definisie van die konsep "*kommunikasie*", sluit nou aan by dié van Giffin & Patton (1976:5), wanneer hulle *kommunikasie* in terme van "...the generation and attribution of meaning" verklaar.

Toereikende *kommunikasie* impliseer nie twee parallele monoloë nie, maar wel deelname aan pedagogiese *samesyn/omgang* tussen ouer en kind (Botha 1977:29; Marais 1979:62; Tubbs & Moss 1987:6, asook Meyer 1984:122-123); sodat 'n intieme saamwees tussen opvoeder en opvoedeling in die vorm van bemoeienis bewerkstellig kan word (vgl. Viljoen & Pienaar 1983:116). Die doel is om die wisseling van gedagtes en aangename sosiale verkeer daar te stel (Steenkamp & Steenkamp 1979:35; Le Roux 1992:5-6).

Die wedersydse *omgang* tussen twee of meer persone (Kruger & Van Schalkwyk 1993:74) geskied alles in die vorm van diepgaande geestelike kontak met die persoon van die ander in 'n verrykende ek-jy-verhouding (vgl. Pretorius 1984:46).

In ooreenstemming met Jary & Jary (1991:95) beskou Weiner (1990:104) *kommunikasie* as

"...the transmission or exchange of information, signals, messages, or data by any means, such as talk (verbal communication), writing (written communication) and person-to-person (personal communication)".

Ter Horst, soos aangehaal deur Pretorius (1990:12), verklaar dat: "*Opvoeding is 'n voortdurende "gesprek" met die kind...*". Gevolglik verplig die ouer-kindverhouding beide die opvoeder en kind om bewus te wees van mekaar, om aktief betrokke met mekaar te wees in 'n ware sameleef *kommunikatiewe* verhouding.

Du Plooy & Kilian (1982:72) toon duidelik aan dat opvoeding slegs verweselik kan word as die kind korrek respondeer in ooreenstemming met die behoorlikheidseise.

Dialogoog, as 'n kommunikasiewyse, gee gevolglik betekenis aan die opvoeder se teenwoordigheid in die kind se lewe, terwyl die kind tegelykertyd ondersteun word om die horisonne van sy leefwêreld te verbreed deur middel van die sinvolle en betekenisvolle begrippe aan hom oor te dra. In dié verband toon Van Rensburg et al. (1981:80-81) duidelik aan dat die volwassene en die kind in 'n besondere verhouding tot mekaar staan: die volwassene (*begeleier*) en die kind (*begeleide*) kom eksistensieel in verbinding met mekaar: *opvoedingskommunikasie* vind gevolglik plaas. Möller (Van Zyl 1977:230) wys daarop dat daar sprake is van

"... 'n persoon tot persoon gesprek: dit is 'n dialogiese ek-jy-verhouding waar die ander sig ook as ek belewe en ek vir hom die ander (die jy) is".

Kommunikasie, as 'n diadiese gebeure, sluit 'n boodskap, medium en konteks in, waarin die gebeure van betekenisgewing plaasvind. Die doel is om terugvoering te verskaf en/of te ontvang (De Wet 1991:1; Huebsch 1990:3; Giffin & Patton 1976: 11; Du Plooy 1991:120-121). Uit bogenoemde beginsels blyk *kommunikasie* die volgende te wees

"...an ever-present, continuous, predictable, multi-level dynamic sharing of meaning for the purpose of managing our lives more effectively" (Myers & Myers 1988:15).

Vir doeleindes van onderhawige studie word die konsep "*opvoedingskommunikasie*" beskou as die verbesondering van 'n *intieme, ontvouende en dialogiese opvoeder-opvoedeling interak-*

sie. Die doel is om 'n gepreformeerde veld vir die daarstelling van opvoeding te skep. Ontmoeting en/of gesprekvoering word manifesteer deur positiewe gevoelsbindinge, konsekwente gesag, wedersydse begrip en 'n belewing van toebehorendheid met die doel om 'n gemeenskaplike kommunikasieruimte tot stand te bring.

(iv) Sosiale lewe

Die ouer begelei die kind ten opsigte van die oefen en beoefening van die vaardigheid wat hy benodig in sy sosiale lewe. Onder andere sluit dit die volgende in:

- die kies van vriende;
- inskakeling in die skool; sowel as
- inskakeling in die breëre samelewing (Kotzé 1984:78).

Die kind bly net soos die volwassene 'n persoon binne 'n gemeenskap (Du Plooy & Kilian 1982:107). Opvoeding noodsaak vervolgens die begeleiding van die kind met sy sosiale lewe, sodat hy in sy omgang en ontmoeting met ander mense geborgenheid in solideriteit kan belewe (Griessel 1985:34).

Die konsep "sosio" kan die volgende konnotasies inhou:

- mense in verhouding tot mekaar;
- om te deel met;
- om te verenig met die samelewing;
- deelgenoot, lotgenoot, bondgenoot;
- kommunikasie of interaksie tussen mense; en
- alle verskynsel van saamlewe en saamwerk, die onderling op-mekaar-betrokke wees van mense (Pretorius 1993:13).

Die konsep "sosiale" omvat:

- mense wat saamleef in 'n groep;
- gesellig saamlewend verkeer;
- betrekking het op die maatskappy; en
- maatskaplik (vgl. Brits 1989:22; Odendal et al. 1984: 1033).

Inlig hiervan kan die volgende stelling gemaak word: *Die sosiale lewe van die kind openbaar sig as medemenslike voorlewing, steungewing en saamlewe in die hoogste orde eenheid van die sosiale sisteem. Die geleidelike inskakeling en begeleiding as selfstandige deelgenoot van die breëre maatskappy geskied alles in 'n veld van menslike verhoudinge en waardes, wat die onderlinge verkeer tussen mense bepaal en beïnvloed. Hieruit blyk duidelik dat die sosiale lewe ten doel het om die kind te begelei tot selfstandige volwassenheid.*

(v) Sosialisering

Die wyse Salomo se stelling *'yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander'* (Spreek 27:17), dui daarop dat ontwikkeling van een mens onder meer bepaal word deur die invloed wat ander individue op hom het. Dit gaan gevolglik om die sosiale doel van opvoeding, naamlik om die kind te leer hoe om ooreenkomstig die sosiale norme van sy tyd en gemeenskap doeltreffend en moreel korrek met sy medemens om te gaan sodat gesonde sosiale verhoudinge gestig en gehandhaaf kan word (Jary & Jary 1991:585; Harmse 1982:170).

Sodanige vorminge geskied onder die invloed van norme en waardes wat geld in daardie samelewing waarvan hy lid is, sodat hy so gewoontes en gedragswyses kan aanleer wat in daardie same-

lewing gebruiklik is (Apter & Conoley 1984:73; Perry & Seidler 1975:145; Van Rensburg et al. 1981:153, asook Mussen et al. 1984:379).

Die feit dat *sosialisering* altyd in interaksie met ander plaasvind impliseer opvoeding van die individu tot aktiewe betrokkeheid, samewerking en stigting van verhoudings in die gemeenskap (Le Roux 1992:19; Duvall & Miller 1985:224; Wolman 1989:317). Die doel is om die individu ooreenkomstig die sosiale norme, waardes, sedes en gewoontes voortdurend in kontak en wisselwerking met mense te bring (Du Toit & Kruger 1991:60).

Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat *sosialisering* 'n bewuste sowel as onbewuste leergebeure is (Van der Merwe 1984:82); waar die sosiale vorming van die individu, binne en deur die toedoen van sy sosiale omgewing hom leer om te ooreenlewe as individu en lid van die gemeenskap (Steyn & Van Rensburg 1985:33; Curran 1977:37). Sodanige leergebeure is nou verwant aan

"...the growth of social relationships and social behaviours which encourages the acceptable assimilation of the individual into society" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:217).


Benewens leergebeure behels *sosialisering* ook die voorsiening van persoonlike outonomie aan die kind. Die kind moet gekonfronteer word om besluite onafhanklik van sy ouers te neem, 'n persoonlike lewenstyl te ontwikkel, en sosiale rolle te kies waarby hy kan staan (Snyman 1992:41). Ouers begelei gevolglik hulle kind(-ers) tot 'n bepaalde punt en onttrek hulle dan om sodoende die kind toe te laat om self 'n onafhanklike staanplek in die samelewing in te neem. Dit is om die kind in staat te stel

"...to meet and handle everyday tasks, internal controls over one's own behavior, cognitive competence, and achievement motivation" (Ripple et al. 1982: 479).

Sosialisering is gevolglik noodsaaklik vir die volwassewording van die kind. Die kind kan slegs toereikende sosiale opvoeding ondergaan as hy volgens die norme, waardes, gelowe en gedrag wat deur sy kultuur voorgeskryf word, optree met betrekking tot verskillende sosiale rolle wat hy moet vervul (Browne 1992:6; Haralambos & Heald 1985:4; Louw & Edwards 1993:515; Cilliers 1966:152; Gerdes et al. 1981:8; Gouws et al. 1986: 253, asook Elkin & Handel 1989:26). Sosialisering behels gevolglik 'n geleidelike, onbewuste gebeure van deelagtigwording, van verinnerliking van die gedragskodes, norme en waardes van die persoon se eie kulturele milieu (Meintjes 1994:52; Weiten 1992:653; Ambert 1992:85-86, asook Snyman 1992:40).

Die konsep "sosialisering" word vir onderhawige studie soos volg omskryf: *Die veld van menslike verhoudinge en waardes, ten einde om die enkeling sinvol in te skakel en te oriënteer in die samelewing. Die doel is dat hy enersyds gemeenskapsbelange kan bevorder, en andersyds sy eie plek in die samelewing op 'n fatsoenlike, selfstandige en verantwoordelike wyse kan volstaan. Sodanige lewensbekwaamhede waarmee hy toegerus word moet hom voorberei, ten einde in die eietydse maatskaplike situasie sinvol te kan lewe.*

In die lig van bostaande bespreking word die konsep "sosialisering" soos volg skematies uiteengesit (vgl. Pretorius 1993: 16):



- Sosiaal-maatskaplike beweeglikwording (ten opsigte van intieme én saaklike verhoudinge)

- Leer saamlewe (leer kommunikeer, leer gedra)

- OORDRAG:

- waardes (ook **pro-sosiale** waardes)
- kennis
- norme (leefreëls)
- kultuur
- sosiale houdinge

- VERWERF:

- sosiale vaardighede
- deelgenootskap aan (die) samelewing

- WEK:

- sosiale gewete
- sosialisering word slegs in kommunikasie met die medemens voltrek

Asosiale kind -----> gesosialiseerde volwassene

(vi) Selfaktualisering

Opvoeding is om die kind met *selfaktualisering* te help en te begelei (Pretorius 1993:15). Die begrip "*aktualisering*" dui op handeling, verwerkliking of realisering (Van Rensburg et al. 1981:9); met ander woorde die verwesenliking van inherente potensiaal (Peterson 1990:223; Gerdes et al. 1981:58; Jary & Jary 1991:550; Steenkamp & Steenkamp 1979:3); oftewel

"...the state reached when a person has achieved the goal she has set" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:9).

Selfaktualisering veronderstel enersyds die neiging van die persoon om te handel en te ontwikkel ooreenkomstig sy beskouing van homself asook sy ideale self (Plug et al. 1989:262; Gouws et al. 1986:262). Andersyds impliseer *selfaktualisering* totaliteit-in-kommunikasie, waar die kind as ope moontlikheid in staat gestel moet word om sy potensiaal ten volle te realiseer (Van Vuuren et al. 1976:248; Johnson 1981:2). Alles gaan gepaard met

"...completeness, fulfillment of one's potentialities" (Wolman 1989:309).

Vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief beskou, dui die konsep "*selfaktualisering*" op die doelbewuste gebeure

"...whereby the individual, in accordance of the self-concept strives to optimally realize his potential, talents and abilities. It encompasses the steps actually taken to realize possibilities existing in social situations" (Le Roux 1992:16).

Aan die hand van volwasse begeleiding moet die opvoedeling doelbewuste pogings aanwend om sy latente potensiële moontlikhede van sy selfheid te realiseer (Vrey 1979:42-43). Daar is geen sprake van perfeksionisme nie; want die selfaktualiseerder toon

"...acceptance and expression of the inner core or self..." (Hopke 1968:324).

Die feit dat elke individu sy moontlikhede optimaal wil ontwikkel en na onafhanklikheid strewe, maak dat hy slegs tot selfaktualisering kan kom as hy weet, ken, kan en verstaan; met ander woorde as hy betekenis gegee het. Om dit alles te vermag moet die individu bokant die onmiddellike waarneembare realiteit kan uitstyg sodat hy abstraksies kan vorm.

(vii) *Identiteit en selfkonsep*

Een van die opvoeder se belangrike doelstellings is om die kind te begelei tot die verwerwing van 'n eie identiteit en positiewe selfkonsep (Pretorius 1993:17).

Die konsepte "*identiteit*" en "*identifikasie*" is albei afgelei van die Latynse woord, "*idem*", wat 'dieselfde' beteken. By die kind is die eerste vorm van identifikasie dat hy hom aan sy ouers heg (*pedagogiese identifikasie*). In die identifikasieverhouding voel die kind hom een met die geïnterpreteerde of beleefde beeld van 'n ander persoon. Dit is 'n onbewuste, eensydige affektiewe verhouding.

Le Roux (1992:7) postuleer ten opsigte van identifikasie:

"Die onbewuste of deels bewuste sosiale proses waarvolgens die individu bepaalde houdings, waardes en gedragspatrone van betekenisvolle rolmodelle naboots en internaliseer binne sy eie persoonlikheidsontwikkeling".

Plug et al. (1989:150) omskryf die konsep "identiteit" as:

- 'n verkorte vorm vir identiteitsgevoel en persoonlike, identiteit, dit wil sê die gevoel van 'n persoon dat hy, ten spyte van tydsverloop en veranderinge wat daarmee gepaard gaan, dieselfde persoon bly; en
- die gevoel van 'n persoon dat hy tot 'n groep mense, byvoorbeeld 'n volk of 'n ouderdomsgroep, behoort, dit wil sê dat hy in die belangrikste opsigte soos hulle is en dat hy hom met hulle vereenselwig.

Die kind se identifikasie geskied aan die hand van 'n vereenselwiging met inhoude waaraan waardes toegeken word en uiteindelik, namate dit toegeleen word, word die waardes norme (Sonnekus 1984:16-17).

Identifisering is die aanvangstadium van identiteitsverwerwing waar die individu bewus word van homself as afsonderlike self wat 'n unieke identiteit is (Prinsloo 1984:60; Vrey 1979:45). Gevolglik wanneer die kind in staat is om die "...I from the non-I, the mine from the non-mine" te onderskei (Van Aardweg & Van Aardweg 1988:54).

Identiteit is om te weet wie en wat jy self is, sodat jy antwoorde waarmee jy self tevrede is, kan verskaf op die vraag "Wie is ek?" (Du Toit & Kruger 1991:21; Le Roux 1992:10). Dit kan of positiewe hoë selfagting, of negatiewe lae selfagting

wees (Raath & Jacobs 1990:2; Ferreira 1992:56, asook Pretorius 1984:65).

Bergman & Goldstein (1993:87) som die begrip "identiteit" treffend op as

"...the stable, consistent, and reliable sense of who one is and what one stands for as a contributing member of society".

Sodanige evaluering van die *identiteit* geskied alles aan die hand van subjektiewe norme. Dit heet die *selfkonsep* wat oorwegend affektief van aard is, en die vertrekpunt vorm van 'n persoon se verhoudinge in die leefwêreld (Meyer & Kotzé 1985:115). Volgens Burnett (1994:165) is die *selfkonsep*

"...a cognitive/thought orientation that encompasses both descriptive and evaluative/comparative beliefs about one's characteristics...".

Die *selfkonsep* is vervolgens die bewuste, kognitiewe waarneming en evaluering van 'n persoon van homself (Pennington 1992:118; Steenkamp & Steenkamp 1979:118, asook Monteith et al. 1988:187).

Purkey (1970:7) het dieselfde aanvoeling as Beebe & Masterson (1986:69), asook Burns (1982:29) deur die *selfkonsep* eksplisiet voor te stel as

"...a complex and dynamic system of beliefs which an individual holds true about himself".

Skrywer van onderhawige studie gaan akkoord met Van der Westhuizen (1991:16) wat die *selfkonsep* verklaar in terme van 'n

"...objek maar ook 'n subjek, artefak maar ook feit, enkelvoudig maar ook meervoudig, struktuur maar ook proses".

Die waardebepalende aspek van die *selfkonsep* is die individuele selfagting (Gerdes et al. 1981:71-72); omdat sy handelinge met ander persone wat vir hom belangrik is, positiewe of negatiewe reaksies uitlok. Sy uitgesproke opinies en vergelykings van homself met ander persone, is grotendeels verantwoordelik vir die vorming van die *selfkonsep* (Du Toit & Kruger 1991:21-22). Sy handelinge is gevolglik die vergestaltung van besluite wat in dié lig van norme en waardes deur 'n individu geneem word, en in dié lig verantwoord word (Harmse & Kirstein 1980:11).

Die *selfkonsep* raak vervolgens dié kriterium aan die hand waarvan ervarings geïnterpreteer (*betekenisgewing*) word, aan persepsies betekenis gegee word (*betrokkenheid*), verwagtinge bepaal (*belewing*) word, en handeling bepaal en gerig word (Jacobs & Vrey 1982:30).

Die adolessent se *selfkonsep* is grootliks 'n refleksie van sy aspirasie om die verkryging van status en die teenstrydigheid wat daar tussen dié aspirasies en sy potensiële statusheid bestaan. Die *selfkonsep* sal bedreig word deur situasies wat of die huidige of potensiële status in gevaar stel, of aspirasies skep vir die verkryging van nuwe status wat buitengewoon hoog is in verhouding tot realistiese moontlikhede vir suksesvolle verkryging daarvan. Wanneer die bedreiging van die *selfkonsep* so erg word dat die individu emosioneel daarteenoor moet reageer, ontstaan 'n vreesreaksie wat die beste getipeer kan word as 'n toestand van spanning.

Aangesien die adolessent in 'n oorgang tussen kindwees en volwassenheid verkeer, leef hy voortdurend in spanning. Die oorsprong van die spanning kan teruggevoer word na die verhouding wat daar tussen status, *selfkonsep* en spanning bestaan. Dié oorgangspanning verwys na die vreesreaksie wat deur faktore in die milieu daargestel word, wat inherent in periodes van psigiese oorgang is en die *selfkonsep* van die individu bedreig. Vanuit die *selfkonsep* verstaan die adolessent homself. Dié self vorm die brandpunt van sy verhouding met die wêreld. Die houding en dink wat die persoon van homself het, word gereflekteer in die houding en sy optrede teenoor ander persone. 'n adolessent wat homself nie aanvaar nie, is ook nie in staat om ander persone te aanvaar nie. Hy kan ook staatmaak op sy eie oordeelsvermoë sonder om blindelings te konformeer ten opsigte van ander se opinie en besluite jeens hom.

In die eietydse samelewing het die adolessent volwaardige volwassenes baie nodig. Uit die aanvaarding van die betekenisvolle ander, aanvaar hy homself en uit dié selfaanvaarding volg 'n gemakliker en gemoedliker gesprek en omgang met ander mense wat hom help om 'n *positiewe selfkonsep* op te bou (vgl. Pretorius 1990:26). Adolessente met 'n *positiewe selfkonsep* is oor die algemeen gewild en goed georiënteer ten opsigte van hul verhoudings met ander. Hulle is ook nie geneig om in spanning en konflik te verkeer nie.

Identiteit beteken volkome ooreenstemming van persoonsgelykheid. Die individu se verwysingsraamwerk pas vervolgens in by die standaarde van die samelewing, waarvan hy lid is. Die oë (*evaluering*) van ander raak die totaliteit van die evaluering van al die verskillende komponente van die individu se *self-identiteit*. Dit dien as maatstaf vir *selfkonsep*vorming, want die individu word nou in staat gestel om introspektief oor homself te dink met die doel om 'n beeld van homself te vorm.

Enersyds dien die beeld as kern van sy persoonlikheid. Andersyds verskaf die beeld antwoorde op vrae soos: "Wie is ek" of "Hoe goed vergelyk ek met anders".

(viii) Sosiaal-maatskaplike oriëntering

Die opvoedingsituasie van die adolessent en die opvoeding wat hy ontvang, kan onder geen omstandighede van die *sosiaal-maatskaplike hinterland* wat dit omgewe losgedink word nie (Niehaus et al. 1989:801).

Opvoeding moet die kind kan begelei in sy plekbepaling tussen ander mense, asook in die breëre maatskappy (Pretorius 1990: 28). Dit is die opvoeder se taak om die kind gerusstellend ten opsigte van die veranderinge in die wêreld te oriënteer. Indien die kind nie in staat gestel word om dié veranderinge as 'n normale faset van die lewe te aanvaar nie, is *sosiaal-maatskaplike beweeglikheidswording* vir die kind haas onmoontlik (Botha 1977:69). Dit is noodsaaklik dat die kind duidelikheid moet verkry oor sy eie unieke posisie teenoor sy medemens in die samelewing.

Sosiaal-maatskaplike oriëntering is vervolgens die gebeure waar die individu sy plek of posisie in sosiale situasies en in die samelewing as 'n geheel bepaal (Le Roux 1992:19). Dit is die taak van elke individu om sy eie leefwêreld vir homself te konstitueer, waarin hy homself kan oriënteer ten opsigte van mense, voorwerpe, idees, ensovoorts deur die sluiting van betekenisvolle relasies (Vrey 1979:18).

Die opvoedingsbetekenis fundeer in die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering; sodat sy gegewe moontlikhede en sy identiteitsverwerwing 'n belangrike rol speel. Enersyds is sy aan-

gebore moontlikhede medebepalend vir sy sosiaal-maatskaplike oriëntering, andersyds moet hy vir identiteitsverwerwing eers sekerheid verkry oor sy eie hoedanighede, waardes en ideale. Behoorlike en doeltreffende identiteitsverwerwing noodsaak 'n stabiele kontinue ouer-kind verhouding (Kapp 1991^a:477-478).

Samelewingsinvloede speel 'n oorheersende rol by toereikende voltrekking van opvoeding. Gevolglik is aanvaarding van die adolessente deur die samelewing van die grootste belang. Indien dit nie die geval is nie, kan ontoereikende opvoeding die individu se deelgenootskap aan die samelewing verskraal, ontoereikend en selfs destruktief wees, in plaas van sinvol en konstruktief (vgl. Cronje 1976:22).

Dit blyk duidelik dat sosiaal-maatskaplike oriëntering die opvoedingsgebeure bepaal. Dié opvoedingsgebeure is ten nouste verweef en is ingestel op doelbewuste begeleiding van die kind met die doel om hom enersyds sinvol in te skakel by die sosiaal-maatskaplike normstruktuur; en andersyds om hom in die huidige samelewing beweeglik te maak, sodat hy 'n volwaardige deelgenoot daarvan kan word.

(ix) *Behoeftevervulling in sosiale verband*

'n Behoefte is die alternatief tot dryfkrag (Behr 1980:5; Steenkamp & Steenkamp 1979:79). Wolman (1989:228) verduidelik die konsep "behoefte" as die toestand

"...of lacking, wanting, or requiring something which if present would benefit the organism by facilitating behavior or satisfying a tension".

Die doel van opvoeding is om die kind met die vervulling van sy behoeftes te begelei. Slegs in kommunikasie met die medemens kan aan die kind se behoeftes voldoen word; deurdat dit in sosiale verband (*ek-jy-verhouding*) vervul word (Pretorius 1990:30). Die kind se behoeftes is 'n uiterse noodsaaklike voorwaarde vir die groei tot selfstandigheid en onafhanklikheid (Vrey 1979:77). Gewoonlik is dit meestal

"...socially motivated and the child grows up in a social situation, the fulfilment of needs, as part of the process of growing up, takes place in a social context" (Le Roux 1990:9).

Die volgende hiërargie van menslike behoeftes, wat ook vir die kind en adolessent in die milieu-gestremde situasie geld, word deur Maslow gestel:

- **Fisiese behoeftes:** Dit is behoeftes soos suurstof, voedsel, water, ensovoorts wat eers vervul moet word, voordat die individu gemotiveer kan word om iets anders te doen (Pretorius 1990:30). Lamprecht (1989:24) verklaar soos volg:

"Children need to be hugged and played with, and even enjoy a bit of horseplay. Many parents are reserved where this is concerned, and their children do not learn to show their love in concrete ways".

- **Veiligheidsbehoefte:** Elke mens wil veiligheid en geborgenheid beleef. Hy wil sekerheid hê dat sy bestaan nie bedreig word nie (Avenant 1980:25). Tereg die volgende uitspraak:

"The need to belong is a most socializing force, and compels the child to become agreeable to others and assume an attitude of give-and-take in the group situation. A feeling of insecurity leads to maladjustment" (Behr 1980:6).


- **Sosiale behoeftes:** Die behoefte aan aanvaarding en 'n behorensgevoel, liefgehê en versorg te word. Kinders wat op dié vlak gemotiveer word, verlang na affektiewe verhoudinge met sy medemens (Regoli & Hewitt 1991:197) oftewel kinders

"...who have the feeling that they are loved and belong to the family unit usually have higher personal self-esteem" (Beebe & Masterson 1986:73).

- **Ek-behoeftes:** Die behoeftes aan agting vir eie kindwaardigheid, om gerespekteer te word, behoefte aan erkenning, prestige, status, om waardig en belangrik te voel (Pretorius 1990:30). Dwarsboming van die ek-behoeftes lei tot die skeping van 'n negatiewe selfkonsep.
- **Behoefte aan selfaktualisering:** Die strewe om jou potensiaal optimaal te verwerklik. Dit sluit die behoefte om te weet en te verstaan, sowel as die uitdrukking van die self in (vgl. Mace 1991:6-13; Giffin & Patton 1976:210; Pretorius 1993:23). Die vervulling van die behoeftes kan slegs in kommunikasie met die medemens verwerklik word (Bester 1985:36).

Sodanige behoeftes moet eers op 'n laer vlak op 'n gereelde basis vervul word, voordat behoeftes op 'n hoër vlak te voorskyn sal kom (Davies et al. 1990:82; Louw & Edwards 1993:435; Gerdes et al. 1981:57). Kinders wat 'n gebrek toon aan fisiologiese-, veiligheids-, affiliasiebehoeftes en selfaktualisering vanweë die ontoereikende vervulling van die behoeftes in die gesinsituasie, is geneig tot antisosiale gedrag (vgl. Van Zyl 1993:192). Gevolglik lei dit tot die bewing van eensaamheid en onveiligheid (Rové 1989:227).

Die behoefte-hiërargie van Maslow word deur Pretorius (1990:31) soos volg voorgestel:



Dié behoeftes moet soos volg vervul word:

- liefdevolle versorging wat die kind in die ek-jy-verhouding

ervaar, vervul sy fisiese behoeftes;

- sy veiligheidsbehoefte word vervul deur betoonde liefde wat die kind ervaar in die ek-jy-verhouding;
- die sosiale behoeftes van die kind word op sy doeltreffendste in ek-jy-verhoudinge vervul;
- sodra ander mense erkenning, goedkeuring en agting aan die kind se gedrag en prestasies kommunikeer, word die ek-behoeftes vervul;
- die kind kan slegs in kommunikasie met die medemens selfaktualiseer (Pretorius 1993:23).

(x) Sosiale milieu

Die konsep "sosiaal" is afkomstig uit die Latynse woord *socialis*; *socius* wat bondgenoot beteken (Odendal et al. 1984: 1033). In Grieks is dié begrip omvorm tot *aossein* wat beteken om te help of om by te staan (Louw 1981:22).

Die "milieu" waarin die kind/adolesent se sosiale lewe en opvoeding voltrek word, is 'n dinamiese betekenisverhouding waarin die mens staan tot sy betrokke fisiese milieu, *sosiale milieu* asook *kultuur milieu* (Meintjes 1990:49). Die kind se opvoeding en sosialisering word in onderstaande vier milieus voltrek:

- *mikro-opvoedingsmilieu (die gesin);*
- *meso-opvoedingsmilieu (die skool);*
- *makro-opvoedingsmilieu (die maatskappy); en*
- *die portuurgroepmilieu (Pretorius 1993:24).*

Die kind moet volwasse word binne die "sosiale milieu" waarin hy hom bevind. Daar bestaan 'n voortdurende wisselwerking tus-

sen opvoeding en die samelewing. Die breëre samelewing se opvoedingsbetrokkenheid vereis vervolgens dat opvoeding altyd binne 'n saamleef en samelewingsverband voltrek moet word. In dié verband toon Engelbrecht (1989:460) aan dat die medemens betrokke is in die intimiteitsfeer van die huisgesin as primêre onsheidsruimte, sodat die kind al nalewende deur die ouers se saamlewende, insidentele en informele voorlewing funksioneel in die saamlewe van ander mense ingelei word. Die kind word egter ook deur meer sistematiese en intensionele wyse tot saamlewe met die medemens opgevoed.

Opvoeding is altyd in die sosiale werklikheid ingebed (vgl. Gresse 1971:3); en moet teen 'n bepaalde maatskaplike agtergrond beskou word.

Opvoeding-in-saam-lewe impliseer vervolgens die realisering van opvoeding binne 'n bepaalde samelewing en binne saamleef-situasies. Dit is op sodanige wyse dat die samelewing die opvoeding beïnvloed, en die opvoeding op sy beurt die samelewing beïnvloed (Pretorius 1993:24). Dit kom tot uiting in opvoeding tot samelewingsverantwoordelikheid, wat 'n verantwoordelike bewoning, bewaring en bewerking van die omgewing insluit (vgl. Le Roux 1990:149).

Die samelewing besit konnotasies van intimiteit, nabyheid en gesamentlikheid (Harmse 1982:164); omdat dit 'n groep persone in dieselfde omgewing met dieselfde kultuur en geografiese of welsynbelange insluit (Steenkamp & Steenkamp 1979:20). Die samelewing dien as die hoogste orde eenheid, en is die mees omvattende kollektiwiteit waartoe mense kan behoort en waarbinne hul behoeftes en belange bevredig kan word (Steyn & Van Rensburg 1985:155). Die samelewing bestaan uit interafhanklike dele wat funksionele bydrae tot die geheel lewer (Haralambos & Mead 1985:523). Dit verkry vervolgens gestalte in die same-

hang van verskillende lewensvorme in eie kring; soos die gesin, kerk, skool, staat, bedryf ensovoorts (Hoffman 1978:40).

As 'n selfonderhoudende samelewing toon die samelewing ook

"...self-perpetuating, human grouping occupying a relatively bounded territory, possessing its own more or less distinctive culture and institutions"
(Jary & Jary 1991:600).

In ooreenstemming met Wolman (1989:317) toon Perry & Seidler (1975:99) aan dat die samelewing is 'n versameling van interafhanklike individue

"...who interact with one another on a regular basis and according to patterns of behavior to which all or less agree".

Onderstaande samelewingskenmerke dien as toeligting oor die kompleksiteit en dinamiese wisselwerking tussen die opvoeding en die samelewing:

- differensiering, ontwikkeling en ontsluiting van die gemeenskap;
- institusionalisering van die gemeenskap;
- verdeling van verantwoordelikheid en gesag;
- realisering van individuele seggenskap, verpligtinge en regte;
- bestaan van talle sosiale verbande (Van Schalkwyk 1986:3).
- sy bestaan op 'n bepaalde plek en tyd;
- gemeenskaplike bestaansrykdom, strewes en belange;
- verandering;
- kompleksiteit; sowel as
- waardes en norme (Pretorius 1990:32).

Dit blyk duidelik dat die *sosiale milieu* die dinamiese lewensruimte of omgewing insluit wat betrekking het op die individuele wisselwerkingspatrone met ander individue in sosiale verband. Tydens die stigting van bepaalde verwantskappe stel die *sosiale milieu* die individu enersyds in staat om homself te oriënteer teenoor objekte, teenoor ander mense, teenoor konsepte en teenoor homself. Andersyds om die individu gedurende die konstituering van sosiale verhoudinge bewus te maak van die ongeskrewe reëls, norme en waardes van die gemeenskap. Die individu moet besef dat hy 'n wese is wat saam met andere mense wat gelykberegting is, moet lewe. Dit is om dié rede dat sy handeling en optredes onder geen omstandighede, die ander lede van die groep moet benadeel nie.

Voorafgaande paragrawe omskryf geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies. Veral is daar van verskeie outeurs se beskouinge en omskrywings gebruik gemaak. Ondersoeker wil in dié onderhawige studie aandui in watter mate geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in verskeie opvoedingsituasies werklik word.

1.3. NAVORSINGSPROBLEEM

In die lig van voorafgaande inleidende oriëntering en konseptualisering kan die probleemstelling van die onderhawige studie soos volg geformuleer word:

In hoe mate is versteurde gesinsverhoudinge verantwoordelik vir die beleving van konflik in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park?

1.4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die ondersoeker poog om die volgende sentrale teoretiese stelling te verifieer:

Konfliksituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park oefen 'n betekenisvolle invloed uit op sy persoonlikheidsontwikkeling. Gevolglik word die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in sodanige milieu-gestremde gesinne oor die algemeen ontoereikend verwerklik.

1.5. METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Die hoofdoel van metodologiese verantwoording is om 'n teoretiese literatuurondersoek daar te stel. Alles geskied aan die hand van 'n uitgebreide studie van relevante vakwetenskaplike literatuur. Die verbandlegginge word teoreties gedoen, aan die hand van geraadpleegde literatuur.

Sodanige metodiek is 'n beskrywende-verklarende studie, ten einde 'n geheelbeeld te verkry van konfliksituasies in die leefwêreld van milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park, soos wat uit die volgende verduidelikings blyk:

1.5.1. 'n Beskrywende studie

Spesifieke karaktertrekke van die onderwerp onder bespreking word beskryf met die doel dat die inligting 'n bydrae kan lewer tot die teoretiese begryping van die verskillende wyses waarop individue optree (vgl. Cates 1985:95).

In dié verband toon Mouton & Marais (1988: 48-50) aan dat die onherhaalbare in menslike gedrag en opvoeding verken en beskryf word. Daar is sprake van 'n direkte samehang tussen die verskynsels wat bestudeer word, sodat die direkte belang wat dit vir die ondersoeker mag inhou op 'n kleiner steekproef toegepas word. Gevolglik sal die verband van konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent ondersoek en beskryf word. Die doel is om 'n kwalitatiewe beskrywing te gee van die gesteldhede van die gesinslewe van sodanige milieu-gestremde adolessent.

1.5.2. Verklarende studie

Pogings word aangewend om 'n gestruktueerde kennisgeheel ten opsigte van die invloed van konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park te verkry. Om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes aan te toon, en om ook rigting van dié verband aan te toon. Mouton & Marais (1988:45) wys daarop dat verklarende navorsing bepaalde verskynsels in terme van sekere oorsake verklaar.

In die onderhawige studie word gevolglik beoog om konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessente te verklaar in terme van samelwingsfaktore en opvoedingstyle van sodanige milieu-gestremde adolessente se ouers.

1.6. NAVORSINGSDOEL

Die doel van die studie kan soos volg gestel word:

Om die beleving van konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief te beskryf.

1.7. PROGRAM VAN ONDERSOEK

Na die voorafgaande inleidende oriëntering, konseptualisering en probleemstelling, sien die verdere program van dié studie en ondersoek soos volg daar uit:

In **hoofstuk 2** word sosio-kulturele en fisies-psigiese verklarings oor teorieë en navorsing betreffende die oorsake van adolessensieprobleme gegee.

In **hoofstuk 3** word die eietydse samelewingspatroon en die invloed daarvan op die psigiese hunkeringe en houdinge van adolessente in Eldorado Park beskryf met die doel om aan te toon hoe dit moontlik aanleiding mag gee tot talle konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park.

In **hoofstuk 4** word beoog om 'n empiriese verkenning uit te voer. Uit talle adolessente wat tydens onderhoude ondervra is, word vyf uitgesonder om as eksemplariese enkelstudie te dien.

In **hoofstuk 5** word 'n samevatting gebied van bevindinge en aanbevelings wat uit die onderhawige ondersoek voortvloei. Op grond van dié bevindinge, die interpretasie van gegewens en bespreking daarvan, word die gevolgtrekkings waartoe geraak word, gestel. Aanbevelings sal op basis van die gevolgtrek-

kings gedoen word. Ten slotte sal enkele navorsingsvoorstelle vir verdere navorsing aangedui word.



HOOFSTUK 2

SOSIO-KULTURELE EN FISIES-PSIGIESE VERKLARINGS OOR DIE OORSAKE VAN ADOLESENSIEPROBLEME

HOOFSTUK 2

SOSIO-KULTURELE EN FISIES-PSIGIESE VERKLA- RINGS OOR DIE OORSAKE VAN ADOLESSENSIE- PROBLEME

2.1. INLEIDING

Soos blyk uit die inleidende hoofstuk, handel die onderhawige studie spesifiek oor konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park. Waar hoofstuk 3 ondersoek sal instel na die eietydse samele- wingspatroon en die invloed daarvan op die psigiese hunkeringe en houdinge van milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park, sal die ondersoeker poog om in dié onderhawige hoofstuk die volgende vrae aan die orde te stel:

- *Hoedanig beïnvloed die probleme van die adolessensiejare die interper-
soonlike verhoudinge en die persoonlikheidsontwikkeling van die adoles-
sent?*
- *Hoedanig beleef die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park sy ge-
sinsituasie as problematies?*

Die adolessent word letterlik en figuurlik gedwing tot deel- name, ordening en stellingname teenoor homself en die verande- ringe wat in hom plaasvind. Dit gaan met introspeksie, selfde- definiëring en konsolidasie van die eie persoonwees, vorming van selfkonsep en selfbewussyn gepaard (Denmark & Goodfield 1978:375).

In ooreenstemming met Coleman (1978:5) toon Dornbusch et al. (1987:1244-1257) aan dat die adolessent se frustrasies dikwels in onverklaarbare optredes weerspieël word. Onder andere sluit dit aktiwiteite soos ongevraagde aggressie, oormatige prikkelbaarheid, labiele vriendskapsverhoudinge en ander sydelingse twispunte oor skynbare onbenullighede in. Dié gedraginge dui gevolglik op 'n onbehaaglikheid en ongeborgenheid in die eietydse milieu-gestremde adolessent se leefwêreld, wat moontlik op stalle konfliktsituasies kan uitloop.

Opvoedkundiges poog om 'n antwoord te vind op die vraag waarom die eietydse maatskaplike situasie vir sekere mense onleefbaar geword het. Hulle soek na opvoedingstrategieë in 'n veranderde wêreld om die menslikheid van die mens, as outentieke moontlikheid van menswees, te wek en te laat gedy. Vir 'n verantwoordelike kultuurskeppende voortbestaan is dit van groot belang dat ouers en adolessente bewus word van die maatskaplike faktore wat die eietydse lewenswyses en lewensopvattinge negatief beïnvloed.

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat verskeie aspekte in verband met persoonlikheidsontwikkeling van die adolessente en sy selfkonsep, asook besondere aspekte van dié probleem bespreek word. As basis vir die verdere gedagtegang, word teorieë omtrent adolessensie as raamwerk geneem.

2.2. TEORIEË OMTRENT ADOLESSENSIE

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid oor die konsep "adolessent" en "puberteit" is nie. Dit is heeltemal verstaanbaar as in ag geneem word dat die totale persoonstruktuur van die adolessent hier te sprake is. Op sig-

self dek dit so 'n wye terrein dat daar nie op volledigheid en eenstemmigheid aanspraak gemaak kan word nie. Geen wonder dat navorsers deur die jare dit problematies gevind het om spesifieke ouderdomsgrense af te baken. Die adolessente, waarop dié onderhawige studie betrekking het, is hoërskoolleerlinge met 'n ouderdom van dertien tot een en twintig jaar oud.

In die eietydse samelewing is die adolessent onderhewig aan vinnige fisiese en fisiologiese groei (Peterson 1990:404); sodat hy by uitstek getipeer word as

- "...someone between the ages of biological and social maturity" (Jarvis 1990:5);
- "...a child-becoming-man" (Hain 1974:34); sowel as
- "...leave taking of dependencies of childhood and precocious reach for adulthood" (Hurlock 1973:2).

Mussen et al. (1984:461) beskou adolessensie as 'n periode van fisiese, seksuele, psigologiese en kognitiewe veranderinge sowel as veranderinge in sosiale vereistes.

Gevolgluk verwys die konsep "puberteit" na karakteristieke liggaamlike veranderinge wat met die mens se geslagsrypheid geassosieer word (Fein 1978:439).

Pretorius (1990:133) tipeer vervolgens die jeugtydperk as 'n periode van innerlike onrus en in-beweging-kom. Gevolgluk onderskei hy die volgende vier fases:

- die voorpuberteit, wat ongeveer die elfde jaar by meisies ongeveer die dertiende jaar by seuns voorkom. As aanloopfase dui dit die eerste tekens van die ontwikkeling van sekondêre geslagskenmerke van puberteit aan;

- die negatiewe fase, wat by dogters van 12 tot 14 jaar, en by seuns van 13 tot 15 jaar voorkom. Dié groep vertoon moeilike gedrag en negatiewe stemminge;
- die eintlike puberteitsfase, tot ongeveer die 18 jaar;
- die adolessensieperiode, tot 20, 21 jaar.

Dié veranderinge, soos hormoonveranderinge en onewewigtigheid in die liggaamsbou, is moontlik die oorsaak van talle van die adolessent se probleme.

Die mees betekenisvolle definisie van die konsep "adolessensie" blyk om die van Jary & Jary (1991:6) te wees

"...the stage in the life course between childhood and adulthood marked by the beginning of adult sexuality but coming before full adult status or final detachment from the family of origin or orientation".

Die eietydse adolessent verkeer ten opsigte van sy ambivalente posisie in 'n grensposisie. Hy bereik dié punt waar hy die wêreld na volwassenheid moet oorsteek. Hy besef ook dat hy nou nie meer in die wêreld van die kind behoort nie. Dié grensposisie maak hom emosioneel onstabiel. Gevolglik lei dit tot konfliktsituasies wat dikwels op wangedrag, aggressiwiteit en teruggetrokkenheid uitloop. Die adolessent is verward en poog om sy verwardheid op te los

"...through his response to his parents through turning to other adults and to a large extent through turning to his peer group..." (Josselyn 1971:57).

Aan die hand van verskillende navorsers word dié probleme omtrent adolessensie deur middel van sosio-kulturele en fisies-psigiese verklarings vervolgens uitgelig en bespreek.

2.2.1. Sosio-kulturele verklarings van adolessensieprobleme

Die ontwikkeling van die individu moet altyd beskou word teen die breë sosio-kulturele agtergrond van die tyd waarin hy lewe. Talle faktore werk saam om 'n besondere karakter te verleen aan die sosio-kulturele konteks waarin elke persoon hom bevind, byvoorbeeld die heersende waardes, gelowe, die vlak van tegnologiese ontwikkeling, gedragsnorme en die ekonomiese en politieke stelsels (vgl. Gerdes et al. 1988:16). Sodanige individu ontwikkel in terme van die mense met wie hy vanaf geboorte saamleef, wat hom versorg en sy behoeftes bevredig. Hy leer ook om rekening te hou met dié mense se behoeftes, geaardhede en kwaliteite. Gevolglik moet hy hom oriënteer by die spesifieke soort sosiale lewe en kultuur waarin hy lid is, asook by die eise wat die gemeenskap en individue aan hom stel (vgl. Griessel 1985:76-77; Harmse 1982:154).

Talle kulture is in 'n oorgangstadium, en die eietydse individu kom gevolglik tussen die oue en die nuwe te staan. Sodanige individu moet hom gevolglik oriënteer by 'n sosio-kulturele verband wat op sigself strydig is met sy eie kultuur. Talle Swartes in die RSA is byvoorbeeld ontwrigte mense vanweë die eise van die eietydse samelewing aan die een kant en hul eie kulturele tradisies aan die ander kant.

Die struktuur van die eietydse samelewing is nie net heel verskillend van dié eise van 'n ongekompliseerde samelewing nie,

maar ook vanweë die verskynsel van die verandering anders as die samelewing van die afgelope vier of vyf dekades gelede. Maatskaplike struktuurveranderinge is begryplik in die lig van Gurvitch se lae-teorie met betrekking tot die eietydse samelewingstruktuur, dit wil sê die *boonste laag*, wat die wêreld omvat soos dit sintuiglik waargeneem kan word; die *tweede laag van menslike kontak* (sosiale organisasie); die "*dieper laag van die norme*, en die "*diepste*" laag wat die sedelike en godsdienstige oortuigings van die mens verteenwoordig (vgl. Gresse 1971:37). In werklikheid is daar altyd 'n wanbalans tussen die belewing van dié aspekte.

Gurvitch wys daarop dat die oorgang vanaf die neëntiende eeu na die twintigste eeu geweldig groot veranderinge veral ten opsigte van die eerste lae teweeggebring het, terwyl die vierde laag agtergebly het in die ontwikkeling (Gresse 1971:38). Met ander woorde op ekonomies-tegniese gebied het die ontwikkeling te snel plaasgevind vir die menslike aspek om dié pas te kon volhou.

Daar het ook 'n geweldige toename in die bevolkingsaanwas van die wêreld gekom. Gevolglik het daar 'n diep kloof tussen die ekonomies-tegniese ontwikkeling en die meer geestelik-kulturele waardes ontstaan waarin laasgenoemde by eersgenoemde agtergebly het. Wanneer dinamiese struktuurveranderinge in 'n samelewing plaasvind op só 'n heftige wyse as wat tydens die begin van dié eeu die geval was, kan daar grootskaalse probleme op elke menslike wordingsvlak verwag word en veral ten opsigte van die opvoeding (vgl. Gresse 1971:38).

Volgens vergelykende navorsing deur verskeie volkekundiges gedoen, onder andere Margaret Mead (1965:111-112 en 173), met haar navorsing aangaande die puberteitsjare in Samoa, het aan die lig gekom dat die probleme waarvoor 'n adolessent in die

eietydse samelewing te staan kom, kwalitatief sowel as kwantitatief van dié waarvoor die Samoaanse adolessente te staan kom, verskil. Gevolglik word daar veralgemeen en afgelei na aanleiding van dié bevindinge dat die probleme van adolessensie terug herlei kan word na milieu-invloede. Gevolglik was daar 'n klemverskuiwing na die ander uiterste. Vandag word besef dat nóg die biologiese nóg die sosiale opvatting in die lig van die hedendaagse kennis geheel en al aanvaarbaar is. Die ondersoeker moet gevolglik die biologiese sowel as die sosio-kulturele aspekte in oënskou neem indien hy die adolessent se probleme werklik wil verstaan.

In elke kultuur is adolessensie 'n oorgangsperiode in die bio-sosiale status van die adolessent as persoon. Daar is geen kultuur waarin die puberteitsjare nie 'n periode van oriëntering is nie. Dié oriëntering sal heel waarskynlik sonder probleme verloop indien die kultuur duidelike norme voorsien wat die aard en wyse, van sodanige oriëntering omskryf, as die voorbereiding daarvoor voldoende is en die oorgangsperiode nie té lank of té kort is nie.

Dit moet in gedagte gehou word dat die kind self 'n aktiewe aandeel in sy volwassewording neem, want "...hy wil self-iemand-wees" (Langeveld 1969:45) en dan veral ten opsigte van die betekenis wat hy aan homself en sy wêreld heg. Die betekenis wat hy aan invloede mag heg, hang af van die verwysingsraamwerk en wêreldbeeld waarmee hy dit benader. 'n Wêreldbeeld wat deur hom opgebou is deur spontane ervarings wat deur opvoeding geopen (of gesluit) word. Dié spontane ervarings het uit 'n ingewikkelde samespel van faktore ontstaan. Eldorado Park bevat talle negatiewe invloede wat menswording kan bedreig. Gevolglik vind veral die milieu-gestremde adolessent dit moeilik om dié invloede só te verwerk dat sy selfwording as menslike opgawe, nie ook bedreig word nie.

Die eietydse jeugproblematiek wortel in die eietydse kultuursituasie. Vergelyk in dié verband die velerlei probleme wat saamhang met die:

- *verskynsel van massifikasie en vertegnisering van alle lewendinge;*
- *die oorbeklemtoning van realiteite, materialisme en oppervlakkigheid;*
- *die mobiele en gejaagde lewenswyse;*
- *die heterogene en kosmopolitiese kultuursituasie en meegaande internasionalisme;*
- *die gesinloosheid en gesinsontbinding; en*
- *die oorbeklemtoning van die sintuiglike en liggaamlike, die geslagtelikheid in gesprekke en grappe, geskrifte en films.*

Gevolgtik kom die adolessent se morele en psigogeslagtelike ontwikkeling onvermydelik in branding. Die eietydse adolessent verkeer onder groter druk om in sy doelnastrewing ten spyte van teenslae, te volhard. Hy is verder onder groter druk om meer inisiatief aan die dag te lê en om voorsorg, handelingsonafhanklikheid, verantwoordelikheid, respek en selfkritiek vir die eise van die realiteit te hê. Die eietydse adolessent is ook minder as kinders afhanklik van sy ouers se goedkeuring. Hy speel meer 'n aktiewe rol in die formulering van sy eie doelstellings en die neem van selfstandige besluite (Ausubel 1965:7 en 15-16).

In elke kultuur word adolessente aangetref wat in konflik met hulle ouers, onderwysers en ander volwassenes verkeer. Daar is kulture waar die oorgang van adolessensie na volwassenheid geleidelik plaasvind. Soos reeds by implikasie gekonstateer, beleef adolessente in die eietydse samelewing 'n verlengde

kultuur-puberteit. Vir die voorsiening van hul basiese behoeftes, is hul langer van hul ouers afhanklik.

In die eietydse, moderne tegnologiese struktuur, moet adollesente eers voorberei word om hul plek in die beroepswêreld te kan volstaan. In die eietydse samelewingspatroon word dit vir die eietydse kind moeilik om op volwassenheid vatkans te kry, al staan dié wêreld vir hom heeltemal oop. Die eietydse adollesent word miskien fisies volwasse, maar die pedagogiese volwassenheid, wat normatiewe eise stel, bereik die adollesent selde in 'n ware pedagogiese situasie. Daar is talle ouers wat self onseker en rondtastend is. Hulle is nie opgewasse vir die taak van ouerskap nie. Sodanige ouers se kinders ervaar 'n spanningsveld tussen vryheid en angs, simpatiegevoelens en aggressiedrif. Gevolglik is sodanige adollesente in Eldorado Park maatskaplik verwilder.

'n Baie belangrike faktor wat volwassewording nie net bemoeilik nie, maar ook verleng, is *polivalente pluralisme* wat eie is aan die staat van eietydse volwassenheid (Van den Berg 1967:46 e.v.). Ander outeurs praat in dié verband ook van *normpluralisme* (*meervoudigheid ten opsigte van geldende norme*) as kenmerke van die *polivante struktuur* (*gekompliseerde samelewing*) waarin die kind met ver uiteenlopende *teëstellende norme* te doen kry (vgl. Gresse 1971:45). In Eldorado Park is dit 'n faktor wat vir die adollesent en sy ouers 'n groot probleem geword het, en waarskynlik 'n nog groter probleem gaan word. Die eerste en belangrike feit wat nie weggeredeneer kan word nie, is dat die mens binne 'n bepaalde kultuur lewe en dat die gemeenskap waarvan hy lid is, dié betekenisvolle eenheid in sy stryd om te bestaan is.

Van den Berg (1967:117) voeg by dat dit geen twyfel ly nie dat die eietydse samelewing in die toekoms nog ingewikkelder en meer polivalent gaan word. Dié verskynsel word toegeskryf aan

die feit dat die moderne mens in "meervoud" leef. Hy behoort aan verskillende sosiale groeperinge en verrig sy taak as mens binne 'n verskeidenheid sosiale verbande, in 'n samelewing waarin ook 'n verskeidenheid subkulture met botsende norme bestaan. Dié ryk geskakeerdheid van die eietydse samelewing, as bestaansordening, dui op die talle moontlikhede van waarde-toekenning.

So 'n veelvormige wêreld skep talle geleenthede vir die adolessent om sy weg in die wêreld te kies in ooreenstemming met die eise van menslikheid maar ook maklik, vanweë polivalente waardes, ontaard in 'n botsende en ontwrigtende meervoudigheid waarbinne die eietydse adolessent in Eldorado Park nie so maklik 'n tuiste vind om die tradisie te verwerk, toe te eien wat die moeite werd is, en te verwerp wat nie aan die eise van behoorlikheid voldoen nie om uiteindelik op eie wyse die tradisie sinvol te vernuwe. Eldorado Park is 'n meervoudige wêreld van botsende belange, waardes, norme en uitgangspunte.

In dié verband verwys Jordaan (1973:84) na 'n oorgeorganiseerde samelewing as

"... 'n kloof tussen volwassewees en kindwees, 'n ondeursigtelike volwassenheid en 'n funksionele rasionaliteit".

Die eietydse mens het 'n veelheid van sosiale rolle wat hy moet vervul. Gevolglik werk dit verwarring en onduidelikheid in die hand. Omdat die adolessent nie presies meer weet wat om na te volg nie, het dit onsekerheid, spanning, angs en ontevredenheid tot gevolg.

Aansluitend hierby is die beleving van ambivalensie in die samelewing, deur Pistorius (1971:236) geïnterpreteer as 'n

botsing tussen twee teenoorgesteldes en gevolglik onversoenbare waardepatrone wat die adolessent se identiteitswerwing benadeel omdat die ouer dikwels nie voorleef wat hy voorhou nie (Botha 1975:107).

Die adolessent kry ook te doen met 'n *ideologiese pluralisme*, gekenmerk deur 'n veelheid van lewensopvattinge wat almal verdra en met simpatie bejeen word as deelwaarde wat bestaansreg het. Volgens Botha (1975:106) word die opvoeding deur dié verdraagsame en toegeeflike houding jeens verskillende lewensopvattinge geaffekteer

"...in dié mate dat die opvoedingsdoel na sy inhoud nie altyd duidelik bepaalbaar is nie. Met so 'n permissiewe in die opvoeding sal dit uiters moeilik wees om die inhoud van 'n partikuliere volwasseheidsbeeld aan te dui en oor te dra" (Botha 1975:106).

Volgens Friedenborg (1964:13) is die belangrikste beleving van die kultuur-adolessensie geleë in die sogenaamde selfinkeer en eksistensiële beleving. Gevolglik beleef die adolessent homself as feit en norm. Sodanige adolessent word bewus van sy eie waardes en norme en toets daaraan situasies, besluite en persone waarmee hy in aanraking kom. Vandaar die kritiek en konflik met gesag wat dikwels na vore kom. Adolessensiekonflik is dié instrument waarvan die adolessent die volledige verskil tussen homself en sy milieu leer

"...in a society in which there is no difference, or in which no difference is permitted, the word 'adolescent' has no meaning".

Te veel organisasie en reoriëntasie konfronteer die eietydse milieu-gestremde adolessent in die sosio-kulturele milieu. Dié

nuwe stel waardes en ideale wat nou aktueel geword het, plaas hom dikwels in spanningsvolle en konflikterende situasies. Die afleiding wat Cole & Hall (1970:274) na die oorweging van voorafgaande maak, is soos volg van besondere belang:

"In general the larger the discrepancy, the greater the tension and the more serious the emotional maladjustment".

Konflikte ontstaan in die eietydse leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent. Dit is omdat hy alreeds vir homself min of meer 'n presiese beeld gevorm het van wat sy kultuur van hom as toekomstige volwassene verwag. Hy meet homself toenemend aan norme en waardes. Een van die belangrikste probleme is om sy lewe so te reguleer dat hy die gevoel kry dat hy besig is om die ideale selfbeeld van homself te bereik. Sy selfkonsep word beïnvloed deur sy begrip van hoe geslaagd, of nie geslaagd, hy aan die eise van die samelewing voldoen het (vgl. Gerdes et al. 1981:72-73).

Dikwels verkeer die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park onder groter druk om te volhard in sy doelnastrewing ten spyte van teenslae, om meer inisiatief te openbaar en om voorsorg, handelingsonafhanklikheid, verantwoordelikheid, respek en selfkritiek vir die eise van die werklikheid te hê. Wanneer adolessente volwassenes in hul eie reg wil word en die gemeenskap se doelstellings en vereistes in oënskou neem, vind hulle meestal dat hulle eie idees en ideale dikwels daarmee bots. Gevolglik laai spanning op. Die adolessent kan homself nie laat geld of geheel en al isoleer nie. Gevolglik ervaar hy 'n spanningsveld tussen vryheid en angs (Du Plooy & Kilian 1982:106).

Dié eise van gekompliseerde volwassenheid word sosiaal en kultureel bepaal. Dit is juis die sosiaal-kultureelbepaalde

volwassenheid wat die eietydse milieu-gestremde adolessent op groot hoogte in 'n onsekere situasie plaas, wat die ontwikkeling van 'n bestendige en geïntegreerde beeld van homself in die wiele ry. Dit is omdat in die Westerse samelewing die adolessent nog nie as volledig volwasse beskou word nie. Daar word van hom verwag om 'te onthou dat hy groot is', maar soms moet hy gehoorsaam en onderdanig soos 'n kind beslissings van volwassenes, oor hoe hy moet handel, aanvaar (Harmse 1982: 153). Dit ontaard dikwels in konfliksituasies, want die handhawing van:

"True independence from parents is seldom a simple matter. Motivations and rewards for independence and for continued dependence on the family are both likely to be strong, leading to conflict and vacillating behavior" (Mussen et al. 1984:479).

In die eietydse samelewing is die skool deel van die Westerse kultuur. Dit is 'n verlengstuk van die huis. Gevolglik is daar sprake van 'n opvoedingsverhouding tussen adolessent en onderwyser. In die skool kom die adolessent in aanraking met ander leerlinge wat lede is van dieselfde kultuur as hy, asook met lede van ander kulture, soos byvoorbeeld die immigrant. Dat daar groot verskille tussen adolessente bestaan ten opsigte van hul ervarings, kennis van en beïnvloeding deur dié sosio-kulturele milieu, kan nie betwyfel word nie. Die gesinsituasie uitgesonderd, is dit vir die adolessent in Eldorado Park die skool wat 'n belangrike deel van dié sosio-kulturele milieu uitmaak.

Die skool, as draer van die norme en waardes asook die kultuur van die volk, speel 'n verneme rol in die adolessent se leefwêreld. Dit dra ook by tot die konflik, spanning en angs van die adolessent. Behalwe die formele onderrig, het die skool in Eldorado Park gevolglik ook die taak om die leerlinge op in-

formele wyse met die gemeenskap se sosiale en kultuurpatrone in aanraking te bring. Die hoërskool kan beskou word as 'n formele, konstusionele instelling vir die onderrig van adollesente. Gevolglik lê die skool hom doelbewus daarop toe om 'n belangrike invloed op die leerling se intellektuele, sedelike en algemene ontwikkeling uit te oefen.

Ondersoeke deur Havighurst en Neugarten (1962:243) dui daarop dat 'n aansienlike persentasie adollesente in 'n sekere mate twee leefwyses voer en hulself in twee ervaringswêreld bevind, naamlik:

- die leefwêreld soos gekonstitueer deur moontlikhede wat die skool bied en die eise wat hy stel;
- die wêreld van die adollesent se drome en aspirasies, sy onsekerhede en sy verwagtinge.

Bogenoemde twee wêrelde is dikwels ver van mekaar verwyder. Voor die onderwyser in die klas sit 'n adollesent, maar die onderwyser besef dikwels nie dat dieselfde adollesent soms in stryd en konflik met sy eie belange verkeer nie.

Die skool is in sekere opsigte in 'n groter mate as die ouers, in staat om die adollesent nugter en objektief te benader en te beoordeel met betrekking tot sy aspirasies en probleme, en om minder emosioneel daarby betrokke te raak.

Omdat adollesente van mekaar verskil, lei dit daartoe dat die leefwêreld van elkeen op verskillende wyses deur die skool beïnvloed kan word. Die trefkrag van opvoeding en onderwys sal gevolglik afhang van die adollesent se selfkonsep, ingesteldheid, asook die mate waarin hy hom bereid is om aan die beïnvloeding te onderwerp (Jerslid 1963:326). Die invloed van

die skool op die adolessent se ontwikkelingsgang word deur Jerslid (1963:475) beskryf as:

- *emansipasie van die ouerhuis;*
- *die verkryging van primêre status; en*
- *die verkryging van groter onafhanklikheid in die wilshandeling.*

Daar sal kortliks aandag aan bogenoemde aspekte geskenk word.

2.2.1.1. Emansipasie van die ouerhuis

Benewens die gesin is die skool 'n belangrike sosiale instelling waarmee die eietydse adolessent in aanraking kom. Hy kom in aanraking met die onderwysers wat die ouers se plek in sekere opsigte in die tussenstadium kan inneem. Die adolessent se ontknoping van die bande met die ouers gaan nie met 'n skielike afsluiting gepaard nie. Die gesin word deur die skool geleidelik as die belangrikste instelling, waar die adolessent met die volwassenes se waardestelsels gekonfronteer word, vervang. In die verband verklaar Harmse (1982:188) soos volg

"...die skool bly dus 'n plek wat hy vanuit die huis besoek en die huis bly die basis waarheen hy telkens terugkeer. So vorm die skool vir hom 'n brug vanuit die klein en beskermende gesin as sosiale eenheid na die gemeenskap as groter sosiale eenheid".

Die adolessent bevind hom nou in 'n wêreld wat dikwels vir sy ouers vreemd is. Hy is met vakke besig wat vir die ouer soms vreemd is, of waarvan hulle weinig kennis dra. Onder andere het dit tot gevolg dat die adolessent sy ouers al minder as onfeilbaar en alles-oorheersend beskou. Dit is hier waar die

skool moet help om konflikte, misverstande en spanning tussen ouer en kind in dié emansipasietyd te verlig. McManus (1990: 132) stel dit soos volg:

"First, it channels and controls pupil hostility, and with luck diminishes the impulse to violence; second, it wins time and allows all parties the change to negotiate and compromise; third, it helps to persuade pupils who feel victimized that some adults can be trusted; fourth, it allows the tutor and the pupil to exchange real understanding in situations of crisis,..."

Die skool moet gevolglik as tussenganger optree in die herstel van kommunikasie en wedersydse aanvaarding sowel as die verduideliking van ouer en kind se standpunte aan mekaar.

2.2.1.2. Die verkryging van primêre status

Aansluitend by voorafgaande kan gevolglik gestel word dat die primêre status in die hoërskool 'n sentrale plek inneem in die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling. Die belangrikheid van die skool, as bron van dié status, neem toe. Gevolglik spruit die adolessent se optredes, prestasies en aanvaarding van waardes al meer uit 'n behoefte aan selfverwesenliking en selfverheffing.

Volgens Harmse (1982:218) is daar twee tipes primêre statusse wat verkry kan word:

- Die status wat in verband met skolastiese prestasie en gepaardgaande aansien staan.
- Die status wat 'n verband hou met die kursus en die vak-

keuses wat gevolg word, in ooreenstemming met die adolessent se beroëpaspirasies en toekomsplanne.

Die bestaan van die primêre status se waardes is hoofsaaklik tydelik totdat die adolessent werklik volwassenheid bereik het.

2.2.1.3. Die verkryging van groter onafhanklikheid in sy wilshandeling

Die verhouding tussen onderwyser en adolessent in die skool, oefen 'n belangrike invloed uit op die ontwikkeling wat nodig is om met volwassenes te verkeer. Die adolessent se verhouding met onderwysers en maats bied aan hom die geleenthede om spesifieke besluite en verantwoordelikhede binne 'n opvoedingsklimaat te neem. Wanneer hy misluk is daar 'n geleentheid tot herstel en dit is gevolglik geen katastrofe nie.

Vir die eietydse milieu-gestremde adolessent kan daar talle probleme opduik, veral as hy geïsoleerd van ander sosiale groepe grootgeword het. Dikwels beleef die adolessent die verhoudingsituasie in die skool as vreemd en vyandig. Gevolglik misluk hy omdat hy verward en bang is (Le Roux & Smith 1992: 102). Sodanige adolessent ontvang weinig aanmoediging om hoër te aspireer. Sy gesinsituasie kan hom swak toerus om 'n hoër sosiale posisie te bereik en om die gesin met trots te bejeën (vgl. De Beer 1977:134). Finansiële vermoëns van die ouers neem 'n belangrike plek in ten opsigte van die milieu waarin die adolessent grootword, die persone met wie hy in aanraking kom en die aard van sy aspirasies en toekomsverwagtinge (vgl. Ferreira & Mathibe 1993:4).

Ouers se verwagtinge en die eise wat hul stel bied koers en stutkrag aan die adolessent se volwassewording. Waar die adolessent nie aan hierdie verwagtinge kan voldoen nie, verkeer hy in konflik met die volwassenes.

2.2.2. Fisies-psigiese verklarings van adolessensieprobleme

In die voorafgaande bespreking is daar kennis gemaak met verskeie beskouinge oor die sosio-kulturele veranderinge wat die adolessent in sy op-weg-wees na volwassenheid ondergaan. Dié weg gaan gepaard met talle struikelblokke wat die eietydse adolessent in Eldorado Park tot konflikte met die volwassenes lei.

Biologies beskou ondergaan die adolessent opvallende liggaamlike kenmerke wat meegebring word deur die inwerking van hormone wat deur die buislose kliere en ander kliere direk in die bloedstroom afgeskei word. Dié hormoonveranderinge en onewewigtigheid in die liggaamsbou, is moontlik die oorsaak van talle probleme. Dit dwing die adolessent as't ware tot 'n stellingname ten opsigte van veranderinge wat in homself plaasgevind het of besig is om plaas te vind.

Die leser se aandag word gevolglik op die uniekheid van die puberteitsituasie gevestig. Enersyds is daar die opstuiwing van kragtige drifte, motiewe of neigings. Andersyds is daar nog 'n onontwikkelde persoonlikheidsstruktuur wat die liggaamlike en gevoelsmatige drifopwellings moet hanteer. Die regulering, kanalisering en sublimering van dié drifmagte moet nou plaasvind onder die leiding van die gees, die psige, die verstand en die wil (vgl. Fein 1978:439-440). Gevolglik word sy

geslagsdrang 'n groot bron van bekommernis. Hy word gekonfronteer met teenstrydighede wat die hantering van die individuele seksualiteit en sy besluite oor seksuele gedrag kompliseer. Voorhuwelike kuisheid bly byvoorbeeld 'n ideaal, maar die behoud van dié ideaal word problematies weens die volgende redes:

- Die lengte van die tydperk tussen die bereiking van geslagsrypheid en die bevrediging van die drang in die huwelik.
- Die geweldige mate waarin die massamedia, advertensies en letterkunde die geslagsdrang prikkel.
- Die hedonistiese materialistiese houding ten opsigte van die lewe wat die filosofie van onmiddellike bevrediging beklemtoon (vgl. Gerdes *et al.* 1981:281).

Alles gaan gepaard met 'n evaluering wat lei tot uitermatige selfbewustheid. Veral is dit die gevolg van onsekerheid ten opsigte van die aanvaarbaarheid van sy liggaamlike voorkoms (Harmse & Kirstein 1980:210; Gerdes *et al.* 1981:73). Vir sommige eietydse adolessente is hul liggaam 'n bron van baie ongelukkigheid. Hulle vind dit problematies of bykans onmoontlik om in die samelewing die taak van volwassene te vervul as hulle nog fisies nog nie daarvoor opgewasse is nie. Konflik en spanning ontstaan wanneer daar steeds swaarder verpligtinge op hulle gelaai word. Dié situasie vererger as die ouer verwag dat die adolessent dieselfde liggaamlike prestasie as die volwassene moet lewer (Griessel 1985:72; Du Plooy & Kilian 1982:101).

Elke adolessent wil graag die paslike ideale liggaam vir sy geslag hê. Hoe verder sy liggaam daarvan afwyk, hoe meer ontsteld raak hy en hoe langer vat dit hom om met sy liggaam te versoen. Aangaande die adolessent wat baie laat ontwikkel, het

Mussen et al. (1984:474) bevind dat sodanige adolessent 'n gevoel van onbekwaamheid, minderwaardigheid en 'n swak self-konsep beleef. Sy persoonlikheidsontwikkeling word gevolglik uitermatig gerem.

Die lang uitgerekte Westerse puberteitsfase skep baie frustrasies vir die adolessent. Sodanige adolessent verkeer in tweespalt. Enersyds belewe hy nou meer as ooit tevore die behoefte om self iemand te wees en te word (Langeveld 1969:46). Andersyds is hy nie bereid en bevoeg om werklik alleen die verantwoordelikheid vir sy selfstandige optrede op sy skouers te neem nie. Dié probleem is grootliks psigies van aard want sodanige adolessent moet ingewikkelde norme en lewenswyse by sy fisiese ontwikkeling inkorporeer (Harmse & Kirstein 1980:195-196).

Dié probleem word deur Muus (1974:4) treffend opgesom:

"Psychologically, it is a 'marginal situation' in which new adjustments have to be made, namely those that distinguish child behavior from adult behavior in a given society".

Dié grenssituasie maak die eietydse milieu-gestremde adolessent kwesbaar ter aansien van disorganisasie en demoralisasie van homself as persoon. Volgens Weeks (1983:31) moet hy voor 'n tweeledige opgaaf te staan kom: Hy moet die beïnvloeding vanuit twee verskillende oorde hanteer en aan die veranderende situasie ~~pers~~ ^{personele} betekenis gee en dit as't ware herdefinieer. Die konflikte waaronder die eietydse adolessent verkeer, verhoog die spanning in hom. Gevolglik is sodanige adolessent diep, soms pynlik, van homself bewus in sy poging om duidelikheid ten opsigte van dié betekenis van dié veranderinge te verkry.

2.3. PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Die konsep "persoonlikheid" verwys na alles wat iemand 'n heeltemal eie karakter gee (Odendal 1984:833). Dié 'alles' impliseer geïntegreerde en dinamiese totaliteitstruktuur van 'n persoon se karaktertrekke, houdinge, onderskeidende gedragspatrone en kwaliteite wat deur interaksie met die totale omgewing verwerklik word (Le Roux 1992:113). Stabiele karaktertrekke soos 'n persoon se vermoë, talente, gewoontes, voorkeure, swakhede en morele attribute staan voorop in 'n persoon se persoonlikheid (Gage & Berliner 1992:165).

Halsey & Johnston (1987:594-594A) noem die volgende onder die konsep "persoonlikheid" :

- "...the sum-total of those factors of physique and constitution and those enduring, underlying tendencies of a person which determine his character behavior".
- "...the social stimulus-value of a person".
- "...the acquired habits of an individual, or the characteristic ways in which he does things".
- "...the total make-up of the person or to the central, inner core he is assumed to have".

Die konsep "persoonlikheid" kan teruggevoer word na die Latynse werkwoord *personare*: *per* "deur" en *sonare* "om 'n geluid voort te bring" (Nel et al. 1970:118-119; Griessel 1985:32).

Persona beteken 'masker'. Met verloop van tyd het dit die betekenis 'masker + speler' gekry. Gevolglik is dit enige mens, met sy liggaamlikheid as masker, waarbinne en waarmee hy in

die wêreld sy rol speel (Millon 1981:8; Harmse 1980:13, asook Gerdes et al. 1981:114).

Sonder om verder op verskillende skrywers se definisies in te gaan ten opsigte van die konsep "*persoonlikheid*", kan daar volstaan word met die beskouing van Möller (1993:6) wat postuleer dat

"...persoonlikheid is al die trekke waaruit die persoon bestaan en wat sy rol in die gemeenskap bepaal".

Gevolgtlik is dit 'n refleksie van die sosiale situasies waarin die persoon opgegroeï het en waartoe hy reageer. Die selfbeeld staan sentraal in die funksionering as sosiale speël.

Die besondere probleem waarvoor die eietydse adolessent te staan kom, is die funksie van die *selfkonsep* en *medemenslike verhoudinge* in sy *persoonlikheidsontwikkeling*. Gevolgtlik word kortliks aandag aan dié twee aspekte geskenk.

2.3.1. Adolessensie en selfkonsepvorming

Die adolessent bring saam met hom na adolessensie die somto taal van sy hele ervaringswêreld. Gevolgtlik is hy van homself as 'n persoon bewus. Die mees duidelike kenmerk is juis sy besorgdheid oor sy beskouing en waardebeplating van homself. Dit sluit kognitiewe, emosionele en waardebeplagende elemente in (vgl. Gouws et al. 1986:315; Plug et al. 1989:318).

Die adolessent se bewuswording van wat hy is, sy gevoel, sy waarneming asook sy dunk van homself staan voorop in sy *selfkonsep*.

Le Roux (1992:15) vereenselwig die selfkonsep in terme van totaliteit van beskouinge van, sowel as gevoelens oor, al die selfdimensies. Dit sluit sosiaal verworwe kennis, beskouinge en houdinge ten opsigte van die self in. Die selfkonsep is van kardinale belang vir die adolessent se psigiese lewe. Vanuit die selfkonsep verstaan die adolessent homself. Dit vorm die brandpunt van sy verhouding met die wêreld. Voorts is dit die lens waarmee die adolessent dinge beskou, daarby betrokke is, en daaraan betekenis gee (Vrey 1979:51-52). 'n adolessent wat homself nie kan aanvaar nie, is ook nie in staat om ander persone te aanvaar nie. Die adolessent wat homself aanvaar het, het ook vertroue in sy vermoëns om alles wat hy onderneem, suksesvol uit te voer en goed oor die weg met sy portuurgroep te kom (Vrey 1979:51-52).

In sy ontwakende selfbewustheid vorm die adolessent:

- 'n konsep soos hy is, soos hy homself sien (die ware self);
- 'n beeld soos hy graag wil wees (sy aspirasies, sy ideale self); sowel as
- 'n beeld van hoe hy behoort te wees volgens die standaarde van die samelewing (Möller 1988:132).

Die adolessent takseer homself fisies en psigies in terme van ander se houdinge jeens hom. Die standaarde van die portuurgroep is 'n besondere belangrike maatstaf vir selfevaluering. Hy leun veral op sy gelykes vir ondersteuning en selfomlyning (Gerdes et al. 1981:72). Die adolessent se ouers oefen ook 'n beduidende rol op sy selfkonsep uit. Ouers met 'n negatiewe selfkonsep is dikwels nie in staat om hulle kind tot positiewe selfkonsepvorming te begelei nie (vgl. Ambert 1992:236). Die adolessent met 'n negatiewe selfkonsep is tot selfverwerping geneig (Purkey 1970:36). Sy liggaamlikheid beïnvloed sy persoonbeeld uitermatig. Sodanige adolessent beskou selfs klein

afwykings in sy liggaam as't ware deur 'n vergrootglas en tog dikwels onnodig daaroor, vergelyk byvoorbeeld die meisie wat skielik puisies op haar gesig ontdek. Volgens Harmse & Kirstein (1980:211) verwaarloos sodanige adolessent selfs ander belangrike aspekte van haar persoonlikheid deur die oorbeklemtoning van liggaamlike aspekte.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat die dinamiese aard van die *selfkonsep* voorop staan. Dit is duidelik in die adolessent se begeerte om homself te begryp. Ook om sy mees aanvaarbare gevoelens ten opsigte homself te realiseer. 'n Enkele gebeurtenis kan byvoorbeeld 'n positiewe idee van homself aan skerwe laat spat. Aangesien die adolessent voortdurend in nuwe situasies verkeer, is dit onafwendbaar dat sy *selfkonsep* wysiginge sal ondergaan (Vrey 1979:31).

Die idee wat die adolessent van homself het, word hoofsaaklik deur interaksie met ander mense wat vir hom iets beteken, gevorm. Sy ouers is die klankbord waardeur die adolessent se *selfkonsep* gevorm word.

2.3.2. Die adolessent in sy medemenslike verhoudinge

2.3.2.1. Die verhouding tot gesinslede

Gesinsvorming is wesensnoodsaaklik vir die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling. Die kwaliteit van gesinsverhoudinge is 'n faktor wat baie sterk in die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent, meesprek. Sodanige kwaliteit word bepaal deur die kwaliteit van ek-jy-verhoudinge in die gesin, aldus Pretorius (1990:37).

Primêr is dit die ouers wat dié verhoudinge bepaal. Hulle is die eerste en belangrikste opvoeders in die kind se lewe. 'n Bekwame liefdevolle ouer kan sy kind 'n lewenslange voorsprong gee ten opsigte wat emosionele, intellektuele en morele vorming betref. Inoutentieke ouerskap kan die kind se persoonlikheidsontwikkeling skaad en selfs verantwoordelik wees vir die radikale sosiale ontsporing van die kind (De Beer 1992: 72). In die milieu-gestremde gesinsituasie waar ouers tot outoritêre opvoedingsgedrag geneig is, ervaar die adolessent dat sodanige ouer dikwels afsydig, koud en intolerant teenoor hom optree (Davidson & Moore 1992:377; Kelley et al. 1990: 219). Aangesien gesinslewe 'n intieme interaksie- of groepsgebeure veronderstel, raak sodanige gesinsverhoudinge binne milieu-gestremde verband gevolglik geredelik versteur (Azar 1991:30-46, asook Tolman & Bhosley 1991:113-122).

Om selfgating te handhaaf is dit nodig dat ouers 'n belangrike rol moet speel

"...in determining how well an adolescent will be able to meet the demand for increasing autonomy and become a competent, caring, self-reliant adult with a positive self-image" (Mussen et al. 1984:480).

Die kwaliteit van gesinskohesie is ook 'n sterk bepalende faktor in die ontwikkeling van die adolessent se selfkonsep. Ouers wat in harmonie en liefde saamleef, skep 'n atmosfeer waarvolgens die adolessent se moontlikhede optimaal ontwikkel. Veiligheid en sekuriteit verhoog die adolessent se waaghouding. Hy vrees nie dat sy veilige basis aan omstandighede wat sy terugkeer sal bemoeilik, blootgestel kan word nie.

Ontoereikende veiligheidsbelewing strem die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling. Gevolglik betree hy die skool en

samelewing met gevoelens van lewensonveiligheid en lewensonbekendheid (Geldenhuis 1988:301-302). Daar is weinig sprake van toereikende opvoederlike bemoeienis. Dié adolessent beleef homself as oorbodig en onwelkom in dié gesinsopset (vgl. Fourie 1987:31; Pretorius 1990:248). Dit impliseer 'n problematiese opvoedingsituasie. Die adolessent se gedrag harmonieer gevolglik met sy ongunstige betekenis op affektiewe, kognitiewe en normatiewe vlak.

2.3.2.2. Verhoudinge met die portuurgroep

Intieme en meer standhoudende vriendskappe ontwikkel gedurende adolessensie. Onderlinge lojaliteit, hulp en vertroue is belangrike eienskappe van dié vriendskapsverhoudinge (Harmse 1982:151). Die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die adolessent se psigologiese en sosiale ontwikkeling. Daar vind hy die geleentheid

"...to learn how to control social behavior, to develop age-relevant skills and interests, and to share similar problems and feelings" (Mussen et al. 1984:493-494).

Dit is in die portuurgroep waar die adolessent sy opinies vorm en uitspreek. Hy ervaar dat hy opinies kan lug sonder om gekritiseer te word. Die betekenis hiervan vir die vorming van sy selfidentiteit, is baie belangrik.

Die adolessent se heteroseksuele verhouding word gekenmerk deur sy belangstelling in iemand van die teenoorgestelde geslag. Sy aangetrokkenheid wat aanvanklik fisies en/of eroties is, gaan oor tot 'n hegte vriendskap, en verliefdheid gaan oor in liefde (vgl. Gerdes et al. 1981:172). Namate die

adolessent gevestig raak in die formele operasionele denkwys, begin hy hom in 'n meer realistiese lig sien. Sy selfbewustheid en selfkritiek verhoog drasties (Fein 1978:447-448). Hy is nou in staat om ware interpersoonlike verhoudinge te vorm. Sy vermoë om relasies met ander mense te vorm, het in 'n hoë mate ontplooi. Dit kan waargeneem word in 'n duidelike verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding deur ander en van ander.

2.4. MAATSKAPLIKE KENMERKE VAN DIE MILIEU-GESTREMDE GESIN

2.4.1. Inleiding

Die intieme gesinslewe word negatief gestrem deur die eietydse samelewing. Gevolglik tree onderstaande sosiopedagogiese vraagstelling duidelik na vore:

"Wat beteken die sosiale verskynsels of samelewingsfaktore vir die kind en jeugdige se opvoeding en grootwording tot volwassenheid?" (Pretorius 1990:98).

Die ouer se opvoedingsmetode ten opsigte van sy kind, is onlosmaaklik verbonde aan sy persoonlikheid. Gevolglik dra volwassenheid duidelik die stempel van gesinsbeïnvloeding. Onveiligheid, armoede, sosiale verwerping, frustrasie, moeilike kinderjare asook 'n groot aantal ongelukkige ervarings, maak dit blykbaar vir die eietydse milieu-gestremde gesin onmoontlik om as 'n hegte eenheid te funksioneer (Clayton 1992:44-45; Regoli & Hewitt 1991:161; Cadoret 1992:100). Gevolglik ondervind talle milieu-gestremde adolessente groot moeite om in die

eietydse maatskaplike situasie tuis te voel en daar in te skakel (vgl. Elkin & Handel 1989:83).

Ten einde die problematiek rondom konfliktsituasies in die lewe van milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park te deurgrond en in perspektief te stel, word die aandag hoofsaaklik gevestig op eiesoortige maatskaplike kenmerke van die milieu-gestremde gesin:

- die vader is selde betekenisvol in die gesin teenwoordig;
- ongeordenheid heers in die huis;
- min naskoolse toesighouding is oor die kinders;
- woon in beknopte omstandighede in klein huise, waar daar min indien enige privaatheid is;
- sosiale ontspanningsfasiliteite is onvoldoende (Grové 1984: 54; Du Toit 1992:24);
- 'n swak, substandaard woonbuurt;
- relatief groot getalle immigrante;
- talle ou vervalde eiendomme;
- 'n bo-gemiddelde proporsie gesinne wat staatshulp ontvang;
- 'n bo-gemiddelde proporsie ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders;
- 'n hoë mate van kinderverwaarlosing, swak skoolbywoning, stokkiesdraai en jeugmisdaad; sowel as
- ontoereikende maatskaplike dienste (vgl. Meintjes 1990:122; Pretorius 1990:209).

2.4.2. Kwesbare gesteldhede van die milieu-gestremde adolessent

Die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park beleef talle konfliktsituasies vanweë onderstaande tipe kwesbaarheid:

- **Sosiaal kwesbaar**

Die milieu-gestremde adolessent se kwesbaarheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan gebrekkige sosialisering van die ouer. Dié gesin verkeer in 'n sosiaal-onondersteunende posisie (vgl. O'Hagan 1989:106). Dit beteken dat die milieu-gestremde adolessent nie die sosiale waardes en leefreëls verwerf het aan die hand waarvan hy sy sosiale lewe toereikend kan verwerklik nie.

- **Emosioneel kwesbaar**

Weens versteurde gevoelslewe binne milieu-gestremde gesinsverband ondervind die milieu-gestremde adolessent vasgeloopenheid in die gesinsopset. Hy ervaar ongunstige gevoelsmatige belewing en raak affektief gelabiliseer (Elkin & Handel 1989:34; Cicchetti & Olson 1990:261-280).

Krivaneck (1982:77) merk tereg op dat die gesin dikwels as emosionele ontladingsplek dien. Gesinslede is ten opsigte van die emosionele op mekaar aangewese sodat dit noodwendig lei tot emosionele kwesbaarheid. In dié verband is Chazan et al. (1976:13-14) van mening dat

"...children may be regarded as emotionally deprived when they lack a consistend motherfigure, when the family is fatherless, and when warmth and affection are missing in the family, even when both parents are present".

Die adolessent se gevoel van emosionele kwesbaarheid lei dikwels tot wangedrag. Dit is omdat sy persoonlikheidsont-

wikkeling nie voldoende gesterk word in selfvertroue en verantwoordelikhedsbesef nie (vgl. Kellmer-Pringle 1986:114).

- **Ekonomies kwesbaar**

Een van die belangrikste knelpunte in die milieu-gestremde gesin is die feit dat hier 'n groot mate van ekonomiese onsekerheid opgesluit is. Dikwels besit sodanige gesin nie genoeg geld om die nodige voedsel, skuiling of klere te koop nie (Fantini & Weinstein (1968:13). Dikwels word sodanige milieu-gestremde gesin gedwing tot ernstige ekonomiese gebrek en 'n verlaging van lewenstandaarde. Die vader is gewoonlik werkloos of het die moeder verlaat (Wyne et al. 1974:48). Die ekonomiese las op die moeder word dermate problematies, dat sy nie reg aan haar moederlike taak met betrekking tot die opvoeding van haar kinders in uiters moeilike omstandighede kan laat geskied nie (Knox 1989:42). Die gevolg is die ervaring van bestaansonsekerheid by die adolessent. Dit hou nadelige gevolge vir die kind se latere verhoudingstigting in (vgl. Casanova et al. 1992:31-44).

- **Kommunikatief kwesbaar**

Kommunikasie is 'n moontlikheidsvoorwaarde vir mensontwikkeling en menslike bestaan (Jourdan 1984:74). Uit dié gedagtegang blyk dit dat toereikende kommunikasie geskied aan die hand van gedagtes, menings, gevoelens of inligting van een persoon na 'n ander oorgedra word met die bedoeling om mee te deel, te beïnvloed, of reaksie te ontlok (Le Roux 1992:8). Die kommunikasiepatroon wat die milieu-gestremde ouer handhaaf gaan gepaard met 'n gebrekkige kommunikasiestyl (Brand 1987:39). Negatiewe kommunikasie is gevoelsarm. Dié

adolessent se gemoedslewe word gevolglik negatief aangetas en 'n gevoel van wantroue en mindersyn ontwikkel (vgl. Wood 1981:185).

- **Pedagogies kwesbaar**

Ouers maak hulle dikwels skuldig aan negatiewe optredes en ontoereikende ouerskap. Hulle is selfs verantwoordelik vir die afwykende gedragsprobleme wat die kind mag openbaar. So-danige ouers bly in gebreke om aantreklike verwagtinge van volwassenheid by die kind te skep, deur middel van 'n voorbeeld deur 'n besielende volwassene (Kandel & Davies 1992:216; De Beer 1992:72).

Alhoewel opvoeding 'n positiewe beïnvloeding van die kind se behoorlikheidseise vooropstel, bly die milieu-gestremde gesinsopset nog steeds agterweë. Enersyds ontbreek die sedelike voorbeeld wat die ouers moet voorleef. Andersyds bied sodanige ouers min of weinig geleenthede om hulp, leiding en steun aan die adolessent. 'n Belangrike oorsaak vir die adolessent se pedagogiese kwesbaarheid en konfliktsituasies in Eldorado Park, is in dié verband uitermatig merkbaar. Gevolglik vind ontoereikende voltrekking van die adolessent se verantwoordelikhedsvorming en sedelike vorming plaas (vgl. ook Regoli & Hewitt 1991:156-157; Meintjes 1990:163-211).

Dié adolessent se normale ontwikkeling tot volwaardige volwassenheid en optimale persoonsontwikkeling, word weens liefdeloosheid en veiligheid in die gesin belemmer. Gevolglik ontbreek die vertrouensbasis vanwaar sodanige adolessent na 'n saakliker buitewêreld emansipeer. Ouerlike verhoudinge sowel as opvoedingsgedrag verteenwoordig 'n belangrike fokus

van studies na gesins en geestelike gesondheid (vgl. Belskey 1984:83-96; Emery 1982:310-330).

2.4.3. Kontakinflasie

Te midde van drukte van mense is die milieu-gestremde kind dikwels vereensaam weens 'n gebrek aan werklike intieme kontak met sy ouers en ervaar 'n verlies aan medemenslikheid (vgl. Le Roux & Smith 1992:87; Silverman 1985:400). Sodanige kinders se aksiepatroon is meer onpersoonlik, oorwegend funksioneel, toevallig, kunsmatig en kortstondig (Garbers 1980:6). Gevolglik vervlak sodanige medemenslike kontak tot 'n koue afstandbeleving (Pretorius 1990:109). Op dié wyse verloor mense uitermatig hul sensitiwiteit vir mekaar (Louw 1989:19).

Dit is teen bogenoemde opset waar die eietydse adolessent hom gedurigdeur moet konstitueer of rekonstitueer ten einde om sodanige omstandighede die hoof te bied. Dié omstandighede hou 'n bedreiging in vir die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling. Gevolglik voel hy onseker van homself. Die adolessent voel gevolglik ongeborge en hy gaan op in die massa. Hy neem sy toevlug daarheen met al die nadelige gevolge daaraan verbonde vir sy eie persoonlikheidsontwikkeling.

Dié verskynsel waar die mens nie meer sin van die lewe ervaar nie, kom by wyse van vier simptome na vore. Elkeen dien as aanduiding van die mate van verwording in die eietydse sameleving:

- Provisoriese bestaanswyse

Die soort mens wil net op 'n dag-vir-dag basis lewe sonder enige toekomstblik (Pretorius 1990:110). Hy glo dat dit nie nodig is om op 'n aktiewe wyse die lot in eie hande te neem nie. Dit is die mens wat van sy tradisionele bande met die dinge van die verlede losgeraak het. Louter instinktiewe verwantskappe wat nooit tot werklike verhouding kan groei nie, vervang nou 'n affektief-gebonde bestaanswyse. Die mens leef in vrees vir die volgende katastrofiese gebeurtenis.

- Fatalistiese lewensinstelling

Die fatalistiese persoon is só geïndoktrineer deur te glo dat hy nie sy toekoms of lot kan beheer nie (Regoli & Hewitt 1991:98). Dié persoon skuif sy verantwoordelikheid op ander af. Die gevolg is dat hy homself beskou as

"...bad or unlovable, and lack the ability to make friends... or to develop broader social support systems" (Conger & Petersen 1984:221).

- Die kollektiewe denke

Dié individu doen afstand van homself as 'n vrye en verantwoordelike wese. Hy neem nie sy persoonlikheid in aanmerking nie (Pretorius 1990:110). Sodanige individu wil net in die massa verdwyn. Hy word egter nooit deel van die groep nie; alhoewel hy aan die aktiwiteite van die groep deelneem. Vervreemding en vereensaming vind binne die massa plaas. Daar is gevolglik geen menslike ontmoeting nie.

- **Die fanatisme**

Sodanige persoon besit 'n dweepsug wat oormatige, blinde ywer vir 'n saak toon (Odendal 1984:215). Slegs sy eie mening geld. Gevolglik verontagsaam hy die persoonlikheid van ander (Gresse 1971:43; Pretorius 1990:110). Dié individue hou 'n groot bedreiging in vir die samelewing, want die openbare mening word in die vorm van leuses en slagspreuke uitgekristaliseer.

Voorafgaande vier simptome spruit voort uit die mens se vrees vir verantwoordelikheid en vryheid. Dit is simptome by baie adolessente. Hulle gedra hulle anders en voel ook anders oor sake. Hulle staan krities teenoor hulleself, teenoor volwassenes en teenoor dit wat van hulle verwag word. Die adolessente is ontevrede met die tradisionele wêreld. Hulle wil hul eie wêreld stig, hul eie norme stel, en tog is hulle onseker. Die adolessent soek na selfaanvaarding deur die wete dat hulle deur ander aanvaar is.

2.4.4. Vryetydsbestediging

Dit blyk dat die manifestering van onbehoorlike gedraginge by die eietydse adolessent gekoppel kan word aan ontoereikende vryetydsbestediging. Gevolglik het vryetydsbestediging ontwikkel tot 'n maatskaplike vraagstuk, want talle adolessente hou hul besig met passiewe en skadelike aktiwiteite (Pretorius 1990:56).

Die permissiewe milieu-gestremde gesin disfunsioneer veral ten aansien van die kind se vryetydsbestediging deurdat hulle kenmerke van gemaksgtigheid en pedagogiese onverantwoordelik-

heid toor. Alles gaan gepaard met onbetrokkenheid deurdad hulle 'n groot mate van vryheid aan die kind veroorloof (vgl. Amato 1987:327). Sodanige kinders is geneig om hulle toevlug tot die strate en portuurgroepe te neem. Dikwels kom hulle teen ouerlike gesag in opstand.

Dikwels kan dié konflikte teruggevoer word na die adolessent se belewing van eensaamheid, ledigheid en verveling. Die gevolg is 'n noodwendige deelname aan ongewenste vryheidsaktiwiteite en 'n soeke na sinlose genot. Op sodanige wyse begin hul eksperimenteer met dwelmmiddels (Le Roux & Smith 1992:91). Die kwesbaarheid van die eietydse milieu-gestremde adolessent word gevolglik uitermatig verhoog. Dit loop uit op talle konfliktsituasies. Gevolglik vind sodanige adolessent dit moeilik om 'n stabiele en veilige staanplek in die eietydse samelewing te verseker. Dié adolessent mis gevolglik die invloed en vorming van volledige, natuurlike gesinsamelewing wat nodig is vir die bevestiging van sy persoonlikheidsontwikkeling (vgl. Gerdes et al. 1981:264).

2.4.5. Verkeerde tuguitoefening

Ouerlike tuguitoefening en dissiplinering kom in 'n groot mate neer op 'n manifestasie van negatiewe gesindhede wat milieu-gestremde ouers teenoor hulle kinders openbaar (vgl. Azar & Siegel 1990:279-300). Swak ouerlike tuguitoefening en dissiplinering kan dikwels teruggevoer word na gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese peil (Du Toit et al. 1981:111).

Dié ouers se veranderende houding kan soms aan 'n reaksie teen 'n té strenge, onsimpatieke en outokratiese optrede van hul ouers tydens hul eie jeugjare gewyt word (Pretorius 1990:55). Soms is dit die gevolg van 'n té toegeeflike houding.

Talle milieu-gestremde gesinne vereis algehele blinde gehoorsaamheid (Wood 1981:223). Streng outoritêre dissipline word gehandhaaf (Bernard 1990:73-95). Sodanige kinders voel gemanipuleer en ontwikkel 'n minderwaardigheidskompleks (Regoli & Hewitt 1991:161).

In teenstelling met 'n outoritêre dissipline, laat talle milieu-gestremde gesinne hul kinders toe om vryheid ten koste van dissiplinêre sekuriteit te misbruik. Dié toeskietlike houding rem sodanige kinders se optimale persoonlikheidsontwikkeling uitermatig (vgl. Bays 1990:881-904).

2.4.6. Veranderende lewensopvattinge

In die eietydse maatskaplike situasie bring die invloed van permissiwiteit, materialisme en gejaagdheid mee dat ouers hulle kinders moet opvoed onder ander omstandighede as dié waaraan hulle gewoon was. Op dié wyse word die kinders blootgestel aan versoekinge en idees wat strydig is met gevestigde beskouings (Dippenaar 1987:205; vgl. Serfontein 1989:134).

Talle milieu-gestremde ouers in Eldorado Park, neem onder die vaandel van natuur en vryheid, 'n toeskietlike en laat-maargaan-houding ten opsigte van hul kinders se doen en late (Pretorius 1990:55). Dié laat-maargaan-houding impliseer 'n permissiewe gees wat vanaf die breëre samelewing na die gesin uitgebrei word. Dit maak die adolessent geestelik en fisies kwesbaar. Dié adolessent soek na nuwe rigtingwysers en identiteite en word vatbaar vir negatiewe beïnvloeding. Dit is om die rede dat hulle alle vorms van gesag begin verwerp. Dié toeskietlike houding is moontlik die gevolg van gebrekkige norm-besef, gemaksugtigheid en verantwoordelikeitsin onder

die invloed van die liberale tydgees. Dit spruit moontlik ook voort uit die onvermoë van die ouers om hul kinders te beheer, te dissiplineer en die liberale invloed te neutraliseer deur die adolessent met lewensbeginsels toe te rus.

2.5. SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is gepoog om 'n kritiese oorsig van literatuur en navorsing, betreffende die oorsake van adolessensieprobleme, te gee.

Dit blyk duidelik uit die resultate van verskillende ondersoeke dat die oorsake van adolessensieprobleme veral teruggevoer kan word na sosio-kulturele en fisies-psigiese probleme. Die moderne adolessent het 'n metamorfose ondergaan. Hy het in 'n minder of meerdere mate die slagoffer van massifikasie geword, wat 'n verlies van optimale persoonlikheidsontwikkeling teweeggebring het.

Die samelewing raak toenemend kwesbaar en konflikbelaaie wat regstreeks op die adolessent oorgedra word. Konflikbelaaide aspekte wat deurskou en ontleed word is onder ander:

- *Kwesbare gesteldhede van die milieu-gestremde adolessent;*
- *Kontakinflasie;*
- *Vryetydsbestediging;*
- *Verkeerde tuguitoefening.*

Teen die agtergrond van bogenoemde kritiese oorsig en navorsing oor sosio-kulturele en fisies-psigiese verklarings van die adolessensieprobleme, sal daar in **Hoofstuk 3** getrag word

om aan te dui hoe konfliktsituasies daartoe aanleiding gee dat die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park spanning, angs en eensaamheid beleef.



HOOFSTUK 3

**DIE EIETYDSE SAMELEWINGSPATROON
EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE
PSIGIESE HUNKERINGE EN HOUDINGE
VAN ADOLESSENTE IN ELDORADO PARK**

HOOFSTUK 3

DIE EIETJDSE SAMELEWINGSPATROON EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE PSIGIESE HUNKERINGE EN HOUDINGE VAN ADOLESSENTE IN ELDORADO PARK

3.1. INLEIDING

Die onderhawige hoofstuk hang ten nouste saam met die oorweging wat in die vorige hoofstuk ter sprake was. Gevolglik poog die skrywer daarna om antwoorde op onderstaande vraag te verskaf:

- **Hoe dra die eietydse milieu-gestremde gesin by tot konfliktsituasies van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park?**

Dit is die taak van elke ouer om die kind tot volwaardige volwassenheid te begelei, en om rekening te hou met die aard van konflikte waarmee hy in aanraking kom. Ongelukkig is dit so dat die ek-georiënteerde samelewing die gesin deel gemaak het van die verbruikersinstelling van die eietydse materialistiese-georiënteerde maatskappy. Gesinslede, veral die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, is vervolgens minder opmekaar ingestel en werk meer met 'n oorlewingsdroom: *elkeen vir homself* (vgl. Louw 1989:21-22). Die duursame gesinsband is vervolgens vervang deur los, vlugtige, onpersoonlike aanrakingspunte tussen mense (*atomisasie*). Die meeste gesinne het naamloos geword sonder enige identiteit, betekenis of waarde

(anonmiteit) en moet klaarkom met vlugtige en oppervlakkige ontmoetings (anomie) met ander (vgl. Lotz et al. 1985:181-189).

Gesinslede het vervolgens min tyd vir mekaar om as 'n eenheid te funksioneer (Du Toit et al. 1981:75). Dié gebrek aan gemeensaamheid kan veral toegeskryf word aan

"...the basis of social relationships were shifting dramatically from those of gemeinschaft communal, face-to-face, primary relationships to those of gesellschaft-the impersonal, contractual relationships of the marketplace" (Ridgeway 1983:30).

Talle eietydse milieu-gestremde adolessente verkeer in konflik weens onvervulde kommunikasiebehoeftes. Hulle word aan 'n gebrekkige en oneffektiewe kommunikasiestyl onderwerp (Meintjes 1990:112). Gevolglik is hul kommunikasie 'n eenrigting verkeer omdat die ouer nie daardie bereidwilligheid besit om na hulle te luister nie (Wood 1981:132-133). In dieselfde asem as Regoli & Hewitt (1991:167) wys Fantini & Weinstein (1968: 433) daarop dat die milieu-gestremde ouer, as kind

"...has been physically hurt in the name of parental 'love', he may express his own understanding of love in the same fashion upon his child; if he has been punished unfairly, he may not question the fairness of punishing his own child on any given occasion; if unreasonable demands were made on him, he may assume that all such demands he makes on his own child are reasonable; and so forth".

Alles gaan gepaard met die belewing van eensaamheid, spanning, frustrasies, angs en onveiligheid (Rové 1989:227; Pretorius 1987^a:27). Ontoereikende kommunikasie en negatiewe identifika siefigure is nie net 'n goeie voedingsbodem vir massifikasie

nie (Fourie et al. 1992:122), maar tas ook die milieu-gestremde adolessent se gemoedslewe, sy selfkonsep en sy gevoel van eiewaarde aan (Wood 1981:185).

Die snel veranderende eietydse samelewenspatroon en ontwikkeling op tegnologiese gebied, toenemende industrialisasie, huwelikspanning, egskeiding, drankmisbruik, kindermishandeling, werkloosheid en armoede verhoog die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park se kwesbaarheid uitermatig, en gee aanleiding daartoe dat die eietydse milieu-gestremde adolessente in konfliktsituasies verkeer (vgl. Herbert & Smith 1989:85). Sodanige veelvuldige eise asook die dinamiese aard en kompleksiteit van die eietydse samelewing, sowel as die spanningsverhoudinge en spanningsvertroebeling tussende ouer en kind laat Van Rooyen & Louw (1993:3) terag soos volg opmerk:

"Gesinne word blootgestel en onderwerp aan tydsgebeure wat die taak en verantwoordelikheid van die ouer met betrekking tot die opvoeding van die kind nie uitbrei, verdiep of selfs vereenvoudig nie, maar dit in so 'n mate bemoeilik en kompliseer, dat ouers hul opvoedingshulp dikwels of versaak of aan ander oorlaat".

Toereikende saamlewe van die eietydse milieu-gestremde adolessent asook sy wording na volwassenheid, het vervolgens 'n opgawe geword. Gevolglik is Conger (1973:545) van mening dat

"...for better or worse, the future course of our society and quite possibly, in this interdependent nuclear age, the world itself rest ultimately in the hands of these young people".

Dié verstourings in gesinsamelewing maak veral die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park die bedreigde, wat in sy medemens geen kameraadskap sien nie. Die uiteinde

dat hy dikwels nie aan 'n groep wil behoort nie, en ook nie deel wil wees van 'n groep se onsheid nie (vgl. Ridgeway 1983: 24).

3.2. WESENLIKE MOMENTE IN DIE EIETJDSE GESIN AS PRIMÊRE OPVOEDINGSITUASIE

3.2.1. Die beginsel van emansipasie

Die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park voer net soos alle ander adolessente, 'n intense stryd in sy onafhanklikheidstrewes. Hy wil sy afhanklikheid van sy ouers ontgroei. Dikwels is dié stryd met konflik en angs belaa. Dit impliseer dat die toenemende volwassewording en gerigtheid op 'n eie toekoms die adolessent as't ware dwing om hom los te maak. Dit mag frustrasie by die adolessent veroorsaak en die gesinseenheid bedreig. Dit is om dié rede dat die eietydse milieu-gestremde adolessent onseker en verward voel ten opsigte van die probleem van die verkryging van onafhanklikheid in die eietydse samelewing. Daar word van hom verwag

"...to "act their age," while at the same time society is very ambiguous as to what this actually means" (Berger & Berger 1972:11).

Die veelheid van sosiale rolle wat vervul moet word, werk onduidelikheid en verwarring aan die hand. Die adolessent weet dikwels nie meer wat om na te volg nie en dit het onrus, onsekerheid en ontevredenheid tot gevolg (vgl. Gresse 1971:61). Die eietydse milieu-gestremde adolessent ervaar die begeerte om 'n vry persoon te wees. Terselfdertyd begeer hy die sekuriteit en beskerming van die huis met 'n gepaardgaande gevoel

van afhanklikheid en onverantwoordelikheid, wat 'n kenmerk van voortdurende afhanklikheid is. Hy mag nou persoonlike konfliktervaar ten opsigte van onafhanklikheidsbehoefte. Wanneer sodanige onafhanklikheid-afhanklikheidsverwagtinge by die adolessent se onsekerheid gevoeg word, is dit te wagte dat sy emansipasie, vir hom en sy ouers 'n onaangename ervaring mag wees (vgl. Dreyer 1980:76). Sy sogenaamde vryheid en tallose beperkinge wat deur die komplekse samelewing opgelê word, bring hom nie alleen in verwarring nie, maar belemmer ook sy emansipasie (Gerdes et al. 1981:280).

Steyn et al. (1989:118) is van mening dat, indien die kind nie daarin slaag om toereikend te ontwikkel en van sy ouerhuis te emansipeer nie, dit 'n bedreiging inhou vir sy persoonlikheidsontwikkeling. Dié ambivalensie veroorsaak 'n aansienlike mate van spanning en konflik en gaan gevolglik gepaard met

"...a struggle to emancipate himself from his parents. He therefore resists any dependencies upon them for their guidance, approval or company, and rebels against any restriction and control that they impose upon his behaviour" (Grinder 1976:7).

Emansipasie beskryf vervolgens 'n stadium van volwassewording wat enersyds vrywording tot verantwoordelikeaansvaarding by die adolessent veronderstel (Gresse 1971:94). Andersyds impliseer emansipasie bereidwilligheid van die ouer om onafhanklikheid aan sy kind toe te staan (Vrey 1979:175). Konflikte ontstaan egter, want menigte eietydse milieu-gestremde adolessente wil self die sin van die lewe deurgrond en wil deur vrye selfstandige keuses die norme waarvolgens hy sy lewe kan inrig, kies (vgl. Hoffman 1978:188). Dit is om dié rede dat die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park sy ouer se gesag, gesagsleiding en gesagsgehoorsaming as iets vreemd beskou (vgl. Griessel et al. 1986:206). Sy weiering om volle

vryheid te aanvaar of om deur die ouer aangespreek te word bedreig nie net die ek-jy-verhouding, sosialisering en toereikende kommunikasie nie, maar lei ook tot die standkoming van ernstige konfliktsituasies (Sonnekus 1976:125; Harmse 1982:157).

Die adolessent se stryd om emansipasie kan ook vir die ouers vol angs en konflikte wees. Meestal vrees die ouers die verlies van gesag. Ouers vind dit moeilik om hul bestendige opvoedingspatrone van jare lank sodanig te wysig dat dit in verhouding met die adolessent, as groeiende en selfstandige volwassene, kan tree (Monteith et al. 1988:200-201; Harmse 1982:157, asook Casanova et al. 1992:31-44).

3.2.2. Gesinsontwrigting en die effek van steurende faktore op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling

Om die gesinsontwrigting van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park te begryp, word die aandag hoofsaaklik gevestig op die oorgang vanaf die pre-industriële gesin na die eietydse gesin binne die moderne samelewingspatroon. In die voorindustriële samelewing was die samelewingstruktuur eenvoudig en ongedifferensiëerd (Steyn et al. 1987:64). Die uitgebreide gesin was die basiese ekonomiese eenheid waarbinne verskillende gesinsfunksies voltrek was. Die kerngesin was nie net ingeskakel by laasgenoemde nie, maar was ook onderhewig aan die gesag van die patriarg (Browne 1991:221). Gepaardgaande hiermee was die uitgebreide gesin ook onderling van sy lede afhanklik. Daar was duidelike omlýnde rolle en statusverhoudinge (Gerdes et al. 1981:155). Mettertyd het die kerngesin verwyderd en geïsoleerd van die uitgebreide gesin geraak. Dit het as 'n afsonderlike eenheid begin funksioneer (Pretorius

1990:53). Dié funksieverskuiwing in terme van sosiaal-ekonomies, verbeterde produksiemetodes, massaproduksie sowel as funksieverskuiwings vanaf die besittereenheid na die loontrekereenheid, het veral die milieu-gestremde gesin besonder kwesbaar gemaak (Engelbrecht et al. 1982:189).

Die gesin dien as die ware groeibodem van die kind se persoonlikheid, want die basiese reaksievorme van denke en gevoel, dié norme en waardes wat 'n permanente invloed op die adolescent se latere lewensverloop gaan uitoefen, kom veral in en deur die gesin tot stand. Die gesin kan met reg bestempel word as die wieg van die kind se persoonlikheidsontwikkeling. Die belangrikste funksie van die gesin is nie geleë in die biologiese moment nie, maar wel in die aanvaarding van die kind deur sy ouers waardeur daar vir hom 'n wêreld waarin hy tuis kan voel, geskep word. Die kwaliteit van verhoudinge tussen ouers en kinders asook ouers se opvoedingsgedrag, oefen 'n groot invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind (vgl. Ambert 1992:66-67; Mussen et al. 1990:468-469).

Diepe besorgdheid oor die snelle agteruitgang van die hedendaagse gesinslewe spruit veral voort uit versteurde ek-jy-verhoudinge en ontoereikende opvoedingskommunikasie wat in talle eietydse milieu-gestremde gesinne voortgebring word. Dié gesin- sowel as familiestrukture, word grootliks deur die eise en werking van die tegniek in die kontemporêre wêreld vertegniseer. Gesinslede se tyd, bedrywighede, verantwoordelikhede, verpligtinge, gebruike, norme en waardes word gewysig. Beide die ouer en die adolessent in Eldorado Park word in 'n veranderde en veranderende posisie geplaas. In talle gevalle lei sodanige situasies tot die ontbreking van die nodige diepte en warmte in gesinsverhoudinge. Meestal het dit ontaard in kunsmatige oppervlakkige verhoudinge wat lossere betrekkinge insluit. Min gemeenskaplikheid bestaan tussen individuele lede

van die gesin (vgl. Swart & Lamont 1984:114; Gerdes et al. 1981:153).

Die woning is nie meer die werkplek, die speelplek en aanbiddingsplek nie (Van Zyl 1975:162). Gevolglik het ouers en kinders verby mekaar begin lewe (Sonnekus 1976:127). Gesinsamehorigheid het begin verval. Vryetydsbestediging het 'n individuele saak geword. Weens sosiale en fisiese mobiliteit was die adolessent nou in staat gestel om soveel tyd as moontlik buite sy onmiddellike omgewing te bestee (vgl. Gist & Fava 1974:372; Cronje et al. 1987:77).

Sodanige indringende eietydse veranderinge is grotensdeels verantwoordelik vir die oplaaiende momentum waarmee die leefwêreld van die mens 'n onstabiele, veranderende wêreld geword het (vgl. Vander Zanden 1990:631-639; Jones et al. 1988:290). Snel veranderinge bring konflikte en 'n verlies aan homogeniteit mee. Eenstemmigheid word al hoe minder bereik as gevolg van groter verskeidenheid van uitdagings en keusemoontlikhede waarmee die eietydse individu gekonfronteer word (De Vries et al. 1982:120). Dié veranderende situasie plaas nie net die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park in konfliktsituasies nie. Dit lei ook tot die skepping van 'n intieme gevoel van vereensaming sowel as 'n diepe behoefte aan liefde en begrip (Taylor 1991:245; Cronje 1972:9). Toffler (1972:15) beskryf laasgenoemde bindingloosheid soos volg

"...lifeboats of family, church and state are hurled madly about".

Bindingloosheid lei tot frustrasies en onvervulde emosies. Die eietydse adolessent in Eldorado Park voel dan onseker en minderwaardig en word gou innerlik gekwets. Dit is gewoonlik die milieu-gestremde adolessent wat onder dié omstandighede sy wê-

reld as onveilig beleef wat 'n negatiewe selfkonsep het, en wie se toekomst duister is. Deur sy afwykende gedrag gee hy tekenne dat die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik word.

3.2.3. Die gesin en sy invloed op die adolessent se affektiewe lewe

3.2.3.1. Die disfunksionerende gesin

Sodra milieufaktore die gesinsisteam in Eldorado Park negatief beïnvloed en daartoe bydra dat gesinkohesie disintegreer, kom 'n disfunksionerende gesinsisteam tot stand wat vervreemding, isolasie, weerstand en afstand in die lewe van die milieu-gestremde adolessent aan die hand werk (vgl. Louw 1989:121-122). Sodanige veranderings in die gesinstruktuur sowel as ouers wat gepreokkupeer is met hulle eie probleme, laat die milieu-gestremde gesin as platvorm vir volwassewording kwesbaar. Dit gee aanleiding tot selfkonsepprobleme sowel as die disharmoniese in beweging gaan van opvoedingsessensies, wat disharmoniese opvoedingsdinamiek tot gevolg het (vgl. Strydom & Engelbrecht 1991:65-67).

Verhoudinge en sentimente in sodanige milieu-gestremde gesinne in Eldorado Park is van sodanige aard, dat dit nie as 'n eenheid kan funksioneer nie, maar strydig is met samelewingsnorme en -waardes (vgl. Du Toit *et al.* 1981:69). Meestal word sleutelfaktore soos toegeneentheid, koesterende liefde, wedersydse vertrouwe, respek en onderlinge afhanklikheid op die agtergrond verskuif (vgl. Meintjes 1990:162-197). Die toenemende kwesbaarheid is veral daarin geleë dat dié gebeure van funksionele

differensiasie en funksieverskuiwinge so verander het dat veranderde patroon in onderlinge verhoudinge tot rolveranderinge, rolverwarring en rolkonflik aanleiding gee (vgl. Gerdes et al. 1981:119; Pretorius 1990:41).

3.2.3.2. Enkelouergesinne

Enkelouers is 'n gesinsprobleem wat veral die milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park se gedrag, funksionering, behoeftes en gevoelens uitermatig beïnvloed (vgl. Strydom & Engelbrecht 1991:69). Ondersoeker stem saam met Esterhuizen & Esterhuizen (1989:10); asook Jordaan (1989:125) wat die konsep "enkelouergesin" omskryf as 'n gesin waar daar 'n volwassene en afhanklike kind(-ers) is.

Die persentasie enkelouergesinne in Eldorado Park het drasties in die eietydse samelewing toegeneem. Die moeder is meestal die gesinshoof en broodwinner. Die kwantiteit en kwaliteit van die bemoedering waartoe sy in staat is, word meestal gekortwiek deur haar gedwonge hertoetrede tot die arbeidsmark waarvoor sy dikwels ontoereikend toegerus is (vgl. ook Kriegler 1987:50; Pilling & Pringle 1978:5, asook Browne 1992:211). Dit het veral tot ernstige finansiële en verhoudingsprobleme gelei, wat talle konfliktsituasies in die lewe van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park tot gevolg het.

- **Finansiële probleme**

Die enkelouer moet die funksie van die afwesige ouer bykomend tot sy eie vervul. Dit bring mee dat hoë eise aan die enkelouer gestel word (Van Loggerenberg & Roets 1993:113). Die moeder, veral diegene in die milieu-gestremde gesin in

Eldorado Park, ondervind finansiële stremming om haarself en die kind(-ers) te versorg. Die kind wie se vader afwesig is, ervaar dikwels ekonomiese onsekerheid. Dit is omdat die moeder gewoonlik nie die ekonomiese sekuriteit kan bied waartoe die vader in staat was nie. Sodanige gebrek aan finansiële sekuriteit lei vir die meeste enkelouers dikwels tot 'n verlaagde lewenstandaard wat talle oriënteringe verg. Soms word sy genoodsaak om na ander en minder goeie behuising te verhuis, waar oorbewoning nie iets vreemd is nie. Daar is dikwels nie geld vir luukses nie (Steyn et al. 1987: 136; Arendell 1984:189; Esterhuizen & Esterhuizen 1989:53; Coetzee 1978:64; Weeks 1988:93-94, asook Van Wyk & La Cock 1988:109). Oorbewoning is

"...natural spawning grounds of alienation and frustration, particularly among young people who are disproportionately unemployed and who increasingly resent their own intolerable living conditions..."
(Jones et al. 1988:417-418).

Sodanige swak behuising veroorsaak versteuring, spanning en disharmonie in die lewe van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park. Maatskaplike euwels soos drankmisbruik, dwelmverslawing, aanranding, verkragting, prostitusie, vandalisme en intimidasie vier hier hoogty. Gevolglik lewe talle milieu-gestremde adolessente in voortdurende angs (vgl. Hundeide 1991:31-32). Die sosialisering van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park word uitermatig belemmer, want

"...female headed households tend to have more financial problems and more trouble in socializing children because there is only one parent" (Kayongo-Male & Onyango 1984:14).

Dikwels raak die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park 'n vroeë skoolverlater wat nie opgewasse is vir die eise van die volwasse lewe nie. Bespotting van ander skep by hom gevoelens van minderwaardigheid. Om te kompenseer vir die veragting van ander tree hy dikwels aggressief op (vgl. Stevens 1989:6). Die finansiële kwesbare posisie van die enkelouergesin het dikwels ook verhoudingsversteuringe tot gevolg.

- **Verhoudingsprobleme**

Enkelmoeders in Eldorado Park vind dit moeilik om enige vorm van sosiale lewe te beoefen. Sodanige probleem, bemoeilik nie net die kind se sosialisering nie, maar kompliseer ook sy probleem van selfidentiteit (vgl. ook Elkin & Handel 1989:151; Gerdes et al. 1981:223). Die verlies van sy ouer se status tref sodanige kind se eiewaarde nadelig. Selfbeskuldiging kom ook dikwels voor en die kind voel magteloos in dié situasie (Kander 1990:163; Kammeyer 1987:509).

Meestal ondergaan die vrouens in enkelouergesinne 'n gevoel van vervreemding en eensaamheid, want haar vriende begin haar te vermy. Dit veroorsaak dat sy minder tyd en aandag aan kinderopvoeding en aan haar eie persoonlike lewe kan bestee (vgl. Packard 1983:266-267; Steyn et al. 1987:138). Sodanige moeders

"...often complain of being prisoners, of being trapped, or of being locked in a child's world"
(Hetherington & Parke 1986:520).

Negatiewe wisselwerking tussen moeder en kind kan stremmend inwerk op sy ontwikkeling. Dit kan ook aanleiding gee tot sy

ontsporing en afwykende gedrag (vgl. Geismar & Wood 1986: 31).

3.2.3.3. Hersaamgestelde gesinne

Die uitkoms van die hersaamgestelde gesin is die feit dat dit in tallose gevalle 'n demoraliserende opvoedingsituasie vir die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park skep. Die hersaamgestelde gesin vind dit uiters moeilik om in 'n hegte gesin te ontwikkel wat deur gevoelens van liefde en simpatie, saamhorigheid en die strewe na gemeenskaplike kenmerke saamgebind word (Gerdes et al. 1981:226). Die realiteit van die hersaamgestelde gesin, as bydraende faktor tot die kwesbaarheid van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, word deur Prinsloo (1993:44) soos volg saamgevat:

"The adolescent finds it difficult to fit into the new family because he is at the stage of developing autonomy and independence. He wants to take a stance outside the family and be independent of family members so rebels against having to accept a new father, mother, brother or sister".

Veral vir milieu-gestremde ouers word dit 'n moeilike opgawe om hul kinders te midde van finansiële probleme toereikend te sosialiseer en te dissiplineer (vgl. Duberman 1975:7; Elkin & Handel 1989:152) of

"...to establish a working relationship" (Visher & Visher 1979:31).

Teen die agtergrond van bogenoemde argumente kan gekonstateer word dat die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park 'n verlies van geborgenheid beleef. Hy word konfronteer met nuwe

onverwagte verhoudinge wat meestal sy interpersoonlike verhoudinge aantas. Rosenberg & Hajal (1985:289) stel sodanige problematiek treffend op wanneer hulle 'n uitspraak van 'n adolessent aanhaal:

"One day he was just there with his suitcase in my room. All of a sudden he was supposed to be my brother and I didn't even know what cereal he likes".

3.2.3.4. Die permissiewe gesin

Toegeeflikheid impliseer 'n laissez-faire opvoedingstyl, want die ouer laat algehele vryheid toe in die besluitnemingsproses (Gresse 1971:25; Le Roux 1992:30; Wicks-Nelson & Isreal 1984:32; Plug et al. 1989:199; Mussen et al. 1984:481; Shaffer 1985:613). Kortom die aanvaarding van

"... "boys will be boys," that a clean shirt on a normal child will not stay clean for long..." (Ginott 1956:110).

In ooreenstemming met Cole & Cole (1993:404) en Karmel & Karmel (1984:301) bied Pelligrini (1987:148-149) die volgende samevatende beskrywing van die opvoedingsgedrag van die toegeeflike ouer as

"...tolerant and accepting attitude toward children's impulses. They make few demands and do not impose restrictions on children. Children are allowed to regulate their own lives. These parents can be either a warm, caring group, or cool and uninvolved ...children of permissive parents tended to lack impulse control, self-reliance, independence, and social responsibility".

Die toegeeflike ouer in Eldorado Park straf oor die algemeen selde want daar is geringe of geen eisestelling en kontrole nie. Sodanige ouer is oormatig aanvaardend ten opsigte van die kind se impulse, begeertes en gedrag (vgl. De Witt & Booyen 1995:33; Ripple et al. 1982:239, asook Spencer 1988:448). Die toegeeflike, permissiewe opvoedingsgedrag van sommige milieu-gestremde ouers in Eldorado Park is in wese 'n vorm van opvoedingsverwaarlosing, want die meeste van hulle se dissiplinêre styl

"...does not provide the support and life-skills training that adolescents need to develop their full potential" (Nelsen & Lott 1991:43).

In Eldorado Park kan dié ouer se opvoeding as negerend gekenskets word. Dié gesin stel relatief min eise aan die kind. In 'n sekere sin is dié ouer die pion van sy kind se wense en begeerte (Seifert & Hoffnung 1987:405; Garbarino 1985:261; Steyn et al. 1987:338, asook Bester 1985:29). Hulle buig as't ware voor die kind se wil (Pretorius 1990:61). Té toegeeflike opvoeding lei daartoe dat die eietydse adolessent in Eldorado Park se toekomsverwagtinge en toekomsdoelstellinge nie duidelik omlin word nie (vgl. Heusch 1972:284). Gevolglik ontstaan 'n wanbalans in die opvoeding van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park. Sodanige opvoedingsgedragpatroon bied aan die kind geen geborgenheid nie. Gebrek aan sekuriteit rem sy volwassewording en maak die gesin 'n ontoereikende gesin (vgl. Sears 1982:237-238; Louw 1989:164). Die feit dat niemand hom liefhet of vir hom omgee nie, skep 'n minderwaardigheidsgevoel. Hy voel lewensongelukkig en ontwikkel 'n negatiewe selfkonsep (Bester 1985:29; Karmel & Karmel 1984:301).

Volgens Pretorius (1990:62) word die volgende geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik:

- **ek-jy-verhouding:** die kind verwag meer van die opvoeder, en toon geen respek nie;
- **sosialisering:** die kind is selfsugtig van aard;
- **selfaktualisering:** die kind kom nie deur inspanning en eise-stelling tot optimale selfaktualisering nie;
- **selfkonsep:** die kind se eiewaarde is baie laag omdat hy voel dat sy ouer nie vir hom omgee nie;
- **behoeftevervulling:** die kind beleef ontoereikendheid in behoefte aan gesag en leiding, behoefte aan selfaktualisering, selfkonsep en behoeftevervulling in sosiale verband.

3.2.3.5. Die outokratiese gesin

Ten opsigte van die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park met 'n outokratiese opvoedingstyl, waar die opvoeding bepaal word vanuit en gerig is op posisies, kan verklaar word dat die opvoedingstyl posisioneel is. Dié opvoedingsbeïnvloeding geskied gevolglik vanuit die duidelike onderskeibare posisie van vader, moeder en kind (Wielemans 1984:65). Verhoudinge word gereduseer tot wat die posisies van vader, moeder en kind toelaat, naamlik die ouer is die outokratiese gesagsfiguur (dit is my posisie), terwyl die kind moet stilbly en maak soos die ouer sê (afhanklikheidsposisie), aldus Pretorius (1990:58). Sears (1982:237) vergelyk sodanige ouertipe met "*I am not always right but I am always captain*".

Die ouer wat geen vaste norm het vir die beoefening van geregtigheid nie en wat swaarder straf uitdeel as wat die situasie regverdig, wek vyandigheid, rebelsheid en gegriefdheid by die kind. Die kindheid van die kind tel gevolglik nie meer nie, want die ouerlike dissiplinêre styl moedig nie verbale kommunikasie aan nie. 'n Beperkte taalkode word verwerklik (Wiele-

mans 1984:70). Hul gesag is gewoonlik gesetel in misplaaste behoefte aan magsvertoon, want onbuigsame gedragsreëls word dwingend neergelê (Spencer 1988:448; Bigner 1983:232; Ripple et al. 1982:239; Van Niekerk 1984:137). Kinders word nie toegelaat om 'n eie opinie te hê nie of om sy behoeftes en begeertes aan die ouer te kommunikeer nie. Hy word sterk onder druk geplaas om te konformeer met ouerlike verwagtinge en versoeke (Garbarino 1985:76; Mussen et al. 1984:386). 'n Konfliktsituasie ontstaan omdat die kind nie die gesin kan beleef as

"...a situation where they are free to discuss their problems, they will seek alternative avenues and some of these avenues may influence them negatively" (Chinkanda 1994:188).

Weens konfliktsituasies in die outokratiese gesin, word die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park se kwesbaarheid dermate verhoog, want dié opvoedingstyl maak hom *"... acquiescent for the sake of self-preservation"* (Lamprecht 1988:28). Spanning met die ouers weens hul posisionele opvoedingstyl, het 'n nadelige uitwerking op die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park se persoonlikheidsontwikkeling en sy vermoë om sy eie gedrag behoorlik te kontroleer. Gevolglik openbaar hulle oor die algemeen die volgende opvoedingsgedragspatrone:

- hulle is angstig, teruggetrokke en ontwikkel dikwels ernstige spanningsprobleme met 'n lae kroniese selfkonsep (Segal & Yahreas 1978:108).
- is nie sosiaal beweeglik nie, want hulle vermy dikwels sosiale sowel as kommunikatiewe en fisiese kontak. Neem selde inisiatief en sal in die geval van morele konflikte verwag dat outoriteite van buite vir hom moet besluit wat reg en

verkeerd is (vgl. Berner 1992:32; Pelligrini 1987:148 Cole & Cole 1993:404; Powers et al. 1990:87).

- toon blinde gehoorsaamheid aan gesag, of openbaar meer rebelliese opstandigheid en aggressiewe onafhanklikheid (Davidson & Moore 1992:337; Wood 1981:223).
- soek na koesterende liefde en aanvaarding deur op 'n subtiele wyse leuens te vertel, diefstal te pleeg en kleiner kinders af te knou (Dreikurs & Grey 1970:32; Bernard 1990:73-95, asook Regoli & Hewitt 1991:157).
- bevorder 'n swak waaghouding, onverdraagsaamheid teenoor ander pessimistiese lewensvisie, impulsiewe en aggressiewe ontlading sowel as konserwatisme (Nortjé 1993:163).
- die kind beleef ontkennde kommunikasie as minagting van sy waardigheid as mens. Daar ontstaan by hom gevoelens van minderwaardigheid, onsekerheid en angs.

Die outokratiese opvoedingstyl van die milieu-gestremde ouer in Eldorado Park, is ontoereikend en openbaar 'n onderdrukkende houding wat in verband staan met baasspelerige en gebiedende opvoedingsgedrag (vgl. Nortjé 1993:162). Hiervolgens word 'n mishandelingstyl of verwaarlosingstyl deur die ouers gehandhaaf (Botha 1992:25; Pretorius 1990:234). Gevolglik word die kind se selfkonsep in al sy dimensies negatief beïnvloed (vgl. Meyer & Kotzé 1992:175, 190).

Dié spanning wat tussen die ouer en adolessent ontwikkel skep problematiese konfliktsituasies. Dit werk opvoedingsbelemmerend in op sy persoonlikheidsontwikkeling, sodat hy nie kan groei tot 'n individu met 'n eie wil en koers nie.

3.3. SPESIFIEKE AFFEKTIEWE PROBLEME EN SPANNINGSVOLLE SITUASIES

3.3.1. Gesinsontwrigting en die invloed daarvan op die adolessent se affektiewe lewe

Die hooforsaak van gesinsontwrigting en konflikte in die gesin, is wanneer spanning, wantroue en rusies tussen ouers die huweliksverhouding versteur. Dit skep 'n belemmerende pedagogiese klimaat en laat die milieu-gestremde kind onveilig en angsvol voel. Gevolglik word die ouer se beeld as navolgenswaardige identifikasiefiguur belemmer (Meintjes 1990:105). Versaking van die ouer se opvoedingshulp gee nie net toenemend aanleiding tot die algemene agteruitgang van die milieu-gestremde gesinslewe nie (vgl. Le Roux & Smith 1992:107). Dit belemmer ook toereikende selfaktualisering van die eietydse milieu-gestremde adolessent in sy volwassewording. Dit is omdat die adolessent in 'n spervuur òf eksistensiële vakuum òf in 'n drumpelsituasie geplaas word (vgl. Jacobs 1987:8-9; De Beer 1976:39). Alles móét beskou word teen die agtergrond van gesinsdisorganisasie en gesinsdisintegrasie, die verlies of ontaarding van gesinsfunksies asook die daarmee gepaardgaande verindividualisering van die mens in gesinsverband (Retief 1978:65; Steyn & Breedt 1977:62, asook Van Wyk 1978:478).

In 'n gesin waar egskeidings voorkom ontstaan talle konfliktsituasies omdat die sosiopedagogiese essensies nie toereikend verwerklik word nie. Dié versteurde huislike atmosfeer skep 'n negatiewe sosiale milieu en belemmer die kind se bestaan en grootwording dermate. Kinders in sodanige gesinne is dikwels beangs en verward en beleef gevoelens van skuld, vrees, psigiese ontworteling en ontwrigting omdat hy dikwels heen en

weer geslinger word deur die botsende partye. Selfaktualisering word ontoereikend verwerklik. Die ontwikkeling van 'n eie positiewe identiteit en selfkonsep is problematies (Nortjé 1993:124; Kelly & Wallerstein 1976:23). Dikwels word die gesinslewe negatief deur die teenwoordigheid van ander elemente wat nie normaalweg deel van die gesin uitmaak nie, beïnvloed. Byvoorbeeld loseerders, grootouers, ander familieledede of die bediende. Die teenwoordigheid van sodanige vreemde elemente is dikwels ook die bron van struwelinge en wanverhoudings (Harmse 1982:182).

Genoemde donker kant van die gesin stel die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park opnuut in staat om sy kwesbaarheid en hulpeloosheid te besef. Gebrekkige dialoog tussen ouer en kind, ontoereikende begrypings-, vertrouens-, en gesagsverhouding verbreek die eietydse adolessent se vertroue in die gesin as versorgingsruimte (Eitzen 1983:526; De Necker 1987:93). Hy beleef konflikte omdat sy totale wêreld vir hom minder vanselfsprekend en voorspelbaar lyk. Hy vrees dat daar nie meer in sy behoeftes voorsien gaan word nie dat sy vader hom heeltemal gaan vergeet of dat sy moeder hom ook gaan verlaat (Kriegler 1987:52; Olivier 1992:129).

Die milieu-gestremde adolessent se belewing is gevolglik ontoereikend van aard, want hy ontbeer die goedkeuring en aanmoediging van 'n ouer (Van Wyk 1971:121). Sodanige adolessent ontwikkel wantroue in sy medemens

"...that may even be carried into adulthood. This may have a negative effect on their future relationships" (Salus 1994^a:11).

Gebrek aan liefde en ouerlike besorgdheid lei dikwels tot foutiewe tuguitoefening. Dit kan òf oormatig buigsaam, òf oor-

matig streng en outoritêr van aard wees (vgl. Regoli & Hewitt 1991:157-158). Dié negatiewe versteurde belewinge manifesteer dikwels in teruggetrokkendheid, swak skolastiese prestasie, spanning, aggressie, koppigheid, onwilligheid en sosialiseringsprobleme (vgl. Van Loggerenberg & Roets 1993:107; Serfontein 1989:140-141; Meyer 1987:120, asook Weeks 1988:1). Dit gee noodgedwonge aanleiding tot konfliktsituasies wat uitloop op ontoereikende verwerkliking van geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies. Gevolglik word die kwesbaarheid van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park toenemend verhoog.

3.3.2. Die ontwrigte gesin as 'n eksponent van ouer- en sosiale verwaarlosing

Die konsep "verwaarlosing" hou die betekenis in van verontagsaam, versuim, nie versorg nie, nalaat (Odendal 1984:1276). Die kwesbaarheid van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park word ingrypend verhoog weens die fluktuerende sosiale rolle van ouers wat veroorsaak dat die man en vrou nie meer aparte funksies soos vroeër vervul nie (Geber & Newman 1980:48). Sodanige funksieverskuiwings plaas nie net die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park in 'n starre rol-sisteem nie, maar plaas ook beperkinge op hul affektiewe, kognitiewe, normatiefsingewende begeleiding sowel as hul sosiale horison (vgl. Meintjes 1990:143-144). Die ouer as identifika-siefiguur en normvoorbeeld het geleidelik verdwyn. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die normvoorbeelder, die vader, meestal afwesig is van die huis weens werksomstandighede (vgl. Van der Westhuizen et al. 1992:85). Die moeder is dikwels nie geneë om bloot moeder- en tuisteskepperrolle te vervul nie. Sy wou eerder 'n beroep beoefen (Broodryk 1983:98).

Beskou teen bogenoemde as agtergrond, word vervolgens gefokus op die milieu-gestremde moeder en vader wat moontlik tot konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park aanleiding kan gee.

- gebrekkige moedersorg

Talle navorsers is van mening dat gebrekkige moedersorg noue verband toon met ekonomiese oorwegings (Gerdes et al. 1981: 236; Steyn et al. 1987:317; Du Toit et al. 1981:74, asook Parker 1981:53). In dié verband is Krupinski (1986:248) van mening dat:

"The woman has lost her apron 'image' to a more sophisticated 'secretary image'..."

Dit bring 'n verlies van koesterende liefde, intimiteit, persoonswarmte en kognitiewe stimulering mee (Chollar 1987: 12; Meintjes 1990:207). Dit lei tot die voortbrenging van talle konflikte in die lewe van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, want die moeder is nie meer die speelmaat en sosialiseerder van die kind nie (Ritzer 1986: 347-348). Sy moet veelvuldige en dikwels botsende rolle en verantwoordelikhede vervul, te wete 'n beroepsrol, huweliksrol, gemeenskapsrol en opvoedingsrol wat aanleiding gee tot spanning, konflik en frustrasies (Pretorius 1987^a:27). Sodanige dubbele las maak haar moeg en prikkelbaar. Sy ontwikkel 'n intense gevoel van oorbelading en dit lei daartoe dat sy haar opvoedingstaak verwaarloos (Cronje et al. 1987:125; Biehler 1981:422; Ambert 1992:98; Wilson 1987:174, asook Steyn & Breedt 1977:21). Gebrek aan weinig ondersteuning vir emosionele rolgedrag, sowel as ontoereikende pedagogiese ondersteuning veroorsaak ernstige wanfunksioneringe wat lei tot die ontoereikende verwerking van geïdentifiseerde so-

siopedagogiese essensies en konfliktsituasies in die leefwêreld van die adolessent (vgl. Conradie & Cloete 1983:43).

Volgens Prinsloo (1986:107) oefen werkende ouers 'n nadelige invloed op die volwaardige volwassewording en sosiale oriëntering van die kind uit. Dikwels verval die kind in eensaamheid. Gebrekkige moedersorg raak veral die milieu-gestremde dogter. Die moeder as sentrale vroulike rolmodel, definieer nie die betekenis van moederlikheid behoorlik nie (vgl. Notar & Mcdaniel 1986:111).

Vervolgens is dit begryplik waarom die eietydse adolessent in Eldorado Park 'n neiging toon tot allerlei vrese, gebrekkige selfvertroue, asook 'n negatiewe skeptiese ingesteldheid jeens die self en ander. Sodanige adolessent belewe 'n gevoel van rebelsheid en wrok. Dikwels word van hom verwag om etes voor te berei en die jonger kinders te versorg (Lamson 1983:11).

- Die afwesige vader

Die milieu-gestremde vader in Eldorado Park is dikwels vir lang tye afwesig. Gevolglik ontstaan daar 'n gebrekkige moeder-kind-verhouding aangesien die moeder alleen die huishouding moet behartig. Dissiplinêre en identifikasieprobleme ontstaan (vgl. ook Abbott & Wallace 1990:86-90; Van Greunen 1994:91; Pretorius 1990:50-53; Wilson 1987:26-29, asook Norton & Glick 1986: 9-17). In sodanige moeder-gesentreerde gesin word die las van kinderopvoeding vir die moeder ondraaglik moeilik. Dit hou nadelige gevolge in vir die optimale persoonlikheidsontwikkeling van die kind asook die toereikende verwerking van die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies.

Deur sy eie rol te definieer, kommunikeer die ouer aan sy kind(-ers) sy verwagtinge met betrekking tot die rol(-le) wat sodanige kind(-ers) moet vervul. Die vader se gesag het afgeneem. Gevolglik vervaag sy beeld as identifikasiefiguur. Gevolglik belewe die kind onsekerheid en ongeborgenheid (Kruger 1986:174; Elkin & Handel 1989:152). Die vader het nie net sy verantwoordelikhede begin verwaarloos nie. Dikwels beskou hy dit as 'n lastige bysaak (Cronje 1978:504). Vervolgens doen hy afstand van sy gesagsposisie sodat die moeder as't ware gedwing word om die saakliker toegang tot die buitewêreld te word (vgl. Packard 1983:277-278; Jones et al. 1988:174-175).

Die aard van die vader se werkrol het sodanig verander dat dit in talle gevalle met konflik en spanning gepaard gaan. Gevolglik word veral die eietydse milieu-gestremde adolescent in Eldorado Park onder emosionele spanning geplaas. Diskommunikasie en dissosialisering tree sterk na vore, want die vader verrig sy arbeid dikwels ver van die huis. Die term *ouer-kind-apartheid* (Bethune 1991:79) sowel as *onsigbaarwording van die ouer* is 'n algemene verskynsel onder dié gesinne (Engelbrecht et al. 1982:194). Die kwesbaarheid van dié kinders word uitermatig verhoog weens konfliktsituasies in dié gesinne.

Die opvoedingsbetekenis van roldifferensiasie rakend konfliktsituasies van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, kan soos volg saamgevat word: *Te veel ouerlike beroepsverpligtinge strem die sosialisering van die milieu-gestremde adolessent. Ontoereikende kommunikasie vind plaas. Elkeen beweeg in sy eie werksmilieu.* Dikwels is die huis veel eerder 'n verdelende en verwyderende konflikfaktor in plaas van 'n intieme, saambindende faktor (Louw 1989 :20). Sodanige adolessente se ouers onderwerp hul vervolgens aan

"...too much freedom or overload them with gifts and money. These are not what the child really wants, he would rather have his parents close at hand, and enjoy their understanding and interest" (Fourie et al. 1992:99).

Die rolonsekerheid, losmakingsproses en distansielose kommunikasie vertraag nie net die milieu-gestremde adolessent se sosial-maatskaplike oriëntasie nie, maar veroorsaak ook 'n intense identiteitskrisis omdat konflik ervaar word (Pretorius 1987^a:23). Dit geld veral wanneer die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park tuis kom

"...to an empty house after school. These "latchkey" children are assuming more adult responsibility at earlier ages than in the past. The benefits or detriments of these arrangements remain to be seen" (Thornton & Voigt 1992:243).

Kinders sonder toesig se selfkonsep is negatief. Hul innerlike persoonlike beheer is swak (Swart-Kruger & Richter 1994:203). Gevolglik word geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ondoeltreffend verwerklik.

Die vader se fisiese afwesigheid veroorsaak dat hy nie by sy kind se lewensproblematiek en psigososiale ontwikkeling betrokke is nie. Gevolglik is die vader-seun-identifikasiegebeure gebrekkig en oppervlakkig (vgl. Louw 1989:23; Amato 1985:10).

Bogenoemde bespreking toon duidelik aan hoe die rolverandering en rolkonflik in die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park gepaard gaan met ontoereikende verwerkliking van geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies en tot konfliktsituasies aanleiding gee. In 'n situasie waar anti-kindsentimente heers, beskou die ouer sy kind as *"...an economic burden..."*, aldus

Saal (1986:43). Gevolglik ervaar die eietydse adolessent in Eldorado Park nie die

"...I-You relationship and intimate personal communication which is essential for balanced upbringing, socialization and fulfilment of the child's need" (Le Roux & Smith 1992:107).

3.3.3. Affektiewe spanninge voortspruitend uit ouer-optrede en- houdinge

Elke ouer het sy eie unieke opvoedingstyl waarvolgens hy gesag uitoefen. Elke ouer se opvoedingstyl

"...influences the child, since it reflects a certain attitude toward him. This attitude will influence the child's self-image" (De Witt & Booysen 1995:32).

Beskou teen bogenoemde agtergrond, word vervolgens gefokus op tipe opvoedingsfoute wat milieu-gestremde ouers in Eldorado Park handhaaf en gevolglik tot moontlike konfliktsituasies aanleiding gee:

- Oorbeskerming deur die ouers

Oorbeskerming impliseer onderskatting van die kind. Die kind word verinfantiliseer. Eise wat aan hom gestel word, is ver benede sy ontwikkelingsvlak (vgl. Meyer 1987:114; Pretorius 1990:244, asook Steenkamp 1985:56-57). In sodanige huis beleef die adolessent spanning en konflik omdat hy:

- verhinder word om as 'n ontwikkelende wese 'n gevoel van identiteit te ontwikkel (Hetherington 1980:277);
 - ernstige gerem word in sy psigiese wording. Gevolglik gee dit aanleiding tot inisiatiefloosheid, afhanklikheid en willoosheid (Meyer 1987:114; Smith 1992:124);
 - dikwels die las van verantwoordelikheid saam met die ouer moet dra, wat gewoonlik vir sodanige kind problematiese konfliktsituasies skep (Jordaan 1989:203);
 - dikwels uitgesluit word in die belangstellings en sosiale aktiwiteite van sy portuurgroep. Gevolglik is sy sosiale en affektiewe ontwikkeling negatief van aard (Du Toit 1985:31);
 - dikwels die geleentheid ontnem word om self oplossings vir probleme te vind en uitdagings die hoof te bied (Weiss 1975:231-232);
 - nie maklik die sosiale vaardighede aanleer wat nodig is vir selfgeding en selfverdediging (Steyn et al. 1989:120).
- **Die oorkritiese perfeksionistiese moeder**

Die grootste vrees wat 'n adolessent kan hê, is dat hy nie aanvaar word nie. Kritisering is die hel wat hy vrees. In dié verband toon Steenkamp (1985:55) aan dat die moeder ingryp en afkeur. Sy verleen selde of ooit goedkeuring aan die kind se pogings. Sodanige ontoegeeflike houding van die moeder maak die kind beangs en gefrustreerd. Gevolglik:

- vorm die kind 'n negatiewe selfkonsep omdat sy wordingspeil oorskat word (Steenkamp 1985:55);
- voel die kind sensitief, teruggetrokke, uiters gevoelig vir kritiek en minderwaardig (Pretorius 1990:246).

In sodanige huis word 'n toestand van spanning en konflik geskep. Sodanige kind(-ers) rig gewoonlik 'n skanse op teenoor diegene wat hom verhoed om gesonde verhoudinge te stig. Die moontlikheid bestaan dat hy die oorbeskermende en dikwels onverskillige houding wat deur sy dominerende en oorkritiese moeder op hom afgedwing word, op sy verhouding met mense buite die gesinsverband, oor te dra. Sy optimale persoonlikheidsontwikkeling word gevolglik uitermatig belemmer.

3.3.4. Uiting van die affektiewe lewe

Spanning word by adolessente wat nie die gesinsituasie beleef as 'n situasie van liefdevolle verbondenheid en huislike saamlewe nie, gewek (Rutter & Madge 1981:182). In sodanige gesinne is die onderlinge verhoudinge tussen die gesinslewe dikwels gespanne. Gevolglik word sodanige adolessent se sosialisering nie toereikend verwerklik nie (vgl. Mussen et al. 1984:543-544). 'n Groot bron van spanning in die lewe van die adolessent is sy behoefte om aan die een kant onafhanklik en outonoom te wees, en terselfdertyd om 'n aanvaarde lid van sy groep te wees (Josselyn 1971:57). Gepaardgaande hiermee veroorsaak sy liggaamsverandering spanning. Spanning tree na vore wanneer hy nog nie fisies daarvoor ryp is nie, en onbekend is met wat nog vir hom in die toekoms wag ten opsigte van sy liggaamsveranderinge (vgl. Fein 1978:438).

Talle adolessente beleef ook 'n gevoel van vrees dat hulle sal misluk òf dat hulle ondoeltreffend sal wees òf dat volwassenes wat vir hulle baie beteken, hulle sal verwerp. Sodanige vrees hang nou saam met onsekerheid oor eie vermoëns om selfhandeling en selfontplooiing suksesvol deur te voer (Vrey 1979:131-132). Dié onsekerheid wat gedurende dié situasies ondervind word, bring 'n belewing van angs mee. Die realisering van

selfhandhawing en selfontplooiing is 'n belangrike oorsaak van angs.

Die ontoereikende verwerkliking van liefdevolle, intieme ek-jy-verhoudinge maak dat talle milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park, hulle nie op hul medemens instel nie. Sodoende is hulle ook agterdogtig, wantrouig en skepties omdat hulle gevoelens van angs en onveiligheid belewe. Angs lei tot magtelootheid, omdat die adolessente voel dat hulle hulself nie daarteen kan verweer nie. Angs is

"...bound up in the mechanisms which maintain a negative or positive self concept and influence the manner in which an individual will respond to situations" (Felker 1974:14).

Die angsbelaaide gevoel van hulploosheid manifesteer as gevolg van rusie, onenigheid, mishandeling, drankmisbruik of enige ander maatskaplike afwykende gedrag in die gesinslewe. Dié spanning wat deur die ouers beleef word, word gevolglik op die adolessent oorgedra. Dit lei dikwels tot wangedrag by sodanige adolessent omdat die ontwikkelende persoonlikheid nie voldoende in selfvertroue en verantwoordelikebesef gesterk word nie (vgl. Schultz & Heuchert 1983:70-75; Bennet 1991:22). Op grond van onveiligheidsbeleving is die adolessent té beangs om die vreemde en onveilige wêreld te eksploreer, aangesien 'n aktiewe uitgaan tot die wêreld vir hom beteken dat hy hom aan verdere onveiligheid blootstel. Affektief is hy nie bereid tot deelname aan dialoogvoering met dié wêreld nie. Die aanwesigheid van angs hou die persoonlikeontwikkeling en volwassewording op elke gebied teë. Dit belemmer die ontplooiing van 'n genuanseerde mensbeeld (Noordam 1970:18). Sy sosiale milieu sowel as sy sosiaal-maatskaplike oriëntering word ernstig belemmer, want hy ervaar sy gesinsituasie en die samelewing as

plekke waar daar nie vir hom plek ingeruim is nie. Sosiale en maatskaplike disoriëntasie word belewe (Preto-rius 1990:128).

Talle milieu-gestremde adolessente is toenemend op hulself aangewese vir die hantering en oplossing van problematiese situasies. Hul gesinslewe word gekenmerk deur konflik, emosionele uitbarstings en onrus want hulle

"...struggle to cope with a world more uncertain and more frightening than ever before" (Shoaf 1990:13).

Enige situasie wat vir die milieu-gestremde adolessent 'n bedreiging inhou, gee aanleiding tot frustrasie en konflik. Hy ervaar gevolglik 'n gevoel van terleurstelling waarop hy antwoord deur middel van aggressiwiteit en rebelsheid teenoor die frustrasiegevoel. Beledigings sowel as uiterse strengheid en onregverdigheid van ouers is 'n bydraende faktor tot aggressiwiteit en wangedrag by milieu-gestremde kinders (Hampton & Washington Coner-Edwards 1993:295). Driftigheid, uittarting van gesag en wispelturigheid kom veral voor by milieu-gestremde gesinne waar emosionele konflikte en onstabiliteit heers.

3.3.5. Emosionele spanning voortspruitend uit die geslagtelike ontwikkeling

Dit is een van die tragiese werklikhede van die eietydse samelewing dat talle milieu-gestremde adolessente onophoudelik met 'n hewige en subtiele opwekking van die seksuele gebombardeer word (vgl. Soothill & Walby 1991:106-112). Meestal gaan sodanige adolessente se soeke na aanvaarbare uitdrukkings van seksualiteit gepaard met konfliktsituasies. Dit is omdat hulle

vasgevang is in die problematiek van eie liggaamsbelewing en seksualiteit. Die noodsaaklike pedagogiese ouer-kindbinding sowel as toereikende ek-jy-verhoudinge ontbreek dikwels.

Die eietydse adolessent in Eldorado Park, word meestal met teenstrydighede wat die hantering van seksualiteit en sy besluite vir seksuele gedrag kompliseer, konfronteer. Sommige beskou voorhuwelikse kuisheid as 'n ideaal, terwyl die behoud van dié ideaal problematies word, selfs vir diegene wat dit onderskryf, en wel om die volgende redes:

- Die kwaliteit van huweliksliefde tussen vader en moeder het só ontaard dat dit meewerk tot die vervreemding en vereensaming van die milieu-gestremde adolessent (vgl. Van Rooyen 1989:203).
- Die wyse waarop die meeste van die milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park onderworpe is aan groter openheid, groter fisiese uitdrukkings, seksuele vryheid, vermoë vir intimiteit sowel as die vermoë om die lewe sonder enige skroom en skuldgevoelens te geniet, verhoog hul kwesbaarheid uitermatig en gee aanleiding tot konfliktsituasies (Duvenhage 1978:82-83).
- Pornografie wat die adolessent in rolprente en op die televisie sien, en in tydskrifte lees, is meestal strydig met die gesinsopvoeding. Dié teenstrydigheid versteur die milieu-gestremde adolessent se oordeelsvermoë. Gevolglik word sy keuseweerbaarheid daardeur beïnvloed (Jacobs 1987: 32).
- Popmusiek as 'n kontrakultuur wat negatiewe seksuele invloede uitoefen op die eietydse adolessent se gedrag (Le Roux & Smith 1992:102).
- Die portuurgroep wat die milieu-gestremde adolessent voorsien van inligting wat taboe is in die gesin (Ferreira & Mathibe 1993:5; Conradie & Cloete 1983:51-52).

Die voorlewing van onsekere norme en waardes deur talle milieu-gestremde ouers skep konfliktsituasies in dié gesinne. Sommige is kerkloos, het selfs verwarde waardes en norme en hul doelstellings is op sinlike genot afgestem. Dikwels word die kinders aan swak en vuil taal, pornografie en molestering blootgestel (vgl. Van Rooyen & Louw 1993:91). Seksualiteit is gevolglik minder van die struktuur van die huwelik afhanklik en meer van die bevrediging van behoeftes (Louw 1989:123).

Die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park bevind homself in 'n grenssituasie. Die verseksuele gesinsatmosfeer veroorsaak dat hy voorhuwelikse geslagsverkeer as 'n doodnatuurlike gebeure beskou. Die afstand tussen die twee geslagte het heeltemal weggekrimp. Die verhouding is liggaamlik, want die taal wat beide geslagte ken is wanneer hulle liggaamlik kommunikeer. Die enigste voorvereiste is 'n tikkie wederzijdse gevoel vir mekaar, want volgens Coleman (1980:123) glo adolessente dat gedrag is

"...a matter of individual choice and belief, rather than of public morality".

Aan die hand van verskeie bronne kan die volgende redes aangevoer word waarom talle eietydse milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park hul toevlug tot geslagtelike wangedrag neem:

- verheffing van die erotiese element in die eietydse samelewing word ten koste van die geestelike ooraksentueer;
- onophoudelike indoktrinering ten opsigte van 'n hewige en subtiele opwekking van seksualiteit word op alle terreinne op gewetenlose wyse uitgebuit ter wille van materiële gewin;
- verabsoluttering van die vroulike liggaam deur subtiele

tegnieke wat deur onetiese motiewe oorheers word, sodat die liggaam 'n handelsartikel geword het;

- die bereiking van vroeë geslagsrypheid;
- skynoplossings soos lesbiese liefde, homoseksualiteit en soms groepseks (love-ins), selfbevrediging, en intieme liefkosings;
- proefhuwelike of sluiting van vroeë huwelike waar die adolescent hom in die huwelik begewe voordat hy in alle opsigte daarvoor gereed is;
- nivellering van kontak (Pistorius 1971:173-178) asook Griessel et al. 1986:208-209);
- om eensaamheid te ontvlug;
- alkoholmisbruik en dwelmmisbruik;
- portuurgroepdruk en mediadruk (Devenish et al. 1992:121);
- as 'n wyse van kommunikasie;
- as 'n soeke na nuwe ervarings;
- as 'n bewys van rypheid;
- om beide die samelewing en ouers uit te daag;
- om psigiese spanning te ontvlug (Pretorius 1990:159);
- houdingsveranderinge teenoor voorhuwelike geslagsverkeer;
- verandering in die waardestelsel en sosiale norme;
- aanvaarding van alternatiewe lewenstyle (Karmel & Karmel 1984:461);
- ontbrekende koesterende ouerliefde;
- ontbrekende demonstrerende liefde (Le Roux & Smith 1992: 90);
- onvolwassendheid;
- geslagsidentiteit nie gevestig nie;
- gebrek aan selfrespek en respek vir ander;
- swak selfbeheersing (Van Rooyen & Louw 1993:89).

Gevolgtlik manifesteer ontoereikende geslagsopvoeding in een of meer van die volgende verwaarlosingsvorme soos deur (Louw & Van Niekerk (1991:45-49) vooropgestel word:

- **Affektiewe verwaarlosing**

Ongeborgenheid word beleef vanweë die volgende redes:

- besit 'n negatiewe selfkonsep;
- is nie selfstandig nie;
- beleef geen aanvaarding, warmte en koesterende liefde nie;
- kan nie sy emosies beheer nie;
- beleef geslagsrolverwarring;
- ken nie die verskil tussen seks en liefde nie; en
- aanvaar nie sy eie liggaam en seksualiteit nie.

- **Kognitiewe verwaarlosing**

In milieu-gestremde gesinne in Eldorado Park word kinders nie toereikend begelei nie

- om hul gevoelens te verstaan nie;
- om die normatiewe implikasies van hul seksuele gedrag te verstaan nie;
- om hul geslagsrolle te aanvaar; en met verantwoordelikheid te vertolk.

- **Normatiewe verwaarlosing**

Die ouer van die normatief verwaarloosde kind in Eldorado Park se voorlewing, voorsegging en die opvoedingsbemoëienis met die kind lei daartoe:

- dat die kind nie spesifieke sedelike-etiese norme rakend seksuele gedrag vir homself toegeëien het nie; en
- norme soos liggaamlike reinheid, kuisheid, liefde teenoor

die lusbeginsel (seks) en selfbeheersing in sy verwysingsraamwerk ontbreek.

Bostaande gegewens toon baie duidelik aan hoe adolessente hulle teen menigvuldige invloede wat moontlik aanleiding kan gee tot konfliktsituasies met ouers en onderwysers, kan vasloop. Diegene wat hulle daarin beywer om staande en ongeskonde te bly, word uitgekryt as preuts. Om gevolglik te konformeer en konflikte te vermy, wend die meeste hulle tot seksuele wangedrag. Dit is omdat hulle nie die moed het om beginselvas te bly nie. Sodanige adolessente se kwesbaarheid word intens verhoog, omdat hulle selfs daarin glo dat daar in sedelike ontaarding geen keer is nie, want almal doen dit.

3.3.6. Vryetydsbestediging en die vlug na allerlei patologiese gebruike

Die jeug wil sy vryheid benut soos wat hulle dit wil doen. Die volwassenes mag hulle nie teengaan nie. Gevolglik raak hulle opstandig en konflikte ontstaan dan tussen die adolessente en hulle ouers. Gewoonlik is 'n disharmoniese opvoedingsdinamiek een van die mees belangrikste aanleidende faktore tot alkohol- en dwelmmisbruik. Die kind word, vanweë die gebrekkige verhoudingstigting tussen ouer en kind, nie toereikend toegerus met positiewe norme en waardesisteen waarvolgens hy versoekinge kan beoordeel en weerstaan nie (Willemse & Van Niekerk 1991: 143). Die eietydse adolessent in Eldorado Park se verwerping van sy *umwelt* laat hom soekend na 'n alternatiewe lewenswyse. Hy voel onseker as gevolg van die diskontinuiteit ten opsigte van die sosiale rol en identiteit wat tussen adolessensie en volwaardige volwassenheid in die moderne gemeenskap bestaan (vgl. Van Zyl 1994:123). Dikwels word 'n ontvlugting van die

werklikheid as 'n uitweg beskou, en begin die adolessent alkohol en dwelms misbruik ten einde van die werklikheid af weg te kom (O'Conner 1983:1). Dié passiewe negatiewe nie-skeppende vorme van ontspanning en vermaak, moet teen die agtergrond van kommersialisering van die vryheid en die permissiwiteit van die moderne tydsges beskou word. Die adolessent staan voor 'n nuwe avontuur - *hy het vry geword en weet nie wat om met sy nuutgevonde vryheid te doen nie.*

3.3.6.1. Alkohol- en dwelmmisbruik

Wanneer die eietydse adolessent in Eldorado Park nie plek en aanvaarding vind in die samelewing nie; sal hy na aanvaarding en die verligting van sy eensaamheid in pedagogiese ongewenste groeperinge soek, wat hom mag verlei tot alkohol- en dwelmmiddelgebruik. Sy verslawing raak nie net 'n opvoedkundige probleem nie, maar is ook 'n sosiaal-patologiese verskynsel. Hy word onderwerp aan 'n totale aftakeling van sy persoon, sy menswees en sy voortbestaan binne die samelewing (Hobberg 1993:159). Dit raak 'n hindernis in die adolessent se oorkoming van lewensvraagstukke en impliseer 'n geremde volwassening en selfstandigwording, wat sy identiteitskrisis blokkeer (Pretorius 1990:177-178). Vervolgens kan dit gestel word dat alkohol- en dwelmmisbruik nadelig is vir die adolessent sowel as die gemeenskap. Dit bemoeilik sy soeke na 'n sinvolle lewe en saamlewe.

Die geïdentifiseerde oorsaaklikheidsfaktore ten opsigte van alkohol- en dwelmmisbruik wat vervolgens onder oë geneem word, staan nie noodwendig geïsoleerd teenoor mekaar nie, maar word ter wille van duidelikheid aan die hand van verskeie bronne kortliks soos volg onder die volgende twee hoofde opgesom:

- Algemene redes

- Ontvlugting van die hoë verwagtinge van mededinging, sukses, prestige en materiële waardes (Bensusan 1978:39; Bekker 1974:67);
- nuuskierigheid (Jacobs 1987:33);
- eksperimentering (Grinder 1973:15);
- geestelike soeke na genot en ontspanning (Girdano & Dussek 1988:35-39).
- portuurgroepdruk (Le Roux & Smith 1992:94);
- beskikbaarheid van die middels (Wicks-Nelson & Israel 1984:277);
- oordrewe publisiteit, verleidende advertering, verbrokkeling van morele waardes en algemene permissiwiteit van 'n siek samelewing (Grobler 1972:203).
- onkundigheid en ontoereikende voorligting met betrekking tot die gevare hieraan verbonde;
- begeerte na sintuiglike bevrediging deur ervaringsugtiges wat die lewe as onhoudbaar en wanhopig belewe (Zinberg 1967:158);
- kompulsiewe gebruikers (psigologiese afhanklikes) wat 'n aanvaarde vlak van welstand wil handhaaf;
- herhaaldelike gebruikers (fisiese afhanklikes) wat 'n normale vlak van welstand wil handhaaf (Weissman 1978:47; Prins 1982:237);
- angs en depressiwiteit (Pretorius 1990:181).

- Gesinsoorsake

- Ontoereikende opvoeding (vgl. Elkin & Handel 1989:143);
- swak gesinsvoorlewing en swak normvoorlewing (vgl. Le Roux & Smith 1992:93); verwaarlosing van die gevoelsopvoeding, ontoereikende verwerkliking van huweliksverhoudinge, misloop van die opvoeding tot sinvolle vryetydsbesteding,

die verval van intieme opvoedingsverhouding wat vir die adolessent isolasie en vervreemding beteken en ongunstige beïnvloeding deur die samelewing (Le Roux 1992:91-92).

- ouerlike verwerping waar die eietydse adolessent verval in 'n subkultuur waar dwelmmisbruik 'n voorvereiste is (Warren 1991:4);
- gesinsonvolledigheid, gesinskonflik en ontoereikende gesag (Pretorius 1990:181); sowel as
- gebrek aan koesterende liefde en sekuriteit (vgl. Van der Westhuizen 1989:34) oftewel

"...absence of one or both parents when the child was growing up, little closeness between parent and child, parental rejection and hostility, lack of communication in the family, problematic discipline procedures in the family, and the parents own use of drugs" (Noller & Callan 1991:128).

Persone wat vatbaar vir alkohol asook dwelmmiddels is, is gewoonlik adolessente wat voel dat niemand hulle nodig het nie, en ook gedurig in konflik met hul gesinsgenote verkeer. Die verslaafde kan spanning nie verdra nie. Hy is pessimisties van geaardheid. Sy selfkonsep is negatief. Die geringste konfrontasie waarmee hy in aanraking kom, stem hom ongelukkig. Spanning moet by hom uitgeskakel word. Psigologies is hy nie daarteen opgewasse nie.

Dit wil voorkom asof milieu-gestremde adolessente, weens 'n verskraalde opvoedingsituasie, dwelmmiddelpropagering, die invloed van humanistiese filosofieë, belewing van sosio-ekonomiese gefundeerde wanhoop en die materialistiese motiewe ten opsigte van dwelmverskaffing, kwesbaar is vir eksperimentering met alkohol en dwelmmiddels. Hulle raak meer ontvanklik vir dwelmmisbruik as gevolg van onder meer die waardigheidskende aard van die burokratiese gemeenskap, die gaping tussen

die waardes van die samelewing en die tradisionele waardes wat tuis gehandhaaf word, asook die fragmenterende karakter van die samelewing (vgl. Van Zyl 1994:129). Weens 'n negatiewe selfkonsep, emosionele probleme en onvervulde behoeftes preformeer dit die milieu-gestremde adolessent maklik tot alkohol- en dwelmmisbruik.

Onder bogenoemde omstandighede, soos hierbo genoem, kan die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies nie toereikend verwerklik word nie. In die geval van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park kan die volgende verklaar word: *Die adolessent is ontvanklik vir alkohol en dwelmmiddels omdat hy nie die nodige liefde, persoonswarmte en koestering beleef nie. Sodanige diskommunikasie, gesaglose, permissiewe opvoedingshouding sowel as 'n onstabiele sosiale lewe, plaas die adolessent in isolasie en vervreemding. Gevolglik voer hy 'n identiteitlose en sinlose bestaan. Dikwels lei sy ontoereikende sosialisering tot innerlike leegheid. Gevolglik kan die adolessent nie sy moontlikhede ten volle verwerklik nie. Hy onderaktualiseer sy moontlikhede en probeer dit vul deur 'n soeke na genot.*

3.2.7. Emosionele spanning wat gepaard gaan met die skoolsituasie

Ondanks die wete dat beide die huis en die skool mede-aandadig is vir die kind se totale wording, misluk talle milieu-gestremde ouers dikwels om hulle kinders bewus te maak van hul moontlikhede. Gevolglik staan sodanige kinders negatief teenoor die skool (vgl. Davidson & Moore 1992:444-446; De Necker 1987:86). Die skool daarenteen misluk soms daarin om die eie-

tydse milieu-gestremde adolessent doeltreffend en suksesvol voor te berei vir die volwasse wêreld (vgl. Le Roux & Smith 1992:100). Dikwels kan die skool ook nie twyfelagtige huislike opvoedingsnorme en opvoedingswaardes regstel nie. Gevolglik kan dit aanleiding tot talle konfliktsituasies gee (vgl. Kruger 1987:9). Sodanige konfliktsituasies maak meestal die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park skoolweerloos; wat gereedelik manifesteer in 'n negatiewe selfkonsep met gepaardgaande gedragsprobleme. Sodanige eietydse milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park reageer meestal met

"...aggressiveness towards his problematic educational situation. The aggression may be expressed in a variety of ways, from harmless abusive language to serious hectoring, or even injury to others" (Van Niekerk 1982:187).

Die adolessent word as 'n veelsydige mens met talryke moontlikhede wat in vryheid moet ontplooi, beskou. Die beeld waarmee sodanige adolessent hom nou moet identifiseer is dié van 'n veelsydige adolessent; derhalwe word hy met 'n appél op sy veelsydigheid gekonfronteer. Hy kom voor die moeilike keuse te staan om uit die veelheid van moontlikhede homself te bepaal. Dié veelheid van moontlikhede veroorsaak onrus, onsekerheid en angs.

Volgens Pretorius (1982:68) en Berner (1992:43-44) belewe die eietydse adolessente te dikwels die skoolsituasie as 'n sosiaal-onleefbare situasie, as 'n vyand wat mislukking, neerlaag, bedreiging en angs beteken. Gevolglik manifesteer konfliktsituasies in die lewe van die eietydse milieu-gestremde adolessente vanweë die volgende redes:

- Die onderwyser en skoolfaktore .

Die skool kan dikwels nie die milieu-gestremde kind suksesvol bereik nie, waarskynlik vanweë waarde-oriëntasies wat aan die kind vreemd is (Kok 1970:30). Dit is om die rede dat Rioux (1967:79) die skool kritiseer as

"...unresponsive and lacking in pertinence when confronted with concentration of children from disadvantaged backgrounds".

Talle milieu-gestremde adolessente verkeer in angs en ver-
twyfelinge weens die volgende omstandighede in die skool:

- Die sosiale bedrywighede in die skool is dikwels nie relevant tot die lewe met sy leefinhoude daar buite nie (Hill 1974:141; Polk & Schafer 1972:189-191). Die soort aktiwiteite is baie ver verwyder van die gesinskultuur waarin die milieu-gestremde kind hom bevind (De Beer 1976:288-289).
- Die abstrakheid van sommige leerplanne skep dikwels frustrasies, groot verwarring en angs by die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, wat hom toenemend kwesbaar maak ten opsigte van skoolleise. Die leerplanne is ontoereikend gestruktueerd en skei nie die skoolonderrig van die daaglikse lewe nie (Conradie & Cloete 1983:53).
- Die stelsel van gedifferensiëerde onderwys slaag soms daarin om die eietydse milieu-gestremde adolessente se weerloosheid toenemend te verhoog. Alhoewel leerlinge volgens hul vermoëns en potensialiteite ingedeel word, toon die onderwysers die neiging om meer met die begaafde leerlinge te werk as die minder begaafdes. Die minder begaafdes raak gefrustreerd en ontwikkel 'n negatiewe

selfkonsep en 'n afkeer in skool. Gevolglike mislukking sowel as negatiewe etikettering verlaag hul sin van eie waarde en veroorsaak talle konfliktsituasies (Thornton & James 1982:227).

- Die skool wend dissiplinêre metodes aan wat eksterne beheer soos vrees vir straf benadruk (Rojek & Jensen 1982:20); of sluit die eietydse adolessent uit by die uitoefening van gesag in die skoolsituasie. Dié adolessente word as onbevoeg en onverantwoordelik beskou (vgl. Polk & Schafer 1972:215).
- Onbewustelike verwerping van die skoolsituasie deur die onderwyser frustrer en sweep die adolessent voortdurend op 'n subtiele wyse op. Sy beskouing van homself (positiewe selfkonsep), sy beskouing van sy leerlinge, asook sy klaskamerpraktyke vorm die hoekstene waarop die kind se selfkonsep in die skool gebou word (Ferreira 1992:86). 'n Basiese houding by die onderwyser, dat sy leerlinge van waarde is, menswaardigheid besit en skoolbevoeg is, is allerbelangrik by die vorming van 'n positiewe selfkonsep by die leerling. Vernederinge kweek disrespek vir die self en ander.
- In hul benadering maak sommige onderwysers soms van metodes gebruik wat ontoereikend en onbevredigend is. Hul ontoeganklike en negatiewe houdinge skep wantroue en onveiligheidsbelewinge by die eietydse milieu-gestremde adolessente. Dit verwar sodanige adolessente. Hul konsentrasievermoë is ondoeltreffend as gevolg van angs (vgl. Cronje et al. 1987:178).
- Gevoelens van onsekerheid dwarsboom die kind se optimale persoonlikheidsontwikkeling en volwassewording. Gevolglik manifesteer dit in mislukte skoolprestasies (vgl. Smith & Le Roux 1991:79). Dwarsboming van die milieu-gestremde kind se strewe na behoeftevervulling lei tot die vorming van 'n negatiewe selfkonsep. Dit loop ook uit

tot onderprestering en probleemgedrag (De Klerk 1990: 45). Sodanige milieu-gestremde adolessente beleef

"...a stigma that adversely affects their self-esteem" (Elkin & Handel 1989:164).

• Stokkiesdraaiery

Milieu-gestremde kinders is dikwels geneig tot stokkiesdraai (Frankenstein 1979:70). Dikwels is dié stokkiesdraaiery te wyte aan:

- beleving van taaltekorte, gebrek aan skoolgereedmakende ervarings, fisiese agterstande, kognitiewe agterstande sowel as normatiewe agterstande (vgl. De Klerk 1990:44-45). Sodanige milieu-gestremde adolessente vorm 'n anti-skool subkultuur om te rebelleer teenoor die skool en

"...develop an alternative set of values, and behaviour in opposition to the aims of the school" (Browne 1992:261).

- 'n negatiewe selfkonsep wat veroorsaak dat die milieu-gestremde adolessent die stryd gewonne gee. Hy ervaar nie daardie positiewe beskerming wat steun in die volwassenes se wêreld bied nie. Die kind met 'n negatiewe selfkonsep en min selfvertroue, gedra hom anders en presteer anders as 'n kind met 'n positiewe selfkonsep. Hoe negatiewer sodanige kind se selfkonsep, hoe ernstiger word dié kind se afwykende gedrag wat op selfbeskerming en selfhandhawing gerig is. Die skool word as betekenisloos ervaar en die neiging ontstaan om sodanige onaangename situasie te vermy deur stokkies te draai of

om die skool op 'n vroeë ouderdom te verlaat (Fourie et al. 1992:86; Raath & Jacobs 1990:65).

- irrelevante en betekenislose aktiwiteite in die skool sowel as 'n ongesonde verhouding tussen die onderwyser en adolessent veroorsaak dat die milieu-gestremde adolessent voel dat niemand hom lief het nie. Die uitkoms daarvan is stökkiesdraaiery en wangedrag (vgl. Thornton & James 1982:217).
- die huislike milieu wat dié kind deurgaans eensaam, ongelukkig en onveilig laat voel. In dié geval is die gesin se emosionele klimaat en belangeloosheid nie bevordelik vir toereikende persoonlikheidsontwikkeling nie (Furlong 1985:50; Fergusson et al. 1986:4). Die meeste ouers verskaf nie die nodige aanmoediging vir die milieu-gestremde adolessent om te presteer nie. Dit is veral die ouers van 'n armoedekultuur-kind wat onkundig, negatief en onbetrokke is ten opsigte van hul kind se skolastiese vorderinge (Gildenhuys & Le Roux 1993:39).
- gebrek aan ekonomiese bronne mismoedig dikwels milieu-gestremde seuns om nie aktief aan die leergebeure deel te neem nie. Die uitkoms is gewoonlik stökkiesdraaiery (vgl. Ferreira & Mathibe 1993:4). Dié milieu-gestremde adolessent kom veral in 'n meerdere mate uit gesinne met 'n swak sosio-ekonomiese status; byvoorbeeld: die vader bekleed in meerdere mate 'n laer statusberoep en/of 'n laer onderwyspeil (vgl. De Beer 1977:134). Meidan (1979: 74) merk tereg soos volg op:

"Socio-economic status has a clear effect on personal security, feelings of assurance and acceptance, and relates closely to self-concept."

Bogenoemde bespreking toon baie duidelik aan hoe ernstige probleme tuis en op skool die adolessent vasvang. Gevolglik lei

dit tot verhoogde spanning en konflik by die adolessent. Sy minimale skoolvordering maak hom 'n swartskaaap. Gevolglik onttrek hy hom heeltemal van almal af, en neem sy toevlug tot wangedrag soos stokkiesdraaiery.

3.4. VERSTEURING IN DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE MILIEU-GESTREMDE ADOLESENT

In die snel veranderende eietydse samelewing verskil die adolessent se ervarings van dié van sy ouers toe hulle nog kinders was. Toereikende kommunikasie tussen ouers en kinders word al hoe moeiliker omdat kommunikasie van algehele persepsuele ervaring afhanklik is. 'n Kind wil graag sy ervarings met sy ouers deel. Gevolglik kan hy as gevolg van die "generasiegaping" dit net met sy portuurgroep doen. Met hulle kan hy kommunikeer en belewenisse deel.

Talle adolessente in Eldorado Park het teenoor ondersoeker gemeld dat hul ouers hulle nie verstaan nie. Gevolglik lei dit tot spanning en konflik. Die adolessent bly vitaal, ekspansief met behoeftes om homself sover moontlik in die daaglikse lewe te ontplooi. Hy is gedurig besig om selfkennis en ouerkennis op te doen. Bewapen met dié kennis toets hy sy grense en probeer hulle oorskry. Hy begin dan 'n uitdagende houding aanneem en raak dikwels aggressief teenoor ander. Die adolessent eksperimenteer graag en beproef sy mensekennis, wat hy tot dusver opgedoen het, deur persone teen mekaar af te speel. In dié spel met mense, met die ouers en met die eie houding teenoor ouers, is hy dikwels ekspansief.

Sodanige eietydse milieu-gestremde adolessent konfronteer sy gesin met twee hoofprobleme: enersyds hoe en waar om hom in die bestaande sosiale strukture in te pas; andersyds hoe om sy gedrag in ooreenstemming met die sosiale norme te bring (vgl. Elkin & Handel 1989:269). Dikwels word hulle bestaan beskou as

"...an accident of history. Its members were born into it. They are mostly unaware that they belong to it, yet they make the most pressing demands on national, economic and political systems. They impose the most exacting tasks on public policy and planning. Who are they? Where did they come from? (Steinberg 1982:1).

Vervolgens word 'n opvoedingsleegte tussen die ouer en sy kind binne die gesinsituasie daargestel (Sonnekus 1976:125). Dikwels loop dit uit op talle konfliktsituasies. Gevolglik word die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in Eldorado Park ontoereikend verwerklik. Sodanige milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park se kwesbaarheid word uitermatig verhoog en gee aanleiding tot konfliktsituasies in die gesin.

Teen dié agtergrond val die fokus vervolgens op die volgende faktore wat moontlik aanleiding kan gee dat die eietydse milieu-gestremde gesin toenemend sy opvoedingstaak ontoereikend uitvoer.

3.4.1. Gesinskonflik

Daar word dikwels beweer dat die jeug in opstand teen gesag kom. Hulle wil meer vryheid hê. Die vraag is egter of dié jeugopstand teen gesag nie juis as gevolg van te veel vryheid en te min gebondenheid is nie? Dié opstandigheid beïnvloed die aard en kwaliteit van gesinsverhoudinge negatief. 'n Gees

van oordrewe gesagslose kameraadskaplikheid, in teenstelling met die eietydse gesonde gesagsverhoudinge heers (vgl. Serfontein 1989:134).

Die adolessent se trots en opstandigheid aan die begin van puberteit is uitdrukking van sy natuurlike neiging en strewe tot selfbevestiging en van sy krag om homself te word en homself te wees. Die adolessent wil in sy verlanse na selfbevestiging en in sy *self-iemand-wil-word* begryp, eerbiedig en gelei word. Hy beleef juis konflik weens 'n tussenposisie tussen kindheid en volwassenheid, asook die feit dat hy nog afhanklik is, maar selfstandigheid soek. Die adolessent rebelleer teen die kontrole en gesag van sy ouers en onderwysers. Hy wil sosiaal emansipeer en dring aan op sosiale en persoonlike onafhanklikheid. Die sleutel tot die konstruktiewe hantering van konflikte in die gesin, is seker die opbou van positiewe ek-jy-verhoudinge tussen ouer en kind.

Ongelukkig is dit so dat talle milieu-gestremde ouers nie rekening hou met die neiging tot selfbevestiging van die adolessent nie. Dikwels word sodanige adolessent teengestaan, belaglik gemaak, verdag gemaak, gedreig en verkeerd geïnterpreteer. Gevolglik wil talle milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park hulle van hulle ouers se dominerende opvoedingsgedrag losmaak. Tydens dié gebeure kom hulle dikwels in konflik met hul ouers (vgl. Cadoret 1992:231-240). Dit lei tot die skepping van 'n generasiegaping wat sy neerslag vind in verskille tussen die adolessent en volwassene (Louw 1991:417). Gevolglik manifesteer dit in ontevredenheid in die eise wat die ouer geslag van die eietydse adolessent verwag om te aanvaar en te doen (Harmse 1982:157; Jarvis 1990:143, asook Gordon 1973:123). Sodanige eietydse milieu-gestremde adolessent is dikwels vyandig, ontevrede en wantrouig, wat moontlik tot konflikte, opstandigheid, aggressie en asosiale gedrag

aanleiding kan gee (Dobash et al. 1992:71).. Meestal rebeleer die eietydse adolessent in Eldorado Park nie teenoor sy ouers nie, maar wel teenoor hulle gesag.

Konfliksituasies wat in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park ontstaan kan moontlik aan die volgende faktore toegeskryf word:

- Groot getalle eietydse adolessente staan vyandig teenoor ouerlike gesag, teenoor enige formeel gestruktueerde relasies en teenoor enige tradisionele burokratiese gedragspatrone. Hulle verwerp outoriteit en bevraag wettige gesag, omdat hulle dit as immoreel sowel as funksioneel inkonsekwent beskou (Duvenhage 1978:81; Coleman 1980:66).
- Daar word nie 'n positiewe opvoedingsruimte geskep waar die adolessent onvoorwaardelike aanvaarding en sekuriteit ervaar, en waar hy met vrymoedigheid kan waag nie. Opvoedingskommunikasie is haas onmoontlik (Saal 1986:54). Die kommunikasiepatrone van die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park ontbreek aan egtheid, intimiteit en emosionele toesegging (vgl. Rutter & Madge 1981:210-212). Die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park se selfkonsep, sy gemoedslewe, en sy gevoel vir eie waarde ly intens skade (vgl. Walsh 1991:166; Wood 1981:185). Dit is omdat die ouer as die verpersoonliking van volwassenheid, as identifikasiefiguur en normvoorbeeld verdwyn het. Dit lei tot ontsporing en verlies aan lewensekerheid.
- Gebrek aan toereikende kommunikasie wat onsekerheid, eensaamheid, frustrasie, aggressiwiteit en antisosiale gedrag tot gevolg het (vgl. Regoli & Hewit 1991:157 & Rové 1989:227). Gevolglik is skrywer dit eens met Noller & Callan (1991:35) wanneer hulle postuleer:

"Poor communication is often the basis of conflict and a lack of closeness in families, especially when parents don't value the opinions of their adolescents".

Die wesenlike verskille tussen idees wat tussen ouers en dié van die eietydse milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park bestaan, kan moontlik tot konflik en spanning aanleiding gee, aangesien die begrypings-, vertrouens- en gesagverhouding ontoereikend tussen ouers en adolessente voltrek word (vgl. Hunderdeide 1991:30). Dit plaas die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park in 'n niemandsland van tussen kindwees en volwassenheid. Sy intense drang na vryheid om self besluite te neem, loop uit op onderlinge negatiewe gesagsmiskening en gesagskonflik. Beide die ouer en die adolessent vind dit gevolglik haas onmoontlik om tot 'n aanneembare vergelyk te kom (vgl. Fourie 1987:28). Elkeen het sy eie aparte wêreld geskep, as 'n eiland wat ver van mekaar verwyderd is. Gevolglik word die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik.

Milieu-gestremde adolessente wat grootword in gesinne waar gesagskonflik 'n alledaagse verskynsel is, is later ook geneig om dieselfde gedrag teenoor hulle kinders te openbaar (vgl. Gelles 1985:347-367). Trouens:

"If parents would rely less on power and more on non-power methods to influence their children from infancy on, there would be little for the child to rebel against when he becomes an adolescent" (Meidan 1979:90).

Die konflik tussen die sogenaamde vryheid van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park en die beperkinge wat deur die eietydse samelewing opgelê word, veroorsaak verwarring en vertwyfeling. Indien die eietydse milieu-gestremde adolessent

met lewensprobleme, konflikte en onsimpatieke ouers moet worstel, word sy volwaardige volwassewording problematies. Dit vertoon 'n negatiewe effek op sy selfkonsepvorming en sosialisering (vgl. Berndt 1992:161). Gevolglik word die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in sodanige gesinne ontoereikend verwerklik.

3.4.2. Die probleem van dubbele standaarde

Talle adolessente in Eldorado Park moet 'n stryd voer om hul norme en waardes in 'n eietydse samelewing, wat self vol van teenstrydighede is, te omlin (Gerdes et al. 1981:280). Dié adolessente kom in opstand of raak vervreemd van sodanige samelewing oor die wanverhouding tussen die moraal wat die volwassene verkondig en die kultus van skyn wat hy voorlewe (vgl. Harmse 1982:149; Pretorius 1990:139). Gevolglik ontstaan konflikte sowel as verwarring omdat die adolessente self die sin van die lewe wil deurgrond en deur vrye selfstandige keuses die norme, waarvolgens hy sy lewe kan inrig, kies (vgl. Hoffman 1978:188). Vir die eietydse adolessente in Eldorado Park is spontane gesagsaanvaarding nie sonder meer vanselfsprekend nie. Talle van dié adolessente verkeer in 'n grensposisie waartydens hulle hul aan die opvoedingsgesag begin onttrek.

Die milieu-gestremde adolessente eksperimenteer met waardes en kom in verzet teen die beperkende maatreëls van ouers. Wat goed was vir die ouers, is vir hom nie meer aanvaarbaar nie. Die ouer hou bepaalde norme en waardes vir die adolessente voor, maar volg dit self nie na nie. Sodanige ontdekking van dubbele standaarde en huigelagtigheid lei tot pynlike ontnugtering en skokke vir die jong gemoed wat vatbaar en sensitief vir beïnvloeding is. Byvoorbeeld, talle vaders en

moeders het buite-egtelike verhoudinge en kan nie met oortuiging enige waardes aan hul kinders oordra nie. Hulle gaan self gebuk onder konflikte waarvoor hulle geen oplossings kan vind en geen leiding aan hul kinders kan gee nie (vgl. Buenning & Toffelson 1987:270).

Die aangeleentheid van dubbele standaarde, manifesteer vervolgens, weens die ontwrigtende gedrag en lewenswyse van milieu-gestremde ouers, in konfliktsituasies in die gesin. Sommige milieu-gestremde ouers toon 'n houding van twyfel, van groter toegeeflikheid en verdraagsaamheid teenoor die gebruik van voorbehoedmiddels. Die res poog daarna om 'n behoudende houding te handhaaf. Dié twee stelle norme plaas die eietydse milieu-gestremde adolessente in die middel, bring hulle van stryk af en skep 'n groter gevoel van onsekerheid en verwardheid. Gevolglik word die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in die gesinne ontoereikend verwerklik. Sodanige gedrag oefen 'n negatiewe invloed uit op die kind se waardeoriëntasie en strem sy optimale persoonlikheidsontwikkeling (vgl. Mckim & Cowen 1987:372; Harmse 1982:157). Waardes wat deur die ouers voorgepraat, maar nie voorgeleef word nie, kan nie deur die kind geïnternaliseer word. Die gevolg is konfliktsituasies wat uitloop op ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies.

3.4.3. Probleme met die verwerwing van 'n eie identiteit

Onder milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park heers groot verwarring ten opsigte van die verwerwing van 'n eie unieke identiteit. Daar is nie eenstemmigheid oor wat volwasse nes van adolessente verwag nie, of watter verwagtings vol-

wassenes sowel as adolessente van adolessensie koester. Dikwels ontstaan konflikte omdat die adolessent voortdurend bedreig word deur 'n identiteitsverwarring wat spruit uit gevoelens van onbeholpenheid om 'n greep op die lewe te kry. Sy twyfel aan sy voorbereidheid om die lewe tegemoet te gaan, sowel as gebrekkige voorligting oor wat die lewe inhou en wat verwag word, vererger die situasie. Gevolglik moet 'n nuwe selfbegrip en gewysigde selfbeeld by hom tot stand kom (Meintjes 1990:73). Dié adolessent bereik gevolglik 'n temporale kruispad. Hy is nou half verward met betrekking tot waar hy hom in sy lewensloop bevind (Harmse 1982:158).

Die ondersoeker se ervaring met milieu-gestremde adolessente op skool het gevind dat hulle persoonsbeelde meestal negatief van aard is. Dikwels voldoen hulle nie aan verwagtinge wat die gesin en skool van hulle koester nie. Hulle is nie in staat om 'n identiteit volgens die algemene waardes en verwagtinge van hul kultuur te vorm nie. Gevolglik identifiseer hulle met enigiets wat lynreg in stryd is met dit wat van hulle verwag word (vgl. Gerdes et al. 1981:82).

Dié adolessent wat hom in 'n ongunstige posisie bevind om nie saam met sy ouers te verkeer nie, is nie in staat om 'n positiewe identiteit sowel as 'n gunstige ek-jy-verhouding met sy ouers te sluit nie. Meestal wyk sodanige adolessent uit na identifikasie Modelle van twyfelagtige aard buite die gesinsfeer. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die gebrek aan positiewe identifikasiefigure óf swakheid van die ouerfiguur óf fisiese afwesigheid van die ouers (vgl. Brooks et al. 1992: 381; Benn 1986:1230). Die uitkoms van identiteitsverwarring beteken vir die adolessent in sy persoonlike lewe dat hy identiteitsloos rondobber. Hy beskik nie oor fundamentele vertroue in die lewe nie. Hy kommunikeer ontoereikend met sy

medemens, belewe sy bestaan as sinloos en verval in eensaamheid (Prëtorius 1990:144).

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat identiteitsverwerwing as sosiopedagogiese essensie, ontoereikend binne die milieu-gestremde gesinsituasie verwerklik word weens konfliktsituasies in die gesin.

3.4.4. Die portuurgroep

By die milieu-gestremde gesin word opvoedende kommunikasie as gevolg van 'n gebrek aan intieme kontak tussen die ouers en die kind selde verwerklik (vgl. Noller & Callan 1990:349-361). Die adolessente verkry deur vriendskap en samesyn met ander, wat soorgelyke oriënteringsprobleme ondervind, kompensasie vir sy onvervulde sosiale behoefte (Cloete 1990:90-91; Pretorius 1990:56). Weens ontoereikende gesinsaamlewe en gesinsopvoeding, toon die eietydse adolessent in Eldorado Park 'n behoefte aan iemand wat hy as identifikasie-model en ideale normbeeld kan gebruik. Sodra die nodige aanvaarding en goedkeuring binne gesinsverband ontbreek, ontstaan talle konfliktsituasies wat die eietydse milieu-gestremde adolessent se kwesbaarheid uitermatig verhoog. Sosiale goedkeuring van ander buite die gesinsfeer, vergoed vervolgens vir die gebrekkige sosiale samesyn binne gesinsverband. Dikwels is dit die sosiale onaanvaarbare portuurgroeplede wat die milieu-gestremde adolessent kan voorsien van die nodige sekuriteit en aanvaarding, veral as die nodige warmte en liefde tuis ontbreek (vgl. Louw 1991: 422; Wicks-Nelson & Israel 1984:34; Geismar & Wood 1986:54; Meyer 1987:121; Esterhuyzen & Esterhuyzen 1989:61, asook Vander Zanden 1990:168).

Dikwels neem die adolessente in Eldorao Park sy toevlug tot identifikasiefigure wat hom dikwels nie positief kan beïnvloed nie. Gevolglik geskied selfevaluering aan die hand van norme en waardes, wat weens die aard en omgang van sy problematiese gesinsomstandighede, nie in sy ouerhuis toegepas word nie. In talle gevalle is die sekondêre identifikasiefigure oor die algemeen die verpersoonliking van 'n liberale en losbandige lewensopvatting. Die kind word daardeur negatief beïnvloed en ervaar konflikte tuis omdat hulle identifiseer met die een of ander popsanger of filmster wat nie altyd 'n positiewe identifikasiefiguur verteenwoordig nie (Serfontein 1989:136; Viljoen & Pienaar 1983:120).

Verskraalde ontoereikende ouer-kind kommunikasie bring mee dat die eietydse adolessent wat lewenswaardes ondersoek en beoordeel, nie antwoorde op sy vrae bekom nie. Hy word vatbaar vir negatiewe beïnvloeding van sy portuurgroep (Van Zyl 1994:122). Die eietydse milieu-gestremde adolessent leun swaarder op sy tydgenote vir ondersteuning en aanvaarding. Die portuurgroep se norme word slaafs nagevolg (Gerdes et al. 1981:280). Die portuurgroep bied 'n geleentheid tot die oplossing van die identiteitskrisis waarbinne die adolessente verkeer. Binne die konteks van die portuurgroep is eksperimentering met identiteitsvestiging toelaatbaar. Die selfkonsep en selfverwagtinge word na die mening van ander getoets. Dié soeke na 'n eie identiteit lei tot die vreemde paradoks dat sodanige adolessente in hul soeke na onafhanklikheid van hul ouers, van die portuurgroep afhanklik raak. Die portuurgroep vorm die veiligheidsbasis waarvandaan die adolessente in Eldorado Park hul eie private oorlog vir afhanklikheid kan veg.

adolessente in Eldorado Park word deur hul hunkeringe en soeke na selfstandigheid, na die portuurgroep getrek. Wanneer daar gevolglik met dié groep geïdentifiseer word, word standpunte

teenoor die ouers se gesag ingeneem. Sodanige ouers vergeet dikwels dat hulle hul kind na die portuurgroep uitgestoot het weens hulle eie outoritêre of outokratiese opvoedingstyl. Al eis die portuurgroep, veral in die vroeë adolessensie, uiterse konformiteit tot sy standarde, is talle adolessente gewillig om die prys te betaal vir dit wat hulle mag verkry naamlik, om sy eie self te wees. Dit is om dié rede dat Hamachek (1985: 106-107) verklaar dat die portuurgroep as nuttige stabiliseerder dien, as bron van die positiewe selfkonsep, as sosiale model sowel as beskerming teenoor onredelike eise wat volwassenes van hulle verwag om te vervul.

Talle adolessente in Eldorado Park wil graag as non-konformiste beskou word. Hulle konformeer eerder ten opsigte van die gedrag wat vriende van hulle verwag. Dit skep spanning en konflik. Probleme ten opsigte van konformiteit en non-konformiteit vermeerder die angs en konflikgevoelens. Angs en vrees neem toe namate die adolessent nie meer die belange en waardes, waaraan die groep waardes heg, kan aanvaar nie. In ooreenstemming met Harmse (1982:151) wys Hobberg (1992:162) daarop dat die adolessent se strewe 'n "skaap-volg-skaap"-patroon is. Almal wil dieselfde lyk ten opsigte van hulle algemene voorkoms. Hul gevoel van behorendheid veroorsaak dat hulle nie bereid is om as individualiste gereken te word nie. Almal wil "in" wees. Groepsaanvaarding weeg baie swaar.

Om deel van die groep te word en ook om deur hulle aanvaar te word, gee talle adolessente aan die eise van die groep toe. Dinge wat hulle normaalweg nooit sou gedoen het nie, doen hulle nou. Hul behoefte tot konformiteit lei tot prososiale of antisosiale gedrag, afhangend van die groep met wie hulle omgaan (Lamson 1983:15). Byvoorbeeld, indien die groep die gebruik van dwelmiddels as groepsaktiwiteit bevorder sal talle adolessente in Eldorado Park dit aktief navolg (vgl. Rip 1988:

114). Dit laat by hulle dan ook 'n gevoel van skuld en angs ontstaan. Die gevare waaraan portuurgroepde blootgestel word, en die dwangmatige konformering wat deel daarvan is, veroorsaak dat talle eietydse milieu-gestremde adolessente se sosialisering, selfkonsep, identiteitsverwerwing en sosiaal-maatskaplike oriëntering ontoereikend verwerklik word. Dikwels openbaar sodanige adolessente later psigopatiese gedrag wat hul kwesbaarheid in die eietydse maatskaplike situasie in Eldorado Park toenemend verhoog.

3.4.5. Jeugmisdaad

Jeugmisdaad spruit uit onwettige aktiwiteite wat 'n jeugdige gepleeg het (Scott 1989:11; Garbarino 1985:474; Thornton & James 1982:18; Seifert & Hoffnung 1987:713, asook Louw et al. 1978:37). Talle gevalle van jeugmisdaad kan teruggevoer word na ontoereikende sosialisering, werkloosheid, armoede, gebroke huise, sosiale druk en inkonsekwentheid (vgl. Manis 1984:372). Dit reflekteer primêr "...asocial personality orientation" (Weiner 1992:309); en

"...contradicts the norms prescribing the type of juvenile behaviour that society considers acceptable" (Glanz & Pretorius 1991:102).

Rebelsheid en kriminaliteit spruit veral uit pedagogiese verwaarlosing en/of algemene verwaarlosing van die ouer se wanpraktyke (Harmse 1982:192). Verwaarlosing bring mee dat die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park hom as weerloos en vasgelope beleef. Die ek-jy-verhoudinge word ontoereikend verwerklik en moontlik kan dit aanleiding gee tot konfliktsituasies. Meestal word sodanige adolessente deur hulle ouers afgewys. Gevolglik raak hulle vyandig, vertoon negatiewe

selfkonsepte, is emosioneel onstabiel en is uiters kwesbaar (vgl. Finn 1989:117-141). Dit geld veral waar die verhouding van die milieu-gestremde seun met die vader versteur is. Die seun kan manlike identifikasiefigure buite gesinsverband soek en gewoonlik poog om sy manlikheid te toon deur hom in ontoelaatbare gewelddadigheid te begewe (vgl. Brook et al. 1992:381).

Dié uitkoms van sodanige verwaarloosende opvoeding is sosiale waninskakeling, jeugwangedrag en jeugmisdaad (Pretorius 1990: 195). Dit is opvallend dat die meeste adolessente in Eldorado Park, wat wangeoriënteerd is en ook jeugmisdadige neigings toon, gewoonlik afkomstig is uit

"...disunited families, have less schooling and a lower socio-economic status" (Claes & Simard 1992: 299).

• Vorme van jeugmisdaad

Sodanige misdade verwys bloot nie na misdade wat deur minder-jariges gepleeg word nie, maar sluit ook verbode jeugaktiwiteite in soos:

- volgehoue rokery;
- drankgebruik;
- stokkiesdraaiery;
- wegloop van die huis af;
- seksuele wangedrag;
- onbeheerbaarheid;
- weiering om aan gesag te onderwerp;
- oproer maak;
- vandalisme;
- diefstal en inbraak;
- motordiefstal en roof; sowel as

- aanranding (vgl. Pretorius 1990:199-200; Zober 1981:325; Hurločk 1973:435, asook Harmse 1982:191).

Op grond van die volgende faktore, is dit moontlik dat die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, sy toevlug mag neem tot jeugmisdaad as gevolg van:

- verwerping van ouerlike gesag;
- afwesigheid van 'n erkende sosiale status vir adolessente;
- losmaking en selfs die totale afbreking van tradisionele bande in die gesin en gemeenskap (Salus 1994^b:6-9);
- ontbering van liefde wat lei tot wanoriëntering en wangedrag weens die feit dat hul ouers se opvoedingsgedrag teenoor hulle gewelddadig en koud is (Dornbusch et al. 1987:1244-1257; Clayton 1992:39).
- armoede en relatiewe deprivasie (Pretorius 1990:192; Le Flore 1988:634, asook Jones et al. 1988:279).
- die hoë werkloosheidsyfer en heersende knellende ekonomiese klimaat (Le Roux & Smith 1992:93).
- sowel as oorbevolking in die huis waar die adolessent homself beskou as

"...being alienated and disadvantaged because the overcrowding in the house leaves no room for their private lives" (Ferreira & Mathibe 1993:3).

Die realiteit van jeugmisdaad as bydraende faktor tot konflik-situasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent, kan soos volg saamgevat word: *Onsimpatieke ondersteuning, wanoriëntering en jeugwangedrag is die gevolg van ontoereikende opvoeding, ontoereikende kommunikasie en inkonsekwente dissipline waaraan 'n adolessent gedurende sy vroeëre kin-*

antwoord op 'n waardigheid-skendende wyse, sodat daar gevolglik geen sprake is van 'n intieme warme verhouding nie. Sodanige milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park word enersyds onderwerp aan onvoldoende vervulling van sy fisiese en psigiese behoeftes vanweë 'n gebrek aan of selfs afwesigheid van liefde/warmte sowel as emosionele versorging (vgl. Barnard 1988:354). Andersyds veroorsaak 'n gebrek aan behoorlike toesig, leiding, dissipline en onvoldoende beskerming teen degraderende toestande sowel as blootstelling aan ongesonde sedes en lewensomstandighede konflik (vgl. Eldefonso 1979:247-248). Die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies word gevolglik ontoereikend verwerklik omdat die adolessent se optimale persoonlikheidsontwikkeling ernstig belemmer word.

- **Sosiale lewe:** Die gesinsituasie is 'n onveilige en onstabiele plek vir die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park. In sy huis is hy meer blootgestel aan fisiese aanraking as op straat. Sy verwaarlosing manifesteer veral in gedeeltelike of totale isolasie van die gesin, gedurige rusie met die bure, familie en vriende sowel as swak taalgebruik (Roscoe et al. 1983:396; Giddens 1989:408).
- **Selfkonsepvorming:** Die kind ondervind diepgesetelde gevoelens van ontoereikendheid, want hy word:

"...constantly accused, belittled, sworn at or rejected..." (Le Roux & Smith 1992:95).

Sodanige neerhalings, afbrekings en vernederings wat die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park beleef, gee aanleiding tot talle konfliktsituasies. Die gebrek aan gesonde intieme verhoudinge lei tot die skepping van 'n negatiewe selfkonsep (vgl. Barnard 1988:354; Walsh 1991: 166), want die

"...adolescent's who lacks trust and loving care from adults is ill-equipped to form a positive self-concept" (Ferreira & Moneyorathwe 1993:11).

- **Kommunikasie:** Die voortdurende doelbewuste verbale en nie-verbale verwerping van die kind sowel as onrealistiese vereisendheid en wisselvallige dissipline is 'n goeie voedingsbodem vir die diskommunikasie. Dit verskerp nie net die konflik tussen ouer en kind nie maar maak ook die kommunikasiegaping 'n diep kloof. Dit laat 'n grief in die hart van die kind met verreikende gevolge (Louw 1989:162; Swanepoel & Wessels 1992:137).
- **Behoeftevervulling in sosiale verband:** Die kind se primêre saamleefsituasie is onveilig weens die chaos en bedreiging wat die gesinsmilieu vir hom inhou. Sy ouers rand hom tuis fisies aan wat nie net ernstige fisiese letsels tot gevolg het nie (Starr et al. 1990:25; Seifert & Hoffnung 1987:290). Dit lei ook tot talle oriënteringsprobleme (vgl. Jones et al. 1988:169). Sodanige milieu-gestremde adolessente (ook in Eldorado Park) is uitermatig kwesbaar, weerloos en opstandig. Hulle is wantrouig en ervaar gevoelens van verraad in verhouding tot hul ouers (Le Roux & Smith 1992:96-97). Dié kind wat grootword in 'n gevoelsarm gesinsklimaat se weerloosheid word nie net uitermatig verhoog nie, sy veiligheidsbehoeftes bly ook onvervuld, want hy word onderwerp aan

"...the vicious, sometimes severe enough to break their bones; tying them up, or locking them in closets, for hours or days on end; burning them with cigarettes or forcing them to put their hands on a hot stove; and even in extreme cases - killing them" (Robertson 1980:282).

- **Sosialisering:** Die kind se opvoeding word só verskraal dat hy nie eendag as volwassene in alle sosiale verbande toereikend met sy medemens kan saamlewe nie. In dié verband

toon Roy (1988:14) aan dat dat die kind 'n mishandelende ouerlike styl aanleer, want hy is

"...impressionable; they imitate and repeat what is familiar to them. Children from violent homes are human time-bombs set to explode when they assume the role of husband or wife in adulthood".

Ofskoon daar talle oorsaaklike faktore ten opsigte van kindermishandeling is, sal vir die doeleindes van die onderhawige studie volstaan word met die volgende oorsake van kindermishandeling:

- *gesinsfaktore;*
- *stresfaktore, en*
- *kinderfaktore.*

Vervolgens sal elk van bogenoemde faktore toegelig word.

• **Gesinsfaktore**

Die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park se kwesbaarheid word ingrypend verhoog weens onstabiliteit, spanning en aggressie in die gesin (vgl. Packard 1983:17-18; Louw 1989:162; Meintjes 1990:136-137). Dit gaan dikwels gepaard met rondtrekkery, isolasie en eensaamheid wat 'n negatiewe invloed op hul gedrag uitoefen (vgl. Kriegler 1987:59; Pretorius 1990:235). 'n Kind wat blootgestel is aan kindermishandeling se ouer:

- is in die meeste gevalle self mishandel of verwaarloos (Ackley 1977:21; Meintjes 1990:126; Meier 1985:8; Fourie et al. 1992:262; Glachan 1990:5; Carmi & Zimrin 1984:5, asook Lee 1986:56).

derlewe blootgestel word. 'n Pedagogies-gesonde basis sowel as 'n verhouding van vertroue, begryping en gesag moet in die gesin as raamwerk en teenvoeter vir enige disoriëntasies dien.

3.4.6. Die mishandelde kind

Verskeie omskrywings van kindermishandeling word in die literatuur aangetref. Daar word onder andere na "*negligent treatment*", "*ill-treatment*", of "*maltreatment*", verwys (Davidson & Moore 1992:384; Otto & Melton 1990:67, asook Halperin 1979:27). Dolan (1980:26) ondersteun dié gedagte en beskou kindermishandeling as die

"...physical or mental injury, sexual abuse, negligent treatment or maltreatment of a child...".

Milieu-gestremde ouers in Eldorado Park disfunksioneer ernstig ten opsigte van hul gedrag en rol as ouer en opvoeder. Hulle maak hul skuldig aan miskenning van die adolessent se wordingsnood en unieke bestaanswyse (vgl. Meintjes 1992:152). So-danige miskenning verhoog gevolglik konfliktsituasies in dié gesin uitermatig. Dit impliseer ontoereikende opvoedingsbegeleiding. Gevolglik word die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ontoereikend voltrek.

Die verband tussen kindermishandeling en die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies kan soos volg verklaar word:

- **Ek-jy-verhouding:** Die kind se noodroep word ignoreer of be-

- is gewoonlik sosiaal geïsoleerd, werkloos en verkeer in spanning en konflik met sy huweliksmaat (Hetherington & Parke 1986:501; Mayhall & Norgard 1983:29-30; Cook & Bowles 1981:5; Wade & Moore 1987:51).
- ervaar ontoereikende sosiale ondersteuning, onbevredigende sekslewe en verkeer in moeilike finansiële en/of beroepsomstandighede (Pretorius 1990:236; Jones 1987:96-97).
- het persoonstekorte, 'n negatiewe selfkonsep, wisselende en onstabiele emosies, lae drempel van frustrasie en verdraagsaamheid sowel as swak vermoë tot probleemoplossing (Departement van Volkswelsyn en Pensioene 1979:69; Meintjes 1994:149).
- verwag dat die kind take moet uitvoer waartoe hy as ouer self nie in staat was nie. Onredelike eise word dikwels opgevolg deur ontoepaslike tugting of emosionele aftakeling (Bauer & Twentyman 1985:335; Swanepoel & Wessels 1992:139; Dercksen 1989:9; Amdi 1990:33, asook Wolfe 1988:86). Die ouer is soms die mening toegedaan

"A badly behaved child must be taught through beating" (Carmi & Zimrin 1984:10).

Sodanige gesinsfaktore gee aanleiding tot konfliktsituasies in die lewe van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park

• **Stresfaktore**

In Eldorado Park heers die neiging om kinders te mishandel, veral in gesinne wat gekenmerk word deur

"...disequilibrating event that temporarily disturbs the functioning of family member(s) and initiates a chain of adaptive or maladaptive responses" (Wolfe 1988:52).

Onderstaandetaande faktore gee aanleiding tot stres by ouers, naamlik:

- huweliksprobleme;
- sosiale oorbelading;
- fisiese probleme;
- emosionele probleme;
- ontworteling;
- 'n gestremde of moeilike kind; sowel as
- swak sosio-ekonomiese toestande (Wolfe 1988:52; Swanepoel & Wessels 1992:146; Pretorius 1990:235).

- **Kinderfaktore**

'n Ernstige teelaarde word vir kindermishandeling geskep wanneer die kind:

- veeleisend, verstandelik of fisies gestrem is;
- nie voldoen aan ouerlike verwagtinge nie (Swanepoel & Wessels 1992:139; Pretorius 1990:237, asook Biller & Solomon 1986:26-27);
- hiperaktief is;
- dissiplinêre probleme skep; en
- tantrums beleef (Meier 1985:23-26).

Uit bovermelde faktore wil dit voorkom of die ouer-kindverhouding nie net aanleiding tot die ontoereikende verwerking van geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies gee nie, dit openbaar ook sig in een of meer van die volgende vlugrigtings:

- Die vlug in sigself, waar die adolessent stil en teruggetrokke is, en/of hom te onttrek van sy gesinslede en selfs van sy vriende;
- Die vlug terug, waar die adolessent in sy eie fantasiewêreld lewe, en/of regresseer;
- Die vlug na vore, waar die adolessent aggressief is (Smith & Hunter 1987:10; Pretorius 1990:238; Van Schalkwyk 1990:33).

In sodanige gesinne verkeer ouers en kinders gedurig in konflik. Gevolglik het dit 'n nadelige uitwerking op die kind se optimale persoonlikheidsontwikkeling.

3.4.7. Musiek

Pop- en "heavy metal"- musiek wat deur eietydse adolessente hoog aangeskryf word, besit die vermoë om hul opvoeding teen skaamteloosheid en losbandigheid binne 'n kort tydsbestek af te breek. Gevolglik word die adolessent se gesonde oordeelsvermoë ten aansien van sy geslagtelikheid vernietig. Vir die adolessent hou dit verreikende gevolge ten opsigte van geslagtelike volwassenheid in.

Die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park word daaglik gebombardeer met seksuele impulse. Hy word van alle sedelik-verantwoordlike norme ontnem en word uitgelewer aan die slagspreuke van popsterre. Dié popsterre beïnvloed die jeug met onvermoeide energie om seksuele-losbandige gedrag te openbaar (vgl. Gomes 1989:160; Kilian 1990:104, asook Roos 1981:98). Gevolglik verswak die gesin as primêre basis van die

milieu-gestremde kind in Eldorado Park. Dit kan toegeskryf word aan kontrakulturele neigings.

Die eietydse milieu-gestremde ouers in Eldorado Park weet dikwels nie hoe om die skadelike invloede van popmusiek vir die adolessent te selekteer en te interpreteer nie. Dit wek by die eietydse adolessent in Eldorado Park juis 'n sieklike belangstelling daarin. Dikwels bevra die adolessent sy ouers se motiëwe. Dit loop noodgedwonge uit op konfliktsituasies wat die eietydse adolessent se kwesbaarheid uitermatig verhoog. Vir die eietydse milieu-gestremde adolessent bied die popster emosionele omhelsing wat as sy vriend, aan die volgende behoeftes voldoen:

- *Onbeperkte tyd:* Die adolessent hoef net sy gunsteling kasset aan te skakel, wanneer hy wil luister na sy gunsteling popster; terwyl sy ouers nie altyd beskikbaar is nie.
- *Ongekwalifiseerde aanvaarding en begrip:* Die popster kritiseer die adolessent nie soos sy ouers nie; maar sing direk oor vroe en probleme waaroor die adolessent worstel in die sekulêre gemeenskap (vgl. Die Ligdraer 1993:2-3).

Die volgende kan as die opvallendste kenmerke van die popmusiekverskynsel uitgesonder word wat moontlik tot konfliktsituasies in die gesin aanleiding kan gee:

- een van die adolessent se metode om sy teenkanting teen die samelewing met sy materialisme, huigelagtigheid, burokrasie en leegheid te toon;
- erotiek en seksualiteit waar die adolessent met die liggaam en vitale genietinge op musiek reageer;
- 'n behoefte aan kommunikasie (Botha 1977:111-113);

- 'n hartstoglike protes teen die feit dat die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent aan bande gelê word;
- 'n vurige verset teen standaardisering en vervlakking van norme en waardes in die oorgeorganiseerde lewe;
- 'n intense gevoel van nood, angs en vertwyfeling;
- 'n worsteling teen die nie-musikale wêreld wat materiële nuttigheid en konvensionele norme ondergaan; sowel as
- die ontvlugting van 'n identiteitskrisis, wanhoop, ongelooft, sosiaal-maatskaplike disoriëntasie, sinloosheid en perspektiefloosheid ten opsigte van die toekoms (Pretorius 1990:150-151).

Sodanige konflikterende knelpunte veroorsaak dat die ouer en die adolessent mekaar nie kan bereik nie. Dit lei tot versteurde opvoedingskommunikasie. Gevolglik belewe die adolessent opvoedingsnood. Sy persoonlikheidsontwikkeling word uitermatig belemmer (vgl. Kapp 1991^b:115).

3.4.8. Massamedia

Die milieu-gestremde adolessent (ook in Eldorado Park) is dikwels vereensaam weens 'n gebrek aan werklike intieme kontak en ervaar 'n verlies aan medemenslikheid (vgl. Le Roux & Smith 1992:87). Sy tydbestediging wentel toenemend om die massamedia sodat ontmoetingsgeleenthede met die ouer dienooreenkomstig verminder word. Daar is weinig sprake van 'n gerigwees op die verwerwing van 'n eie identiteit (vgl. Meintjes 1992:91-92). Afgesien daarvan dat die massakommunikasiemedie geen onmiddellike terugvoering bied nie (Fleming 1993:102), is dit oorweldigend negatief van aard in die sin dat dit die eietydse mi-

lieu-gestremde adolessent in Eldorado Park met teenstrydige norme, waãrdes en gedrag konfronteer. Dit lei tot die skepping van 'n kind-vyandige kultuur, waardeur die kind se opvoeding tot normatiewe volwassenheid negatief beïnvloed word (Smith & Le Roux 1991:81). Konflik mag ontstaan, want sodanige adolessent mag 'n "neutrale" volwassenheidsbeeld soek in die "lugleegte" van internasionalisme (Meintjes 1992:92).

Televisie kan as een van die mees belangrikste opvoedingsbelemmerende faktore beskou word, wat betref die ontoereikende voltrekking van sosiopedagogiese essensies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park. Huisgesinne in Eldorado Park sit wel saam om die televisiestel, maar is meestal onbewus van mekaar, sodat ontoereikende sosialisering en kommunikasie plaasvind (vgl. Pretorius 1990:118). Nelsen & Lott (1991:294) som die gevaar van televisie treffend soos volg op:

"Television is often the "drug of choice." Sitting for hours in front of the TV and allowing our kids to do the same allows our minds to get used to and to tolerate and altered state. Altered states are part of the appeal of drugs, and without realizing, we have programmed our kids to feel comfortable in such a space for years and years by letting them watch too much TV".

Lamprecht (1989:27) noem sodanige verskynsel die 'television-dependence syndrome', terwyl Packard (1983:8) die verskynsel 'n "...new child-care arrangement..." noem. Dit is omdat 'n groot deel van die eietydse adolessent in Eldorado Park se dagprogram gemonopoliseer word deur televisie. Die uiteinde is 'n wanbalans in die eietydse adolessent se vryetydbestediging en interpersoonlike verhoudinge. Dit is die kassie met sy vennote soos die videoband en dosyne variasies van televisiespeletjies wat die eietydse milieu-gestremde adolessente in Eldo-

rado Park verslaafdes maak, en hul skaamteloos met sterk onsigbare kettings verkneg (vgl. De Witt 1983:99). In der waarheid hou televisie groter gesinsverbrokkeling in, want die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park

"...perceive a gap between what they actually have and what they would like to have. The wider the perceived gap, the stronger they feel frustration" (Claes & Simard 1992:335).

Televisie stel die ouer van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park in staat om hom nie ten volle te ken nie. Dit is slegs deur toereikende kommunikasie waar die ouer sy kind leer ken en help om verhoudinge te stig in die wêreld waarin hy hom begewe (vgl. Amato 1985:6). Dit is wesensnoodsaaklik dat die gesinslede werklik met mekaar sal kommunikeer. Elke kind in die gesin moet die vrymoedigheid hê om selfs met die geringste probleem of saak na sy ouers te kom (Painter 1992:16). Dié gebrek aan kommunikasie het spanning, frustrasie en angs by die eietydse milieu-gestremde adolessent tot gevolg.

Die neiging van televisie is om die minder smaakvolle gedeelte van menslike gedrag soos geweldpleging, misdaad en seksuele perversiteit uit te beeld (Mersham 1993:188), aktiveer aggressiewe gedrag by die kind (Jordaan 1987:17). Gevolglik beskou die meeste milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park negatiewe gedrag as normaal en aanvaarbaar in die oplossing van probleme en geskille (vgl. Rojek & Jensen 1982:225). Hy word gekondisioneer dat alle probleme sonder enige inspanning opgelos kan word. Alles lyk vir hom maklik soos televisie-kyk (Pretorius 1990:119); terwyl sy kreatiewe denke begin ontaard het (Elkin & Handel 1989:197). As gevolg hiervan het die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park se pedagogiese omgang en toereikende kommunikasie met ander verskraald geraak. Verwarring, vereensaming, 'n gevoel van onsekerheid

asook onpersoonlike en saaklike interaksie tussen die huisgenote, is van die skrikwekkende uitkomst van ontoereikende kommunikasie.

Die aangeleentheid van die massamedia, veral televisie as 'n faktor tot die ontstaan van kwesbaarheid en konflikte in die lewe van die milieu-gestremde adolessent kan soos volg verklaar word: *Dit is 'n passiewe vorm van ontspanning en vermaak waar die milieu-gestremde adolessent omvorm word tot 'n nie-handelende vennoot in die sosialiseringsebeure. Sy kwesbaarheid gee ook aanleiding tot talle konfliktsituasies, waar hy nie in staat gestel word om te ontwikkel tot 'n volwaardige beweeglike volwassene nie.*

3.4.9. **Sekularisme**

Die adolessent neem nou dinge waar soos wat hy dit sien en nie meer soos sy ouers dit waarneem nie. Gevolglik maak hy kennis met twee lewensfilosofieë: *die van sy ouer, en sy eie.* Dié beskouing is gedurigdeur met mekaar in konflik. Dit veroorsaak frustrasie, afwyking en ongelukkigheid by die adolessent. So-danige problematiek kan die grootste bron van kommer en spanning in die adolessent se lewe word. Dié eietydse adolessent se uitermatige kwesbaarheid kan veral teruggevoer word na die volgende:

- Onvoldoende ouerlike onderrig ten opsigte van godsdiens (Michealsen 1989:278-279). Talle milieu-gestremde ouers beskou hul posisie as minder as 'n roeping voor God waarvoor hul op grond van die verbond aangestel is (Louw 1989:25). Die huwelik word nie meer geëvalueer vanuit 'n Goddelike bestemming nie, maar wel vanaf 'n kulturele oorlewingsfunk-

sie. Gevolglik is daar nie meer sprake van die beoefening van Christelike godsdiens nie (Meintjes 1992:154).

- adolessente wat nie die sin van godsdiens kan ontdek nie, verwerp gevolglik georganiseerde godsdiens oor die algemeen, want dit is vir hulle irrelevant en voorsien nie in hul behoefte nie. Dit lê hulle aan bande (Pretorius 1990:148). Hulle raak verveeld en neem hul toevlug dikwels tot satanisme (vgl. Gardiner & Gardiner 1991:21).

Voorafgaande godsdiensvertwyfeling maak die eietydse milieugestremde adolessent in Eldorado Park uitermatig kwesbaar. Dit kan ontaard tot gedrags- en persoonlikheidsprobleme wat vele konfliktsituasies tot stand kan bring.

3.5. SAMEVATTING

In dié hoofstuk is daar gepoog om 'n kritiese oorsig van literatuur betreffende oorsake van konfliktsituasies met die gevolglike uitwerking daarvan op die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in milieugestremde gesinne in Eldorado Park, te gee. Die doel is om die persoonlikheid van die eietydse adolessent wat in konflik verkeer, beter te kan begryp.

Ter inleiding is veral aandag geskenk aan gesinsontwrigting en die effek van steurende faktore op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling. Aan die hand van die beginsel van emansipasie, die disfunksionerende-, outokratiese-, sowel as die permissiewe gesin, is gelet op die gesinsopvoeding van die milieugestremdes in Eldorado Park. Moontlike faktore soos finansiële- en verhoudingsprobleme wat 'n belangrike rol speel in die vervreemding, isolasie en afstand van die milieuge

stremde adolessent, word in die problematiese opvoedingsituasie onder die loop geneem.

Baie adolessente in Eldorado Park verkeer in konflik, weens die verkryging van groter vryheid. Die losse verhouding in die gesin weens vader afwesigheid en die moeder se ekonomiese vryheid, het toestande sodanig versleg dat talle adolessente die reg van weg vir hulself wil toe-eien. In hul strewinge kom hulle dikwels met die ouer en ander gesagdraers in botsing. Dit wek by hulle frustrasiegevoelens. Hulle groei na emansipasie loop parallel met die ervaring van konflik en ongeborgenheid.

Besondere aandag is ook gewy aan spesifieke affektiewe probleme en spanningsvolle situasies in die leefwêreld van die eietydse adolessent. Dit blyk duidelik dat die oorsake van eietydse adolessensieprobleme teruggevoer kan word na die adolessent se behoefte aan koesterende liefde. Medewerkende faktore soos gesinskonflik, die portuurgroep, jeugmisdaad, kindermishandeling, ensovoorts word onder die loop geneem om aan te toon hoe talle van die eietydse milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park, met toestande in hul gesinne ontevrede is. Hulle wil dit graag verbeter en hervorm. Gevolglik openbaar hulle 'n behoefte daaraan dat hulle begryp sal word. Die hele problematiek hang nou saam met die belewing van konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent en die toereikende verwerkliking (al dan nie) van die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies.

Samevattend kan gekonstateer word dat tussen ouers en hul kinders daar weinig begrip vir mekaar is. Ontoereikende opvoedingskommunikasie verhoed die ouer om sy kind te ken en te help om verhoudinge te stig in die wêreld waarin hy hom begeewe. Dit blyk gevolglik duidelik dat sodanige milieu-gestrem-

de adolessente vanweë roldifferensiasie en negatiewe gesinsomstandighede se sosiale lewe verskraald en ontoereikend voltrek word. Hulle ontvang min positiewe aanmoediging en motivering van hul ouers. Die moontlikheid tot die verwerking van toereikende sosiopedagogiese essensies is gevolglik verskraal, weens gebrekkige moedersorg, afwesige vaders en konfliktsituasies in sodanige gesinne in Eldorado Park.

Ten einde die problematiek rondom konfliktsituasies van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park te deurgrond en in perspektief te stel, word die aandag in **Hoofstuk 4** aanvanklik gevestig op eksimplare van ouerlike opvoedingsgedrag as aanleidende faktor tot konfliktsituasies.



HOOFSTUK 4

**DIE OPVOEDINGSGEDRAGSTYLE VAN
DIE MILIEU-GESTREMDE GESIN AS
FAKTOR TOT KONFLIKSITUASIES IN
DIE LEEFWêRELD VAN DIE MILIEU-
GESTREMDE ADOLESSENT IN ELDO-
RADO PARK**

HOOFSTUK 4

DIE OPVOEDINGSGEDRAGSTYLE VAN MILIEU-GESTREMDE OUERS AS FAKTOR TOT KONFLIK-SITUASIES IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT IN ELDORADO PARK

4.1. INLEIDING

Teen dié agtergrond van die teoretiese onderbou as kennisverwysingsraamwerk, sal daar in die hoofstuk oorgegaan word om aan die hand van vyf eksemplariese voorbeelde, empiries te illustreer hoedat die adolessent in Eldorado Park, se belewinge van spanning en konflikte, daartoe bydra dat hy probleme ervaar en dit selfs in sy volwasse lewe kan indra.

Dit skyn asof talle gedragsprobleme nie net teruggevoer kan word na kognitiewe verwaarlosing nie. Affektiewe en volisionele probleme speel ewe-eens 'n belangrike rol. Laasgenoemde probleme ontstaan dikwels in die eietydse milieu-gestremde gesin en word verder op skool aksentueer.

Tydens die ondersoek van adolessente in Eldorado Park, wat konfliktsituasies in hul onderskeie gesinne belewe en in angs en spanning verkeer, het dit duidelik geword dat sodanige adolessente se versteurde gemoedslawe nooit aan een oorsaaklike faktor toegeskrywe kan word nie. Daar blyk talle oorsake te wees wat 'n moontlike bydrae tot sodanige adolessente se

probleme lewer. Talle oorsake is uitvloeisels van die eietydse samelewingspatroon.

Op praktiese wyse word vyf milieu-gestremde adolessente ondersoek deur gebruik te maak van bepaalde verkeningsmedia, om sodoende 'n beeld te probeer verkry van hoedanig sodanige adolessent sy situasie in die gesin belewe en verwerk asook watter pedagogiese opgawe dit inhou.

In dié onderhawige studie val die fokus op 'n in-diepte-beskrywing van konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park.

4.2. METODE VAN ONDERSOEK

Vir doeleindes van dié onderhawige studie is op die idiografiese metode besluit. Redes vir dié keuse sal vervolgens aandag geniet.

Sedert Wilhelm Windelband in 1894 die onderskeiding tussen *nomotetiese* en *idiografiese navorsingstrategieë* voorgestel het, maak die geestewetenskappe, en in besonder ook die opvoedkunde, gebruik van dié twee strategieë (Mouton & Marais 1988:48). Die nomotetiese navorsingmetode ondersoek en verklaar die universeel-geldige wetmatighede en wetstellende fenomene (*verskynsels*) in menslike gedrag, wat sy opvoeding rig. Die idiografiese metode verken die onherhaalbare in menslike gedrag en opvoeding en beskryf die uniekheid daarvan. (Mouton & Marais 1988:48-49; Gouws *et al.* 1986:127).

Sax (1979:77) is die volgende mening toegedaan:

"The idiographic research method attempts to understand the behavior and attitudes of the individual without attempting to generalize these findings to other persons or groups".

Vir doel van die onderhawing studie, sal bogenoemde uitspraak gevolglik ook as primêre uitgangspunt geneem word. Die idiografiese navorsingsmetode is 'n konteksgebonde navorsingsmetode. Verskynsels (gebeure) word in samehang met omstandighede waarin dit voorkom, bestudeer. Gevolglik is daar sprake van 'n direkte samehang of verband tussen die verskynsels wat bestudeer word. Dié verskynsels word ook bestudeer vir die persoonlike of direkte belang wat dit as sodanig vir die navorser het. Dit word gevolglik op 'n kleiner populasie toegepas (Mouton & Marais 1988:49-50), soos in die geval van die onderhawige ondersoek waar konfliktsituasies in die leefwêreld van die adolessent in Eldorado Park ondersoek sal word.

Nomotetiese en idiografiese navorsing staan respektiewelik ook bekend as kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Beide navorsingsmetodes kan as sinoniem (gelykbetekenend) beskou word (vgl. Mouton & Marais 1988:161-164).

Die waarde van idiografiese ondersoek lê vir Van Niekerk (Landman 1980:280) in die vorm van gevallestudies (enkelstudies) veral daarin dat die navorser sekere opvoedingsmomente kan identifiseer. Verder kan dit indringend verken word deur onder andere die voer van historiteitsgesprekke (*anamneses*) en die inskakeling van 'n groot verskeidenheid verkenningsmedia. Van Niekerk (Landman 1980:281), asook Derbyshire (1988:177) beklemtoon dat selfs 'n enkele gevallestudie (*enkelstudie*) van groot waarde kan wees, byvoorbeeld waar dit 'n uitgediende universeel aanvaarde, stereotipe opvatting kan bevraagteken.

Sodanige enkelstudie kan gevolglik waardevolle stof vir hipotese verškaf, wat deur middel van nomotetiese navorsing getoets kan word (vgl. Ary et al. 1985:323; Sax 1979:77-76).

Ary et al. (1985:323) toon aan dat geldige veralgemenings vanuit die gevallestudies uiters beperk is. Veralgemening is nie die primêre doel van idiografiese navorsing in die geval van gevallestudies (enkelstudies) nie. Dit kan ook nie van die idiografiese studies verwag word nie. Wat wel van idiografiese navorsing verwag word, naamlik die in-diepte-verkenning en begryping van 'n besondere persoon, gebeure, verskynsel en geval, het egter besondere moontlikhede. Dit maak die idiografiese navorsingsstudie met sy idiografiese navorsingsmetodes net so waardevol as die nomotetiese navorsingstudie met sy nomotetiese navorsingsmetodes. Die verskil lê by die eindproduk van die navorsing en wat daarmee beoog word.

In die ontleding van belewenisbeelde van vyf adolessente, het ondersoeker ook onderstaande metodes aangewend in die ontleding van sodanige belewenisbeelde:

- **Observasie**

Observasie is gedoen met die doel om tot 'n gevolgtrekking te kom ten opsigte van hoedanig ouers se opvoedingsgedrag aanleiding gee tot konflikte in die gesinsituasie.

- **Indirekte waarneming**

In die skool waar ondersoeker 'n onderwyser is, is daar talle adolessente wat skolasties swak presteer en in die

sub-ekonomiese buurtes en plakkerskampe van Eldorado Park woonagtig is. Van dié adolessente is vyf geïdentifiseer. Onderhoude is ook met onderwysers betrokke by sodanige milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park gevoer.

- **Gestruktureerde onderhoud**

'n Gestruktureerde vraelys is opgestel (sien bylaag A) met die doel om gestruktureerde onderhoude met die ouers by hul onderskeie wonings te voer. Tydens dié onderhoude is direkte waarneming gedoen met betrekking tot gesteldhede van die gesinsituasie.

Soos vroeër reeds aangedui, dien vyf eksemplare as belewenisbeelde van hoe die onderhawige ondersoek onderneem word. Dié gegewens wat daaruit voortvloei, word ontleed en interpreteer om sodoende 'n belewenisbeeld te kan beskrywe. In elke geval word die gesinsituasie omskryf en die probleme wat manifesteer word genoem. Moontlike oorsake word aangedui deur dit in verband te bring met die toepaslike faktore wat in vorige hoofstukke aangedui is. Aan dié einde van dié onderhawige hoofstuk trag ondersoeker om hoofmomente wat die onderskeie adolessente en hul gesinsituasies in gemeen het, uit te lig en te beskrywe.

4.3. MEDIA WAARMEE DIE BELEWENISWêRELD VAN DIE ADOLESCENT WAT IN 'N KONFLIK-SITUASIE VERKEER, ONDERSOEK WORD

Soos vroeër in die onderhawige studie aangedui, is daar talle adolessente van wie die kind-wêreld-verhouding versteur is.

Sodanige adolessente het op 'n dwaalweg na volwaardige volwas-senheid beland. Dit is gevolglik juis hier waar die diagnosti-seringstegniek in sy wese 'n pedagogiese tegniek moet wees. Dit gaan om 'n individu wat ongelukkig is en gehelp moet word. Sodra dit gaan om die kind-wêreld-verhouding, word die pedago-giese situasie met sy momente van omgang, ontmoeting en hande-ling aangetref. Die pedagogiese situasie, as ontmoetingssitua-sie, vorm die uitgangspunt vir die pedodiagnostisering. Die pedagoog bevind hom in 'n volwasse-adolessent-verhouding met al sy implikasies. Die mees effektiewe medium om insig te verkry in die historiese wording van die adolessent wat in spanning en angs verkeer, is die onderhoud (*anamnese*gesprek) en die feit dat hy gevra is om sy lewensverhaal neer te skrywe. Deur die gesprek met die adolessent sien die onder-soeker hoe die adolessent sy kennend-uitgaan tot die wêreld dié wêreld aanspreek, interpreteer en betekenis daaraan gee.

4.3.1. Motivering en betekenis van die onderhoud

Ten einde die kind-wêreld-verhouding in die pedagogiese diagnostisering te kan deurskou, is dit in die eerste instansie noodsaaklik om 'n volledige anamnese van die kind te verkry.

Volgens De Wet *et al.* (1981:161-162) is die onderhoud een van die mees algemene metodes en bronne van inligtinginsameling met die doel om akkurate en betroubare inligting aangaande 'n persoon of gebeure te bekom. Dit gaan om die dialoog wat die adolessent met die andere en die dinge voer en soos wat dit deur die ander gehoor en geïnterpreteer word.

Vir Kerlinger (De Wet et al. 1981:162) is die onderhoud veral geskik vir gebruik by kinders, omdat 'n vraag wat nie verstaan of begryp word nie, weer verduidelik kan word.

Die onderhoud maak dit ook vir die ondersoeker moontlik om die adolessent se antwoord in die vorm van verbale response meer indringend te verken. Die rapport wat tydens die onderhoudvoering tussen die ondersoeker en die adolessent bewerkstellig word, skep 'n atmosfeer van wedersydse vertroue en aanvaarding wat meebring dat betroubare inligting bekom kan word (De Wet et al. 1981:162).

Twee vorme van onderhoudvoering word onderskei, naamlik die *gestruktureerde* en *ongestruktureerde* onderhoud (De Wet et al. 1981:162-163; Ary et al. 1985:342). Vir die doel van dié verhandeling is daar van 'n gestruktureerde onderhoud gebruik gemaak in die verkenning van konfliktsituasies in die milieu-gestremde adolessent se leefwêreld.

4.3.1. Rotter se onvoltooide sinne

Volgens Rotter & Rafferty (1950:5) het Shor, Hutt en Holzberg die sinsvoltooiingstegniek oorspronklik vir kliniese doeleindes aangewend. Daarna het Rotter en Willerman dit hersien vir gebruik in die weermag. Rotter en Rafferty het die *Rotter Incomplete Sentences Blank (ISB)* verder hieruit ontwikkel.

Die voorloper van die onvoltooide sinsvoltooiingstegniek as diagnostiseringsmetode, was die woordassosiasiemetode (Rotter & Rafferty 1950:5). Volgens Anastasi (1982:575-577) was dit oorspronklik bekend as die vrye-assosiasietoets, wat op daardie stadium reeds meer as 'n halfeeu tevore bekendheid

verwerf het as die vernaamste projeksietegniek in persoonlikheidsnavorsing.

Die doel met die sinsvoltooiingsprojeksie-tegniek is om uit die wyse waarop die persoon sinne voltooi, insig te verkry in sy verhoudinge met sy ouers, vrese, skuld en angsgevoelens (Kisker 1977:364).

In dié onderhawige studie gaan dit gevolglik om die verkryging van insig in die milieu-gestremde adolessent se verhoudingstigting met homself, sy gesin, vrese, angs, bekommernisse en konfliktsituasies in sy leefwêreld (vgl. Rotter & Rafferty 1950:3-50).

Die *ISB* bestaan uit vyf en veertig onvoltooide sinne. Slegs die eerste woord of woorde van die sinne word verskaf. Van die adolessent word verwag om die sinne te voltooi deur sy werklike gevoelens te beskryf. Dit gaan nie om bepaalde antwoorde wat die adolessent moet gee nie, maar wel om die wyse waarop die antwoorde gegee word. Die interpretasie word suiwer kwalitatief gedoen. Deur middel van die sinsvoltooiingsprojeksietegniek kan die ondersoeker insig in die adolessent se leefwêreld verkry.

4.4. EKSEMPLARIESE PERSOONSBEELDE

4.4.1. Inleidende opmerkings

Aangesien dié onderhawige studie afgespits is op 'n tentatiewe deurskouing van enkele adolessente, word gevolglik nie aanspraak gemaak op veralgemening nie. Die doel is om daardie

aspekte wat 'n remmende invloed op hul persoonlikheidsontwikkeling uitoefen bloot te lê, ten einde 'n beeld te verkry van sodanige adolessente se leefwêreld as beleweniswêreld.

By wyse van 'n sintese word daar aan die einde van dié hoofstuk getrag om enkele hoofmomente in die onderskeie persoonsbeelde van die adolessente wat ondersoek is, uit te lig en aan die orde te stel.

Terselfdertyd word die knelpunte in sodanige adolessent se persoonlikheidsontwikkeling blootgelê sodat hy beskou kan word as 'n nie-volwassene in nood wat aanspraak maak op hulp en steungewing van verantwoordelike volwassenes.

Aan die hand van vyf eksemplariese belewenisbeelde sal daar nou oorgegaan word om aan te dui hoedat die eietydse samelewing sy stempel op sommige adolessente afgedruk het, en hulle in hul optimale persoonlikheidsontwikkeling gestrem het.

4.4.2. Persoonsbeeld van Buksie

4.4.2.1. Identifikasiedata

Naam	: Buksie
Geslag	: Manlik
Ouderdom	: 17 jaar en 6 maande
Huistaal	: Afrikaans

4.4.2.2. Gesinsituasie

Vader is 'n skrynerker van beroep en is dikwels vir lang tydperke van die huis afwesig. Hy skep die indruk van stil en teruggetrokke te wees. Die moeder is 'n skraal vrou wat die indruk skep om afgerem te wees. Sy is sieklik en het inwendige probleme. Buksie is die oudste van vyf kinders. Die huisgesin sou uit sewe kinders bestaan het, maar die moeder het twee babas, 'n seun en dogterjie, tydens die geboorte verloor.

Die gesin besoek die kerk nie gereeld nie. Die vader en moeder skep die indruk dat hulle verby mekaar lewe. Die ek-jy-verhoudinge in dié gesin is versteur. Die gesagspersoon is die vader, maar hy werk dikwels ongereelde ure. Tydens sy afwesigheid van die huis is die moeder "...nie lus vir die kinders se bakleiery nie". Wanneer die vader tuis is, misbruik hy en die moeder drank. Tydens die drinkery verskree hy sy vrou en kinders. Sy woord is wet. Hy straf die kinders dikwels vir nietighede. Sy outoritêre optrede boesem vrees by die moeder en kinders in. Gevolglik onttrek die moeder haar van die opvoedingsgebeure. Buksie voel verworpe omdat sy vader hom intimideer en sy moeder hom ignoreer. Tydens die onderhoud met die ouers het dit duidelik geblyk dat hulle taalgebruik swak is.

Tydens die onderhoud word daar van talle anglisismes en kragwoorde gebruik gemaak. Die vader en moeder moedig Buksie nie aan om op skool te presteer nie. Buksie openbaar 'n negatiewe selfkonsep asook 'n gebrekkige waaghouding.

Tydens die onderhoud met hom en uit sy lewensverhaal was sy uitgangspunt: "*Waarom moet ek leer, my Pa en Ma gee tog nie om nie*". Buksie openbaar dikwels aggressiwiteit by die skool

en was gevolglik dikwels by die onderwysers in die moeilikheid. Hy het al standerd ses gedruip. Buksie se eintlike probleme het gekom toe die ouma (vader se moeder) by die gesin ingetrek het aangesien die moeder se gesondheid nie na wense was nie. Die ouma is blykbaar dominerend van geaardheid en het begin om die huishouding oor te neem. Alle vriende wat vir Buksie kom kuier het, is summier aangesê om nie weer te kom kuier nie. Gevolglik het sy vriende hom begin vermy. Dit is Buksie se taak om direk na skool die oggend se skottelgoed te was.

Saans is dit ook sy taak. Word die ouma se opdragte nie dadelik uitgevoer nie, slaan sy vader hom met 'n riem. "*Ek is nou g....l vir skottelgoed. Ek haat die ouvrou*", was sy woorde gewees. Daar was gedurig konflikte in die gesin.

4.4.2.3. Rotter se onvoltooide sinne

Buksie is affektief verwaarloos. Hy hunker na erkenning, aanvaarding en koesterende liefde. Die belewing van dié hunkering blyk uit sinne soos:

- (3) *"Ek voel hartseer omdat my ouers nie vir my omgee nie".*
- (4) *"Snags in my bed dink ek aan gelukkige kinders".*
- (45) *"My sterkste begeerte is om gelukkig saam met my ouers te wees".*
- (44) *"Ek strewe na geluk".*

Soeke na affektiewe kontak word geopenbaar in sinne soos nommer 10, wat soos volg lui: *"Ek is spyt dat ek met my ma baklei het"*. Alhoewel Buksie met sy moeder en ouma rusie maak weens onregverdigheid jeens hom, het hy volgens sin nommer 28

"...geen tyd vir kinders wat hul ma's slegsê nie", en sin nommer 33 "My enigste struikelblok is my ouers".

Buksie soek voortdurend ontvlugting uit sy ouerhuis en die konflikte wat daar heers, soos blyk uit sin nommer 34 wat soos volg lui: "Ek wens ek was al 21 jaar oud".

By Buksie is daar 'n soeke na aanvaarding en toereikende kommunikasie soos blyk uit die volgende sinne:

- (1) "Ek hou van vriendelike mense".
- (5) "Selfs my beste vriend is agterbaks".
- (12) "Mense wat my nie verstaan nie, hou nie van my nie".
- (15) "My grootste vrees is wat ek gaan doen as ek die skool verlaat".
- (31) "Ek haat mense wat ander seer maak".

Buksie se gebrekkige waaghouding en negatiewe selfkonsep word weerspieël deur die volgende sinne:

- (24) "Die toekoms maak my bang."
- (25) "My grootste gebrek is dat ek altyd bang is."

4.4.2.4. Samevattende persoonsbeeld

Weens konfliktsituasies in dié gesin, is Buksie affektief verwaarloos. Die ouers se opvoedingsgedrag en gesindhede is nie op vertrouwe en begryping gebou nie. Dit berus op magsuitoefening. Die besondere hoë eise wat die vader aan die seun stel, maak hom weerbarstig, depressief en aggressief. Dié seun beleef dat hy nie aan dié eisestelling kan voldoen nie. Gevolglik voel hy minderwaardig en openbaar gevoelens van vrees

en gespannendheid. Sodanige situasies vererger weens die moeder se afsydigheid ten opsigte van die opvoedingsgebeure. Dit belemmer die toereikende voltrekking van sosiopedagogiese essensies.

Uit sy lewensverhaal, is talle aanduidings verkry dat hy die versteurde gesinsverhoudinge baie sterk affektief beleef. Hy openbaar 'n intense behoefte aan toereikende kommunikasie en koësterende liefde. Daar is ook versteurde identifikasie met die vader. By die seun is daar aanduidings van 'n basiese lewensonsekerheid met die gepaardgaande angs en spanning. Dit moet beklemtoon word dat die haglike gesinsomstandighede normatief en affektief deur dié seun steeds as remmend belewe sal word. 'n Toestand wat in Buksie se omstandighede 'n baie nadelige uitwerking het. Dié seun openbaar 'n labiele affektiwiteit en affektiewe armoede.

Sy moeder kon hom nooit steun en hulp aanbied nie. Sy het nie koers en rigting in Buksie se lewe aangedui nie. In dié gesin was daar weinig sprake van gesagsaanvaarding gewees. Buksie het in opstand gekom teen sy ouers se drankmisbruik en die ouma se negatiewe houding jeens hom. Hy verag hulle en tog het hy hulle lief. Dit laat by hom ambivalente gevoelens ontstaan. By hom het daar as gevolg van die gebrekkige gesagsverhouding, weinig tereg gekom van 'n gewetens- en wilsvorming asook van 'n verantwoordelikeheidsvorming nie.

By Buksie is daar 'n gevoel van ongeborgenheid en onveiligheid weens sy vader se outoritêre opvoedingsgedrag. Buksie kon selde as kind sy wêreld eksploreer, want die ouma het die huishouding tydens die vader se afwesigheid gedomineer. By dié seun is daar 'n gevoel van nie-aanvaarding, van eensaamheid en verwerping vandaar die neiging tot depressiwiteit en aggressiwiteit.

Buksie soek om kontak te maak, om liefde te gee aan iemand wat dit sal waardeer, maar dié neiging is tot oppervlakkige bindinge. Diepte en warmte in die kontak met mense ontbreek. Hy is agterdogtig en wantrouig wat verder voortgedra word deur sy sensitiwiteit, neiging tot spanning en impulsiwiteit. Sy negatiewe selfkonsep vererger sy sombere toekomspektief. Hy ervaar gevoelens van verraad in verhouding tot sy ouers.

Weéns die outoritêre opvoedingsgedrag in dié gesin, disfunksioneer die gesin soos volg ten opsigte van die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies:

- Ek-jy-verhoudinge

Die vader se rigiede en starre opvoedingsgedrag, sowel as die moeder se afsydige houding, kenskets 'n onstabiele samelewe van dié gesin. Gevolglik word die essensies van 'n intieme ek-jy-verhouding soos koesterende liefde, persoonswarmte en intimiteit nie toereikend verwerklik nie. In dié gesin beleef Buksie gevoelens van verwarring en onsekerheid. Dit werk gevolglik remmend in op sy persoonlikheidsontwikkeling en volwassewording. Buksie voel affektief verwaarloos en voel uiters verstote.

- Opvoeding (styl)

Die vader se dwangmatige onderdrukkende houding beïnvloed Buksie se persoonlikheidsontwikkeling ongunstig.

- Opvoedingskommunikasie

Dié gesin se kommunikasiepatroon is ontoereikend en opvoedingsbelemmerend. In dié gesin ontbreek egtheid en intimi-

teit. Gevolglik beleef Buksie dat beide sy ouers ontoeganklik vir gespreksvoering is. Sodanige ontoereikende kommunikasie wek by Buksie 'n gevoel van nie-aanvaarding, gevoelens van minderwaardigheid en wantroue. In dié gesin is die kommunikasiepatroon gevoelsarm en gevolglik ontoereikend.

- **Sosiale lewe**

Dié onstabiele gesinsatmosfeer van Buksie is 'n gebrekkige oefensituasie vir sy sosiale lewe. Gevolglik beleef hy intense spanning en angs.

- **Sosialisering**

Blootstelling aan negatiewe sosiale waardes en norme is aan die orde binne Buksie se gesin. Dié gesinsituasie verteenwoordig 'n gebrekkige sosialiseringsterrein.

- **Selfaktualisering**

Buksie se selfkonsep is negatief en nie-stimulerend. Sy ouers se houding jeens hom belemmer sy optimale selfaktualisering en persoonlikheidsontwikkeling.

- **Identiteit en selfkonsep**

Buksie se ouers is nie in staat om hom te help om 'n positiewe selfkonsep te vorm nie. Weens sy ouers se negatiewe selfkonsepte, is Buksie die slagoffer van gevoelens van ontoereikendheid en selfdepresiasie. Weens sy vader se outoritêre opvoedingstyl, word Buksie se identiteit en selfkonsepvorming ondermyn.

- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering**

Weens Buksie se negatiewe omstandighede is hy gepredisponeer tot 'n verskraalde en verarmde sosiaal-maatskaplike lewe. Buksie is 'n disgeoriënteerde individu. Gevolglik is sy plekbepaling in die eietydse samelewing problematies.

- **Behoeftevervulling in sosiale verband**

In die gesin bly die affektiewe behoeftes, veiligheidsbehoefte, sosiale behoeftes, behoefte aan beskerming en ek behoeftes weens emosionele versteuringe asook die verlange van Buksie na erkenning, aanvaarding en koesterende liefde, onvervul.

- **Sosiale milieu**

Weens konflikte en spanning in die gesin, asook negatiewe belemmerende samelewingsingesteldhede, is die sosiale milieu van Buksie gevolglik belemmerend ten opsigte van sy persoonlikheidsontwikkeling. Dit is gevolglik duidelik dat die koue, outoritêre opvoedingsgedrag van Buksie se ouers hom disoriënteer. Gevolglik gee dit aanleiding tot talle konflikte in die gesin.

4.4.3. **Persoonsbeeld van Gary**

4.4.3.1. **Identifikasiedata**

Naam	: Gary
Geslag	: Manlik
Ouderdom	: 15 jaar en 7 maande
Huistaal	: Afrikaans

4.4.3.2. Gesinsituasie

Die vader is 39 jaar oud. As ongeskoolde werker, is hy werksaam by die Munisipaliteit van Gauteng as vullisverwyderaar. Sy maandelikse salarisafrekening beloop R500.00. Met 'n karige salaris van R800.00 moet hy 'n vrou en 6 kinders onderhou. Die vader is 'n vroeë skoolverlater. Hy het sy skoolloopbaan gestaak nadat hy St. 7 drie maal gedruip het. Die vader het op 24 jarige leeftyd met die moeder, wat toe 18 jaar oud was, in die huwelik getree. Die moeder het die skool in St. 8 verlaat toe sy swanger geword het met Gary. Dit is albei se eerste huwelik en hulle is reeds 15 jaar getroud. Sy is 'n huisvrou en het geen opleiding vir 'n beroep gehad nie. Sy kom slordig voor. Gary is die oudste van twee broers. Gary is in Januarie 1980 gebore en die jonger broer in Desember 1980. Beide seuns is in standerd ses. Albei ondervind ernstige leerprobleme. Die ouers erken onomwonde dat beide seuns by twee geleenthede al oorgeplaas is na 'n ander standerd.

Dié gesin besoek geen kerk nie. Tussen die ouers en kinders bestaan daar geen vertroude en begryping nie. Beide ouers tree *outokraties* teenoor die kinders op. Die gesinslewe word gevolglik gekenmerk deur uiters onstabiele verhoudinge as affektiewe verhoudinge. Die vader wat 'n alkoholis is, leef die manlike geslagsrol nie toereikend vir die seuns voor nie. Die vader is ongeduldig, streng en stel buitensporige eise aan Gary en sy broer. Hy slaan die kinders dikwels met sy vuiste. Die moeder toon ook geen buigsaamheid in haar optrede teenoor Gary nie. Gedurende haar woedebuie slaan sy die seuns wild met enigiets waarop sy haar hande kan lê. Haar geliefde slaanding is 'n rottang. By Gary is daar sprake van identiteitsverwarring.

Tydens die onderhoud met die gesin, het dit duidelik geblyk dat beide die vader en moeder gefrustreerde en ongeduldige persone is wanneer die seuns hul weerspreek. Die opmerking "*Buig die boompie terwyl hy jonk is*", weerspieël die moeder se *koue, outokratiese opvoedingstyl*. Beide ouers beskuldig die skool vir die seuns se astrartheid en slegte gewoontes.

Gary en sy broer ly aan die gevolge van die ergste pedagogiese verwaarloosing. Afgesien van sy uiters swak skoolprestasie (gemiddeld 44% in standerd 6 halfjaar-eksamen) openbaar hy die volgende gedragsprobleme: stokkiesdraai, onverantwoordelikheid, slordigheid, nalatigheid, hy pleeg diefstal, is senuweeagtig en raak gou ontwrig en verward. Gary kom voor as 'n onsekere en gespanne seun. 'n Gedragsafwyking van die vader, asook sy humeurigheid, lei tot ernstige spanning en konflik in die gesins- en huweliksverhoudinge.

Albei die ouers neig tot depressiwiteit. Die vader-moederverhouding is só swak dat albei al egskeiding oorweeg het. Normatiewe opvoeding is uiters inkonsekwent in dié gesin. Uit Gary se lewensverhaal blyk dit dat sy sosialisering gebreke toon. Gary se affektiewe opvoeding is sodanig dat hy sy ouers telkens vra of hulle hom nie liefhet nie.

Volgens van Gary se onderwysers, is hy didakties verwaarloos. Ten opsigte van die skool is Gary ook swak gerig.

4.4.3.3. Rotter se onvoltooide sinne

By die sinvoltooiing was sy ekspressies uiters infantiel; hy was swak gerig, en toon ook ernstige taaltekorte. Dit is duidelik dat hy sy swak skoolprestasie belewe soos in sin nommer 22 weergegee: "*My grootste bekommernis is om te slaag*". Gedu-

rende die onderhoud en sy lewensbeskrywing was Gary se gerigtheid òf labiel òf swak, sodat deur min van die media enige be-
duidende belewenisse uitgelig is. By Gary is daar 'n soeke na
kontak en aanvaarding soos blyk uit die volgende sinne:

- (1) "Ek hou van vriendelike mense".
- (2) "Selfs my beste vriend het my in die steek gelaat".
- (12) "Mense wat my nie verstaan nie baklei met my".
- (29) "Ek voel 'n behoefte aan iemand wat vir my 'n vriend kan
wees".

Minderwaardigheidsgevoelens kom tot uiting in sinne soos:

- (3) "Ek voel dit is onregverdig dat ander mense gelukkiger
is as ek".
- (10) "Ek is spyt dat ek lelike dinge gedoen het".
- (11) "Die beste is om jou mond te hou".
- (21) "My senuwees laat my in die steek".
- (27) "Mense wat nie van my hou nie sê ek is sleg".
- (43) "My grootste gebrek is om met mense hard te praat".

Die feit dat hy affektief verwaarloos is, en veral die kame-
radskap van die ouer ontbeer, blyk uit die volgende sinne:

- (14) "'n Moeder is iemand wat jou die regte dinge leer om te
doen".
- (15) "My grootste vrees is om te sien hoe my ouers drink".

Wat sy toekomsverwagting betref, lyk dit asof hy baie onseker
is, soos blyk uit sin nommer 24: "Die toekoms is iets waarvan
ek nie seker is nie". Sin nommer 41 bevestig voorafgaande,
deur te verklaar: "Tot my spyt sou ek nie weet wat my toekoms
is nie".

Gary se grootste bekommernis blyk daaruit dat hy nie met ander mense 'n' diepe verhouding kan sluit nie en dat hy wantrouig is, soos blyk uit die volgende sinne:

- (6) *"Ek wil baie graag aanleer om mense opreg te vertrou".*
 (9) *"My vriende weet dat ek nie daarvan hou om elke mens se vriend te wees nie".*
 (28) *"Ek het geen tyd vir mense wat sê hulle is jou vriende en dan skinder hulle van jou".*

4.4.3.4. Samevattende persoonsbeeld

Gary se gebrekkige gerigtheid is genoegsame aanduiding van sy gebrekkige werkinstelling, swak waaghouding en gebrekkige eksplorاسie. Hy openbaar gevoelens van hulploosheid, onsekerheid, onveiligheid, angs, verwardheid en spanning. Die engheid van sy beleweniswêreld (veral ook gevoelsmatig), en die konflik in sy interpersoonlike verhoudinge, gepaard met ontwyking, vyan-digheid, aggressiwiteit en agterdog is opvallend. Gary se opvoeding is gevoelsarm. Sy sosialisering verloop ontoereikend. Sy primêre nood aan koesterende liefde, aanvaarding en erkenning word nie vervul nie, daarom toon hy die ingesteldheid van 'n affektief verwaarloosde kind. Ek-jy-verhoudinge met sy ouers beleef hy nie as stabiel nie. Dié toestand wreek hom in die vorm van ernstige gedragsprobleme- en leerprobleme. Omdat pedagogiese momente as normatiewe en normeringsmomente ontbreek, is daar weinig sprake van normering, dissiplinering, gewetenswekking - met ander woorde persoonsvorming. Weens konflikte in sy gesinsituasie leef Gary in 'n sfeer waarin normale psigiese-geestelike ontplooiing onmoontlik is. Begrip, selfopoffering, geduld, takt en koesterende liefde van sy ouers se kant ontbreek. Dié verwaarloosing van veral affektiewe en normatiewe opvoeding het tot gevolg 'n gedragswyse wat op psigopativering dui.

Weens die intolerante, outokratiese opvoedingsgedrag van die ouers, disfunksioneer die gesin soos volg ten opsigte van die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies:

- **Ek-jy-verhouding**

In dié gesin is daar geen sprake van 'n intieme ek-jy-verhouding nie. Gary word in sy gesin deur sy ouers geneurotiseer en gedehumaniseer. Van koesterende liefde en persoonswarmte is daar geen sprake. Gary voel onveilig in sy ouers se teenwoordigheid.

- **Opvoeding(styl)**

Gary se vader tree uitermatig bestraffend teenoor Gary op. Hy laat geen teëpraters toe nie. Gary en sy broer word deur beide ouers mishandel en uitermatig verwaarloos.

- **Opvoedingskommunikasie**

In Gary se gesin heers ontoereikende opvoedingskommunikasie. Dit is eensydig, negatief en begriploos.

- **Sosiale lewe en sosiale milieu**

Dié seun word nie toereikend in sy sosiale lewe begelei nie. Gary se gesinsfeer is 'n gebrekkige oefensituasie vir sy sosiale lewe. Hy is voortdurend in spanning en angs. Die belewing van vasgelopenheid en swak verhoudinge in die sosiale milieu, dwing Gary waarskynlik daartoe om 'n beleweniswêreld in opposisie tot die leefwêreld van die volwassenes te stig, om konfliktsituasies met sy ouers te ontkom.

- **Sosialisering**

Gary se sosialisering is ontoereikend. Die oordrag van waardes, kennis, leefreëls en sosiale houdinge geskied ontoereikend. Gary verwerf nie die sosiale vaardighede om 'n toereikende deelgenootskap aan die samelewing te verwerklik nie.

- **Identiteit en selfkonsep**

Vanweë 'n gebrek aan vertroue, begrip en liefdevolle bemoeienis van die ouers se kant, blyk dit dat die ontmoetingsmoment op 'n ontoereikende wyse verwerklik word. Gary se optimale persoonlikheidsvorming en selfaktualisering word deur identiteitsverwarring en negatiewe selfkonsepvorming gestrem. Gary is van mening dat sy ouers verraad teenoor hom pleeg.

- **Selfaktualisering**

Gary se ouers rig en dryf sy gedrag na hul wense sonder inagneming van sy persoonlike voorkeure. Gevolglik is daar by hom weinig sprake van toereikende selfaktualisering. Dié ouers se afbrekende houding beïnvloed sy selfkonsepvorming, persoonlikheidsvorming en selfaktualisering negatief.

- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering**

Gary is weens sy ouers se outokratiese opvoedingsgedrag gedisoriënteer. Dié ouers is nie in staat om hul seun tot optimale sosiaal-maatskaplike oriëntering en persoonlikheidsontwikkeling te begelei nie.

- **Behoeftevervulling in sosiale verband**

Die outoritêre opvoedingsgedrag, gebrek aan koesterende liefde, ontoereikende kommunikasie en negatiewe selfkonsepte van die gesinslede, gee daartoe aanleiding dat Gary en sy broer hul behoeftes in sosiale verband ontoereikend vervul. Hulle beleef opvoedingsverwaarlosing weens die vader se drankmisbruik. Die vader toon geen respek teenoor sy kinders nie. Dié gebrek aan weinig agting en respek vir hul menswaardigheid dui op 'n intolerante, outokratiese opvoedingsgedrag. Gevolglik is daar in dié gesinsituasie talle konflikte.

4.4.4. Persoonsbeeld van Lily

4.4.4.1. Identifikasiedata

Naam	:	Lily
Geslag	:	Vroulik
Ouderdom	:	17 jaar
Huistaal	:	Afrikaans

4.4.4.2. Gesinsituasie

Dié gesin woon in 'n verwaaloosde ou sub-ekonomiese huis met vier vertrekke. Die vader is 54 jaar oud en werksaam op 'n myn. Hy is Afrikaanssprekend. Die moeder is 'n 50-jarige huisvrou en het geen beroepsopleiding gehad nie. Sy kom uit 'n gesin waar Afrikaans en Engels die huistaal was. In dié gesin word beide Afrikaans en Engels gebesig. Beide ouers het standaard ses geslaag. Die vrou vul haar man se inkomste aan deur

wasgoed van ander mense te was. Sy is oorgewig en 'n diabeet. Die woning is nie netjies en skoon nie. Sy is ook slordig op haarself. Dié moeder is negatief ingestel ten opsigte van die skool vanweë eie skoolmislukkings. Sy toon geen belangstelling in Lily se skoolwerk nie.

Die vader en moeder kom redelik goed oor die weg. Daar was 'n stadium dat hulle wou geskei het. In dié gesin is weinig gesag en 'n kontrole. Tydens die onderhoud het die moeder nie veel aan die gesprek deelgeneem nie. Sy het vermeld dat hulle graag "... 'n seun wou gehad het, maar toe is Lily gebore". Die moeder is ongeduldig. Dikwels is sy oorstreng en dan weer oortoegeeflik. Haar vader is weer saggeaard en toegeeflik; hy gee nie veel aandag nie. Hy is geneig om oorbeskermend op te tree. Die vader praat baie en dit is duidelik dat hy ook baie van homself dink. Hy is geneig om veral die jongste dogter te bederf. Die dogters en moeder is geneig om dikwels oor onbenul-lighede te bots.

Tussen Lily en haar moeder bestaan daar nie 'n vertrouensverhouding nie. Die dogter ignoreer haar moeder willens en wens. Sy respekteer nie haar gesag nie. Die moeder het tydens 'n onderhoud verklaar: *"Ek praat met haar oor die gevare buite die huis, maar sy wil nie luister nie"*. Dit blyk dat die moeder net dreig en nooit straf toedien nie. Dit is duidelik dat dié ouers min eise aan Lily stel, gevolglik is sy geneig om handuit te ruk.

Lily is in standerd sewe. Sy is die jongste van drie dogters. Die oudste suster is getroud. Die ander suster werk in die afdelingswinkel. Lily se skoolvordering is baie stadig. Sy het standerd drie, vyf en ses herhaal. Sy is 'n onderpresteerder. Sy vertel altyd leuens, is aggressief, emosioneel labiel en depressief met 'n negatiewe selfkonsep. Lily is sensitief,

skaam en gevoelig vir kritiek. Sy voel onseker van haarself. Op skool kom sy moeg en afgemat voor. Sy is baie senuagtig en raak gou mismoedig. Sy is geneig om stokkies te draai.

Volgens haar onderwysers tree Lily dikwels aggressief op teenoor haar klasmaats. Haar gedrag laat veel te wense oor. Sy skroom nie om met behulp van kragwoorde haar sin te probeer kry of 'n ongevraagde opinie te lug nie.

Tydens die onderhoud met Lily asook uit haar lewensverhaal, het daar heelwat aan die lig gekom van hoe sy haarself belewe. Groot gedeeltes van haar lewensverhaal het sy verkies om mondelings mee te deel aangesien sy bang was om die intieme gedeeltes op skrif te stel.

Gedurende haar veertiende jaar het hulle nuwe bure gekry. Dié gesin het twee seuns waarvan die oudste agtien jaar oud was. Dié seun het 'n motorfiets gehad en haar ouers het nie omgee dat sy saam met dié seun op sy motorfiets rondry nie. Wanneer dié seun vir sy vriende gaan kuier het, het hy Lily altyd saamgenooi. Op sodanige togte moes sy altyd 'n toegedraaide pakkie vashou. Min het sy geweet dat in die pakkie dagga was en dat sy vir die skyn moes saamry sodat die polisie nie agterdogtig moes raak nie. Dié seun was onder verdenking by die polisie. Lily is al hoe meer by die bende se smokkelary met dagga betrek. Sy het wilde partyjies bygewoon waar seks, drank en dagga 'n alledaagse verskynsel was. Haar gesondheid het agteruit begin gaan en sy was 'n senuweewrak. Sy het "met trane" weggebreek nadat die polisie die bende gevang het. Alhoewel sy nie meer dagga gebruik nie, is sy 'n strawwe roker van sigarette.

Hulp van 'n skoolsielkundige is ingeroep nadat die onderwysers agtergekom het dat daar iets met haar verkeerd is. Hy het vir

haar "...allerhande vrae gevra, wat haar geweldig bang en kwaad gemâak het". Wat die uitslag van die onderhoud was, kan sy nie onthou nie. Indien daar 'n vertrouensverhouding tussen Lily en haar moeder was, sou sy nie in sodanige problematiese situasies beland het nie. Lily meld dat sy "...moeg is vir my ma se gesanik in my ore".

Alhoewel Lily en haar susters bederf word, is daar geen sekuriteit en vertroue in dié gesin nie. Op die vraag waarom sy tot sodanige stap oorgegaan het, was die antwoord dat "...al-mal dit doen en sy wil nie uit wees nie".

Op die huidige tydstip het sy 'n vriend. Uit 'n briefie wat sy vir hom geskrywe het, en toevallig in ondersoeker se besit gekom het, word haar behepthed met die geslagtelike duidelik weerspieël. Die spelling is onveranderd gelaat:

"Ek wil net vir jou se dat jy altyd in my hard is ek genie ons twee se dae saam. Ek moet se dit was nog al lekker wat ons twee gedoen het. Ek sal dit like om jou weer te sien want ek mus jou. Jy moet vir niemand se dat eke die brief vir jou geskryf het en daar is nog its wat eke vir jou moet se dat ek weer saam met jou in die bed wil le en die ding doen wat ek en jy moet doen".

Dit is gevolglik duidelik dat dié dogter hunker na aandag en koesterende liefde.

4.4.4.3. Rotter se onvoltooide sinne

Uit die medium blyk dit dat Lily 'n verwronge lewensuitkyk het. Haar hunkering na liefde en begrip word deur die volgende sinne weerspieël:

- (3) "Ek voel ongelukkig en baie alleen".
 (16) "Ek kies nooit my eie vriende nie".

Die belewing van haar tekorte kom te voorskyn uit sinne soos die volgende:

- (9) "My vriende weet ek is skaam".
 (18) "Toe ek klein was, was ek die spot van almal".
 (21) "Ek ly onder myself".
 (25) "Ek kan nie voor mense praat nie".
 (32) "Ek is baie kinderlik".
 (33) "Die struikelblok is dat ek nie kan dink nie".

Bogenoemde tekorte word verder versterk deur haar gebrekkige waaghouding, soos geopenbaar in haar bekommernis dat mense haar sal spot en haar diepste geheime sal ken (sin nommer 22). Die feit dat dié dogter en haar ma, wat mekaar nie kan vind nie, blyk duidelik uit die volgende sinne:

- (12) "Mense wat nie verstaan nie, is my ma en onderwysers".
 (14) "'n Moeder is 'n sagte vrou".

Die volgende sinne openbaar dié dogter se sterk angsneurose:

- (5) "Selfs my beste vriendin vertrou ek nie".
 (10) "Ek is spyt dat ek dagga gerook het".
 (15) "My grootste vrees is die donker".
 (21) "My senuwees is my swak punt".
 (25) "Ek kan nie voor mense praat nie".
 (39) "Ek het vas besluit om nie te trou nie".
 (41) "Tot my spyt moes ek uitvind dat my vriendin skinder".
 (45) "My sterkste begeerte is dat mense van my moet hou".

Sy openbaar skuldgevoelens ten opsigte van die geslagtelike, want volgens sin nommer 37: "Dit walg my om mense te sien vry". "Die meeste meisies is vryerig" (sin nommer 38).

Lily beskou haarself as 'n mislukking, want sy kon nooit met haar moeder identifiseer nie. Die vader is vir haar volgens sin nommer 35: "...groot en sterk, hy is lief vir my". Lily wil graag haar beste gee, maar is paties-affektief verwaarloos. Die vader is net 'n simbool van krag en sterkte, maar hy kan nie tot sy dogter se hunkeringe en behoeftes deurdring nie. Lily se optimale persoonlikheidsontwikkeling is gerem.

4.4.4.4. Samevattende persoonsbeeld

Samevattend kan dit gestel word dat dit hier gaan om 'n dogter wat deur die vader tot in die afgrond bederf word, en wat deur die moeder affektief verwaarloos is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat daar by haar 'n gevoel van onsekerheid, angs en onveiligheid ontstaan het. Sy sien altyd die negatiewe kant van 'n saak raak. Sy beleef haarself as gering en verlore. Die een oomblik sal sy tot in die hemele verheug wees en 'n rukkie daarna weer heeltemal depressief wees. Sy kan nie haar vrouwording met die moeder identifiseer nie. Sy het nood aan 'n volwassene wat haar kan lei en steun. Sy is baie selfbewus en lei aan 'n sterk angsneurose.

Dit is duidelik dat Lily se normatiewe en patiese belewing nie 'n gepreformeerde veld is vir 'n gedistansieerde tot-sigself-kom nie (selfaanvaarding, selfkennis en selfbevestiging). By haar is selfbelewing (selfbewustheid) primêr. Sy is op 'n deurleefde liggaamlikheid teruggegooi. Die gewenste sinbelewing as eties-normatiewe belewing word nie voltrek nie. By

haar is 'n intense sug na die vitaal-patiese aangename, byvoorbeeld die geselskap van seuns, dans en skoolvakansies. Die hulp en steun waaraan sy nood het (van vader en moeder) ontbreek. Liefdevolle geestelike versorging, toereikende kommunikasie en toereikende ek-jy-verhoudinge in dié gesin ontbreek.

Lily se eksplorاسie van die wêreld, haar emansipasie tot selfstandigheid, vryheid en verantwoordelikheid, 'n gesonde werkinstelling, die gewenste norm- en waardebelewing (veral die kennende belewing hiervan), en 'n sin- en betekenisgewing wat gunstig is vir haar psigiese-geestelike ontwikkeling, is daar weinig sprake van.

Oor sy hulpeloos en lewensonseker is, is sy baie mismoedig oor haar swak skoolprestasies. Lily belewe haar onmag om te presteer baie sterk paties-affektief. Dit het die afgelope twee jaar fisiek baie vinnig gegroei, 'n gebeure waarvoor sy beslis nie psigies-geestelik gereed is nie. Sy aanvaar en verwerk dit moeilik. Dit is gevolglik duidelik dat sy nie die nodige steun en onderskraging ter verwerking en aanvaarding van haar probleem ontvang nie. Sy beleef nie die sin en betekenis van haar fisieke rypheid nie. Die voorbeeld van haar moeder verhinder dat sy die ware sin en betekenis van vrou wees nie nie kan belewe.

Lily se ouers begryp haar blykbaar nie, want hulle is self in hul emosionele konflik vasgevang. Gevolglik dat die dogter tydens haar hulpeloosheidsmoment, nie die veiligheid en sekuriteit belewe om met vertrouwe te kan eksploreer nie. In haar soeke na koesterende liefde en geborgenheid wil sy wys dat sy ook iemand wil wees. Daardie kans word haar nie gegun nie. Waar daardie kans deur ander gegun word, staan sy skepties en wantrouig. Die somberheid en onsekerheid van haar toekomspektief word deur 'n gevoel van minderwaardigheid vererger.

Dit is gevolglik duidelik dat te midde van 'n toegeeflike permissiewe opvoeding, Lily nie kom tot die verantwoordelikheid en geestekrag wat haar in staat stel om probleme en konfliktsituasies sinvol te hanteer nie.

Weens die ouer se toegeeflike, permissiewe opvoedingsgedrag, disfunsioneer die gesin soos volg ten opsigte van die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies.

- **Ek-jy-verhoudinge**

Die belewing van vasgelopenheid in die skoolsituasie, tesame van vasgelopenheid in die skoolsituasie, tesame met die belewing van 'n swak moeder-dogter-verhouding, veroorsaak dat Lily swak interpersoonlike verhoudinge stig. Sy word as't ware gedwing om 'n betekeniswêreld in opposisie met die volwassenes se leefwêreld te stig, ten einde konfliktsituasies met die moeder te ontkom. Die moeder se inkonsekwente en onbuigsame gedrag werk remmend in op die dogter se vatbaarheid vir leiding. Die intieme ek-jy-verhouding en betrokkenheid tussen moeder en dogter is ontoereikend. Gevolglik voel die dogter verwerp en openbaar emosionele en gedragsprobleme wat in wangedrag manifesteer.

- **Opvoeding (styl)**

Die daarstelling van norme, waardes, eise en verbiedinge ontbreek en word deur Lily negeer. Weens die toegeeflike opvoedingstyl ervaar sy 'n vasgelopenheid en verkeer in opvoedingsnood. Lily voel verward, onseker, onveilig en versteurd. Gevolglik is sy geneig tot wangedrag.

- **Opvoedingskommunikasie**

'n Gebrek aan simpatieke gesagsleiding, 'n permissiewe laat-maar-gaan-houding en bandelose vryheid in dié gesinsituasie dwarsboom die verwerkliking van toereikende opvoedingskommunikasie. Gevolglik leef moeder en dogter bymekaar verby. Daar is geen sprake van liefdevolle interaksie. Lily voel vervreemd en geïsoleer van haar moeder. Die moeder se lae intelligensie, swak taalgebruik en onkunde is moontlik die oorsaak dat sy en haar dogter nie met mekaar toereikend kan kommunikeer nie.

- **Sosiale lewe en sosiale milieu**

Lily word nie toereikend deur haar ouers in haar sosiale lewe begelei nie. Haar ouers se onbetrokkenheid vererger die situasie. Gevolglik beleef sy haarself as anders as ander dogters. Haar andersheid gaan gepaard met gevoelens van minderwaardigheid en onsekerheid. Haar selfkonsep is negatief. Om uit die huis te vlug, weg van haar moeder se "...gesanik om my ore", word sy feitlik gedwing om by die portuurgroep 'n heenkome te soek. Haar gesinsituasie impliseer die versteuring van die primêre situasie as sosiale milieu.

- **Sosialisering**

Die onvermoë van Lily se ouers om haar toereikend te sosialiseer, maak dat die dogter haarself meer met die portuurgroep identifiseer. Weens haar ouers se gebrekkige voorlewing van positiewe norme en waardes, bly Lily in gebreke om toereikend te leer saamlewe en sinvolle verhoudinge binne en buite haar gesinsverband te stig.

Lily vind dit problematies om vaste verhoudinge met haar portuurgroep te stig en in stand te hou. Haar verhoudingstigting is oppervlakkig en sonder diepte. Weens die voortdurende verandering van vriende, word sy blootgestel aan skadelike invloede wat haar tot wangedrag predisponeer.

- **Selfaktualisering**

- Ontoereikende kommunikasie tussen Lily en haar ouers, kulmineer in 'n gebrekkige verhoudingslewe. Weens kognitiewe en affektiewe opvoedingstekorte in dié gesin, word Lily nie die geleenthede gebied om haar moontlikhede optimaal te benut nie. Lily se wangedrag en skoolmislukking is manifestasies van onderaktualisering van haar potensiële sosiale en kognitiewe moontlikhede.

- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering**

In dié gesinsituasie word begeleiding, begryping, vertrouwe en gesag ontoereikend voltrek. Lily oefen onverantwoordelike keuses ten opsigte van haar vriende en aktiwiteite uit. Gevolglik is sy maatskaplik gedisorieëteer. Deur haar wangedrag soek sy 'n sinvolle saamlewe.

- **Behoeftevervulling in sosiale verband**

Weens die ouers se permissiewe opvoedingsgedrag beleef Lily dat daar nie aan haar veiligheid, erkenning, aanvaarding as mens voldoen word nie. Haar menswaardigheid word misken. Haar behoefte as iemand wat graag iemand wil wees en wil word, word nie toereikend vervul nie. Dié gebrek aan lewensmiddele impliseer die ontbering van liefdevolle versorging. Lily ervaar gevolglik materiële, psigiese, sowel as fisiese verwaarlosing. Dit is gevolglik duidelik dat 'n toegeeflike,

permissiewe opvoedingsgedrag Lily se ouers, 'n veeleisende, afhanklike, ontevrede en emosioneel onstabiele dogter daarstel. Binne sodanige bemoeilike gesinsituasie belewe Lily dikwels angs, vrees, onsekerheid, onveiligheid en ongeborghenheid wat meestal uitloop op talle konflikte in haar lewe.

4.4.5. Persoonsbeeld van Cay

4.4.5.1. Identifikasiedata

Naam	:	Cay
Geslag	:	Vroulik
Ouderdom	:	17 jaar en 11 maande
Huistaal	:	Afrikaans

4.4.5.2. Gesinsituasie

Dié gesin is woonagtig in 'n sinkhuisie sonder die nodige geriewe van 'n badkamer en 'n toilet. Teenaan die woning is 'n kleinsinkgebou wat as badkamer ingerig is.

Cay is 'n dogter van 17 jaar 11 maande oud en bevind haarself in standerd 8. Sy is 'n stokkiesdraaier. Sy is die oudste dogter van 'n 50-jarige drankverslaafde vader en 47 jarige moeder wat 'n huisvrou is. Sy het twee jonger broers en twee ouer susters. Beide haar twee oudste susters het buite egte-like kinders. Die vader het nie 'n gereelde inkomste nie.

Uit onkunde en onverantwoordelikheid is daar van gesagsuitoefening weinig sprake. Dit is eerder 'n magsvertoon. 'n Ge-

dragsafwyking, asook humeurigheid van die vader, lei tot ernstige spanninge in die gesinsverhoudinge. Die vader mishandel en verwaarloos sy gesin. Die vade-moeder-verhouding is ontoereikend.

Tydens die onderhoud met die ouers, waar die vader effens onder die invloed van alkohol was, het dit duidelik geblyk dat die kinders "...na hulleself moet kyk". Die moeder skep die indruk van lewensmoegheid. Die vader tree uiters dominant outoritêr teenoor sy gesin op. Weens talle konflikte en swak finansiële sorg, word die optimale persoonlikheidsontwikkeling van die kinders uitermatig belemmer. Die ouers bestee weinig tyd aan hul kinders.

Dit het baie geduld gekos om Cay se vertrouwe te wen sowel as om haar lewensverhaal neer te skrywe. Uit verskeie onderhoude met haar gevoer, het die lewensverhaal stuk vir stuk uitgekristaliseer. Sy het haar later bereidwillig verklaar om haar samewerking tydens dié ondersoek te gee. Uit die gesprekke en lewensverhaal blyk dit dat sy as kleindogterjie baie vroeg in haar lewe met die lewe in al sy hardheid en naaktheid kennis gemaak. Op agtjarige ouderdom het een van haar jonger neefs haar dikwels seksueel aangerand. Weens haar vader se drankmisbruik en daggarokery, het hy dikwels vir 'n ruk lank verdwyn. Gedurende sodanige tye moes die moeder en kinders sonder enige hulp klaarkom. Vriende het 'n buitekamer in hul agterplaas tot hul beskikking gestel. Tydens dié verblyf in die agterplaas het die welsyn aan hulle kos en klere verskaf. Die moeder kon nie gaan werk nie, want die kinders was te klein om sonder sorg gelaat te word.

Niemand het hulleself bereidwillig verklaar om na die kinders om te sien nie. Volgens Cay het mense op dié gesin neergesien, omdat die gesin so armoedig was. Kinders van die omge-

wing het hulle geterg en gesê hulle is "gemors". Tydens dié moeilike dae, het sy geleer om te baklei en te vloek. Volgens haar het sy "... 'n regte straatbakleier geword".

Die moeder wou van die vader skei, maar elke keer wanneer hy weer by die gesin opdaag, belowe hy dat hy sy drinkery sal los en vir hulle sal sorg. Tydens sodanige emosionele situasies belowe hy dat hy homself sal rehabiliteer. Dikwels gaan dit vir 'n rukkie goed, maar onder die invloed van sy drinkerbroers begin hy weer van vooraf met sy streke. Cay het al by 'n onderhoudsessie soos volg verklaar:

"As ek of enig iemand vir hom kos neem waar hy met sy dronk liggaam lê en die wêreld bemors, het hy my met die bord kos gegooi. Indien my ma dit waag om in die kamer te gaan, het hy op haar afgestorm en met die vuiste geslaan".

Wanneer die vader nugter was, het hy vir Cay dikwels ongenadiglik met sy leergordel geslaan. Dit was of hy sy frustrasies en woede teenoor die lewe op haar uitgehaal het. Dié vader was baie dominerend en veeleisend gewees. Nadat die vader weer vir 'n onbepaalde tydperk verdwyn het, het die moeder 'n ander man ontmoet. In die woorde van Cay "...was dit die eerste keer in ons lewe dat ons gelukkig was" Toe trouplanne bespreek word, het dié man gesê dat die ander kinders na familie gestuur moet word. Hy wou net vir Cay hê, aangesien sy die bakleiertjie in die gesin was. Blykbaar was sy rede dat sy later vir haarself kan sorg. Gevolglik is dié verantwoordelikheid van sy skouers af. Volgens Cay kon sy nie verstaan "...waarom hy die mees ongemanierde kind in die huis verkies het nie". Die moeder het gevolglik geweier om van die kinders afstand te doen. Dié man het sy goed geneem en hulle verlaat. Hulle moes self sien om die mas op te kom "...ons was weer alleen".

Ongeveer agtien maande na dié gebeurtenis, was die kinders by 'n tante in Boksburg met vakansie gewees. Die vader het hulle opgespoor en weer teruggekom. Hy het hulle weer begin mishandel en met sy drinkery voortgegaan. Dit was blykbaar erger as voorheen. Die polisie het hom blykbaar ook gesoek vir motor-diefstal en daggasmokkelary. Hy is gevang en tronk toe gestuur.

Volgens Cay "...was dit oneindig lank en ons het geleer om sonder hom klaar te kom. In my oë was hy net 'n ou dronklap wat ons geslaan het". Drie jaar na dié gebeurtenis, toe sy elf jaar oud was, kry sy 'n vreemde man by haar ma in die kombuis. Sy groet dié vreemdeling en spreek hom aan as "oom". Die man tel haar toe op sy skoot onder groot gelag van haar moeder. Sy verneem toe dat dit haar vader is. "Ek ruk my toe op en sê vir my ma dat ek nie 'n pa het nie en ook nie een wil hê nie". Volgens haar "...het hy seker baie sleg gevoel". Hulle het toe van vooraf weer begin om as gesin saam te lewe. Weens sy verblyf in die tronk, is hy blykbaar gerehabiliteer en van sy drankgewoonte genees.

Dinge het by die huis nou beter gegaan en die vader het werk as 'n munisipale werker gekry. Hy was steeds baie kwaai en dominerend met die moeder en kinders gewees. Cay erken dat ten spyte van alles sy steeds die "straatbakleier" gebly het. Sy erken dat

"...een groot ding wat nie in ons huis was nie, is die liefde. As daar nog liefde was, het my pa dit jare gelede reeds uit ons geslaan. Ek kan ongelukkig nie weer verander nie. Ek het tussen 'n klomp vuil en raserige kinders grootgeword. My pa het dit aangehelp met sy drank en my ma met haar gerondloperij daardie tyd met daardie ander man. Nooit word oor daardie dae gepraat nie, maar so gou as een van ons iets verkeerd doen het, moet ons van my pa of ma hoor dat ons tussen "rabbich" (sic) grootgeword het.

Maar ons is self "rabbich" (sic), want ons het dan nie eers maaitsies gehad nie. Ek is nou sewentien en laat niemand meer my orders gee nie. Ek doen nou net wat ek wil en wanneer ek wil. Ek gaan ook af en toe met 'n boyfriend uit, maar geniet dit nie baie nie"

Tydens die onderhoud kom haar haat vir mans duidelik uit in die taal wat sy gebruik om dié haat te beskryf. In haar driftige vertelling erken sy weer dat

"...ek het tog eenmaal in my lewe verlief geraak. Dit was nie kinderspeletsies gewees nie. Dit is 'n liefde waarvoor ek nog sal veg. Liefde het voorheen vir my nie betekenis gehad nie. Nou dat die lewe sy geluk na my kant toe draai, word ek nog daardie geluk ook ontnem".

Die "geluk" waarvan sy praat, was 'n liefdesverhouding met 'n getroude man gewees. Dié verhouding was eensydig gewees, maar het gou weer doodgeloop. Intussen het sy weer 'n vriend raakgeloop en

"...my ma baklei weer baie met my voor my vriend. Ek dink dit is lelik van haar om so voor my vriend met my te baklei. Ek sal haar nooit vergewe nie. My vriendinne verag my omdat ek altyd baklei. Hoe kan 'n mens alles sluk sonder om dit op een of ander manier aan iemand of iets terug te betaal? Hoekom kan ek nie soos ander meisies wees wat fyn en saggeard is nie. Nee ek moet altyd my pad oopveg na geluk. Ek is bereid om dit te doen. My pa gaan nog boet omdat hy ons so slaan".

Cay is 'n verbitterde, onvergenoegde persoon. Sy het op dié trant voortgeduur en veral baie gepraat oor die liefde wat sy as kind nooit van haar ouers ontvang het nie. Met 'n moedeloosheid en sug sê sy:

"As my ma tog net kan verstaan. Met haar kan 'n mens nie oor jou probleme praat nie. Sy lag jou net uit. Om daardie rede het ek nou ook begin drink en begin rook. Elke keer het ek myself dronk gedrink sodra iets my begin pla, totdat ek hierdie nuwe vriend van my ontmoet het. Hy het my van drank afgekry. Ons het baie geheg aan mekaar geraak. Nou praat ons, ons probleme met mekaar uit. Ek het nie nou nodig om myself te gaan versuip aan alkohol nie. Daar is iemand wat vir my omgee".

Tydens die gesprekke met Cay, het dit duidelik geblyk dat sy in haar soeke na liefde, nie kan verdra dat 'n vriendin 'n seunsvriend moet besit nie. Sy beskuldig hulle altyd van ontrouheid teenoor haar, omdat dit hulle is wat die seunsvriende beïnvloed om nie met haar bevriend te raak nie. Op skool is Cay en haar groepie maats bekend vir die vuil taal wat hulle gebruik, asook vir hulle aggressiwiteit.

4.4.5.3. Rotter se onvoltooide sinne

Uit dié medium word daar baie omtrent Cay se persoonlikheid openbaar. Uit die sinne is dit duidelik dat weens die konflik-situasies waarin sy haarself bevind, sy uitermatig sterk angstneurose openbaar, in dié sin dat haar liefde van haar ontnem sal word, soos blyk uit die volgende sinne:

- (2) "Die gelukkigste oomblik is om saam met L. te wees".
- (6) "Ek wil baie graag liefde van mense ontvang".
- (15) "My grootste vrees is om lief te hê".
- (26) "Ek wonder soms waarom ek gebore is".
- (28) "Ek het geen tyd vir seks voor die huwelik".
- (32) "Ek is moeg vir die lewe".
- (34) "Ek wens ek was al getroud".
- (39) "Ek het vas besluit om nooit weer lief te hê nie".
- (45) "My sterkste begeerte is om 'n mooi seun te hê".

Dat Cay aanvaarding en erkenning soek blyk uit:

- (5) *"Selfs my beste vriendin vertrou ek nie".*
- (12) *"Mense wat my nie verstaan nie, haat my".*
- (29) *"Ek voel 'n behoefte aan liefde van L.".*
- (27) *"Mense wat nie van my hou nie maak my bang".*

Die bevraagtekening van haar as mislukking word weerspieël deur die volgende sinne:

- (16) *"Ek kon nooit saam met iemand gelukkig wees nie".*
- (25) *"Ek kon nie meer so aangaan nie".*

Haar gevoelens van minderwaardigheid word weerspieël deur die volgende sinne:

- (8) *"Ek verdra nie mense in my teenwoordigheid nie".*
- (10) *"Ek is spyt oor my haatlike maniere".*
- (26) *"Ek wonder soms waarom ek so sleg is".*
- (44) *"Ek strewe na hoë prestasies".*

Dat sy aan 'n skuldige gewete ly, word duidelik deur die volgende sinne weerspieël:

- (4) *"Snags in my bed dink ek aan my verbode liefde".*
- (13) *"Ek vererg my vir aggressiewe persone".*

Uit sin nommer 24 word haar gebrekkige toekomsprospektief duidelik: *"Die toekoms, wat hou dit vir my in?"*

Haar onmag, tekort en gebrekkige moontlikhede is duidelik herkenbaar in sinne soos:

- (19) "Ek ly om aan L. te dink".
 (25) "Ek kan nie meer so aangaan nie".
 (33) "Die enigste struikelblok is L."
 (41) "Tot my spyt het ek hom (L.) verloor".
 (43) "My grootste gebrek is my gesig".

4.4.5.4. Samevattende persoonsbeeld

Cay belewe haarself as 'n verworpeling. Dié dogter se ontwerp van 'n eie wêreld voltrek versteurd en sy is pedagogies verwaarloos. Weens ontoereikende kommunikasie en gebrekkige sosialisering is dié dogter wangeoriënteerd en geneig tot wangedrag. Haar sosiale inskakeling is swak en sy openbaar 'n gebrek aan inskiklikheid. Haar psigiese lewe word deur negatiewe, versteurde blokkerende belewinge gekenmerk. Haar gedrag is selfbeskermend, selfhandhawend en sosiaal wangeoriënteerd. Cay is emosioneel labiel, emosioneel kwesbaar, depressief met 'n negatiewe selfkonsep. Sy is geneig om leuens te vertel.

Cay belewe gevoelens van selfbejammering, skuld en minderwaardigheid. Die lewe blyk vir haar té veel te wees. Die gesinsituasie van Cay skep vir haar probleme wat vir haar optimale persoonlikheidsontwikkeling en volwaardige volwassenheid, probleme inhou. Cay se morele ontwikkeling is moontlik deur haar ouers se onverantwoordelike voorlewing uitermatig belemmer. Sy wil graag *iemand wees*, maar kan dit nie word nie. Die nodige ek-jy-verhouding, veiligheid en geborgenheid in dié gesinsituasie ontbreek. Sy beleef die wêreld as koud en ongeënaakbaar. Haar klagte is dat dit altyd ander mense is wat teenoor haar snaaks is. Dit skemer blykbaar nie tot haar deur dat as sy aan ander liefde gee, sy ook liefde sal ontvang nie. Sy is uittartend, vyandig, aggressief, negativisties en rebel-leer teen alle gesagsvorme. Ernstige botsings met onderwysers

kom dikwels voor. Sy haat byvoorbeeld die vroulike geslag omdat hulle volgens haar "...huise opbreek en ander vrouens se mans vat".

Cay beskou haarself as die verontregte en lydende party, maar die vriend L. waarvan sy dikwels melding maak, is selfs 'n getroude man. Sy is affektief verwaarloos. Dit spreek duidelik uit haar lewensgeskiedenis. Die primêre oorsake van dié dogter se probleme is geleë in die gesinsituasie. Dit kom tot uiting en word geïntensiveer deur die swak gesinsverhoudinge. In menslike verhoudinge is Cay totaal ontwrig. Sy beleef haarself as ontoereikend, verworpe, minderwaardig en verlore. Die gevolg hiervan is skuld en aggressie, omdat sy ervaar dat sy deur niemand aanvaar word nie.

Cay is selfs afhanklik van ander, maar in dié hunkeringe ervaar sy geen gevoelsmatige voldoening nie. Sy het angsneuroses en swak inskakelingsvermoë. 'n Onewewigtige verloop van denk-, wils en gevoelslewe lei tot angs en spanning wat so sterk in haar gemoedslewe oplaai, dat sy fisies 'n baie lae energiepeil openbaar. Derhalwe is sy teruggetrokke, gespanne, beangs en onseker. Weens liefdeloosheid in dié gesin, is daar by Cay 'n patiese ingesteldheid en negatiewe selfkonsep. Weens haar wantroue, vyandigheid, vrees vir die nie-aanvaarding en agterdog, is Cay nie sosiaal vaardig tussen ander persone nie. Sy is ook nie sosiaal goed georiënteer nie.

Cay het nood aan 'n moeder wat haar in die geheime van vrouwees kan inlei. Haar eie moeder kan nie aan haar die steun en leiding gee om die diepere sin van haar vroulikheid-in-wording te belewe nie. Haar ouers is so vasgevang in hulle eie probleme dat hulle nie besef dat sy haar wêreld as ongeborgene op haar eie sonder enige steun en hulp van hulle kant, moet

eksploreer nie. Van optimale persoonlikheidsontwikkeling is daar nie sprake van nie.

Weens haar ouers se intolerante, outokratiese opvoedingsgedrag word die volgende geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies in dié gesin ontoereikend verwerklik.

- Ek-jy-verhoudinge

Van 'n intiem persoonlike ek-jy-verhouding is daar geen sprake nie. Die belewing van vasgelopenheid in dié gesinsituasie het 'n psigiese afstand tussen die dogter en haar ouers tot gevolg. Die dogter ontbeer koesterende liefde, beskerming, aanvaarding, erkenning, simpatie en stabiele gevoelsmatige bindinge. Gevolglik word die ek-jy-verhouding ontoereikend verwerklik.

- Opvoedingstyl

Dit is duidelik dat in dié gesin die opvoedingstyl intolerant, outokraties en verwerpend is. Cay en die ander kinders word nie opgevoed nie, maar eerder verwerp, verwaarloos en mishandel.

- Opvoedingskommunikasie

In Cay se gesinsituasie word die ergste vorm van diskommunikasie aangetref. Toereikende opvoedingskommunikasie en toereikende liefde is verskraal. Die ouers is eensydig, onbuigsaam en begriploos in hul houdinge jeens Cay. Dit is baie duidelik dat weens versteurde gesinsverhoudinge en talle

konfliktsituasies in dié gesin, Cay se opvoedingsgesitueerdheid in 'n problematiese opvoedingsituasie omskep het.

- **Sosiale lewe en sosiale milieu**

Vir Cay is haar gesinsfeer 'n gebrekkige oefensituasie vir haar sosiale lewe. Haar gesinsituasie is vir haar 'n gevaarlike plek, want sy beleef net spanning en angs weens die konfliktsituasies wat daar voorkom.

- **Sosialisering**

Weens Cay se gebrekkige sosialisering, is dit te verwagte dat sy 'n gebrekkige en destruktiewe deelgenootskap aan die samelewing sal verwerklik. Deur middel van aggressiwiteit en opstandigheid kan sy haar slegs laat geld om self iemand te wees en te word. Deur haar aggressiewe gedrag is sy egter onaanvaarbaar vir die samelewing.

- **Selfaktualisering**

Daar is weinig sprake van toereikende selfaktualisering. Haar ouers se voorskriftelikheid in die dogter se gedrag verwerklik die onderaktualisering van haar moontlikhede.

- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering**

Die ouers begryp nie vir Cay nie. Gevolglik is hulle nie in staat om haar tot toereikende sosiaal-maatskaplike oriëntering en optimale persoonlikheidsontwikkeling te begelei nie.

- **Behoeftevervulling in sosiale verband**

Dié dogter se behoeftes in sosiale verband word ontoereikend vervul. Dit is duidelik dat sy 'n kind in opvoedingsnood is en beleef angs wat tot gedragsversteuringe lei. Sy beleef haar veral negatief en onveilig. Sy kan nie selfstandigheid en die nodige selfvertroue ontwikkel nie. Sy ondervind derhalwe probleme ten opsigte van haar omgang met ander individue, asook haar inskakeling in die gemeenskap.

Dit is gevolglik duidelik dat die intolerante, outokratiese opvoedingsgedrag van Cay se ouers haar verwerp en nie aanvaar het nie. Gevolglik gee dit aanleiding tot verbittering, onvergenoegdheid en talle konflikte in haar lewe.

4.4.6. **Persoonsbeeld van Bambie**

4.4.6.1. **Identifikasiedata**

Naam	: Bambie
Geslag	: Manlik
Ouderdom	: 16 jaar
Huistaal	: Afrikaans

4.4.6.2. **Gesinsituasie**

Bambie is die oudste van vier kinders. Daar is twee seuns en twee dogters in dié gesin. Die vader is 40 jaar oud en werkloos. Die moeder is 38 jaar oud en 'n huisvrou. Beide ouers was vroeë skoolverlaters gewees. Die ouers moes trou. Die huis is in 'n milieu-gestremde buurt geleë; en bestaan uit twee slaapkamers, 'n klein kombuisie en 'n badkamer. Die toilet is

buite geleë. Dié ouers bedryf 'n florerende smokkelhuis waar hulle drank verkoop. Weens die ouers se besige lewe, is gesag in dié gesin ontoereikend. Die kinders kom en gaan soos wat hulle wil. Die steur hulle veral nie veel aan Bambie nie. *"Hy is mos mooi groot om vir homself te sorg"*, was die vader se antwoord tydens die onderhoud. Gevolglik beleef die seun dat sy ouers hom nie liefhet nie.

Dié gesin behoort aan geen kerk nie: *"Daar is nie tyd om kerk toe te gaan nie, ons is Sondaie baie besige mense"*, was die moeder se kommentaar gewees.

Toe Bambie gevra is om sy lewensgeskiedenis neer te skrywe, het hy dit sonder enige huiwering gedoen. Dit is duidelik dat hy telkens ontmoedig en ongemotiveerdheid belewe. Sy gedurige soeke na hulp, of na die versekering dat hy sover suksesvol in die oplossing van 'n taak is, is klaar 'n aanduiding van sy sterk hulpeloosheidsbelewing. Hy het ook nie die vereiste ingesteldheid wat nodig is om 'n taak aan te pak en deur inspanning te voltooi nie. Volgens Bambie moes hy al op vierjarige ouderdom aan tafel met 'n mes en vurk geëet het, want *"...my pa en ma was te besig gewees om my kos te voer"*.

Bambie se lewe was blykbaar nie met rose besaai nie, want sy ouers het weinig bemoeienis met hom gemaak. Sy moeder het hom meer in die sorg van bure of vreemde persone geplaas. Toe hy haar die nodigste gehad het, was sy nie daar vir hom gewees nie. Die seun voel bedreig, verworpe en openbaar gevoelens van minderwaardigheid, omdat sy ouers sy kinderbestaan aantast. Die belewenis van vasgelopenheid maak hom aggressief, vyandig, gevoelloos en onverskillig. Die gedrag van die seun manifesteer dikwels in kruiperige en aandagsoekende houding. Hy soek aanvaarding, erkenning en liefde.

Volgens Bambie is een van die hoofpunte van al sy probleme die feit dat hy sy ouers wantrou. Daar is geen konsekwentheid in die ouers se optrede teenoor hom nie.

Bambie het sy moeder op 'n keer betrap waar sy in 'n vurige omhelsing verkeer het met 'n man wat kom drank koop het. Die moeder het allerhande verskonings probeer maak, maar dit het net sy wantroue in sy moeder verskerp. Wat hom egter die meeste 'geskok het, was toe hy sy moeder en dieselfde man betrap het toe hulle intiem met mekaar verkeer het. Op daardie stadium het hulle niemand by die huis verwag nie.

Bambie maak hom dikwels skuldig aan diefstal. Hy en 'n groepie maats steel dikwels by 'n groentewinkel vrugte en maak hulle uit die voete sodra die eienaar hulle betrap. Bambie is ook 'n strawwe roker. Hy gebruik self sterk drank saam met sy maats.

Uit die persoonsbeeld van dié seun blyk dit duidelik dat hy hom nie aan gesag wil onderwerp nie. Sy ouers het geen gesag oor hom nie. As gevolg daarvan ly sy normatiewe wording skade. Afgesien van die feit dat die vader nie aan Bambie aandag skenk nie, loop die identifikasiegebeure mis. Bambie word nie tot verantwoordelikheid opgevoed nie. Veral die eties-normatiewe opvoeding tot aktualisering van sy intelligensie toon ernstige te kortte. Die kind-onderwyser-verhouding is swak.

Bambie se grootste klagte is dat *"...as ons met pa of ma wil gesels dan moet ons stilbly en gaan speel, want hulle is besig, of pa het gewoonlik 'n hoofpyn"*.

Bambie is affektief verwaarloos. Hy het 'n baie swak inskake-
lingsvermoë en 'n angsneurose. Dat hy affektief verwaarloos is, spreek duidelik uit sy lewensgeskiedenis. Op skool het hy

nie goed gevorderd nie. Hy was ook gedurig in die moeilikheid oor stokkiesdraaiery en versuim om sy tuiswerk te doen.

Die primêre oorsaak van dié seun se probleme is geleë in die gesinsituasie. Dit kom tot uiting en geïntensiveer deur die swak ek-jy-verhoudinge in die gesin. In menslike verhoudinge is dié seun totaal ontwrig. Bambi beleef homself as verworpe, minderwaardig en verlore. Die gevolg is skuldgevoelens en aggressie.

Bambi is self baie afhanklik van mense en hulle steun aan hom, vandaar die kruiperige houding. In dié hunkeringe weder-vaar hy weinig gevoelsmatige voldoening. Die feit dat die gesinsituasie geen pedagogiese gesagsituasie is nie, lei tot konflikte en aggressie. Hy beleef sy gesinsituasie as 'n plek waar daar nie vir hom 'n plek ingeruim word nie.

4.4.6.3. Rotter se onvoltooide sinne

Uit dié medium word daar veel geopenbaar omtrent Bambi se persoonlikheid. By hom is daar 'n groot behoefte aan aanvaarding en kontak soos blyk uit die volgende sinne:

- (6) "Ek wil baie graag net gelukkig wees".
- (12) "Mense wat my nie verstaan nie, dink ek is snaaks".
- (29) "Ek voel 'n behoefte aan liefde".
- (30) "Ek geniet dit om uit te gaan".
- (32) "Ek is lief vir dinge en mense wat my verstaan".

Dat Bambi aan 'n angsneurose lei blyk uit die volgende sinne:

- (5) "Selfs my beste vriendin is groot en vol selfvertroue, ek

nie".

(3) "Ek voel soms verdrietig en gelukkig, weet nie waarom
nie".

(15) "My grootste vrees is om seer te kry".

(28) "Ek het geen tyd vir ander mense wat ander seer maak
nie".

Sy gevoelens van minderwaardigheid word weerspieël deur die volgende sinne:

(10) "Ek is spyt dat ek baie kere lelike dinge gedoen het".

(44) "Ek strewe daarna om alleen te wees".

Afgesien van Bambi se kruiperige houding, is sy hele voorkoms en gedrag soos die van 'n aggressiewe individu. In almal sien hy 'n bedreiging. Hulp wat aangebied word, bejeen hy met agterdog en aggressie soos blyk uit die volgende sinne:

(13) "Ek vererg my as iemand my probeer om sy neus in my sake
te steek".

(16) "Ek kon nooit vriendelik wees met mense nie".

Sy ontevredenheid teenoor sy moeder het by hom 'n skuldgevoel laat ontstaan soos dit blyk uit die volgende sinne:

(14) "'n Moeder is iets wat jy moet waardeer".

(22) "My grootste bekommernis is my moeder en haar lewe".

(23) "My gedagte gaan op die oomblik na hulle".

(34) "Ek wens ek kan haar help om van my te vergeet"..

(40) "Daar is niks wat my so ontstel as om te weet my ma gee
nie vir my om nie".

(45) "My sterkste begeerte is om my moeder te help".

By Bambie is daar ook 'n gevoel van vervolgingswaansin soos blyk uit die volgende sin: (38) *"Ek verbeel my dat ek agtervolg word deur iets of iemand"*.

Dat hy aandag soek omdat hy as mens misken en in 'n grootmens wêreld rondgeskop was, blyk uit sin nommer 36: *"In die geheim sal ek allesdoen wat nodig is om stout te wees"*.

Bambie se haatgevoelens spreek duidelik uit die volgende sinne:

- (9) *"My vriende weet ek hou nie van drank nie"*.
- (18) *"Toe ek 'n kind was het ek swaar gekry en geleer haat"*.
- (20) *"Ek sal nooit vergeet wat aan my gedoen is nie"*.
- (31) *"Ek haat dit om na skool huis toe te gaan"*.
- (39) *"Ek het vas besluit dat ek skool gaan verlaat om te gaan werk"*.
- (35) *"My vader is 'n hond en ek het geen tyd vir hom nie"*.
- (42) *"Die meeste meisies is opgesmuk en ek haat dit"*.

Bambie se selfkonsep is negatief. Gebrekkige moontlikhede en tekorte word weerspieël deur die volgende sinne:

- (19) *"Ek ly om te sien hoe my moeder ly"*.
- (25) *"Ek kan nie dink hoe swaar 'n mens op aarde het nie"*.
- (33) *"Die enigste struikelblok is my ouers"*.
- (41) *"Tot my spyt is ek die een wat moet ly"*.
- (43) *"My grootste gebrek is geduld met mense"*.

Bambie se hardkoppigheid en opstandigheid word in die volgende sin weerspieël: (27) *"Mense wat nie van my hou nie, pla my nie in die minste nie"*.

4.4.6.4. Samevattende persoonsbeeld

Uit Bambie se persoonsbeeld spreek sy affektiewe verwaarlosing baie duidelik. In sy hulpeloosheidsmoment is hy deur die moeder versaak wat nie aan hom die nodige liefdevolle versorging gegee het nie. In sy lewe toon hy 'n gemis aan veiligheid en sekuriteit. Van kleinsaf het hy kennis gemaak met die wreedheid van mense en die lewe self. Hy is vyandig en vertoon 'n negatiewe selfkonsep weens die pedagogiese verwaarlosing gedurende die vroeëre kinderjare. Op skool het hy gesukkel om te leer, veral gedurende die later jare. By hom het dit 'n gevoel van selfbejammering, geïsoleerdheid en eensaamheid gekweek.

Die feit dat Bambie rook, sterk drank gebruik en hom skuldig maak aan klein diefstalle, bemoeilik sy soeke na 'n sinvolle lewe en saamlewe. Bambie is emosioneel labiel en uiters kwesbaar.

Weens sy ouers se afwysing en konflikte in die gesin, beleef Bambie diskommunikasie. Weens Bambie se liefdesonthouding koester hy 'n wrok en wrewel gepaardgaande met angsgevoelens teenoor mense. Bambie se gedrag stoot ander mense af, gevolglik is hy voortdurend in botsing met die onderwysers.

Bambie se belewing van onmag, gebrekkige selfvertroue en hulpeloosheid staan voorop. Sy ouers het hom terleurgestel. Die vader is vir hom geen identifikasiefiguur nie. Omdat die vader nie sy plek as identifikasiefiguur kon volstaan nie, was daar geen sprake van gesagsaanvaarding nie. Gevolglik het daar van gewetens- en wilsvorming niks tereg gekom nie.

As gevolg van affektiewe verwaarlosing glo hy dat hy as persoon 'n mislukking is. Hy is 'n bejammeringswaardige eensame persoon met 'n probleem waar daar moontlik nie 'n oplossing is nie.

Weens die ouers se koue, onverskillige opvoedingsgedrag word die volgende geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik.

- **Ek-jy-verhouding**

Bambie se ouers se inkonsekwente, onverskillige, negerende en verwerpende opvoedingsgedrag belemmer sy optimale persoonlikheidsontwikkeling. In dié gesin is daar weinig tekens van stabiliteit, verbondenheid en behorendheid. Die ek-jy-verhouding word ontoereikend verwerklik weens 'n gebrek aan koesterende liefde en persoonswarmte. In dié gesin is die affektiewe klimaat koud en negerend. Weens konfliktsituasies in dié gesin, word optimale persoonlikheidsontwikkeling van die kinders dienooreenkomstig belemmer.

- **Opvoeding (styl)**

Weens veelvuldige konflikte in die gesin en Bambie se ouers se inkonsekwente, onverskillige, negerende en verwerpende opvoedingsgedrag word sy optimale persoonlikheidsontwikkeling belemmer.

- **Opvoedingskommunikasie**

Dié ouers is onbetrokke by hul seun se opvoeding. Opvoedingskommunikasie word uiters ontoereikend voltrek. Ambiva-

lente gevoelens word deur die ouers aan Bambië oorgedra. Sodanige ontoereikende kommunikasie laat by die seun gevoelens van nie-aanvaarding, minderwaardigheid en wantroue ontstaan.

- **Sosiale lewe**

Die onverskillige ingesteldheid van die ouers maak dat die seun 'n anti-sosiale en destruktiewe deelgenootskap aan die samelewing verwerklik. Die gesinsfeer verteenwoordig 'n gebrekkige oefensituasie vir Bambië se sosiale lewe. Sodanige versteurde gesinsituasie maak dit moeilik vir die seun om toereikend sin en betekenis aan die lewe te gee. Dit laat hom kwesbaar en hulpeloos. Die gesin as versorgingsruimte en stabiele sosiale milieu is gevolglik belemmer en beïnvloed Bambië negatief deur gevoelens van ongeborgtheid en ontoereikende samehorigheidsbeleving.

- **Sosialisering**

Vir aanvaarbare samelewingsgedrag voldoen Bambië nie aan die eise en morele standaarde nie. Dié seun beleef gevoelens van nie-aanvaarding, verwerping en minagting. Ten einde in sy sosiale behoeftes te voorsien, neem hy sy toevlug tot 'n portuurgroep wat sosiaal onaanvaarbaar is ten opsigte van positiewe norme en waardes.

- **Selfaktualisering**

Dit is duidelik dat Bambië se moontlikhede ontoereikend verwerklik word. Hy openbaar 'n gebrekkige waaghouding. Deur sy minderwaardigheidsgevoelens te verskuil, probeer hy by

wyse van anti-sosiale gedrag daarvoor kompenseer. Hy beleef sy bestaan as minder sinvol en sy lewe as minder doelmatig.

- **Identiteit en selfkonsep**

Bambie vind dit moeilik om met sy onbetrokke ouers te identifiseer. Gevolglik bevind hy hom in 'n perspektieflose situasie met gebrekkige identifikasiegeleenthede en -voorbeelde. Sy negatiewe gesinsverhoudinge gee aanleiding tot identiteitsverwarring. Bambie ervaar probleme met sy affektiewe en kognitiewe betekenisgewing aan die self. Die uitkoms is 'n negatiewe selfkonsep met gepaargaande minderwaardigheidsgevoelens.

- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering**

Bambie se plekbeplanning tussen ander mense sowel as die breëre samelewing, is sterk onderhewig aan negatiewe samelewingsinvloede. Die sosiaal onaanvaarbare leefwyse van sy ouers werk remmend in op Bambie se persoonlikheidsontwikkeling. Gevolglik is die ouers nie in staat om die seun tot toereikende sosiaal-maatskaplike oriëntering te begelei nie.

- **Behoeftevervulling in sosiale verband**

Bambie se behoeftes in sosiale verband word ontoereikend verwerklik. Gevolglik is hy negatief beïnvloedbaar. Bambie se fisiese behoeftes, sy veiligheidsbehoefte en ek-jy-behoefte word ontoereikend vervul, want daar bestaan weinig toereikende kommunikasie in dié gesin. Hy vind dit problematies om 'n veilige staanplek in die eietydse maatskaplike situasie te verwerklik.

- **Sosiale milieu**

Bambie se persoonlikheidsontwikkeling word uitermatig belemmer deur sy onaantreklike fisiese en sosiale milieu. Gespannendheid, angs en konflikte in die gesinsituasie veroorsaak dat Bambie se opvoeding en optimale persoonlikheidsontwikkeling problematies verloop.

Dit is gevolglik duidelik dat 'n koue, onverskillige opvoedingsgedrag van Bambie se ouers diskommunikasie in die gesinsituasie vewerklik. Gevolglik is die uitkoms daarvan talre konflikte in die gesinsituasie.

4.5. SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk het dit duidelik uit die eksemplariese persoonsbeelde geblyk hoe uiteenlopend die verskillende belewenisbeelde van elkeen van die adolessente daar uitsien. Elkeen van dié adolessente se gesitueerdheid is onherhaalbaar. Die doel was juis om die uiteenlopendheid van die belewenisbeelde te beklemtoon en aan te dui hoe die konflikte in hul lewens en gesinsituasies aanleiding tot hul spesifieke persoonlikheidsontwikkeling bygedrae het. Om dié persoonsbeelde uit te lig en te beskou, was nie die doel om algemeen geldende veralgemenings na alle adolessente in Edorado Park deur te trek nie. Die uitsprake bly voorlopige uitsprake omdat dit verkeerd sal wees om op grond van die vyf voorbeelde tot finale uitsprake te kom.

Ook moet dit nie uit oog verloor word nie dat uit die vyf hoofmomente van dié persoonsbeelde, daar by die leser begrip kan kom vir daardie milieu-gestremde kinders wat dit nie só

gelukkig getref het om ouers te hê wat met hulle toereikend kommunikeer en aan hulle koesterende liefde en warmte kan gee nie.

By al dié adolessente is daar:

- *tekens van spanning en angs;*
- *'n aanduiding van 'n basiese onsekerheid;*
- *'n gebrekkige waaghouding;*
- *'n belewing van mislukking en vasgelopendheid;*
- *tekens van geheime aggressie;*
- *gebrek aan veiligheid en sekuriteit;*
- *'n gebrek aan steun en hulp;*
- *pedagogiese verwaarlosing te bespeur.*

Al dié adolessente se ouers is self pedagogies verwaarloos en het self ongeborgenheid en onveiligheid gedurende hulle kinderjare belewe. Hulle eie beleweniswêreld was een van stryd, konflik, angs en spanning wat hulle weer op hul kinders oorgedra het. Van koesterende liefde en toereikende kommunikasie was daar weinig sprake in hul kinderjare.

Wat die verwerking van die geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies betref, het dit duidelik geblyk dat in die milieu-gestremde gesinsituasie van adolessente in Eldorado Park 'n *outoritêre, outokratiese, permissiewe en onverskillige opvoeding terselfdertyd 'n tipiese vorm van opvoedingsverwaarlosing impliseer* waar konfliktsituasies 'n alledaagse verskynsel is. Kommunikasie word op 'n ontoereikende wyse verwerklik. Weens ontoereikende sosialisering en behoeftevervulling binne gesinsverband neig dié kinders tot wangedrag.

As gevolg van ontoereikende sosialisering is dit vir dié kinders nie moontlik om hul moontlikhede optimaal te realiseer

nie. Almal se selfkonsepte is negatief. Gevolglik word hul persoonlikhede uitermatig belemmer. Ontoereikende begrypings-, vertrou- en gesagsverhoudinge belemmer dié kinders se opvoeding. Sodanige opvoedingstekorte, wat geredelik in die milieu-gestremde gesinsituasie in Eldorado Park figureer, gee aanleiding tot konflikte, wangedrag en aggressiwiteit.

As positiewe identifikasiefigure faal dié kinders se ouers. Gevolglik word bogenoemde problematiek dermate geïntensiveer. Sodanige kinders soek dikwels koesterende liefde in kompense-rende probleemgedrag.

Die milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park beleef hul pedagogiese verwaarlosing as opvoedingsnood. Sodanige opvoedingsverwaarlosing is in die onderhawige hoofstuk sosiopedagogies in terme van geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies gekwalifiseer. Dit blyk dat ouerlike opvoedingsgedrag en negatiewe samelewingsfaktore 'n beduidende effek op kinderlike persoonlikheidsontwikkeling vertoon - spesifiek ten aansien van die milieu-gestremde gesinsituasie in Eldorado Park soos in die onderhawige studie aangetoon

In **Hoofstuk 5** sal 'n samevatting gebied word van enkele bevindinge en aanbevelings wat uit dié ondersoek voortspruit.



HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

5.1. INLEIDING

Die motivering vir die onderhawige studies is geleë in die feit dat konfliktsituasies in die lewe van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park sy optimale persoonlikheidsontwikkeling uitermatig rem. Waarom is die leefwêreld van sommige adolessente in Eldorado Park problematies en vir ander nie?

Daar is beseft dat 'n verskeidenheid faktore, en veral die wisselwerking van faktore hiervoor verantwoordelik kan wees. Konflikte, spanning en angs beteken immers dat dié adolessente se leefwêreld verskraal word. Gevolglik kan hulle nie hul leefwêreld toereikend eksplorieer nie. Belemmerende opvoedings- en eietydse samelewingsinvloede bemoeilik toereikende opvoeding en manifesteer in die kulminering van disfunksionele individu, wat uiters kwesbaar en weerloos staan teen die aanslae van die eietydse samelewing.

Vir toereikende eksplorاسie en emansipasie het 'n adolessent koesterende liefde en sekuriteit nodig. Die geborgenheid by die adolessent dra by om van hom 'n persoon te maak wat verantwoordelik, bevoeg en selfstandig is. Gevolglik is daar besluit om die één aspek, te wete die invloed van konfliktsituasies op die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent, in Eldorado Park, te besin en om aan te dui dat

daardie adolessent wat nie veiligheid en sekuriteit belewe nie, 'n ongelukkige persoon is.

Indien veiligheid, sekuriteit en koesterende liefde wel belangrik is om te voorkom dat die adolessent sy leefwêreld nie ontoereikende eksploreer nie, en om 'n situasie te aanvaar en dit sinvol te verwerk, ontstaan daar onmiddellik twee vrae wat van wesenlike belang is:

- **Watter oorsaaklike faktore lei tot 'n onveilige of veilige toestand: die gesin, die milieu, die skool of kind se persoonlikheidsontwikkeling?**
- **In welke mate kinders veilig of onveilig is?**

Talle milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park, beleef toenemend die gesinsituasie en die eietydse samelewing as plekke waar daar nie vir hulle plek ingeruim word nie. Dikwels bevind die milieu-gestremde adolessent hom in problematiese opvoedingsituasie, vanweë verskynsels soos: konflik in die gesin, ontoereikende kommunikasie tussen gesinslede, gesinsonenigheid, kinderverwaarlosing, en -mishandeling, egskeiding enkelouerskap, jeugwangedrag, dwelm- en alkoholmisbruik en versteurde huweliksverhouding. Dié adolessente ervaar toenemend 'n gebrek aan veiligheid in sodanige disfunksionerende gesinsituasie. Gevolglik kan sodanige adolessente nie werklike, toereikende lewensbevrediging ervaar en beleef nie. Dit verhoog konfliktsituasies in hul lewe toenemend. Volwassewording dra gevolglik duidelik die stempel van gesinsbeïnvloeding.

Weens faktore in die eietydse samelewing word die opvoedingsfunksie in die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park, bemoeilik en verloop minder vanselfsprekend. Daar is tans 'n duidelike verskraling in die kwaliteit van ouerlike betrokkenheid te bespeur. Uit onderhoude met milieu-gestremde ouers in

Eldorado Park blyk dit dat die opvoeding van hul kinders toenemend 'n onhanteerbare opgawe geword.

Milieu-gestremde ouers in Eldorado Park bevind hulself in 'n situasie waar hulle 'n besondere moeilike taak het om hul kinders teen faktore in die eietydse samelewing, weerbaar te maak. Die nood wat sodanige ouers aan begeleiding ten opsigte van hul ouerskap ervaar, word deur dié onderhawige studie beklemtoon.

Die krisis in die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park, is in wese gesinslabiliteit, wat saamhang met 'n verlies aan konstruktiewe, gemeenskaplike gesinsbindinge, 'n toenemende verlies aan wedersydse toewyding en 'n toenemende vervreemding as gevolg van minimum intimiteit, asook uiters ontoereikende gesinskommunikasie.

Die impulsiewe opvoedingstyl van talle milieu-gestremde ouers in Eldorado Park, is belemmerend vir die optimale verwerkliking van geïdentifiseerde sosiopedagogiese essensies soos ek-jy-verhoudinge, sosialisering, sosiaal-maatskaplike oriëntering, opvoedingskommunikasie, identiteitsverwerwing, selfkonsepvorming en behoeftevervulling binne gesinsverband, in die lewe van die adolessent, asook vir sy optimale persoonlikheidsontwikkeling.

Deur bewus te wees van faktore in die eietydse samelewing in Eldorado Park, kan 'n geskikte omgewing vir die milieu-gestremde kind geskep word. Sodoende kan die kind as weerbare wese, sy unieke moontlikhede optimaal verwerklik, wat hom minder kwesbaar maak teen negatiewe beïnvloeding en omstandighede.

Die doel van die onderhawige studie was op grond van bevindinge uit die literatuur, onderhoude en eie navorsing te bepaal:

- *wat die invloed van konfliktsituasies op die leefwêreld van die adolessent in Eldorado Park is;*
- *watter faktore verantwoordelik is vir die daarstelling van konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park;*
- *hoe die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park daar uitsien;*
- *hoe kan onderwysers en ouers 'n bydrae maak tot die voorkoming van konflikte, spanning en angs in die lewe van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park.*

5.2. SAMEVATTING

5.2.1. Hoofstuk 1

Nadat die motivering vir die onderhawige navorsingsonderzoek in perspektief gestel is, is sekere vraagstukke geïdentifiseer as sentrale problematiek van die betrokke navorsing (vgl. Hoofstuk 1). daar is ten doel gestel om, aan die hand van 'n deeglike literatuurstudie en eie navorsing, na te vors hoedanig konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, sy optimale persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed. Voorts is ten doel gestel om helderheid te verkry oor watter invloed die gesin op die milieu-gestremde adolessent het.

'n Deeglike konseptualisering van die volgende relevante begrippe is vervolgens onderneem:

- *Adolessensie*
- *Adolessent*
- *Konfliksituasie*
- *Milieu*
- *Die milieu-gestremde gesin*
- *Sosiopedagogiek as Pedagogiek-deeldisipline*
- *Sosiopedagogiese begrippe:*
 - Ek-jy-verhouding
 - opvoeding (styl)
 - opvoedingskommunikasie
 - sosiale lewe
 - sosialisering
 - selfaktualisering
 - identiteit en selfkonsep
 - sosiaal-maatskaplike oriëntering
 - behoeftevervulling in sosiale verband
 - sosiale milieu

Ten slotte is in hoofstuk 1, as plan van aksie, 'n oorsig gebied ten opsigte van tematiëse inhoude wat in die daaropvolgende hoofstukke volg.

5.2.2 Hoofstuk 2

In Hoofstuk 2 word 'n kritiese oorsig van literatuur en navorsing wat reeds oor jeugprobleme verskyn het, aangebied. Verskeie aspekte in verband met die adolessent se persoonlik-

heidsontwikkeling en sy selfkonsep, asook verskeie ander aspekte van dié onderhawige probleem word bespreek.

5.2.3. Hoofstuk 3

In hoofstuk 3 het die fokus op die eietydse samelewingspatroon in Eldorado Park geval. Ter inleiding is daarop gewys dat in die eietydse samelewing 'n vervreemding, spanning en konflik tussen die ouers en kinders is. Die gangbare verhouding tussen die gesinslewe is vertroebel. Adolescente kom teen die "establishment" in opstand en dit gee aanleiding tot konflikte.

Indien die adolessent nie veiligheid, sekuriteit, aanvaarding en koesterende liefde ontvang nie, sal die ontwikkelingsaspekte wat van eksplorاسie afhanklik is, nie tot hul volle reg kom nie. Sodanige adolessent sal gevolglik nie in staat wees om 'n eie leefwêreld te konstitueer nie.

Aandag is aan die geborgenheidsbeleving van die eietydse adolessent in Eldorado Park geskenk. Dié geborgenheidsbeleving word deurskou in terme van wesenlike momente in die milieu-gestremde gesin, as primêre opvoedingsituasie in Eldorado Park. Sodanige momente word in terme van die beginsel van emansipasie, gesinsontwrigting en die effek van steurende faktore op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling beskryf. Beskou teen die agtergrond van disfunksionerende-, hersaamgestelde-, enkelouer-, permissiewe-, en outokratiese gesinne, is tot die besef gekom dat sodanige gesinstipes aanleiding gee tot talle sosiopedagogiese vraagstukke in die leefwêreld van die milieu gestremde adolessent en sy gesin in Eldorado Park.

In die lig van bostaande bevindinge, het dit duidelik geword dat die belewing van koesterende liefde, toereikende kommunikasie, aanvaarding, erkenning, sekuriteit, veiligheid, begryping, vertrouwe en gesag, gemoedsrus nie volkome by die adolescent gewek kan word nie. Ontoereikende kommunikasie en liefde lei tot die belewing van toenemende gebrek aan sekuriteit en veiligheid. Hoe ouer die adolessent word, hoe intenser word die konflikte en botsings tussen hom en sy ouers. Gevolglik ervaar hy sy gesin as 'n gebrekkige oefensituasie waar daar nie vir hom plek ingeruim word nie.

Ten slotte is kenmerke eie aan die sosiale ontwikkeling van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, toegelig. Die aandag is gevestig op die:

- probleme van dubbele standaarde;
- die verwerwing van 'n eie identiteit;
- portuurgroep;
- jeugmisdaad;
- die mishandelde kind;
- musiek;
- massamedia; en
- sekularisme.

Sodanige aspekte is beklemtoon as uitkomst van negatiewe beïnvloeding deur 'n eietydse samelewing wat die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park se konfliktsituasie toenemend verhoog. Eldorado Park word deur sodanige adolessente as 'n onveilige ruimte beleef. Sodanige onveilige belewing gee aanleiding tot gevoelens van minderwaardigheid, selfvertroue, agterdog en negatiewe selfkonsepte.

Omdat talle milieu-gestremde adolessente nog nie 'n greep op die wêreld as betekeniswêreld vir hom het nie, bevind sodanige

adolessente in Eldorado Park, hulle in onaangename situasies. Gevolglik soek hulle, weens hul natuurlike en psigiese hulpeloosheid, na sekuriteit, veiligheid en leiding in die vorm van voorbeeld, meeewing, self belewe en saam handel. Gevolglik rig dié adolessente 'n appèl tot volwassenes as natuurlike helpers.

Die adolessente moet vanuit die veilige ruimte wat sy ouers en onderwysers bied, sy eie leefwêreld stig. Waar sodanige veilige ruimte nie bestaan nie, eksplloreer en emansipeer hy in spanning en angs.

5.2.4. Hoofstuk 4

In Hoofstuk 4 is vyf persoonsbeelde van milieu gestremde adolessente in Eldorado Park aan die hand sosiopedagogiese essensies ontleed, ten einde bepaalde momente van problematiese opvoedingsituasies, as aanleidende faktore tot die ontoereikende voltrekking van die kind in opvoeding, te identifiseer.

Die krisis in elkeen van dié gesinne in Eldorado Park, wat ondersoek is, is in wese gesinslabiliteit, wat saamhang met 'n verlies van konstruktiewe, gemeenskaplike gesinsbindinge, 'n toenemende verlies aan wedersydse toewyding en 'n toenemende vervreemding as gevolg van minimum intimiteit, 'n outoritêre, outokratiese, permissiewe opvoedingstyl, asook uiters ontoereikende gesinskommunikasie.

Opvoedingsbemoeyenis in dié gesinne is gebrekkig en ontoereikend. Voorts dui dit daarop dat die sosiale lewe van dié adolessente gevolglik ontoereikend verwerklik word. Voorafgaande kan moontlik toegeskryf word aan opvoedingsbelemmerende

faktore, soos gebrek aan koesterende liefde en die ontoereikende deelname van ouer en adolessent aan die opvoeding-situasie, gerig op die persoonlikheidsontwikkeling van sodanige adolessent. Dié adolessente verkeer almal in konflik. Elkeen beleef sy gesinsituasie as 'n onveilige ruimte waar sy eksplorاسie en emansipasie ontoereikend verwerklik word.

Hulle beleef hulle gesitueerdheid in hul onderskeie gesinsituasies, met angs en spanning. By elkeen van dié adolessente is daar 'n negatiewe selfkonsep te bespeur. 'n Neiging tot onttrekking en aan isolasie van die werklikheid, is ook 'n tipiese belewenismoment in dié adolessente se belewenis van hul onderskeie wêrelde. Dié adolessente tree op 'n huiwerige wyse toe tot hul onderskeie wêrelde of weier toetrede daartoe. Dit dui op 'n remming in hul eksplorاسie van die werklikheid. terselfdertyd stel hulle hulself nie oop vir die werklikheid nie.

Dié adolessente beleef die toekoms as vaag en onseker. By elkeen is daar geen toekomspektief nie. Sommiges voel bang om op hul eie bene staan. Hulle dialoog met hul onderskeie wêrelde is versteurd. Dit blyk duidelik uit hul angs en onsekerheid ten opsigte van mense, hul soeke na sosiale erkenning en aanvaarding en kontak op affektiewe vlak. By elkeen van dié adolessente is daar 'n identiteitskrisis, want positiewe identiteitsfigure is afwesig.

By elkeen van die vyf milieu-gestremde adolessente wat ondersoek is, is die volgende simptome identifiseerbaar:

- negatiewe selfkonsep;
- emosionele verwardheid;
- onaanvaarbare skoolgedrag;
- sosiaal-patologiese verskynsels soos dwelmmisbruik en jeugmisdaad.

- gebrekkige waaghouding;
- spanning en angs;
- gebrek aan veiligheid en sekuriteit;
- steun- en hulpbehoewendheid;
- pedagogiese verwaarloos; en
- lewensonsekerheid.

Oorsig oor die literatuur wat die empiriese navorsing ondersteun, het die belangrikheid van koesterende liefde, toereikende kommunikasie, veiligheid, sekuriteit en 'n positiewe selfkonsep beklemtoon. Ouers se gesindheid en houding jeens die kind is bepalend ten opsigte van sodanige kind se optimale persoonlikheidsontwikkeling. Dit is in die gesinsituasie waar die intieme verhouding van liefdevolle verbondenheid of pedagogiese onsekerheid tussen ouers en kind voltrek word. Ouers se aanvaarding, erkenning en koesterende liefde speel 'n belangrike rol in die 'versterking' van die kind se persoonlikheidsontwikkeling en selfkonsep, al dan nie.

Die milieu-gestremde adolessent voel bedreig in die eietydse samelewing en in sy gesinsituasie. Hy's steunsoekend omdat hy altyd hulpbehoewend is. Waar daar in die gesinsituasie weinig steun bemerk kan word, word dit tot 'n prosesmatigheid verlaag. Gevolglik is menswees, ook as kindwees, suiwer organisme-wees in voortdurende oriëntering by die steeds veranderende omstandighede. Soos wat die veiligheidsbelewing kwyn en sterf, so verloor ook die woning as tuiste, inhoud en betekenis. Dié verlies beteken vir die adolessent die berowing van eie innerlikheid.

Weens konflik en disfunksionering in die gesinopset van die vyf adolessente wat by die ondersoek betrek is, se gesinopset, beleef hulle hul pedagogiese verwaarlosing as opvoedingsnood. Die milieu-gestremde gesinopset in Eldorado Park werk

inhibierend in op die verwerkliking van geïdentifiseerde sosio-pedagogiese essensies.

- **Ek-jy-verhouding:** Die gebrek aan vertroue, begrip en gesag in dié vyf milieu gestremde gesinne in Eldorado Park, bring dié vyf adolessente in opstand. Die fundamentele ouer-kind-verhouding, wat die basis van opvoeding vorm, ontbreek aan koesterende liefde, persoonswarmte sowel as intimiteit. Die milieu-gestremde adolessent ervaar gevolglik verhoudingsprobleme, byvoorbeeld twis, opstandigheid en diskommunikasie ten opsigte van ouers wat outokraties, outoritêr, permissief en verwaarlosend in hul opvoedingsgedrag is. Gevolglik is die moontlikheid tot die verwerkliking van toereikende ek-jy-verhoudinge beperk weens die ouers se koue, onbetrokke opvoedingsgedrag jeens hul kinders.
- **Opvoedings-(styl):** Weens milieu-gestremde ouers se ontoereikende opvoedingstyle beleef elkeen van dié adolessente toenemend hul gesinsituasie as 'n ruimte waar daar vir hulle nie plek ingeruim word nie. Die outoritêre, outokratiese, permissiewe en verwaarlosende ouerlike opvoedingsstyle belemmer die optimale persoonlikheidsontwikkeling by elkeen van die vyf adolessente. Hulle beleef gevoelens van skaamte, minderwaardigheid en ontoereikendheid. Dié ontoereikend opvoedingstyle belemmer die adolessent se optimale persoonlikheidsontwikkeling.
- **Opvoedingskommunikasie:** Weens die posisionele ingesteldheid van die ouers in Eldorado Park, word opvoedingskommunikasie belemmer. Opvoedingsverhoudings is ontoereikend. Dié kwaliteit van gesprek is gevoelsarm van aard wat onsekerheid, passiwiteit, eensaamheid, frustrasie, konflikte en assosiale gedrag by sodanige kinders tot gevolg het. Dié feit word ge-

manifesteer in die ontoereikende verwerking van kommunikasie-essensies (*emosiemoment, magsmoment, buigzaamheidsmoment, erkenning van die ander, rasionele moment, ontmoetingsmoment, gespreksmoment en waarde-oordragmoment*) wat die adolessent se psigiese lewe en behoorlike volwassewording belemmer die kind se psigiese ontplooiing en sy behoorlike volwassewording.

- **Sosiale lewe en sosiale milieu:** In elkeen van dié gesinne is die verhoudinge versteur. Die gesinslewe is gespanne en dit beteken vir die adolessent in sodanige gesin 'n sosiale spanningsveld. Die gesinsituasie is vir elkeen van dié adolessente, nie 'n plek waar hy gelukkig en sinvol kan saamlewe nie. In dié gesinne is daar gevolglik nie 'n rustige samesyn en 'n intieme gesinsatmosfeer nie. Sodanige bestaanonsekerheid veroorsaak dat dié adolessent se sosiale lewe ontoereikend voltrek word.
- **Selfaktualisering:** Gesinsverhoudinge is nie bevorderlik vir vir optimale selfaktualisering nie. Ontoereikende ontplooiing van moontlikhede beteken vir elkeen van dié vyf adolessente die onderaktualisering van moontlikhede.
- **Identiteit en selfkonsep:** Weens sy ongunstige agtergrond en verwaarloosde voorkoms vorm die milieu-gestremde in Eldorado Park, 'n negatiewe selfkonsep. Gebrek aan 'n aantreklike ouerbeeld laat die adolessent dit moeilik vind om met sodanige ouer te identifiseer.
- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering:** Elkeen van dié vyf adolessente beleef hul ouers se verwerping en minagting terdeë. Gevolglik bly sodanige adolessent se sosiale behoeftes, ek-behoeftes en selfaktualiseringsbehoefte onvervuld.

Elkeen van dié adolessente ervaar gevoelens van verraad in verhouding tot sy ouers. Dié gepaardgaande angs skep legio moontlikhede vir gevoels- en gedragsversteuringe. Sodanige adolessent is gepredisponer tot 'n verskraalde en verarmde sosiaal-maatskaplike lewe.

- **Behoeftte vervulling in sosiale verband:** Weens faktore soos armoede, verwaarlosing en koue, outokratiese, outoritêre, permissiewe en verwaarlosende opvoedingstyle van dié milieu-gestremde adolessente se ouers, word dié adolessent se fisiese behoefte, ek-behoefte, sosiale behoefte, veiligheids-behoefte en behoefte aan selfaktualisering nie toereikend vervul nie. Dié milieu-gestremde adolessente se eksplorasië verloop ontoereikend.

Dit is gevolglik duidelik dat by al dié milieu-gestremde adolessente hulle ongelukkige gesinsomstandighede tot konflik in hulle lewens aanleiding gegee het, of daarvoor mede verantwoordelik is dat hulle probleme bly voortbestaan het. Gevolglik het hulle nie die vermoë om dié konflikte en probleem-situasies sinvol te verwerk nie. By hulle is die versteurde dialoog met die medemens duidelik terug te vinde in die onsekerheid en die angs ten opsigte van mense, die soek na koesterende liefde, toereikende kommunikasie en vlug na die allerhande patologiese middels.

Dié milieu gestremde adolessente se bereidwilligheid tot deelname aan die wêreld is aangetas, want hulle soek voortdurend ontvlugting uit die wêreld waarin hulle is. Daar is nie 'n stabiele affektiewe verhouding tussen die ouer en die kind nie. Hulle is pedagogies verwaarloos.

5.3. GEVOLGTREKKINGS

Uit 'n oorsigskou op die onderhawige navorsing blyk enkele gevolgtrekkings:

Gevolgtrekking 1

In die lig van voorafgaande literatuurstudie en empiriese navorsing, word die sentrale teoretiese stelling van die onderhawige studie, naamlik dat konfliktsituasies 'n betekenisvolle invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park uitoefen, gevolglik geverifieer.

Gevolgtrekking 2

Ontoereikende voorlewing en toeëiening van norme en waardes deur ouers in Eldorado Park, impliseer konfliktsituasies in die leefwêreld van talle milieu-gestremde adolessente.

Gevolgtrekking 3

Ontoereikende opvoedingsyle deur milieu-gestremde ouers in die ondersoek in Eldorado Park, impliseer 'n problematiese opvoedingsituasie vir talle milieu-gestremde adolessente. Gevolglik word konfliktsituasies in hul lewens toenemend verhoog.

Gevolgtrekking 4

Ontoereikende opvoedingskommunikasie tussen ouers en adolessente gee aanleiding tot 'n toename in emosionele spanning, angs en konflikte in die milieu-gestremde gesin in Eldorado Park.

Gevolgtrekking 5

As gevolg van faktore in die eietydse maatskaplike situasie, verwerf sodanige adolessent in Eldorado Park, nie die leefreëls en sosiale waardes, aan die hand waarvan hy sy sosiale lewe toereikend kan verwerklik nie.

Gevolgtrekking 6

Dit blyk dat die mees beduidende faktor in die lewe van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, 'n gebrek aan koesterende liefde en toereikende opvoedingskommunikasie is. Sodanige adolessent word deur sy ouers verwaarloos en dikwels negeer. Sodanige verwaarlosing predisponer die adolessent tot wangedrag en jeugmisdaad.

Gevolgtrekking 7

Dit blyk dat opvoedingsverwaarlosing, soos gemanifesteer in overlike opvoedingsgedragstiperinge binne milieu-gestremde gesinsverband in Eldorado Park, 'n negatiewe effek op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling en volwaardige volwassewording vertoon.

Gevolgtrekking 8

Weens konfliktsituasies en opvoedingsnood waarin talle milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park verkeer, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat milieu-gestremde ouers in Eldorado Park daadwerklike behoeftes aan gesinsvoorigting en kompensatoriese oerbegeleiding toon.

Gevolgtrekking 9

Milieu-gestremde ouers in Eldorado Park strem die kognitiewe ontwikkeling van hul kinders weens hul onvoldoende begeleiding.

Gevolgtrekking 10

Die milieu-gestremde adolessente toon 'n besondere behoefte aan simpatieke begrip, leiding en insig van hul ouers se kant af ten opsigte van hulle probleme.

Gevolgtrekking 11

Die agterstande, behoeftes en milieu-gestremdheid van ouers, in Eldorado Park, word deur hul kinders voortgesit.

5.4. AANBEVELINGS

In die lig van en voortvloeiend uit die onderhawige navorsing aangaande konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-

gestremde adolessent in Eldorado Park, word enkele aanbevelings geformuleer. Telkens sal gepoog word om aanbevelings toe te lig en te motiveer.

5.4.1. Aanbevelings ten opsigte van die ouer

Milieu-gestremde kinders se opvoedingsituasie in Eldorado Park kan daadwerklik verbeter word deur deeglike beplande gesinsvoorligting en ouerbegeleidingsprogramme.

Toeligting en motivering

Dit het telkens uit die onderhawige studie geblyk dat die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, se nood die uitkoms van verwaarlosing en opvoedingstekorte is. Gevolglik is dit noodsaaklik dat milieu-gestremde ouers begelei sal moet word tot regstelling van hul "onpedagogiese" hantering van hul kind. Om sodanige adolessent te help en te ondersteun sonder dat die ouers daarby betrek word, is sinneloos. Dié onderhawige studie het ook getoon dat milieu-gestremde ouers in te kort skiet in die optimale funksionering van ouers, as primêre opvoeders binne gesinsverband.

Dit is juis dié opvoedingstekorte van ouers wat veroorsaak dat die adolessent in sy persoonlikheidsontwikkeling gerem word. Die gebreke kan dikwels terugevoer word na hul onkundigheid, negatiewiteit, ongemotiveerdheid en onbetrokkenheid ten opsigte van gesinsaktiwiteite en skoolaktiwiteite. Gevolglik is dit uiters noodsaaklik dat milieu-gestremde ouers begelei moet word tot die regstelling van die probleme.

Opvoedingstekorte by ouers moet sover as moontlik uit die weg-geruim word. Ouers moet heroriënteer word ten opsigte van opvoeding en die implikasies daarvan. Begeleidingsprogramme kan 'n positiewe bydrae tot gesinsverryking lewer. Die voorligting en ouerbegeleiding wat milieu-gestremde ouers ontvang rakende die spesifieke behoeftes van hul kind, stel hul in staat om sodanige kind toereikend te ondersteun wat sy totale opvoeding en selfaktualisering betref. Beide ouers en kind se lewensgehalte word gevolglik verbeter.

Ouers van ontspoorde adolessente staan antagonisties ten opsigte van gesinsterapie, veral as hulle beseft dat dit lig op die gesinsituasie laat val. Gesinsterapie moet gevolglik beskou word as 'n doelgerigte ingreep in die milieu-gestremde adolessent se verwerkliking tot volwaardige volwassenheid, ten einde aan hom groter motivering en toekomsgerigtheid in die eietydse maatskaplike situasie te help bekom.

Om met die milieu-gestremde ouer te werk, verg gevolglik takt, insig en mensekennis. Dit is van kardinale belang dat elke onderwyser met die ouers kontak sal maak, en indien moontlik die ouers sal besoek. Gevolglik sal die onderwyser die adolessente en sy gesinsomstandighede beter leer ken. Geselekteerde en goed opgeleide vrywilligers uit die gemeenskap in Eldorado Park kan waardevolle diens verrig, indien hulle oor die vermoë beskik om begripvol teenoor milieu-gestremde ouers op te tree. Dié vrywilligers kan ouers help om hulle gedrag te begryp en as rolmodelle vir sodanige ouers te dien. Kennis op dié wyse verkry, kan oorgedra word aan die personeel van skole wat deur sodanige ouers se kinders besoek word. Die onderwysers sal gevolglik ook beter insig in sodanige kinders se omstandighede kan verkry.

Sodanige ouers moet ook meer by skoolaktiwiteite betrek word. Meer pligte en verantwoordelikhede moet aan hulle opgedra word. Hulle moet met die onderwysers saamwerk vir die heil van hul kinders. Gefundeerde pedagogiese advies moet aan die milieu-gestremde ouers verskaf word, ten opsigte van die wyse waarop hulle hul kinders behoort op te voed, ten einde die toereikende persoonlikheidsontwikkeling van sodanige adolescent te verseker. Ouers moet in die besonder sensitief gemaak word vir hul kinders se primêre behoeftes.

5.4.2. Aanbevelings ten opsigte van kinders

Professionele begeleiding moet aan milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park verskaf word, ter voorkoming en opheffing van konfliktsituasies in hul leefwêreld.

Toeligting en motivering

Binne gesinsverband word die adolessent in Eldorado Park blootgestel aan negatiewe ouerlike opvoedingsgedragspatrone, beperkende sosiale en emosionele omstandighede, konflikte asook verskraalde geleenthede ter optimalisering van persoonlikheidsontwikkeling. Gebrek aan koesterende ouerliefde noodsaak gevolglik dat die adolessent begelei moet word tot die aanvaarding, verwerking en hantering van konfliktsituasies. Optimale begeleiding en persoonlikheidsontwikkeling kan realiseer word in die vorm van:

- *gesinsterapie om die opheffing van die problematiese opvoedingsgesitueerdheid te verseker;*

- gekoördineerde en omvattende programme soos die Heropbou en Ontwikkeling (HOP)- dokument wat daarna strewe om basiese lewensmiddele aan die milieu-gestremde kind te verskaf en die van kumulatiewe agterstande van die milieu-gestremde kind ten einde hom bewus te maak van sy potensiaal en hom positief op die toekoms in te stel (RDP1994:7-14).
- spesiaal ontwerpte lees-, taal- en wiskunde hulpprogramme aan te wend om skolastiese probleme te remedieer;
- adolessente wat in spanning, angs en konfliktsituasies verkeer, uitgeken en mee bemoeienis gemaak moet word. Dit vereis 'n delikate ondersoek en benadering omdat dit 'n ondersoek van die verborge en nie-tasbare deel van die menslike wese is.
- waar ouers gebuk gaan onder die belewing van aggressie, onsekerheid, teleursteling, verwerping, angs, ensovoorts, teenoor hulle kind, word aanbeveel dat hulle kind se probleme, maar ook hul eie gesitueerdheid te begryp, nuut te beteken (Her te belewe) en te aanvaar. Gevolglik sal hulle deur begrypbaarmaking ook die kind kan steun tot die aanvaarding van sy situasie.

5.4.3 Aanbevelings ten opsigte van die skool

Onderwysers moet onderlê en bedag wees ten opsigte van die verantwoordbare hantering van konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde adolessent.

Toeligting en motivering

Aangesien liefdeloosheid, onmin, konflikte, verwerping, ontoereikende opvoedingsgedrag, ensovoorts 'n traumatiese gebeure in die lewe van talle milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park verteenwoordig, sal die ongunstige gesteldhede geredelik neerslag vind in sodanige adolessente se gedrag en skoolwerk. Milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park het hulp nodig en die skoolsituasie kan daadwerklik bydra tot die weerbaarmaking van milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park.

- Skole moet milieu-gestremde adolessente vroegtydig identifiseer. Professionele hulp moet voorkomend aangewend word, ten einde sodanige adolessent na onderwys hulpsentra te verwys.
- Gesinsvoorligtingsprogramme moet by skole geïmplimenteer word, ten einde 'n daadwerklike bydrae te lewer tot die positiewe verryking van gesinslewe. Dit is 'n opvoedingsaangeleentheid waar adolessente voorberei word om volwaardig in die huwelik en gesin te kan funksioneer.
- Onderwysers moet opgelei word in kompensatoriese onderwys. In naskoolsentra kan van sodanige onderwysers se dienste gebruik gemaak word om milieu-gestremde adolessente in Eldorado Park met hulle skoolwerk te help. Sodanige onderwysers kan adolessente wat in konfliktsituasies verkeer, die nodige hulp en bystand lewer ter moontlike oplossing van sodanige konflikte.
- Aangesien alle onderwysers op een of ander stadium met die verwilderde jeug, jeugmisdadigheid of ontspoorde adolessente te doen kry, moet elkeen minstens die psigologiese attribute van dié verskynsels ken. Gevolglik behoort elke onderwyser deeglik onderlê te wees in wetenskaplike waarneming, gespreksvoering, besprekingsklasse en die maak van

kern aantekeninge om feite wat ontdek word, stelselmatig te formuleer.

- Op die perseel van elke skool moet 'n span opvoedkundige sielkundiges wees wat 'n essensiële onderdeel van die onderwyspersoneel moet uitmaak om adolessente wat in nood verkeer, te help. By elke skool moet ook 'n pedoterapeut aangestel word om kinders en hul ouers met probleme by te staan.
- Aangesien hulp aan die milieu-gestremde kind individueel moet geskied ooreenkomstig sy pedagogiese gesitueerdheid, en aangesien dit tydrowend is, word dit aanbeveel dat die onderwysersvoorsieningskaal aan skole drasties gewysig word, sodat elke onderwyser minder leerlinge in sy klas sal hê.
- Om milieu-gestremde adolessente in die klaskamer veilig te laat voel en om te verhoed dat hulle die skool te vroeg verlaat, impliseer dat die onderwyser sy aanbiedingsmetode op so 'n wyse sal moet afwissel en sal skik, dat die leerlinge 'n sinvolle begrip van die leerinhoud sal verkry. 'n Toereikende didaktiese onderlegdheid kan in dié verband baie tot suksesvolle onderwys en gelukkiger adolessente bydra.
- By die diagnostisering van milieu-gestremde kinders met gedrags- en leerprobleme moet daar ook meer spesifiek op die liggaamsbelewing as moontlike oorsaaklike faktor getoet word. Meer klem moet op die kwaliteit van onderwysersopleiding gelê word. Voornemende onderwysstudente moet met insig gekeur word.

5.4.4. Aanbevelings ten opsigte van die samelewing

Die gemeenskap moet aktief betrokke gemaak word by die opheffing van milieu-gestremdheid.

Toeligting en motivering

Die gemeenskap in Eldorado Park beskou milieu-gestremdheid dikwels as 'n ernstige vertroebeling en bedreiging vir die positiewe uitbouing van die betrokke samelewing. Ten einde milieu-gestremdheid effektief aan te spreek, vereis insette en betrokkenheid van alle gemeenskapsektore. Derhalwe sal die totale gemeenskap bewus gemaak moet word van die eiesoortige, beperkinge en agterstande en unieke behoeftes van milieu-gestremdes.

Negatiewe houdinge in die gemeenskap kan moontlik uitgeskakel word deur:

- belanghebbendes soos kerkgenootskappe, welsyns- en gemeenskapsorganisasies byeen te bring om na aanvaarbare oplossings te soek vir die opheffing van milieu-gestremde gesinne;
- huweliksvoorligting aan elke voornemende milieu-gestremde paartjie, wat op troue staan, te gee;
- fondse beskikbaar te stel vir sielkundige en terapeutiese hulp wat milieu-gestremde ouers en adolessente mag benodig;
- deur middel van die media inligtingsveldtogte te loods om 'n meer positiewe houding jeens milieu-gestremdes daar te stel.

5.5. LEEMTES VAN EN KRITIEK TEEN DIE NAVORSING

Aangesien die konsepte "*konfliktsituasies*", "*milieu-gestremdheid*" en "*adolessensie*" sigself tot 'n wye verskeidenheid interpretasiemoontlikhede leen, is universeel-toepaslike beskrywinge van dié verskynsels nie doenlik nie. Gevolglik is die "*konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse adolessent in Eldorado Park*" vir doeleindes van die onderhawige navorsing spesifiek afgebaken en gedefinieer. Dit impliseer 'n bepaalde en spesifieke perspektief ten aansien van konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse adolessent in Eldorado Park, en kan moontlik as 'n leemte binne die onderhawige navorsing ervaar word.

Die leser moet daarop let dat bostaande bevindinge, asook die interpretasies en gevolgtrekkings hoogs spesifiek is en nie veralgemeenbaar is nie. Die rede hiervoor is dat die bevindinge ten opsigte van vyf Afrikaanssprekende milieu-gestremde Kleurlingadolessente in Eldorado Park gemaak is. Dit is gevolglik duidelik dat dit onmoontlik is om 'n beeld van 'n "*tipiese milieu-gestremde adolessent*" aan die orde te stel, aangesien elke milieu-gestremde adolessent as 'n unieke onherhaalbare individu sy eie unieke omstandighede op eie wyse konstitueer. Desnieteenstaande kan dié bevindinge moontlik met vrug as basis vir verdere navorsing gebruik word.

Bevindinge is gemaak met inagneming daarvan dat die sosiopedagogiese essensies wat kriteriaal aangewend is, in die geheel 'n beeld van die konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse adolessent in Eldorado Park, verskaf.

In dié onderhawige studie is daar net van hoërskoolleerlinge gebruik gemaak. Primêre skoolleerlinge beleef ook konfliktsituasies in die eietydse maatskaplike situasie, asook in hul onderskeie gesinsituasies. Ten einde objektiwiteit en geldigheid te bevorder moet die ondersoekgroep uitgebrei word na primêre skoolleerlinge. Aangesien dié onderhawige studie 'n teoretiese evaluerende studie weerspieël, kan 'n meer omvattende en uitgebreide navorsing bydra tot verdere verbesondering van die problematiese opvoedingsgesitueerdheid van die eietydse milieu-gestremde adolessent, asook ter wille van breë veralgemenings en bevindinge.

Ondersoeker is bekend met die eksemplariëse gevallestudie van vyf milieu-gestremde adolessente. Gevolglik kan die moontlikheid van subjektiwiteit nie uitgesluit word nie. Ten einde subjektiwiteit te verminder kan die ondersoekgroep uitgebrei word na ander bevolkingsgroepe. Dié vergelykende studie mag verrykende en insiggewende resultate lewer.

Om meer intensief op die onderwerp in te gaan, is meer tyd nodig om verdere navorsing te doen. Verslae en rekords van die Departement van Volkswelsyn en die Polisie sal 'n belangrike bydrae kan lewer tot die onderhawige studie met die oog op verder navorsing.

Die bevindinge van die onderhawige studie kan met vrug as basis vir verdere navorsing aangewend word.

Onderhawige ondersoek dien gevolglik as 'n poging om konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent, asook sy persoonlikheidsontwikkeling op 'n wetenskaplike verantwoorde wyse te ontleed.

5.6. VERDERE TERREIN VAN ONDERSOEK

Die onderhawige navorsing verteenwoordig geensins 'n volledige uiteensetting rakende konfliktsituasies in die leefwêreld van die eietydse milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park nie. Ondersoeker is die mening toegedaan dat dié studie 'n nuttige teoretiese raamwerk bied, ten einde as moontlike vertrekpunt vir verdere navorsing te dien.

Enkele aspekte wat verdere navorsing vereis, is onder andere:

- *Opvoedingsvoorligting aan milieu-gestremde gesinne te verskaf ter voorkoming en moontlike opheffing van ongunstige gesinsomstandighede.*
- *Gemeenskapsbetrokkenheid ter voorkoming en opheffing van konfliktsituasies in die leefwêreld van die milieu-gestremde kind.*
- *Die effek van milieu-gestremdheid op die kognitiewe ontwikkeling van die milieu-gestremde adolessent.*
- *'n Sosiopedagogiese analise ten opsigte van die voorkoms van konfliktsituasies onder milieu-gestremde adolessente van verskeie bevolkingsgroepe in die RSA.*
- *Die samehang tussen milieu-gestremdheid en leerprobleme by die primêre skoolkind.*

5.7. SINTESE

In die onderhawige studie is gepoog om 'n bydrae te lewer tot die verheldering van die problematiese opvoedingsituasie van die milieu-gestremde adolessent in Eldorado Park, asook om riglyne aan te dui, aan die hand waarvan daar tot moontlike

voorkoming en opheffing van sodanige problematiese konfliktsituasies gekom kan word. Die eietydse milieu-gestremde adolescent staan weerloos teen die aanslae van eietydse samelewingsfaktore, wat hom en sy gesin daadwerklik kwesbaar maak.

Nadat hy die probleem ondersoek, beskrywe en aanbevelings gemaak het, is die wetenskaplike se taak nog nie afgehandel nie. Soos wat sy kennis en ervaring verbreed, duik daar nuwe probleme op wat die navorser tot verdere navorsing uitdaag. Weens die uniekheid en dinamiese karakter van die mens, is die uitdaging tot navorsing nêrens so groot soos op die gebied van die opvoeding in die eietydse samelewingspatroon nie.

Die navorser wil die vertroude uitspreek dat dié bevindinge en aanbevelings van dié studie sal bydra tot groter insig, beter begrip en positiewe gesindhede by alle instansies en individue wat meewerk om die problematiese situasie van milieu-gestremde kinders en hul gesinne te help ophef.

*Meer as ooit tevore het dit nodig geword dat die opvoedkundige 'n mensbeeld sal opdoen waarin die mens weer as **mens** raak gesien sal word, en wel as mens van sy **Skepper** en nie as skepping van die eietydse samelewingspatroon nie.*



BYLAAG A

BYLAAG A

VRAELYS

KONFLIKSITUASIES IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE EIETydSE MILIEU-GESTREMDE ADOLESSENT IN ELDORADO PARK

A. IDENTIFIKASIEDATTA

1. Vader: Voorletters en van:.....
Ouderdom:.....
Beroep:.....
Huwelikstaat:.....

2. Moeder: Voorletters en van:.....
Ouderdom:.....
Beroep:.....
Huwelikstaat:.....

3. Hoe ver het ouers gestudeer?
(i) Vader?.....
(ii) Moeder?.....

4. Kinders van die gesin (van oudste tot jongste)
Geslag Oud. St./Beroep Besonderhede, stiefkind, ge-
druip, probleme, ensovoorts
(i)

- (ii)
 (iii)
 (iv)
 (v)
 (vi)
 (vii).....
5. Ander inwoners wat nie lede van die gesin is nie?.....

6. Hoeveel vertrekke is daar in die huis?.....
7. In hoeveel vertrekke word daar in die huis geslaap?.....
8. Is dit u eerste huwelik? (i) Vader.....
 (ii) Moeder.....
9. Meld gesondheidstoestande of moontlike gebreke?
 (i) Vader.....

 (ii) Moeder.....

10. Aan watter kerk behoort u?.....
 Hoe gereeld gaan u kerk toe?.....
11. Hoe lank is u al getroud?.....
12. Op watter ouderdom is u getroud? (i) Vader.....
 (ii) Moeder.....
13. Besondere werksomstandighede (i) Vader.....
 (ii) Moeder.....

14. Wanneer neem u gewoonlik vakansie?.....
15. Gaan u as gesin gewoonlik saam met vakansie?.....
16. Indien u albei werk, onder wie se sorg word die kinders
geplaas?.....

5.1. SOSIALE KENMERKE VAN DIÈ GESIN

5.1.1. Gesinsamelewing

- (a) Het u as ouers 'n gesonde huwelikslewe?.....
.....
- (b) In watter mate heers daar orde, stabiliteit, goeie
kommunikasie, fatsoenlikheid, gesineenheid in u ge-
sinslewe?.....
.....

5.1.2. Sosiale Milieu

- (a) Hoe beskou u die omgewing waarin u woon?.....
.....
.....
- (b) In watter mate kom daar probleemverskynsels in die
omgewing voor? Byvoorbeeld:
- (i) Misdad?.....
- (ii) Drankmisbruik?.....
- (iii) Kindermishandeling?.....
- (iv) Prostitusie?.....
- (v) Buurtwiste?.....
- (vi) Bendeaktiwiteite?.....
- (vii) Ander?.....
.....

5.1.3. Sosialisering van die ouers

(a) In watter mate handhaaf u as ouers goeie verhoudinge in die:

(i) Gesinslewe?.....
.....

(ii) Buurt en gemeenskap?.....
.....

(b) Wat is u houding teenoor die breër samelewing?.....
.....

5.1.4. Gesinskontrole

(a) In watter mate is daar orde, kontrole en stabiliteit?.....
.....
.....

(b) Wat doen die ouers om orde en kontrole in die gesinslewe te handhaaf?.....
.....
.....

(c) Is u baie streng (kwaai) met u kinders?.....

(i) Indien wel, slaan u hulle as hulle nie dadelik u bevele gehoorsaam nie?.....

(ii) Op watter wyse straf u u kinders as hulle misstappe begaan het?.....
.....

(a) Straf u:

Min Dikwels

Baie Nooit

Gereeld

- (iii) Watter omstandighede het o.a. al veroorsaak dat u tug toegepas het?.....
.....
- (iv) Indien u nie straf nie, hoe tree u op as u kinders ongehoorsaam is?.....
.....
- (v) Het u kinders al geweier om gesag te aanvaar?
.....
- (a) Indien wel, gebeur dit:
Min Dikwels
Baie Nooit
Gereeld
- (b) Noem moontlike redes:.....
.....
- (c) Wat is u kinders se houding teenoor strafmaatreëls?.....
.....
- (d) Wie tug gewoonlik die kinders?
Vader..... Moeder.....
- (e) Besit enige van die kinders tug-outoriteit oor ander?.....
Indien wel, watter kind?.....
Watter tugmaatreëls pas sodanige kind toe?
.....
- (f) Kom u kinders goed met mekaar oor die weg?
.....
- (g) Gee enige van u kinders probleme?.....

Indien wel, omskryf:.....

(h) Waarom sou u sê dat hy/sy 'n probleemkind
 is?.....

Openbaar hy/sy neigings om enige vorms van
 gesag te verwerp?.....

Kry hy nie genoeg aandag in die gesin nie?

Ander redes:.....

(i) Tree u strenger teenoor hom/haar op?.....

Indien wel, op welke wyse.....

5.1.5. Kommunikasiestyl

(a) Hoe kommunikeer die die lede van die gesin met me-
 kaar, byvoorbeeld in terme van:

(i) Uiting van gevoelens?.....

(ii) Uitoefening van gesag?.....

(iii) Buigsaamheid?.....

(iv) Positiewe erkenning van ander?.....

(v) Wedersydse vertrouwe?.....

(vi) Tweegesprek?.....

(b) In watter mate is u as ouers daarop ingestel om na
 mekaar se probleme te luister?.....

- (c) In watter mate is u as ouers daarop ingestel om na die kinders se probleme te luister?.....

5.1.6. Opvoeding en opvoedingstyl

- (a) Watter van die volgende opvoedingstyle word werklik? - outokraties.....
 - demokraties.....
 - permissief.....
- (i) Deur die vader?.....
 (ii) Deur die moeder?.....

5.1.7. Sosialisering van die kind

- (a) Hoe stig die kind verhoudinge met ander mense?
- (i) Met gesinslede?.....
 (ii) Met maats?.....
 (iii) Met vreemdelinge?.....
- (b) Hoe kommunikeer die kind(-ers) met ander mense?....

5.1.8. Opvoedingskommunikasie

- (a) Kommunikeer die ouers baie met die kind(-ers)?.....
- (i) Vader?.....
 (ii) Moeder?.....
- (b) Het u as ouer goeie kontak met die kind(-ers)?
- (i) Vader?.....
 (ii) Moeder?.....

5.1.9. Identiteitsverwerping en selfkonsepvorming by die kind

- (a) Hoe beskou u kind(-ers) homself?
- (i) Positief?
 - (ii) Negatief?
 - (iii) Selfverwerping
 - (iv) Aanvaarding?

5.1.10. Selfaktualisering van die kind

- (a) In watter mate verwerklik die kind(-ers) sy/haar moontlikhede toereikend met betrekking tot:
- (i) Skoolprestasie?.....
 - (ii) Sport?.....
 - (iii) Sosiale gedrag?.....

5.1.11. Behoeftevervulling in sosiale verband

- (a) In watter mate word die volgende behoeftes van die kind bevredig en wat is u aandeel in hierdie verband?
- (i) Fisiese behoeftes?.....
 - (ii) Veiligheidsbehoefte?.....
 - (iii) Sosiale behoefte?.....
 - (iv) Ek-behoefte?.....
 - (v) Selfaktualisering?.....

5.1.12. Materiële verwaarlosing

- (a) Hoe sien die materiële gesteldheid van kinders ten opsigte van die volgende daar uit?
- (i) Voeding
 - (ii) Kleding
 - (iii) Versorging.....
 - (iv) Mediese sorg.....

5.1.13. Kulturele verwaarlosing

- (a) Hoe sien die gesin se kerkbywoning en godsdiensoefening daar uit?.....
- (b) Hoe sien die gesin se sportbeoefening daar uit?.....
- (c) Hoe sien die gesin se vermaaklikheidsdeelname daar uit?.....
- (d) In watter mate lees die gesin boeke en tydskrifte?.....

5.1.14. Emosionele verwaarlosing

- (a) In watter mate slaag u daar in om warmte en liefde aan die kind(-ers) te kommunikeer?
 - (i) Vader?.....
 - (ii) Moeder?.....
- (b) Hoe reageer die kind(-ers) op u liefdebetuiging?.....

5.1.15. Waarde-oriëntasie

- (a) In watter mate slaag u daar in om aanvaarbare norme en waardes aan die kind(-ers) voor te hou?.....
- (b) Hoe aanvaar die kind(-ers) die waardes en norme?.....

5.1.16. Affektiewe klimaat van die gesinslewe

- (a) In watter mate heers daar 'n gunstige gevoelsklimaat in die gesinslewe, in terme van warmte, liefde en goeie verhoudinge tussen gesinslede?.....

- (b) In watter mate is daar konflik, spanning negatiewe gevoelens tussen gesinslede?.....

5.1.17. Motivering in die milieu-gestremde gesin

- (a) In watter mate is u as ouers gemotiveer om u situasie te verbeter, met betrekking tot byvoorbeeld:
- (i) Lewensgehalte?.....
 - (ii) Beroepsbeoefening?.....
 - (iii) Gesinslewe?.....
 - (iv) Opvoeding van die kinders?.....
- (b) In watter mate motiveer u die kind(-ers) om te presteer en aan eise te voldoen met betrekking tot:
- (i) Skool?.....
 - (ii) Sport?.....
 - (iii) Gedrag?.....

5.2. ALGEMEEN

- (a) Sou u sê daar is sosiale regverdigheid in ons samelewing?.....
 Indien wel, meld redes.....

- (b) Vertrou u die mense in u omgewing?.....

- Indien wel, meld redes.....

- (c) Hoe sou u die verhoudinge in u gesin beskryf?
- (i) Baie goed.....
 - (ii) Goed.....

(ii) Goed (iii) Sleg.....

Indien nie te goed nie, meld redes.....

.....

Indien sleg, meld redes.....

.....

(d) Was u ouers baie streng op u as kind?.....

Indien wel, meld redes.....

.....

Indien nie, meld redes.....

.....



BIBLIOGRAFIE

BIBLIOGRAFIE

- ABBOT, P. & WALLACE, C. 1990. *An introduction to Sociology: Feminist Perspective*. London: Routledge.
- ACKLEY, D. C. 1977. *A brief overview of child abuse social case work*. January, 58(1):21-24.
- AMATO, P. 1985. Growing pains: Is there any life left in the family. Adolescents think so. *Australian Society*, 4(4):6-10.
- AMATO, P. R. 1987. Family process in one-parent, stepparent and intact families. The child's point of view. *Journal of Marriage and the Family* 49:327-337.
- AMBERT, A. 1992. *The effect of children on parents*. New York: The Haworth Press.
- AMDI, V. 1990. The cause of child abuse and neglect and their effects on the development of children in Samura Zaria, Nigeria. *Early Child Development and Care*, 58:31-43.
- ANASTASI, A. 1982. *Psychological Testing*. New York: Macmillan.
- ANSTEY, M. 1991. *Negotiating conflict and skills for negotiators and peacemakers*. Cape Town: Creda Press.

- APTER, S. J. & CONOLEY, J. C. 1984. *Childhood behavior disorders and emotional disturbance: An introduction to teaching troubled children*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- ARENDELL, T. J. 1984. *Lives of quiet desperation: Divorced women with children*. Unpublished Ph.D.-thesis. Berkeley: University of California.
- ARY, D., JACOBS, L. C. & RAZAVIEH, A. 1985. *An introduction to projective techniques*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.
- AUSUBEL, D. P. 1965. *Maori youth - a psycho-ethnology study of cultural deprivation*. New York: Grune & Stratton.
- AVENANT, P. J. 1980. *Riglyne vir suksesvolle onderwys*. Durban: Butterworth.
- AZAR, S. T. 1991. Models of child abuse: A metatheoretical analysis. *Criminal Justice and Behavior* 18:30-46.
- AZAR, S. T. & SIEGAL, B. R. 1990. Behavioral treatment of child abuse: A development perspective. *Behavior Modification* 14:279-300.
- BARLOW, H. D. & FERDINAND, T. N. 1992. *Understanding delinquency*. New York: Harper Collins Publishers.
- BARNARD, J. S. 1971. *Sielkunde vir Onderwysstudente*. Kaapstad: HAUM.

- BARNARD, M. 1988. 'n Riglyn vir voorkomingsdienste in maatskaplike werk met spesifieke verwysing na kinderverwaarloosing. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- BAUER, W. D. & TWENTYMAN, C. T. 1985. Abusing, neglectful, and comparison mother's response to child-related stressors. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 53(3):335-343.
- BAYS, J. 1990. Substance abuse and child abuse: Impact of addiction on the child. *Pediatric Clinics of North America* 37(4):881-904.
- BEEBE, S. A. & MASTERSON, J. T. 1986. Family talk: *Interpersonal communication in the family*. New York: McGraw-Hill.
- BEHR, A. L. 1980. Psychology and the school: *A textbook on the psychology of education*. Third edition. Durban: Butterworths Publishers.
- BEKKER, J. H. 1974. *Moral and Civic Education*. Cape: McGraw-Hill Book Company.
- BELSKEY, J. 1984. The determinants of parenting: A process model. *Child Development*, 55:83-96.
- BENN, R. K. 1986. Factors promoting secure attachment relationships between employed mother and their sons. In: *Child Development*, 57(5):1224-1231.

- BENNET, D. 1990. *Groeipyne*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BENNET, M. 1991. The teenagers of 2001. In: *Plain Thruth*, 56(8):20-22.
- BENSUSAN, A. D. 1978. South Africa's dagga problem, In: Van der Walt (ed.). *Crime and Society/Misdaad en die Gemeenskap*. Pretoria: Sigma Press.
- BERGER, P. L. & BERGER, B. 1972. *Sociology: A biographical approach*. New York: Basic Books.
- BERGMAN, R. L. & GOLDSTEIN, M. J. 1993. The transition to young adulthood: Generational boundary dissolution and female identity development. *Family Process*, March, 32 (1):87-103.
- BERNARD, T. 1990. Angry aggression among the 'truly disadvantaged'. *Criminology* 28:73-95.
- BERNDT, R. T. 1992. *Child development*. New York: Harcourt Brace Jovanovich Publishers.
- BERNER, R. T. 1992. *Parents whose parents were divorced*. New York: The Haworth Press.
- BESTER, C. L. 1985. Hoe die ouers en onderwysers kan meehelp tot die uitbouing van hulle kinders se selfbeeld. In: *Onderwysbulletin*, XXIX (3):22-36.
- BETHUNE, H. 1991. Positive parent power. *A 7-part programme*. England/Wellingborough: Torsons Publishers Limited.

- BEYERS-NEL, C. F. 1973. Some aspects of studying at a University, in: *Paidonomia*. Tydskrif van die fakulteit Opvoedkunde: Universiteit van Zoeloeland, May, 1(1):1-47.
- BIEHLER, R. F. 1981. *Child development: An introduction*. Boston: Houghton Mifflin.
- BIGNER, J. J. 1983. *Human development: A lifespan approach*. New York: Macmillan Publishing Co.
- BILLER, H. B. & SOLOMON, R. S. 1986. *Child maltreatment and paternal deprivation - A manifesto for research, prevention and treatment*. London: Lexington Books.
- BONEKAMP, A. 1962. *Milieu Moeilikheden*. Haarlem: De Toorts.
- BOOYSE, A. M. 1991. Die milieu-geremde kind. In: Kapp, J. A. (red.). *Kinders met leerprobleme: 'n Ortopedagogiese perspektief*. Pretoria: J.L. van Schaik uitgewers.
- BOSHOFF, B. 1976. *Die Adolessent: Sy ontwikkeling en ontwikkelingstake*. Stellenbosch: Universiteit-Uitgewers en Boekhandelaars.
- BOTES D. P. M. 1980. *Enkele verhoudingsmanifestasie van milieu-gestremdheid by die junior - primêre leerling*. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

BOTHA, P. J. 1992. *Die bestuursopgaaf van die departementshoof: Opvoedkundige leiding met betrekking tot die seksueel misbruikte kind in die primêre skool.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

BOTHA, T. R. 1975. Jeugweerbaarwording as identiteitsverwerking teen die agtergrond van die eietydse samelewing. In: Botha, J. L., Du Plesis, P. J. J., Joubert, C. J. Botha T. R. & Roos, S. G. *Jeugweerbaarheid.* Durban: Butterworths.

BOTHA, T. R. 1977. *Die sosiale lewe van die kind in opvoeding.* Pretoria: Pretoria Drukkers.

BRAND, H. J. 1987. Doeltreffende kommunikasie in die gesin. In: Boyes, E. Gadd, M. (reds.). *The pre-school years/Die kleuterjare* 17:37-46.

BRITS, W. J. 1989. *Die ontoereikende verwerkliking van Sosio-pedagogiese essensies as aanleiding tot tiener- swangerskappe.* Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BROODRYK, C. J. 1983. *Die andragogiese eise van begeleiding op tersiêre onderwysvlak met besondere verwysing na die verdere opleiding van onderwysers.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

- BROOK, J. S., COHEN, P., WHITEMAN, M. & GORDON, A. S. 1992. Psychological risk factors in the transition from moderate to heavy use or abuse of drugs. In; Glantz, M. & Pickens, R. (eds.). *Vulnerability to drug abuse*. Washington: American Psychological Association.
- BROWNE, D. 1991. Throwaway children. *You* 16 August:92-94.
- BROWNE, K. 1992. *An introduction to Sociology*. Cambridge: Polity Press.
- BUENNING, M. & TOLLEFSON, N. 1987. Cultural gap hypothesis as an explanation for the achievement patterns of Mexican-American students. *Psychology in the schools*, 24:265-272.
- BUKATO, D. & DAEHLER, M. W. 1992. Child development. *Developmental Psychology* 26:631-638.
- BURNS, R. 1982. *Self-concept development and education*. London: Holt; Rinehart and Winston.
- BURNETT, L. A. 1984. *The self-concept: Theory and Behaviour*. New Jersey: Prentice Hall.
- CADORET, R. J. 1992. Genetic and environmental factors in initiating drug use and the transition abuse. In: Glantz, M. & Pickens, R. (eds.). *Vulnerability to drug abuse*. Washington: American Psychological Association.
- CARMI, A & ZIMRIN, H. 1984. *Child abuse*. In: Carmi, A. & Zimrin, H. (eds.). Berlin: Springer.

- CASANOVA, G. M., DOMANIC, J., McCANE, T. R. & MILNER, J. S. 1992. Physiological responses to non-child-related stressors in mothers at risk for child abuse. *Child abuse and neglect* 16:31-44.
- CATES, W. M. 1985. *A practical guide to educational research*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.
- CELLIERS, C. P. 1968. *Die persoonlikheidsontwikkeling, angs en intellektuele ontwikkeling van omgewingsgestremde kinders*. Ongepubliseerde MA.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.
- CHAZAN, M., LAING, A., COX, T., JACKSON, S. & LLOYD, G. 1976. *Deprivation and school progress*. Oxford: Basil Blackwell.
- CHINKANDA, N. E. 1994. The family as a source of support in education. In: Le Roux (ed.). *The Black child in crisis: A socio-educational perspective* vol. 2. Pretoria: J. L. van Schaik.
- CHOLLAR, S. 1987. Latchkey kids. Who are they? *Psychology today*, 21:12.
- CICCHETTI, D. & OLSON, K. 1990. The developmental psychopathology of child maltreatment. In: Lewis, M. & Miller, S. M. (eds.). *Handbook of developmental psychopathology*. New York: Plenum.
- CILLIERS, S. P. 1966. *Sosiologie: 'n Sistematiese Inleiding*. Stellenbosch: Kosmo-Uitgewery.

- CLAES, M. & SIMARD, R. 1992. Friendship characteristics of delinquent adolescents. In: Evans, R. (ed.). *International Journal of Adolescence and Youth*, 3(3):287-301. London: AB Academic Publishers.
- CLAYTON, R. R. 1992. Transitions in drug use: Risk and protective factors. In: Glantz, M. & Pickens, R. (eds.). *Vulnerability to drug abuse*. Washington: American Psychological Association.
- CLOETE, M. G. T. 1990. Sosiale milieu-gerigte perspektiewe en teorieë van misdadveroorsaking. In: Cloete, M. G. T. & Stevens, R. (reds.). *Kriminologie*. Pretoria: Southern Boekuitgewers.
- COETZEE, J. E. M. 1978. Die invloed van die vader se afsterwe op die onafhanklikheidstrewes van die seun in puberteit. Ongepubliseerde M.A-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- COETZEE, W. S. J. 1977. 'n *Personologie-ontologiese fundering van 'n andragologiese terapie met besondere verwysing na die ontspoorde Blanke manlike vroegvolwassene*. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.
- COLE, L. & HALL, I. N. 1970. *Psychology of Adolescence*. New York: Holt.
- COLE, M. & COLE, S. R. 1993. *The development of children*. New York: W. H. Greeman and Company.

- COLEMAN, J. C. 1978. Current contradictions in adolescent theory. *Journal of Youth and Adolescent*, 7(1):1-11.
- COLEMAN, J. C. 1980. *The nature of adolescence*. Illinois: Methuen Company.
- CONGER, J. J. 1973. *Adolescence and Youth: Psychological Development in a changing world*. London: Harper Row Publishers.
- CONGER, J. J. & PETERSEN, A. C. 1984. *Adolescence and Youth: Psychological Development in a changing world*. London: Harper Row Publishers.
- CONRAD, D. & HEDIN, D. 1982. *Youth participation and experimental education*. New York: The Haworth Press.
- CONRADIE, H. & CLOETE, M. G. T. 1983. *Juvenile delinquency in school context*. Pretoria: HAUM Educational Publishers.
- COOK, J. V. & BOWLES, R. T. (eds.). 1981. *Child abuse: Commission and omission*. Toronto: Butterworth.
- CRONJE, G. 1976. *Die jeugoortreder in die gemeenskap*. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.
- CRONJE, G. 1972. Die mens in die moderne wêreld. In: *Suid-Afrikaanse Akademie en Kuns, Tafelberguitgewers*.
- CRONJE, G. 1978. *Misdaad en die gemeenskap: Die benadering van die gemeenskap tot die voorkoming van misdaad*. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

- CRONJE, G. & Van der Walt, P. J., RETIEF, G. M. & NAUDE, C. M. B. 1987. *The juvenile delinquent in society*. Pretoria: University of South Africa.
